


b/61 40126

c.1



**Die Belewing van Geloofsekerheid
by die
Gereformeerde Afrikaanssprekende
Adolesente Leerder**

deur

ANNA MAGDALENA DE JAGER


Proefskrif voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die
kwalifikasie

Doctor Philosophiae

in die Fakulteit Teologie (Departement Bybel- en
Godsdienkunde) aan die Universiteit van die Vrystaat.


Bloemfontein, Mei 2010.

Promotor: Professor S.J.P.K. Riekert
Eksterne Promotor: Prof. J. du Plooy
Eksterne hulppromotor: Dr. J.E. Raubenheimer



Hierdie studie word opgedra aan my kinders:

*Van Aardt, Scholtz, Tertius,
Esther, Madelein, Nicola.*



Bedanking

Al die eer en dank aan die Hemelse Vader vir die motivering en genade om hierdie studie van die begin tot aan die einde te geniet.

Graag getuig ek my opregte dank en waardering aan al die persone en instansies wat 'n aandeel in hierdie studie gehad het:

Prof. S.J.P.K. Riekert (Studieleier).
Prof. J. du Plooy (Mede Studieleier).
Dr. J. Raubenheimer.

Die verskillende biblioteke vir hul vriendelike diens:

Bloemfontein:

Stadsbiblioteek
Naslaanbiblioteek
UV-Sasol-biblioteek

Kaapstad:

Stadsbiblioteek
Onderwysbiblioteek
Tuine

Ronel Ellis vir al haar hulp en geduld.

Suzette Botha, vir haar taalversorging en haar geduld.

Kinders, kleinkinders en vriende vir hul belangstelling.

Laaste, maar nie die minste nie, aan my ontslape eggenoot vir sy wonderlike Kameraadskap en Inspirasie.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
HOOFSTUK 1: INLEIDING	
1.1 Doel van die navorsing	1
1.2 Noodsaaklikheid van die navorsing	2
1.3 Navorsingsprobleem	3
1.4 Navorsingsmetode	3
1.5 Waarde van die ondersoek	4
1.6 Uiteensetting van die navorsing	4
 HOOFSTUK 2: DIE UITEENSETTING VAN GELOOFSEKERHEID MET DIE OOG OP 'N KWALITATIEWE OPNAME	
2.1 Inleiding	6
2.1.1 Hoe word geloof verklaar?	9
2.2 Aspekte van geloofsekerheid	11
2.2.1 Geloof is kennis	13
2.2.1.1 Wat moet geglo word?	18
2.2.1.2 Waarom word geglo?	19
2.2.2 Geloof is 'n vaste vertrouwe	20
2.2.3 Geloofslewe is dankbaarheidslewe	21
2.3 Geloof teenoor wetenskap	23
2.4 Twyfel as die teenpool van geloof	24
2.4.1 Hoe ontstaan twyfel?	24
2.4.2 Die proses van twyfel	26
2.4.3 Die gevolge van twyfel	28
2.4.4 Die uitskakeling van twyfel	30
2.5 Uitbreiding op die inhoud van ons geloof oor God en God die Vader	32
2.5.1 God se heiligheid, uniekheid, geregtigheid en liefde	32
2.5.2 God die Skepper en Vader: God se almag en alwetendheid	33

2.5.3	Kan ek seker wees dat God bestaan?	33
2.5.4	God en sy bestaan kan nie menslik bewys word nie	34
2.5.5	Gelowige beleving van God se teenwoordigheid	35
2.6	Jesus Christus	37
2.6.1	Jesus is uit die Maagd Maria gebore	37
2.6.2	Jesus gekruisig	37
2.6.3	Het Jesus werklik uit die dood opgestaan?	38
2.7	Die Heilige Gees	41
2.7.1	Hoe en waaraan weet ons dat ons die Heilige Gees het?	42
2.8	Hoe kan die mens die oorvloedige geloofslewe bekom?	44
2.8.1	Wat is bekering?	44
2.8.2	Hoe vind bekering plaas?	45
2.8.3	Wat maak ons redding moontlik?	47
2.8.4	Hoe word ons gered?	47
2.8.5	Die eienskappe van die geredde persoon	48
2.8.6	Saak van vertrouwe	48
2.9	Sekerheid	50
2.9.1	Wat is sekerheid?	51
2.9.2	Sekerheid as unieke Christelike ervaring	53
2.10	Samevatting	53

HOOFSTUK 3: 'N PERSPEKTIEFSTELLING VAN DIE HEDENDAAGSE ADOLESSENT

3.1	Inleiding	55
3.2	Belangrike veranderinge	55
3.2.1	Biologies-fisiologiese veranderinge	56
3.2.2	“Sturm und Drang”-tydperk	60
3.2.3	Sielkundige veranderinge	62
	3.2.3.1 Eksperimentering deur die nuuskierige adolessent	63
	3.2.3.2 Erotiek	63
	3.2.3.3 Portuurgroepering	63
	3.2.3.4 Aanvang van puberteit	64
3.3	Ontwikkelingstake van die adolessent	64

3.3.1	Psigososiale, fisiologiese en verwante ontwikkelingstake	65
3.3.2	Soeke na persoonlike identiteit	69
3.3.3	Identiteitsvestiging as ontwikkelingstake	69
3.3.4	Sterk identiteit	70
3.3.5	Spontane ontdekking van die self	71
3.3.6	Selfagting	71
	3.3.6.1 Godsbeeld	72
	3.3.6.2 Ouers se invloed	72
3.3.7	Verantwoordelikheid	73
3.3.8	Onafhanklikheid en selfstandigheid	74
3.3.9	Interaksie met ander	74
3.3.10	Gesinslewe van die adolessent	76
3.3.11	Kwesbaarheid wat oorkom moet word	76
3.4	Verstandelike groei	79
3.4.1	Denkprosesse	79
3.4.2	Abstrakte denke	80
3.4.3	Dink oor gedagtes	81
3.5	Vriendskappe en interpersoonlike verhoudings	81
3.5.1	Verhoudings	82
3.5.2	Die adolessent se verhouding tot die skool	82
3.5.3	Die adolessent se verhouding tot die samelewing	82
3.5.4	Sosiale verhoudings	83
3.5.5	Die verhouding van die adolessent tot die portuurgroep	84
3.5.6	Die krisis van morele ontoereikendheid in verhoudings	85
3.6	Adolessent se morele ontwikkeling	85
3.6.1	Morele waardes	86
3.6.2	Keuse van persoonlike waardes	87
3.6.3	Waardes	88
3.6.4	Die waardes van die wordende volwassene	89
3.6.5	Veranderde sedes en morele waardes	91
3.7	Religieuse waardes en ervarings van die adolessent	92
3.7.1	Godsdienstverandering	93
3.7.2	Begin van godsdienstveranderinge	94
3.7.3	Eensaamheid en geloof	96

3.7.4	Die adolessent word meer krities	96
3.7.5	Siening van die Woord	97
3.7.6	Die adolessent se siening van tyd	97
3.7.7	Die adolessent se selfstandige lewensbeskouing	98
3.7.8	Die adolessent se persoonlike geloofsoortuigings en -gebruike	99
3.7.9	Geslagsverskille	100
3.7.10	Waarde en die gevaar van versoekings	100
3.7.11	Satanisme en okkultisme	100
3.8	Onafhanklikheid van ouers	102
3.8.1	Gevoel van outonomie by die adolessent	102
3.8.2	Drang na onafhanklikheid	103
3.8.3	Kultuurverskille in die onafhanklikheidswording	104
3.8.4	Die adolessent se huisverlating	104
3.8.5	Die adolessent se verlengde opvoedingsperiode	106
3.9	Samevatting	107

HOOFSTUK 4 FAKTORE WAT INVLOED OP DIE ADOLESSENT SE GELOOFSEKERHEID HET

4.1	Inleiding	108
4.2	Die invloed van die adolessent se ouers	109
4.2.1	Die gesinsverhoudings van die adolessent	109
4.2.2	Die adolessent ontvang sy toerusting tuis	111
4.2.3	Ouers se verhouding met die adolessent	112
4.2.3.1	Die adolessent se stryd om raakgesien te word	112
4.2.3.2	Die ouerhuis	113
4.2.3.3	Gesindhede	114
4.2.3.4	Klimaat van geborgenheid	114
4.2.3.5	Gesinsafhanklikheid en gesinsaanpasbaarheid	115
4.2.3.6	Voorbereiding en kommunikasie is noodsaaklik	116
4.2.3.7	Regte raad en optrede betyds gegee	117
4.2.3.8	Onafhanklikheid en verantwoordelikheid	119
4.2.3.9	Die gesin in oorlogstryd	121
4.2.4	Identiteitsbewustheid van die adolessent	123

4.2.5	Besluitneming en waardes	124
4.2.6	Ouers teenoor portuurgroep	125
4.2.7	Lewende voorbeelde	127
4.2.8	Gelowige of nie-gelowige ouers	128
4.2.9	Voorkoming en genesing	129
4.2.10	Die funksie en rol van die ouergesin by die skool	131
4.3	Die invloed van die Onderwys	131
4.3.1	Die onderwyser	132
4.3.2	Die skool	134
4.3.3	Godsdiensoonderrig	134
4.3.4	Kurrikulum 2005	136
	4.3.4.1 Die kind moet ingelig, nie bekeer word nie	137
	4.3.4.2 Studie van 'ander' godsdienste nooit neutraal nie	137
	4.3.4.3 Wat is neutrale of sekulêre onderwys?	137
	4.3.4.4 Wat is evolusieleer?	138
	4.3.4.5 Die multireligiebeleid vir skole hou 'n bedreiging in vir die Christelike onderrig	138
4.3.5	Gesagsbeskouing en gesagsuitoefening	139
4.3.6	Die Christelike skool toets die gees van die tyd krities	140
4.4	Die invloed van die portuurgroep	140
4.4.1	Die samestelling van die portuurgroep	140
4.4.2	Vier moontlikhede van beïnvloeding	141
	4.4.2.1 Positiewe invloed	142
	4.4.2.2 Positiewe gevoel	143
	4.4.2.3 Nadelige, negatiewe en skadelike invloed	144
4.5	Die kerk se invloed op die adolessent se geloofsekerheid	144
4.5.1	Die kerk in 'n identiteitskrisis	144
4.5.2	Sonder die regte kerklike metodes, is die bestaan van die kerk in gevaar	145
4.5.3	Simbole verskaf identiteit en geborgenheid	146
4.5.4	Moontlikhede vir die kerk	147
	4.5.4.1 Aandag aan gesinne	147
	4.5.4.2 Die adolessent	148
	4.5.4.3 Die adolessent se "vrae"	149
	4.5.4.4 Erediensbywoning van die adolessent	150

4.5.4.5	Redes vir nie-deelname aan kerklike aktiwiteite	153
4.5.4.6	Geestelike hulp aan adolessente	153
4.5.4.6.1	Die leraar se verhouding met die adolessent	153
4.5.4.6.2	Die nuwe kategesestelsel	155
4.5.4.6.3	Jeugwerk	155
4.5.4.6.4	Kerklike ondersteuning aan gemeentes	157
4.6	Die gemeenskap	157
4.6.1	Adolessente is deel van die gemeenskap	157
4.6.2	Moraliteit van die mense van die gemeenskap	158
4.6.3	Godsdienstige taal	159
4.6.4	Globalisering	160
4.7	Samevatting	160

HOOFSTUK 5: DIE METODE EN PROSES VAN KWALITATIEWE NAVORSING

5.1	Inleiding	161
5.2	Voorbereiding vir die kwalitatiewe navorsing	161
5.2.1	Bepanning en samestelling van die vraelys	161
5.2.2	Algemene riglyne vir die ontwerp van die vraelys	162
5.2.2.1	Die taal en bewoording van die vraelys	162
5.2.2.2	Doel van elke item	162
5.2.2.3	Lengte van vrae	163
5.2.2.4	Sensitiewe vrae	164
5.2.2.5	Negatiwiteit	164
5.2.2.6	Ander riglyne	164
5.2.2.7	Die volgorde van die vraelys	165
5.2.3	Die loodsondersoek	166
5.2.4	Die onderhoud	168
5.2.4.1	Die lokaal waar die onderhoud gevoer moet word	168
5.2.4.2	Kontak respondente vir die onderhoud	169
5.2.4.3	Onderhoudvoering	169
5.2.4.4	'n Dagboek	172

5.2.4.5	Die navorser of onderhoudvoerder	173
5.2.5	Verwerking en analisering van die versamelde data	173
5.2.5.1	Data in orde rangskik	174
5.2.5.2	Interpretasie van data	175
5.2.5.3	'n Tussentydse opsomming help om voorraadopname te maak van vordering wat gemaak is	175
5.3	Beskrywing van eie navorsing	176
5.3.1	Beplanning en samestelling van hierdie vraelys	176
5.3.1.1	Die taal en bewoording van die vraelys	176
5.3.1.2	Die struktuur, aanbieding en doelmatigheid van vrae	177
5.3.1.3	Die loodsondersoek	177
5.3.1.4	Die onderhoud	177
5.3.2	Die verwerking van die data	178
5.3.3	Die fisiese navorsingsproses	181

HOOFSTUK 6: VERWERKING VAN DIE DATA VAN DIE KWALITATIEWE NAVORSING

6.1	Inleiding	183
6.2	Ondersoek na tendense binne die adolessentegroep	184
6.2.1	Inleidende notas oor binêre opposisies	184
6.3	Bevindinge oor die adolessente se geloofsekerheid deur die vergelyking van die response van die drie groepe	226
6.4	Finale opsoming	227

HOOFSTUK 7: SLOTBESKOUIING

7.1	Inleiding	229
7.2	Samevattende gedagtes	229
7.3	Aanbevelings	232
7.3.1	Sterk punte van die studie	238
7.3.2	Tekortkominge van die kwalitatiewe navorsing	240
7.4	Verdere riglyne van die navorsing	240

BIBLIOGRAFIE	242
BYLAE A: Die vraelys aan die adolessente	255
BYLAE B: Die vraelys aan die ouers	257
BYLAE C: Die vraelys aan die predikante	259
Opsomming	262
Summary	264

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DOEL VAN DIE NAVORSING

Adolesente word sedert die begin van die 21^{ste} eeu al hoe meer aan dinge blootgestel wat, eerstens, heeltemal onbekend aan hul ouers was toe dié adolessente was (byvoorbeeld selfone, die internet, ensovoorts) en waarop hulle, tweedens, waarskynlik heeltemal onvoorbereid is. Deur hedendaagse media (televisie, films, tydskrifte, die internet, video- en rekenaarspeletjies) word hulle baie maklik aan idees en beelde van 'n veel meer volwasse aard blootgestel as wat hulle waarskynlik kan hanteer.

Verder bring politieke, kulturele en sosio-ekonomiese verandering (beide op nasionale en internasionale vlak) mee dat hulle dikwels hierdie blootstelling ondergaan sonder volwasse toesig. Werkende ouers, enkelouergesinne en ander gebroke gesinstrukture bring mee dat ouerlike toesig en geestelike leiding merendeels ontbreek (Bester 2003:13).

Verder is adolessensie 'n kritieke stadium in die geloofsontwikkeling van die mens (Osmer & Fowler 1985:183). 'n Sterk gevestigde geloofsekerheid kan in hierdie onseker omstandighede 'n mate van vastigheid en rigting bied. 'n Duidelike behoefte bestaan dus om vas te stel wat die huidige stand van geloofsekerheid by adolessente is en hoe die huidige klimaat hulle geloofsekerheid beïnvloed.

Daar bestaan 'n behoefte om vanuit die kerkleer vrae te formuleer om geloofsekerheid te peil, asook die invloed van emosionele en biologiese verandering in die adolessent op sy/haar¹ belewenis van geloofsekerheid. Meer spesifiek moet gekyk word na watter hedendaagse verskynsels Christelike geloofsekerheid versterk of ondermyn.

¹ Vir die doeleindes van leesbaarheid sal daar deurgaans van die manlike voornaamwoord *hy* gebruik gemaak word, tensy daar na 'n spesifieke adolessent wat aan die studie deelgeneem het, verwys word. Beide geslagte word by implikasie hierby ingesluit.

1.2 NOODSAAKLIKHEID VAN DIE NAVORSING

In 'n samelewing van transformasie (soos Suid-Afrika) vind noodwendige veranderinge in die geestelike en opvoedkundige milieu plaas. Twee aspekte word hieronder aangeraak:

Eerstens adem die 21^{ste} eeu 'n tydsgees waar alle godsdienste gelykgestel word en onsekerheid heers oor die uniekheid van die Christelike geloof (Kriek 1978:12). Selfs oor die Bybel bestaan daar volgens Gaum (1999:9) vandag twyfel: "Iemand sê baie Christene glo deesdae nie meer alles wat in die Bybel staan nie. Hulle lees bo-oor die dinge wat vir hulle onaanvaarbaar is en behou dit wat hulle goed vind." Selfs die kerk is ook onseker, want "[a]lles uit die verlede word as outyds en uitgedien beskou" (Horak 1999:6). "Lidmate soek nuwe antwoorde op ou vrae in 'n nuwe samelewing" (Boshoff 1999:5). Hierdie lidmate sluit die adolessente van vandag in.

Tweedens beweer Rossouw (2000:7): "Saam met die uniekheid van die Bybel verdwyn ook die uniekheid van Jesus Christus as enigste Verlosser." 'n Klimaat van godsdienstige pluralisme kan lei tot verwarring en 'n ondermyning van Christelike geloofsekerheid onder adolessente wat nog besig is om die waarheid uit te pluus.

Die voorafgenoemde probleme impliseer dat daar kennis geneem moet word van die huidige tydsgees en samelewingstendense, wat 'n besliste invloed op adolessente se geestelike ontwikkeling het. Die gesinslewe het heelwat veranderinge ondergaan, soos byvoorbeeld dat albei ouers professionele beroepe beoefen. Hierby kom ook nog die skool en die onderwyser se invloed in terme van die nuwe onderwysbeleid (byvoorbeeld, deur voortdurend verdraagsaamheid teenoor ander godsdienste te eis). Die portuurgroep se invloed kan moontlik ook negatief wees. Dit alles lei tot geestelike agteruitgang. Burger (1999:4) beklemtoon hierdie feit deur dit so te stel: "Tradisionele Christelike godsdienstigheid is besig om te kwyn – veral in die Weste."

In die snel veranderde tydsgees word opgedateerde kennis van die invloed van sulke fenomene noodsaaklik:

- Dit is noodsaaklik vir geestelike leiers om 'n beeld te kry van wat die geestelike behoeftes van hul arbeidsveld is, veral ten opsigte van die adolessent.

- Die ondersoek sal daartoe bydra om vas te stel in hoeverre die adolessent inderdaad losgeraak het van of onverskillig staan teenoor geestelike en morele waardes.

1.3 NAVORSINGSPROBLEEM

Uit die voorafgaande ontstaan die volgende navorsingsvrae:

- Hoe raak godsdiensonderrig die adolessent se geloofsekerheid?
- Hoe beïnvloed die biologiese en emosionele ontwikkeling van die adolessent sy/haar geloofsekerheid?
- Hoe beïnvloed die stelling, dat daar ook ander paaie tot verlossing is as deur Jesus Christus alleen, die adolessent se geloofsekerheid?
- Watter bydrae kan die ouer lewer om die adolessent se geloofsekerheid te versterk en te verseker?
- Hoe beïnvloed die onderwyser die adolessent se geloofsekerheid?
- Wat is die portuurgroep se invloed op die adolessent se geloofsekerheid?
- Maak dit vir die adolessent nog saak wat die kerk “sê” en of die kerk nog “iets sê”?
- Wat is die adolessent se ervaring van godsdiensonderrig by die skool?
- Hoe beïnvloed die predikant die adolessent se geloofsekerheid?

1.4 NAVORSINGSMETODE

Die studie word literatuurmatig begrond deur geloofsekerheid na te vors. Dit begin by leerstukke oor die bron van geloofsekerheid, naamlik God die Vader, die Seun Jesus Christus en die Heilige Gees. Verder volg verduidelikings oor geloof, sekerheid en uiteindelik hoe geloofsekerheid daarop volg in terme van literatuur wat ’n invloed op die kerklik meelewende adolessent kan hê.

’n Kwantitatiewe voorstudie is onder ’n klein hoeveelheid adolessente van ’n paar kerke in die Bloemfontein-omgewing gedoen. So is daar vasgestel wat die algemene stand van geloofsekerheid is asook watter huidige kontroversiële geloofsvrae in die harte van adolessente leef.

Deur 'n kwalitatiewe ondersoek van 'n paar adolessente, woonagtig te Bloemfontein, sal daar gepoog word om vas te stel wat leerders onder die begrip "geloofsekerheid" verstaan en hoe hulle dit in hul daaglikse lewe beleef. Daar sal verder ondersoek ingestel word na die invloed van fisieke, psigiese en emosionele veranderinge by adolessente op hul geloofsekerheid en geloofsontwikkeling, asook na hedendaagse kulturele fenomene wat geloofsekerheid kan beïnvloed. Laastens sal gevra word na die invloed van verskillende rolspelers in die adolessent se lewe: ouers, onderwysers, portuurgroepe, die kerk, die staat en die massamedia.

Die teikenpopulasie van die studie is Afrikaanssprekende Christelike adolessente wat aan een van die gereformeerde kerke in Bloemfontein behoort.

Laastens sal die navorsing saamgevat word in die vorm van bevindinge, 'n gevolgtrekking en enkele aanbevelings.

1.5 WAARDE VAN DIE ONDERSOEK

Die waarde van die ondersoek sentreer rondom die volgende:

- Riglyne en aanbevelings kan daargestel word vir die Afrikaanssprekende Christenleerders en -begeleiers (ouers, onderwysers, die portuurgroep, jeugverenigings en kategete) ten einde adolessente tot volwaardige aktualisering van hul geloof te begelei, ook deur middel van praktiese hulpverleningsprogramme.
- Die studie kan as 'n basis dien vir verdere navorsing met die oog op meer praktiese hulp aan adolessente met betrekking tot geloofsekerheid.
- Leraars wat adolessente in belydenisaflegging begelei, worstel met die vraag of hierdie adolessente werklik glo wanneer hulle sê dat hulle glo. Hierdie studie deur 'n objektiewe navorser behoort sekere opklarings vir leraars mee te bring.

1.6 UITEENSETTING VAN DIE NAVORSING

Hoofstuk 2 gee 'n uiteensetting van geloofsekerheid soos aan die hand van die Heidelbergse Kategismus as vertrekpunt geformuleer. Dit begin by die bron van geloofsekerheid, naamlik, God Drie-enig, naamlik God, die Vader, sy Seun Jesus Christus en die Heilige Gees. Verduidelikings oor geloofsekerheid, soos die kerkleer dit verstaan, kom aan die orde.

Hoofstuk 3 handel oor die adolessent. Sy fisieke, psigiese en emosionele veranderings en ervarings word uiteengesit.

Hoofstuk 4 sluit in al die faktore wat 'n invloed op die adolessent se geloofsekerheid mag hê soos die ouers, die onderwyser, portuurgroepe en die kerk.

Hoofstuk 5 gee die metode en proses van die kwalitatiewe bepaling van geloofsekerheid by die adolessente weer.

Hoofstuk 6 behels die verwerking van die data van die kwalitatiewe navorsing.

In hoofstuk 7 word 'n samevatting van die navorsing gegee.

HOOFSTUK 2

"He said to me: Think of the beginning of this earth:
the gates of the world had not yet been set up.
No wind gathered and blew,
No thunder pealed, no lightning flashed;
The foundations of paradise were not yet laid,
Nor were its flowers there to see;
The powers that move the stars were not established,
Nor the countless hosts of angels assembled,
Nor the vast tracts of air set up on high,
The divisions of the firmaments had not received their names".
(In die apokriewe Ou-Testamentiese boek 2 Esdras 6:1 e.v.)

DIE UITEENSETTING VAN GELOOFSEKERHEID MET DIE OOG OP 'N KWALITATIEWE OPNAME

2.1 INLEIDING

Hierdie studie gaan van die voorveronderstelling uit dat geloofsekerheid by hierdie groep veral binne die raamwerk van die Heidelbergse Kategismus verwoord sal kan word. Almal in hierdie groep kom uit kerkgenootskappe wat die Heidelbergse Kategismus as deel van hulle belydenisgrondslag het. Die vertrekpunt van hierdie studie is dat leerders wat in die Reformatoriese milieu grootgeword het, aspekte van die geloofsbeskouing van die Heidelbergse Kategismus behoort te weerspieël.

Hierdie studie is nie 'n dogmatiese studie oor geloofsekerheid nie, maar 'n kwalitatiewe navorsing oor die beleving van geloofsekerheid by 'n aantal belydenisklaskatgisante. Dit word eerstens uiteengesit na aanleiding van literatuur wat die formulering van die gewone lidmate en dus ook die katgisante kon beïnvloed het. Tweedens sal in hierdie hoofstuk gekyk word hoe hierdie aspekte en die formulering oor geloofsekerheid in die gestruktureerde vrae na vore kom.

"Vir geloofsekerheid moet die mens nie na binne in sy eie hart kyk na sy swakke geestelike lewe, sy baie struikelinge en sondes nie. Nee, hy moet opkyk na God wat in sy Skrif sy

nveranderlike beloftes gegee het, na Christus wat altyd dieselfde is” (Jonker, Kotzé & Lombard, 1975:122).

’n Eienskap van die geloofsekerheid van die gelowige, is dat hy nie in homself en sy eie vermoëns as die basis van sy saligheid moet glo nie. “Nee”, sê Janson (1976:14) hy het juis aan die einde gekom van te glo in die vrome mens en wil nou net van God weet en in God glo. In die sekerheid van die geloof roem die gelowige dus nie in homself nie, maar wys voortdurend van homself weg. Dit is die mens met volkome sekerheid wat hulle ganse lewe aan God wy uit dankbaarheid vir die verworwe saligheid en die sekerheid daarvan. Deur so volgens God se wil en met ywer te lewe, word beslis bekroon: “En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus” (2 Pet. 1:11).

“Daarom kan elke gelowige, of hy nou ’n apostel of ’n slaaf is, geloofsekerheid hê. Elke gelowige moet dit hê. Daarsonder kan ons nooit die vreugde en die vrede wat die evangelie ons wil bied, ervaar nie. Daarsonder kan ons net nooit die stryd volhou nie” (Janson 1976:44). Die grond van ons sekerheid moet nooit in iets van onself rus nie.

Ons sekerheid kan byvoorbeeld nie daarin bestaan dat ons die datum van die dag van ons bekering kan aanhaal nie, want dan anker ons ons sekerheid weer in iets van onself. Boonop kan diegene, soos Timoteus, wat in Christelike huise opgegroeï het en anders as Paulus, nie altyd so ’n bepaalde dag aandui nie: “Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma, Lois en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is” (2 Tim. 1:5). Ons kan nooit op óns dag en uur bou nie, maar alleen op die dag en uur van Christus – op die Vrydag, teen drie uur, toe hy uitgeroep het: “Dit is volbring!” (Joh. 19:30). Op daardie oomblik is volbring alles wat vir ons nodig is om salig te word, om tot die einde toe te kan volhard. Toe is die volmag voltooi op grond waarvan ons kinders van God kan word en sal bly.

Geloofsekerheid bly ’n geloofsaak. “Want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie” (2 Kor. 5:7). Dit is geloofsekerheid omdat Christus daar is, omdat Hy ons Bewys, ons Waarborg is, omdat Hy daarvoor vir ons instaan – met sy bloed. Ons hoef nie bevrees te wees om ons op Hom te verlaat nie. “Hy is nie ’n brose, wankelende mensie nie” (Janson 1976:55). “...as óns ontou is, Hy bly getrou; Hy kan Homself nie verloën nie” (2 Tim. 2:13).

Vervolgens drie getuïenisse oor geloofsekerheid: Eerstens word geloofsekerheid duidelik en eenvoudig uiteengesit deur:

- Janson (1976:11): “Die sekerheid van die gelowige aangaande sy saligheid, sy ewige bestemming, die sekerheid dat die gelowige in Jesus Christus ’n kind van God is en sal bly.”
- Uit Kotze (s.a.:1) kan dan verder aangevul word: “Met geloofsekerheid word bedoel dat die ware geloof onverliesbaar is en dat die ware gelowige nooit uit die genade van God kan verval nie. Jy het dus sekerheid aangaande jou ewige bestemming, sekerheid dat jy ’n kind van God is en sal bly, met ander woorde jy is seker dat jy verlos is deur Jesus Christus en dat jy nooit verlore sál en kán gaan nie.”
- Bavinck (1998:15) stel dit pragtig, kort en saaklik met ’n aanhaling uit Johannes 8:36: “If the Son has made you free, you shall be free indeed.” Met ander woorde absolute geloofsekerheid word ervaar.

Om dié rede kan die gelowige getuig dat hy/sy, met liggaam en siel in lewe en in sterwe, aan die getroue Verlosser Jesus Christus behoort, om die Heidelbergse Kategismus, vraag 1, aan te haal. Jesus het die gelowige uit die heerskappy van die duiwel verlos deur al die sondes ten volle te betaal met sy kosbare bloed.

Die mens is goed en na God se beeld deur God, die Skepper, geskape sodat die mens in die ewige saligheid kon lewe om Hom te loof en te prys. “Ons kan die Goddelike Wese nooit deurskou of begryp nie. As ons dit kon gedoen het, dan moes ons meer as God of self God gewees het” (Van der Walt 1957:72). Die mens het bedorwe geraak en almal word in sonde ontvang en gebore as gevolg van die feit dat goed geskape mense, ons eerste ouers, Adam en Eva in die paradys, ongehoorsaam aan God die Vader was. God het geen skuld aan die mens se sondeval nie en Botha (1949:24) stel dit duidelik: “God is nie die oorsaak van die bedorwenheid van die mens nie.”

Maar toe stuur God Sy Seun, Jesus Christus. “Sy ewige Seun van God, wat ware en ewige God is en bly” (De Klerk, 1993:41). Jesus is uit die ware menslike natuur, uit die vlees en bloed van die Maagd Maria gebore.

As onskuldig veroordeelde het Christus die toorn van die sonde op Hom geneem deur aan die vloekhout te ly en te sterf. Deur sy opstanding en met die oorwinning oor die dood het Christus aan die mens sy geregtigheid, die krag tot 'n nuwe lewe en die waarborg van salige opstanding aan alle gelowiges geskenk. Die navorsing sou graag wou bepaal of die adolessente die opstanding van Jesus wil bely en wat die inhoud van hulle belydenis is. Ook “bewaar Hy die gelowige op so 'n wyse dat, sonder die wil van sy Hemelse Vader, geen haar van sy kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot sy saligheid dien. Daarom verseker Hy die gelowige ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy hom/haar van harte gewillig en bereid om voortaan vir Jesus Christus te lewe en te dien” (De Klerk 1993:43). “Er is een nauw verband tussen het doen van wat God van ons vraagt en de zekerheid van ons geloof” (Praamsma 1960:50).

Die gelowige met geloofsekerheid aanvaar met vreugde en dankbaarheid wat die wet van God in Matteus 22:37-39 eis: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die grootste en eerste gebod. En die tweede wat hiermee gelyk staan is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.” Ook dat die Here Jesus deur Sy Gees en Woord die uitverkore gemeente tot 'n gemeenskap van heiliges en tot die ewige lewe vergader. Aan lede van die gemeenskap eis God in die vyfde gebod: “Ek moet my vader en moeder en almal wat oor my gestel is, alle eer, liefde en trou bewys” (Deut. 5:16). Aan hulle goeie leer en tug moet ek my met die verskuldigde gehoorsaamheid onderwerp, ook met hulle gebreke geduld hê omdat God ons deur hulle wil regeer.”

Dan word gevra, maar hoe word die geloof van die gelowige verklaar?

2.1.1 Hoe word geloof verklaar?

Geloof beteken enersyds om iets kinderlik gelowig van God te vra. Andersyds beteken dit om – indien God anders beskik as wat jy gevra het – gelowig te aanvaar dat dit so “ten goede” sal wees.

Geloof is nie ingewikkeld nie. Inteendeel, dit is om te glo soos 'n kindjie. Jesus het self gesê: “Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie” (Mark. 10:15). Die mens kan in die lig van Efesiërs 2:8 verstaan dat die geloof “...’n gawe is van God”.

Aangesien geloof 'n gawe van God is, hoef die mens gelukkig nie hierdie geloof sêlf in sy hart op te wek nie. Sonder die Heilige Gees is dit selfs nie moontlik om te glo nie. Bavinck (1998:18, 38) se stelling hierop is nog meer opwindend: "...real faith is an experience". Verder beklemtoon hy: "...faith is an act of moral energy, an act of the highest spiritual power", dit is by uitstek God se werk, want dit is Sy "most precious and most glorious gift".

Die Hebreër-skrywer sien geloof as 'n genadige geskenk van God, so: "Om te glo, is om seker te wees van (d.w.s. 'n vaste vertrou te hê in) die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie" (Heb. 11:1). Nou is die vraag: Wat sou nou bedoel word met "die dinge wat ons hoop"? Dit is die dinge waarvoor God gepraat het, wat hy beloop het. Dit word duidelik gestel in Hebreërs 11:11: "Omdat Abraham geglo het ...omdat hy God wat dit beloop het", dat hy en Sara 'n kind sou hê, "getrou geag het".

Geloof is dus om die Here se beloftes in sy Woord te glo en daarvolgens op te tree (Wolfaardt 1982:25). Geloof beteken om aan te neem wat aan jou gegee is. Jesus, die Seun van God, is aan ons gegee. Hy is 'n gawe, die "onuitspreeklike gawe" van God aan die wêreld (2 Kor. 9:15).

Hieruit is dit duidelik dat geloof 'n inplanting van God, volmaak en onverliesbaar is; "...soos die son wat elke môre skyn, ook al neem ons dit nie waar nie" (Potgieter, 1953:66). Deur die Woord van God word die sekerheid onteenseglik verbind met die geloof.

Geloof is daarom nooit 'n sprong in die duisternis nie, maar 'n sprong uit die duisternis die lig in. Dit verlig jou hele bestaan en gee koers, rigting, veiligheid, geborgenheid en sekerheid. Nie 'n valse of hovaardige sekerheid nie, maar 'n diep oortuiging dat 'n lewe saam met God sin maak" (Potgieter 1953:66). Ware geloof beteken dus dat jy met jou hele wese en verstand vertrou op die betroubare God en glo aan Sy Seun, Jesus Christus. Ware geloof in die Bybelse sin is dus nie liggelowigheid of bygelowigheid of twyfelagtigheid nie. Saam met die onwrikbare vertrou kom 'n algehele afhanklikheidsstelling van die ganse wedergeborene aan die persoonlikheid van God, in en deur die middelaar, Jesus Christus. Dit is duidelik dat elkeen se geloof die enigste weg tot die saligheid is.

2.2 ASPEKTE VAN GELOOFSEKERHEID

Die voorafgaande lei na die aspekte van geloofsekerheid, te wete kennis, vertrouwe (geloofslewe is dankbaarheidslewe) en vrugte van die Gees. Die eerste aspek van geloofsekerheid is *geloof is kennis*. Volgens Potgieter (1953:63) moet “die gelowige die kennis hê van wat in die Skrif-Woord geopenbaar is. Al sou ons egter die Skrifopenbaring verstandelik aanvaar, sal ons nie die ware kennis van die geloof hê nie,” want volgens die Heidelbergse Kategismus kom vertrouwe saam met die kennis.

Daar is twee belangrike elemente wat saam die ware geloof uitmaak. Eerstens is *geloof in kennis geleë*. Die kennis is van so 'n aard dat dit tweedens *vertroue* insluit. Met die nodige kennis kan ons “deur geloof in Hom met vrymoedigheid en vertrouwe na God gaan” (Ef. 3:12). In alle historiese en moderne behandeling van geloof is vertrouwe 'n noodsaaklike element van geloof. Vertroue is die fundamentele hoeksteen van geloof. Sonder vertrouwe sal geloof ineestort. Dit wil egter nie sê dat vertrouwe die belangrikste element van geloof is nie, maar vertrouwe is die basiese element waarop die ander elemente van geloof gebou kan word en as al die ander elemente verdwyn, sal vertrouwe bly voortbestaan.

Die fundamentele funksie van vertrouwe as 'n aspek van geloof is veral in krisistye vir beide die individu en die gemeenskap belangrik. Dit word beklemtoon deur die uitroep in Job 13:15: “Al sou God my doodmaak” nogtans sal hy God vertrou.

Vertroue as die fundamentele element van geloof is ingewortel in die uiteindelijke sekuriteit, in God self, wanneer gereageer word op die oproep in Hebreërs 4:16: “...ons gaan ...met vrymoedigheid na die genadetroon”. Hierdie twee elemente naamlik, *kennis en vertrouwe*, kan van mekaar onderskei word, maar mag nie van mekaar geskei word nie. Kennis en vertrouwe saamgevoeg, lei tot die vrug van die geloof.

Geloof staan in die Ou Testament altyd in verband met 'n mens se verhouding tot God. Habakuk 2:4 verduidelik: “Wie nie reggesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.” In die Nuwe Testament word die woord “geloof” ook gebruik om 'n mens se persoonlike verhouding tot God aan te dui. Die kwalitatiewe navorsing wil invra na die aard van geloof soos dit by die adolessente voorkom. Johannes 1:12: “Maar aan almal wat Hom aangeneem het, die wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.”

Vir die meeste mense is geloof 'n saak wat slegs op die hiernamaals betrekking het, met ander woorde dit word na die verre toekoms verskuif, terwyl geloof dan vir hierdie lewe vaag en onwerklik bly. As ek tot God nader in die gebed en Hom iets vra volgens sy wil, is dit noodsaaklik om geloof te hê dat Hy dit gee: "As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil" (Heb. 11:6).

Wat geloof werklik is, word baie duidelik deur woordeboeke uiteengesit. Volgens Pansegrouw (2000:237) is geloof: aanvaarding, belydenis, geesdrif, geesteskrag, godsdienst-oortuiging, Godsvertroue, onwrikbaarheid, oortuiging, sekerheid, selfversekerheid, selfvertroue, standvastigheid, vasberadenheid, vreesloosheid, waarheidsoortuiging. Verder, "en wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe" (Heb. 10:38). Volgens die beskrywing van Kritzinger, Labuschagne en Pienaar (1963:170) in die Verklarende Afrikaanse Woordeboek is geloof "... vaste vertroue op God". Bosman, Van der Merwe en Hiemstra (1962:170) beskryf geloof ook kort en saaklik as "vaste vertroue op God". Odendal en Gouws (2000:267) beklemtoon dat geloof "'n Vaste vertroue op God en Sy Woord is, die geloof kan berge versit, deur die geloof kan 'n mens wonders doen. 'n Vaste oortuiging van die waarheid wat deur God geopenbaar is en deur die kerk geleer word." Dit bring ons vervolgens by die elemente van geloof.

Tillich (1955:53) het 'n studie gedoen oor die elemente van geloof soos wat dit in die Bybel duidelik word. Hier volg Tillich se interpretasie van die Bybel se beskouing van die elemente van geloof: "Faith in the Biblical view, is an act of the whole personality. *Will, knowledge, and emotion* participate in it. It is an act of *self-surrender, of obedience, of assent*. Each of these elements must be present." Die mees prominente elemente daarvan is: *vertroue, kennis, medewerking, verbondenheid en gehoorsaamheid*. Van gehoorsaamheid sê Droege (1972:324): "Obedience as I see it, is an element of faith rooted in trust and growing out of it."

Vir Fowler (1978:16), net soos vir Erikson, begin geloof by die verhoudings van mense. "Faith begins in relationships. Faith implies trust in another, reliance upon another, a counting upon or dependence upon another. The other side of faith as trust is faith as attachment, as commitment, as loyalty."

Dit is duidelik dat verhoudings belangrik is in geloof. So is De Jongh van Arkel (1987:218) se siening dat geloof ook omskryf kan word as verwante “verbintenis en gemeenskapsaktiwiteit” en as ’n “way of living together”. Dit gaan dan oor ’n *lewende verhouding* tussen die mens en God. Daar is baie lidmate wat die “feite” oor God ken, maar die verhouding met God mis.

Geloof kan dus gedefinieer word as *’n daad van die hele persoonlikheid*. Met ander woorde al die elemente van geloof is interafhanklik van mekaar (Droege 1972:314). As geloof ’n daad van die persoonlikheid is, is dit dus ’n daad van die persoonlikheid op enige stadium van die ontwikkeling, selfs vir die jongste kind. Nou is die vraag, wat het dit alles met geloof te doen? (Dykstra 1986:166). Baillie (1962:90) is van mening dat “faith is obedience, nothing else. Literally nothing else at all.” By al die voorafgenoemde elemente voeg Weber (1974:419) nog twee elemente van geloof by, naamlik dat daar maar een godsbegrip is en tweedens dat daar voorskrifte van gedrag van die gelowiges in die wêreld is.

Lindbeck (1984:33) sluit by die leer van die kerk aan deur te sê “religious faiths are distinct forms of life”. Ook Telfer (1955:64-88) beaam dit met sy stelling van wat geloof nou eintlik is: “putting off an old way of life and taking on and being incorporated into a new one”.

Tillich (1957:10) voer aan dat geloof ’n handeling van die persoonlikheid as ’n geheel is en dus in die dinamiek van die persoonlike lewe deel. Droege (1972:317) vul hierby aan deur te sê dat die teorie van die dinamiek van geloof verbind moet word met die teorie van die dinamiek van die persoonlikheid.

2.2.1 Geloof is kennis

Die Heidelbergse **Kategismus** noem onder vraag 21 as wesenstrekke van die geloof ’n “*gewisse kennis*”. Vir gelowiges is dit baie belangrik. Ook gelowige adolessente beskou dit as belangrik.

Verder vul die Kategismus aan: “’n Ware geloof is nie alleen ’n gewisse kennis waardeur ek alles vir waaragtig hou wat God aan ons in sy Woord openbaar nie” (Sondag 7, vr. 21). Geloof is dus (nie net nie, maar óók) kennis van God en sy beloftes soos vir ons in sy Woord

meegedeel. Hierdie kennis is geen verstandelike kennis alleen nie. Volgens Jonker et al. (1975:119-120) wys Calvyn wys daarop “dat die mens in wie die Gees van God geloof gewerk het, as’t ware ’n soort skerpsinnigheid bekom waarmee hy bonatuurlike insig verkry in hemelse verborgenhede. En hoe ryk en wyd is hierdie geloofskennis nie: Dit sluit in kennis van God en sy werke; van die sonde van die mens en sy ellende; van die Saligmaker en die verlossing; van ’n lewe van veiligheid en heiligheid; van ’n ewige bestemming; die hemelse heerlijkheid of die helse smarte.” In sy toespraak stel Judas vers 20 dit duidelik: “Geliefdes, julle moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof.” Dan versoek hy hulle dat hulle sal toeneem in kennis van die Woord van God. 1 Petrus 2:2 gaan voort: “Soos pasgebore kindertjies smag na die suiwer melk moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry.” Soos die kennis deur hoof en hart toeneem, sal die geloof gesond ontwikkel.

Die tweede vraag van die Kategismus lui soos volg: **“Hoeveel stukke is vir u nodig om te weet (te ken) sodat u in dié troos salig mag lewe en sterwe?”** Die antwoord op die vraag is dat kennis van drie stukke nodig is. Eerstens moet die mens weet hoe groot sy sonde en ellende is. Tweedens moet die mens weet hoe hy van al sy sonde en ellende verlos kan word. Derdens moet die mens weet hoe hy God vir die verlossing sal dankbaar wees:

- “Die sondaar moet die kennis hê dat sy sonde groot is omdat hy hulle teen beterwete, met moedswil en by herhaling bedrywe het. Ook omdat hy hulle bedrywe het teen ’n groot, ’n heilige en goeie God” (Botha, 1949:13-17).
- “Die blote kennis van sonde en ellende sonder die kennis van verlossing, lei gewisselik tot wanhoop. Daarom moet ons om salig te word ook weet hoe ons van ons sonde en ellende verlos moet word.” Onder sonde verstaan ons drie dinge: “Die eerste is die bedorwenheid van ons natuur – die tweede is elke daad waardeur iemand die wet van God oortree of nie vervul nie. Derdens is die las van die skuld op homself gebring deur te doen wat God verbied of deur nie te doen wat God gebied nie” (Botha 1949:14-17). Om salig te kan lewe en te kan sterwe moet ons weet dat ons persoonlik deur Jesus verlos word van die skuld en van die straf en van die heerskappy van die sonde. Ons moet deur die geloof weet dat ons deur Jesus verlos word van alle sonde, en van alle ellende wat in verband met die sonde staan.

- “Die derde wat ons moet weet, is hoe ons God vir die verlossing sal dankbaar wees. Is my verlossing ’n werklikheid, dan sal dankbaarheid openbaar word as ’n vrug van die verlossing... ’n Dankbare mens soek om die voorwerp van sy dankbaarheid te behaag deur Sy wil te doen” (Botha 1949:17-18). Die gelowige bestudeer die Bybel met die een groot begeerte om God se wil te leer ken en dit te doen. Verder word verwys na die noodsaaklikheid van die kennis van die drie stukke met betrekking tot twee aspekte: eerstens die behoefte van die mens en tweedens die voorsiening deur God in die behoefte van die mens.

“Geen mens sal homself ooit ten volle aan Jesus Christus kan toevertrou as hy nie ten volle daarvan oortuig is dat Hy Heer en Meester is nie. Gelukkig hoef die mens nie hierdie geloof self in sy hart op te wek nie, want geloof is ’n genadige geskenk van God. Dit is wanneer ’n mens ophou met selfverbetering dat daar ruimte is vir die verlossing van Jesus Christus. Eers dán kan jy die Here werklik toelaat om in jou hart te woon deur die geloof en Here en Meester van jou lewe te wees” (Du Toit 1984:53-54).

Kennis kom deur die lees en hoor van die Woord. Dit word gevolg deur gehoorsaamheid – ’n daad van die intellek. Alleen wanneer geloof in die beloftes van God bygevoeg word, kan gepraat word van reddende geloof. Ook die **Heidelbergse Kategismus** stel die vraag “Wat is ’n ware geloof?” dan lui die antwoord so: “’n ware geloof is nie alleen ’n sekere kennis waardeur ek alles vir waar hou wat God aan ons in sy Woord geopenbaar het nie, maar ook ’n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die Evangelie in my hart werk”.

Dan word geloof beskryf as die proses van essensiële kennis van God en Sy Seun, Jesus Christus, wat vertrouwe insluit. Onderliggend is ’n persoon se geaardheid en die handhawing van ’n begripsraamwerk van betekenis, opgewek deur die persoon se geneigdheid of verbondenheid aan vorige waardes wat mag het om sy/haar ervarings van die wêreld te verenig. Verhoudings en die daaglikse lewenspatroon, die verlede en die toekoms, dra betekenisvol hiertoe by (Fowler 1978:25). Dan som hy die hele proses van geloof soos volg op: “an aspect of the total constitutive activity of the ego”.

Hierby sluit Kriek (1978:20) se getuienis mooi aan: “My geloof is die kabel wat die skip (ek) met die anker (Woord) verbind, terwyl die anker (Woord) my aan die bodem (God) vasbind,

die vaste fondament met ander woorde my geloof is veilig veranker in God, deur sy Woord.” Scholtz (2001:13) sien weer “geloof soos ’n anker waardeur hulle van God se ondersteuning en liefde verseker word”. Hierop word uitgebrei: “Geloof binne die raamwerk van ’n bepaalde godsdiens handel oor ’n verhouding tussen die handelende persoon wat glo en die inhoud wat hy/sy glo” (Jordaan & Jordaan 1984:166).

Die Bybel is vol logika en ons moet nooit aan geloof dink as iets geheimsinnig of duister nie. Christelike geloof is hoofsaaklik om te *dink*. Geloof en dink werk dus saam. Om werklik te glo is onmoontlik sonder om te dink. Die probleem van iemand met ’n swak geloof is dat hy nie dink nie. Christus stel self die voorbeeld in sy Bergrede deur mense na verstaanbare dinge te verwys en te vra dat hulle daarvoor moet nadink. Ook Grobler (1997:175) wys verder daarop: “Die teologiese begroning van geloof sluit nie kognitiewe en psigososiale ontwikkelingsvorme uit nie.”

Redelikheid (rasionaliteit), is die logiese deel van die siel wat in die brein gesetel is. Sterk redelikheid impliseer die verstandige manier om die gemeenskap en God se doel daarmee, te verstaan. Om die mens se optrede daarmee deeglik in verband te bring, word duidelik in 1 Korinthiërs 14:20 uitgespel: “Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in jul denke volwasse.”

Deur die Woord kom verskeie eienskappe van die geloof na vore soos die *inhoudryke betekenis* van die geloof. Oor die vraag “Waar kom geloof vandaan?” antwoord die **Heidelbergse Kategismus** in artikel 65 soos volg: “Van die Heilige Gees wat die geloof in ons hart werk deur die verkondiging van die Heilige Evangelie en dit versterk deur die gebruik van die sakramente.”

Die vaste fondament van die geloof is niks anders nie as die getuienis van God in sy Woord. Die Christelike geloof vind sy *oorsprong in God*. Bavinck (1998:32) beklemtoon die feit dat geloof nie sy oorsprong in die mens het nie. Alle waarhede van die Christelike geloof kom na die mens van buite af. Dit word aan hom bekend gemaak alleenlik deur openbaring, en dit word alleenlik sy eiendom as hy dit met kinderlike geloof aanvaar. “Faith, including genuine, saving faith, therefore always involves knowledge... *a knowledge gained from reliable witness.*” Die Woord van God is dié betroubare bron vir die kennis van die waarheid van geloof. Dit spreek net so duidelik tot ons uit Jesus se woorde aan Petrus na sy

geloofsbelydenis: "Gelukkig is jy, Simon Bar-Jona, want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is" (Matt. 16:17). Dit is God se Woord!

Kriek (1978:20) voeg by: "Die geloof [is] altyd en onder alle omstandighede *aan die Heilige Skrif gebind* en mag nooit van die Skrif as Gods Woord losgemaak word nie. Ook rus geloof alleen op Gods ewige en onwankelbare geloftes soos Hy dit in sy Woord aan ons geopenbaar het."

Die navorsing gaan poog om die verskillende aspekte van geloofsekerheid te peil deur vrae wat in die volgende drie subparagraawe behandel word.

- Die behoefte van die mens: Kennis van jouself as sondaar.

Aangesien die mens sondig is, doen hy nie die wil van God nie. Om homself en ook andere nie te benadeel nie, moet hulle gebring word tot die insig om God se wil te doen. Dit is dus noodsaaklik om kennis van die drie stukke te hê. In die tweede plek word verwys na die voorsiening deur God in die behoefte van die mens.

- Die voorsiening deur God in die behoefte van die mens: Kennis van Jesus Christus en Sy werk.

God voorsien die nodige middele vir die mens om sy sonde en ellende te leer ken, "Verstand - al is dit ook deur die sonde verduister. Gewete - al is dit ook verswak. God se Woord en die Heilige Gees" (Botha 1949:17-18).

Verdere kennis is nodig om te weet wat die wet van God van ons eis. Dit is: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Aan hierdie twee gebooie hang die hele wet en die profete" (Matt. 22:37-40).

Die allerbelangrikste kennis wat verkry moet word is die Godskennis, want dan het jy die ewige lewe. "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het" (Joh. 17:3).

Om die kennis van die waarheid oor die Drie-enige God te wil en te moet leer ken, moet ons ons laat leer deur die Woord van God, die enigste bron van kennis. Onbeskryflik nodig is die kennis van die Bybel wat die boodskap duidelik bring, dat daar maar één enige God is. Paulus beklemtoon dit in 1 Korinthiërs 8:6 “...nogtans is vir ons net een God, die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe, en net een Here: Jesus Christus deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.” Ook leer die Bybel van die Heilige Gees, as waaragtige God, met goddelike eienskappe, goddelike werke en goddelike eer.

Laastens word selfkennis benodig om te weet wat om vir God te vra. Sondaars besit nie selfkennis nie. Hulle gedagtes oor God is totaal verkeerd as ook hulle gedagtes oor hulself. Hulle dink dat hulle niks benodig nie, maar hulle “weet nie dat hulle ellendig en beklagenswaardig is nie, arm, blind en kaal” (Op. 3:17). Diegene wat hulself ken en hul nood besef, as swak en doemwaardige sondaars, sal nie anders as in ootmoedige gebedsverhouding voor God verkeer nie soos dit in Jesaja 66:2 beklemtoon word: “Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my Woord.” Nou volg die vraag: Wat moet geglo word?

2.2.1.1 Wat moet geglo word?

Die ware gelowige wil ook weet wat hulle moet glo en wáárom hulle dit glo. Daarmee word geensins beweer dat daar op alle vrae in verband met die onsienlike werklikheid afdoende antwoorde gegee sal kan word nie. Ons moet onthou dat om God te wees Hy volmaak en oneindig moet wees. Die mens daarteenoor is sondig en beperk in insig. Daarom sal daar altyd sake wees wat die menslike denke en logika te bowe gaan. Dan sal die gelowige nodig hê om **bloot die Woord te glo wat van God se uitreiking tot die mens getuig**: “God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê” (Joh. 3:16). Daar is duisende beloftes in die Woord van God. Die vraag of ál die beloftes wél waar is, word in 2 Korinthiërs 1:20 beantwoord, **want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle “ja” en in Hom “amen”**. Die beloftes van God is in Jesus Christus vervul. Ons Here Jesus het ál die baie beloftes **waargemaak**. Dus moet al die beloftes geglo word.

Die geloof strek hom daarom na Christus uit as die eintlike en enigste voorwerp van die geloof. Deur sy kruisdood en opstanding uit die dood het Christus die wêreld met God versoen, sodat Hy met reg kon sê: “Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie” (Joh. 14:6). Met die hoogste gesag kan Hy daarom vir geloof in Homself vra en word dit soos volg gestel: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie” (Rom. 10:11).

Samevattend kan gesê word dat dit gaan om die geloof in Jesus, die Verlosser. Daar word geglo dat Hy op die aarde gewandel het, gekruisig is en drie dae daarna weer opgestaan het om later op te vaar na die hemel. Verder word geglo dat Jesus uniek is en niemand anders soos Hy is nie. Die enigste manier om te weet wat geloof is, wat om te glo en waarom dit geglo moet word, is deur die Woord van God.

2.2.1.2 Waaron word geglo?

Op hierdie vraag is die kort en bondige antwoord die van Hebreërs 10:39 “...ons glo en ons sal lewe”. Sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag. Geloof is die gelowige se lewensaar wat hom aan Jesus Christus bind. Hierdie verbinding moet gereeld suiwer en funksioneel gehou word deur “’n vertikale gerigtheid op God” (Grobler 1997:175) “en ’n intensionele respons op die verlossende aktiwiteit van God” (Dykstra 1986:55, 62). **Geloof groei ook alleen in die weg van beoefening. Dit moet dus gebruik en beoefen word.**

Geloof is nodig vir ons om ons sondes te bely en dan te glo dat die Here dit vergewe het omdat Hy so sê in sy Woord. Verder is geloof nodig om God te vra om in my lewe in te kom deur die Heilige Gees en dan te glo dat Hy dit gedoen het. So word die geskenke van God wat deur Jesus verdien is deur sy sterwe, in ontvangs geneem deur geloof: “Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof” (Ef. 2:8). So kry ek dan my sekerheid nie deur wat ek voel nie, maar deur die Woord van God te glo.

Gelowiges ontvang hiermee saam ook nog die bemoediging en vertroosting: “dat God, wat die goeie werk in jou begin het, dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom” (Fil. 1:6). Verder verduidelik Jordaán waarom ons moet glo: “Ons glo nie net omdat ons vir die hel bang is nie. Ons glo ook nie net omdat ons iemand nodig het om ons te beskerm nie. Ons glo ook nie net omdat dit sosiaal aanvaarbaar is nie, nee, ons glo omdat ons Hom ken”

(Jordaan 2000:3). “Die Heidelbergse Kategismus sê ware geloof is kennis, maar ook “’n vaste vertrouwe wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk” (Jonker et al. 1975:121).

2.2.2 Geloof is ’n vaste vertrouwe

Na die kennis van die Woord kom die belangrike eienskap van geloof, naamlik, ’n *bewuste en persoonlike toeëiening* van wat God ons in die Evangelie skenk. Ek moet dit met vertrouwe en in dankbaarheid aanneem en dit deur middel van my geloof my eie maak.

Sekerheid is ’n eienskap van die geloof, omdat die Bybel geen voorwaardes stel waaraan die gelowige eers moet voldoen voordat hy sekerheid mag bekom nie. As ek sê, ‘ek glo’, beteken dit ‘ek is seker’. Bavinck (1998:40) beklemtoon dit en voeg nog by dat daar in so ’n sekerheid geen twyfel is nie: “Faith is certainty and as such excludes all doubt.”

Du Toit (1984:7) bevestig dat van al die godsdienste van die wêreld, dit slegs die **Evangelie** van Jesus Christus is wat verkondig dat die gelowige hierdie volkome versekering van sy saligheid en redding kan bekom. Hierdie *sekerheid is ’n unieke* Christelike ervaring. Dwarsdeur die Bybel word hierdie groot waarheid dan ook telkens herhaal. Waarskynlik die bekendste voorbeeld van so ’n versekering is: “Here, U is God. U **Woorde** sal bewaarheid word” (2 Sam. 7:28).

“Die beloftes van God waarvan ek in die Skrif kennis geneem het moet persoonlik aanvaar word in die vertrouwe dat dit ook vir my bedoel is. En dit is net die Heilige Gees wat my hart laat oopgaan sodat ek daardie beloftes in persoonlike vertrouwe aanvaar as my eiendom” (Jonker et al. 1975:121).

In Matteus 6:28-30 lê Jesus klem op kinderlike vertrouwe in God se voorsienigheid: “En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies; hulle swoeg nie en maak nie klere nie.” Verder vra Jesus vertrouwe in sy Goddelike vermoëns, soos blyk uit Markus 9:23: “As U iets kan doen”, antwoord Jesus, “Vir die een wat glo kan alles.” Ook Paulus dring ernstig aan by die Jode sowel as die Grieke om vertrouwe te hê in die soenverdienste van die

Here Jesus in Handeling 20:21: “Ek het sowel die Jode as die Grieke ernstig vermaan om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo.”

“Geloof sonder vertrou is ’n leë dop, ’n liggaam sonder siel... God wil hê ons moet met ons hele wese op Hom aanleun en steun, sodat Hy die eerste en die laaste in ons lewe is” (Van der Walt 1957:64, 82, 249). “Uit Godsvoorsienigheid moet ons op God vertrou in alle omstandighede van die lewe.” Die enigste regte ding is om ons sondes voor God te bely, en dan met ’n gebroke hart en verslae gees ten volle op God te vertrou vir die vergiffenis van sondes. As vrug van die Gees sal die geredde persoon dan “[m]et dankbaarheid in hulle harte psalms, lofgesange... tot eer van God sing” (Kol. 3:16), want geloofslewe is dankbaarheidslewe.

2.2.3 Geloofslewe is dankbaarheidslewe

Die geloof dra vrugte. Eerstens die vrug van dankbaarheid vir die verlossing van sonde. Die wat dan ware geloof besit, kan nie anders as om goeie werke te doen nie. Dit is ’n onfeilbare toets. In geloof “...laat ek my lewe aan die Here oor”. “Uit die vrugte is ons verseker van ons geloof” (Van der Walt, 1957:283). Geloofsekerheid berus nie alleen op die vrugte (goeie werke) wat uit ons geloof voorkom nie.

In die “vrug van die Gees” gaan dit om die gehalte van die gelowige se lewe. Heiligmaking is die mate waarin die vrug van die Gees al in jou lewe tot openbaring kom.

Smuts (1994:61) verwys na Heyns (1981) asook ander teoloë wat daarop wys dat geloof die vrug van wedergeboorte is: “In die daad van die wedergeboorte het die Heilige Gees die mens in Christus oorgeplant en vanuit hierdie lewenswortel word die vrugte geleidelik sigbaar, waarvan geloof maar een is.” Smuts (1994:61) verwys ook na Van der Walt (1985) met ’n soortgelyke formulering. “Bekering en geloof staan in noue verband met mekaar omdat beide die vrug is van die wedergeboorte.” Ook die Heidelbergse Kategismus onderstreep hierdie stelling: “Die Heilige Gees laat die geloof ontvlam in die hart van die mens” (Smuts, 1994:61).

Praamsma (1960:50) verwys ook na wat die Kategismus sê: “...elk bij zichzelf van zijn geloof uit de vruchten verzekerd zij. Dat betekent dit, dat je aan de vruchten de boom kan kennen.” In Matteus 7:16 is ’n verdere uiteensetting: “Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry ’n mens

dan druive aan doringstruik of vyf aan dissels?” So kan iemand met geloofsekerheid aan sy vrugte geken word.

Die heerskappy van die vlees word sigbaar in die werke (meervoud) van die vlees en die heerskappy van die Gees in die vrug (enkelvoud) van die Gees. Die stellings is onderskryf: “God lei my deur sy Gees”. Die vrug wat die Gees in ons lewe tot openbaring wil bring, omvat die volgende nege eienskappe: “...liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing (Gal. 5:22)” (Jonker et al. 1975:246).

Die vrug van die Gees wat op die terrein van die heiligmaking lê, is deel van die gemeenskaplike gawes. Dit is gawes omdat hierdie vrug nie binne die natuurlike vermoëns van die mens lê nie. Dit is gemeenskaplik, omdat die Heilige Gees hierdie negevoudige vrug in die lewe van alle gelowiges, sigbaar wil laat word. Dit is die vrug van die heerskappy van die Heilige Gees in die lewe van die gelowige.

Dit het te doen met die nuwe lewe en die heiligmaking. “Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeerte gekruisig. Ons lewe deur die Gees. So kom “die Heilige Gees my in al my behoeftes te hulp”. Die Gees sal ook ons gedrag en siening van die verhouding tussen geloof en wetenskap bepaal. Scholtz (2001:13) verduidelik: “Sedert Charles Darwin se bekendstelling van die evolusieteorie in 1859, heers daar ’n debat oor die verhouding tussen geloof en wetenskap.” Vervolgens sal daar aan hierdie aspek aandag verleen word.

2.3 GELOOF TEENoor WETENSKAP

Die funksie van die wetenskap is hoofsaaklik om die wêreld te verklaar en, indien moontlik, te beheer (Scholtz 2001:13). Geloof daarteenoor het ’n gans ander funksie. Dit word deur die mens ervaar as singewing, normgewing of steungewing. Aangesien wetenskap en geloof totaal verskillende funksies het, behoort daar in beginsel geen botsing tussen die twee voor te kom nie. Verder beweer Scholtz (2001:13) dat gelowige sterrekundiges en fisici glo - sonder wetenskaplike bewyse - dat God die Skepper van die heelal is. Ten spyte hiervan beweer Ausubel (1977:249) dat “exposure to scientific teaching creates a certain amount of skepticism toward literal interpretation of many theological doctrines”.

Frost (1997:71) dui aan hoe Billy Graham dit sien: “Oh, I don’t think there’s any conflict at all between science today and the scriptures. I think that we have misinterpreted the scripture many times and we’ve tried to make the scriptures say things that they weren’t meant to say, and I think we have made a mistake by thinking that the Bible is a scientific book.”

Dan wei hy verder uit oor bewerings van die Bybel: “The Bible speaks of principalities and powers. We know there are demons and angels that we can’t see. We know there are spiritual forces at work in our world that we cannot see. And with-out the microscope, you would never have seen the germs. There’s a form of creation that you’d never see without modern instruments. And the same is true through the telescope. We’re just on the verge of the most exciting things in the world” (Frost 1997:166).

Scholtz (2001:13) toon aan dat elke wetenskap op onbewysbare aannames en veronderstellings berus. Die aannames is ten diepste filosofies en/of religieus van aard en berus dus self op een of ander vorm van geloof. Ook die wetenskap kan dus nie sonder geloof werk nie.

Dit is duidelik dat die wetenskap grense het: ’n Student het verklaar dat hy aan verskeie soorte wetenskaplike uitvloeisels van strydvrage blootgestel is, maar dat hy nêrens die antwoord kon kry op die vraag: “How do I get to heaven?” nie (Bavinck 1998:6). Die teologie as wetenskap is dus een van die weinige wat bemoeienis maak met die misterie van menslike lewe in verhouding tot die geskape wêreld.

Volgens Toerien (2002:8), ’n wetenskaplike, het hy geen probleem met sy Christelike geloof gehad nie: “Hoe dieper ek in die wetenskap delf, hoe groter word my bewondering vir die skepping.” Laasgenoemde lewer hier onbewustelik ’n getuienis van hoe sterk sy geloof is, deurdat daar geen twyfel by hom ontstaan het nie. Wat is dan die geheim van sy geloof? Ongetwyfeld lê die geheim in sy sterk geloof in Jesus, God, die Skepper van die heelal.

Ons aanvaar mense se woord, veral as hulle die versekering gee dat hulle die waarheid praat. Nou sê die Woord van God: “Ons aanvaar mense se getuienis, hoeveel te meer die getuienis van God” (1 Joh. 5:9). Die getuienis van God is groter, omdat dit die getuienis van God is wat Hy aangaande sy Seun getuig het. Wat God dus spreek het oneindig groter aanspraak op

ons aanvaarding as die woord van die wetenskap. God sou tog nie oor sy eie Seun wat Hy vir ons gegee het lieg nie. “Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in sy hart” (1 Joh. 5:10). “Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die outyd met soveel lof getuig is” (Heb. 11:2).

Geloof word deur die verkondiging van die heilige evangelie en deur die gebruik van die heilige sakramente in die gelowige se hart versterk deur die Heilige Gees (De Klerk 1993:20). Die gelowige glo dit ten volle dat dit tot sy voordeel is om alles te glo, dat hy in Christus voor God geregverdig en ’n erfgenaam van die ewige lewe is. Die geskiedenis, sowel as ondervinding, leer dat dit wat daagliks die meeste van die teologie verwag word, is dat dit geloofsekerheid moet koester. Ongelukkig word sterk bewerings gevind dat van die teoloë die mees twyfelende en weifelende groep van almal is. Hulle het baie vrae, twyfel en kritiek. Na al die getuienis van geloof is dit onbegryplik dat twyfel by gelowiges kan ontstaan. Waarskynlik begin gelowiges se twyfelprobleem by strydvrae wat sonder antwoorde in die lug hang.

Vervolgens word gekyk na: hoe ontstaan twyfel; die proses van twyfel; die gevolge van twyfel en positiewe hulp vir die twyfelaar.

2.4 TWYFEL AS DIE TEENPOOL VAN GELOOF

Twyfel is ’n werklikheid in die bestaan van die mens, en soos reeds aangedui is dit ook iets wat by God se kinders voorkom.

2.4.1 Hoe ontstaan twyfel?

Aalders (1950:219) sê: “Twyfel is natuurlik in de eerste plaats een geestesgesteldheid.” Hy dui ook verder aan dat “de ontstaan uit de botsing van twee met elkaar strijdige voorstellingen, zoals wankelmoedigheid en gemoedstoestand aanduidt ...Het is de mens, die twijfelt en dit in hoogsten aanleg ten aanzien van zijn betrekking tot God, de vastigheid en de zekerheid daarvan.”

Volgens Odendal en Gouws (2000:908) is twyfel ’n toestand van onsekerheid en besluiteloosheid, want ’n keuse word bewustelik of onbewustelik gemaak. Calvijn (1858:166) worstel ook met ’n vraag na die oorsprong van al die twyfelinge by die gelowiges. Sy siening

is dat dit te wyle is aan die onvolmaakthede wat nog in die wedergeborene oorgebly het en die stryd wat daar by hulle tussen geloof en ongeloof aanwesig is. By hierdie onvolmaakthede vind Satan die aanknopingspunt vir sy versoekings en verleidinge, want hy weet sonde bring onsekerheid en twyfel.

Geloofstwyfel bestaan nie maar van vandag of gister af nie. Aan die begin van hierdie eeu, in 1901 het daar 'n boek *De zekerheid des geloofs* van dr. J.H. Bavinck, destyds professor aan die Teologiese Kweekskool in Kampen, Nederland, verskyn. Op een van die eerste bladsye daarvan het Bavinck geskryf: "Twyfelsucht is de zielziekte onzer eeuw geworden." Toe het hy al opgemerk dat dit nie maar net hier en daar 'n enkele mens was wat nou en dan twyfel nie. Nee, oral om hom het hy twyfelsug, die neiging om te twyfel, waargeneem. Ook in die kerk (Westerink 1992:14).

Aalders (1950:149) is heeltemal oortuig dat: "De twyfel komt niet van boven, maar van beneden, niet van God, maar van den duivel." Twyfel word 'n gereelde, of in sommige gevalle, 'n periodieke probleem. By sommige mense is die probleem van 'n meer permanente aard. Oor hierdie toestand wei Aalders (1950:149) dan soos volg uit: "Als Ik den twyfel niet overwin, overwint hij mij. En dan ben ik verloren, voor God, voor mijzelf en voor mijn medemens... als werkelijkheid is hij, op den duur, kwellend, afmatend en dodelijk."

Gelowiges twyfel soms deurdat hul onseker voel oor hul geloofsekerheid, maar Goddank, ons loof en prys God dat ons geloofsekerheid nie van ons gevoel afhanklik is nie. Ons gevoel is tog afhanklik van dinge soos die werking van ons kliere, van ons spysvertering, van die feit of ons goed of sleg geslaap het, van hoe die dag by die werk verloop het, die nuus oor die televisie of radio.

Die mens se geaardheid en aanleg speel ook 'n rol in ons geestelike lewe. Dan is daar ook mense wat makliker glo en aanvaar wat hulle hoor, terwyl ander liggelowig is en geneig is tot kritiese vrae oor alles en wat. Die gevolge van ons gebrek aan nugterheid lei tot ons stomheid om nie meer te kan bid nie. I Petrus 4:7 sê duidelik: "...julle moet nugter wees, sodat julle kan bid". As dit nie gebeur nie, raak die gelowige geleidelik van Hom vervreemd en die proses van twyfel begin ontwikkel.

2.4.2 Die proses van twyfel

Almal, ook kerkmense, raak gewoond aan die norme van die lewe om ons en daarom het sommige mense nie soseer 'n probleem met Christus nie, maar wel met Christene. So in die gewoond word aan die norme om ons en die aanpassing daarby, kom die aartsversoeker ons harte by. Die Satan gaan baie subtiel te werk. Hy laat nie toe dat ons dadelik ons geloof verloor of die norme van God se wet minag nie. Dit sou te opvallend wees. Geleidelik laat hy iets soos 'n katarak oor ons oë groei, sodat ons ons heldere insig in sake verloor, ons fyn aanvoeling om die dinge waarop dit werklik aankom, te onderskei. Openbare mening was nog altyd 'n remmende faktor, maar nou het dit waardeloos geword. Gevolglik raak veral die jongmens se onderskeidingsvermoë al hoe meer vertroebel, wat waarheid of leuen is, wat reg of wat verkeerd is en wat heilig of wat sondig is. Dinge wat die kerk afgekeur en bestry het, word deur die permissiewe gemeenskap juis toelaatbaar gemaak. Soos die proefhuwelik, die beoefening van die vrye liefde, ensovoorts. Natuurlik is die gevolg van al hierdie dinge een groot stuk twyfel (Westerink 1992:14).

Dié wat tóg bly vashou aan die openbaring van Bo, moet weet dat hulle as “'n bietjie agtergeblewe in hul ontwikkeling - selfs agterlik” beskou word (Westerink 1992:14). Die kring van kerklike gesag word al nouer getrek. Vandag maak die kerk hoofsaaklik nog gesaghebbende uitsprake oor persoonlike en gesinsverhoudinge. Gesins- en seksuele etiek is vandag die laaste bastion.

Adolesente wat in die openbaar in alle opregtheid hul belydenis van geloof aflê, beleef weer periodes van twyfel. Dan beskuldig hulle hulself van oneerlikheid en skynheiligheid omdat hulle na buite lewe asof hulle glo, terwyl twyfel hulle heen en weer slinger. Die aard van twyfel kom onskuldig voor. Dit sê nie: “Daar is geen God” nie. Twyfel sê nie, dit vra maar net... Baie mense word in 'n krisis gedompel deur hulle “twyfel-vrae”, al lyk dié hoe onskuldig.

Hierdie geloofstwyfel raak ons adolessente wat nog op pad na volwassenheid is. Om sake te vererger, kom die twyfelsug ook langs allerlei ander weë op ons af (Westerink 1992:16). Sommiges glo ernstig dat God net 'n beeld is wat die mens vir homself geskep het, 'n droombeeld. Miskien kom jy in aanraking met die koue wêreld van die wetenskap. Die geloof word nie openlik afgemaak nie, maar dit word nie by hul bevindings in berekening gebring nie. Kyk of jy kan staande bly in so 'n atmosfeer.

Daarin word nie gesê dat die Bybel onwaarhede verkondig nie. Al wat dit doen, is om byvoorbeeld die opstanding van Christus te "verklaar" met die eerbiedige geloof van die eerste Christus-gemeente; vir hulle was Hy nie dood nie. In hulle oë het Hy so goed as opgestaan uit die dood... En so het dié mense dit neergeskryf - Matteus, Markus, Lukas, Johannes, Petrus en Paulus. Wie kan dan help om te wonder: is die teoloë wat dié dinge beweer nie dalk reg nie? Dit sou tog kon gebeur het soos hulle dit verduidelik? Klink dit nie eintlik meer oortuigend nie?

Niemand, oud en jonk, wat met oop oë deur die lewe gaan, is vry van die simptome van die twyfelsiekte nie (Westerink 1992:18). Bestaan God régtig, want ons kan Hom dan nie sien nie? Moses in Deuteronomium 4:12 "...het woorde gehoor maar niemand gesien nie. Daar was net 'n stem..." Dit was tóé net die Woord, en nou het ons net die geskrewe en verkondigde Woord. En dít in 'n wêreld wat leef deur wat gesien en aangeraak en met die verstand verklaar kan word. Vir sommige is die Woord nie genoeg nie.

Tans word die klem verskuif van die vertikale (die mens in sy verhouding tot God) na die horisontale (die verhouding van mense onderling). Hiervan sê Paulus in Galasiërs 1:6: "Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem." Die kerk van die Here word ook verwerp omdat die kerk die verkondiging van die horisontale verlossing van die gemeenskap versuim. Die stem van hierdie vreemde teologie word reeds in ons land gehoor. In watter mate hierdie valse evangelie reeds hier by ons 'n rol in die twyfelprobleem speel, is in hierdie stadium egter moeilik om te bepaal. "Tog is dit duidelik 'n faktor wat elke sweempie van twyfel eerder sal vererger as om daarvan te genees", is die oorwoë mening van Kriek (1978:9).

Ook die individualistiese tydsgees dat elke mens nou sy eie wetgewer is, self besluit wat vir hom aanvaarbaar is en wat nie, lei tot probleme. Die moderne lewe en denke het vir dié probleme 'n antwoord bedink, naamlik, verdraagsaamheid. Verdraagsaamheid raak ons geloofslewe in 'n besondere sin. Is *sending* nie 'n diskriminerende woord nie? Dit is mos aanmatigend om iemand wat van jou geloof verskil tot bekering te wil lei. Daar word ook nie van die ware of valse kerk gepraat nie. Is dit nie grensloos onverdraagsaam en hoogmoedig om te meen dat jou kerk die ware en enigste is, terwyl die ander by implikasie "vals" is nie? Mense word so aan hul eie lot oorgelaat. Dit is die teelaarde vir twyfel met nadelige gevolge.

2.4.3 Die gevolge van twyfel

Twyfel het 'n invloed op die mens se totale persoonlikheid. Dit bring negatiewe denke, negatiewe optredes teenoor ander mee en so word verhoudings geskaad. Voorts word ook negatiewe sienings oor 'n beroep of studies ontlok, en veral by die adolessent word 'n negatiewe sluier van twyfel oor die rooskleurige toekoms getrek. Dit is as't ware soos 'n kwaadaardige gewas in die mens se liggaam. Vertakkings word oral deur Satan uitgestuur. Die twyfel pyle tref onopsigtelik, maar doelgerig. Met die geringste twyfel volg al meer en meer twyfel totdat die gelowige heeltemal aan sy/haar verlossing twyfel.

Op die vraag: "Maak geloof nog sin?" probeer Loubser (1997:44) 'n antwoord gee.

Waar daar geen sin en betekenis is nie, is niks meer die moeite werd nie, nie eens die lewe nie. Hierdie oortuiging word indrukwekkend deur Viktor Frankl verdedig wat in teenstelling met Freud, Adler en Nietzsche se bekende teorieë betoog dat die mens se standhoudendste drang, die drang na sin en betekenis is.

Daar word dus groter klem op die enkeling gelê om sin te maak of te gee aan sy wêreld. Geloof raak 'n proaktiewe daad, 'n wilsbesluit, waarvoor jyself in jou beperktheid verantwoordelikheid neem.

Omrede ons twyfel geen grense het nie, vervreem twyfel ons ook van onself. Het ons 'n bestaan van ons eie? Wie sê ons is nie maar net 'n stuk niks nie? Mense word deur vertwyfeling verlam, sodat hulle nêrens meer enige houvas vind nie. Dit laat hulle wanhoop en gevolglik tree minagting vir die lewe in. Verder tree vervreemding van die werklikheid, van die waarheid, van jou naaste, van jouself en veral vervreemding van God in. So word hulle deur hul twyfel die eensaamheid in gedryf. Eensaam in die huwelik, eensaam tussen vriende, eensaam in die gemeenskap van die gelowiges, die kerk en selfs in die ouerhuis (Westerink 1992:28).

"Intussen toon ons 'n gebrek aan nugterheid dat ons nie eens agterkom hoe onselfstandig en selfsugtig ons in werklikheid is nie. Ons sê dat ons nie meer aan die 'leiband' van ons konserwatiewe opvoeding wil loop nie, maar besef nie dat ons wel, blindelings, aan 'n ander

'leiband' loop nie – dié van die ongelowige denke en lewe van ons tyd" (Westerink 1992:14). Gevolglik verander ons twyfel in twyfelsug soos wat Bavinck dit gestel het – 'n siekte van die siel. Om oor alles te twyfel en niks meer te wil aanvaar nie – behalwe die twyfel.

'n Moderne mens wat die Bybel lees met al die moontlike kritieke inligting tot sy beskikking, kan net nie meer 'n konvensionele geloof huldig soos twee geslagte gelede nie, want die twyfelvraag wat vandag, meer as ooit tevore, in die harte van talle mense, jonk en oud leef, is: Bestaan God werklik? Die God van wie die Bybel praat (Westerink 1992:11). As voorbeelde van sake wat deur die sogenaamde histories-kritiese Bybelnavorsing op losse skroewe gestel is, kan ons die volgende aanstip: sogenaamde radikaal histories-kritiese geleerdes aanvaar, byvoorbeeld:

- die maagdelike geboorte van Jesus Christus as synde 'n mite te wees
- die opstanding as 'n blote moontlikheid (ook sommige konserwatiewe teoloë meen so)
- die Heilige Gees as 'n funksie van die onderbewuste ('n refleksie van die traumatiese indruk van Jesus op die psige)
- die wonderverhale as tydsgebonde borduursels
- die hemel en hel as projeksies van die verbeelding
- die engele en duiwels as poëtiese teksversiersels
- God en Satan as projeksies in die kollektiewe onderbewuste
- die Bybel as 'n menslike boek vol innerlike teenstrydighede, en
- die Bybelse etiek as relatief en tydsgebonde.

Bogenoemde is ongeveer die hele pakket wat deur die sogenaamde "liberale" teologie aangebied word wat van 'n modernistiese histories-kritiese raamwerk uitgaan. Samevattend kan ons sê dat moderniteit 'n Godsverduistering bewerk het – "God is dood", soos wat Friedrich Nietzsche al in die vorige eeu geprofeteer het. "Die godsbesef van klassieke teïsme het alles behalwe gedisintegreer" (Breech 1989:15).

Ook op die teologie het die modernisme 'n onuitwisbare indruk gelaat deur die sogenaamde histories-kritiese benadering (Loubser 1997:45). Die Christene glo dat Jesus Christus in Betlehem gebore is, maar daar word nou beweer dat God se openbaring ook vir Moslems, Hindoes en ander gelowe op 'n ander manier geskied het. Dus is daar verskillende paaie na

die hemel. Rossouw (2000:7) maak hierop 'n hartroerende bewering, naamlik: "Saam met die uniekheid van die Bybel verdwyn ook die uniekheid van Jesus Christus as enigste Verlosser."

2.4.4 Die uitskakeling van twyfel

Wonderlik is die volgende bemoedigende woorde: "Wat ons hart ons ook al vertel, God is vir ons, ons is Godskind" (Janson 1976:34). "Werklike liefde is dit: nie liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes" (1 Joh. 4:10).

Ook die Bybel is uitgesproke oor die gelowige se sekerheid van sy saligheid soos Jakobus 1:4 dit stel: "En die volharding moet enduit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom." Hieroor is Jakobus 1:22 baie ernstig en beklemtoon dan: "Julle moet doen wat die Woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle juisself." Dit is bekend dat ook Luther na sekerheid van eie verlossing gesmag en gesoek het volgens Kriek (1978:27). Jesus het ook op 'n keer vir Petrus bestraf omdat hy getwyfel het: "Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel?" (Matt. 14:31). Twyfel is dus 'n saak waarvoor ernstig nagedink en argumenteer word. Van der Leeuw (1950:72) voel sterk oor die saak as hy die stelling maak: "Twyfel is die keerzijde van geloof. Twyfel is twyfel aan God, vlucht voor God. Zolang er levende godsdienst is, zullen zijn nie in hun hart zeggen, er is geen God. Dat zijn zij, die de Bijbel dwazen noemt."

Daar is 'n oortuiging dat die twyfelaar uiteindelik 'n buitestander word. Is daar iets erger as dat 'n tiener in sy ouerhuis moet dink: Pas ek werklik in hierdie godsdienstige huis? Deel ek nog die waardes van my ouers, broers en susters? (Westerink 1992:39). "Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word" (Jak. 1:6). Twyfel is sonde, "[m]aar by U is daar vergifnis" (Ps. 130:4). Dat twyfel die mens ongelukkig maak is erg, maar die ergste is dat mense wat twyfel God en sy Woord as onbetroubaar beskou.

Hierop waarsku Loubser (1997:64) dat ons in eie krag nooit ontslae sal raak van ons twyfel nie. Nou is die vraag: Langs watter weg dan? Daar is net een wonderbare weg. Dit is om met jou twyfel na God te vlug, want Hy is ons enigste toevlug. "God is vir ons 'n toevlug" (Ps. 62:9). Met sy gesag kan en sal Hy ons help.

Dit is ook hier waar Filippense 1:9-10 die voorbeeld stel van wat gedoen moet word, naamlik: “Ek bid dat julle liefde al meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling, sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom.” Ook verduidelik I Tessalonisense 5:5-8 verder wat gedoen moet word: “Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm.” Ons sien nie maklik die gevaar van die twyfel waarin ons beland het, raak nie al kry ons waarskuwings deur ’n preek, ’n gesprek met iemand of miskien deur ’n boek.

Ten laaste word die waarde van geloof teenoor twyfel treffend beklemtoon deur Aalders (1950:219):

De twijfel maakt los, het geloof maakt vast; de twijfel vereenzaamt, het geloof verbindt; de twijfel ontledigt en verkilt, het geloof vult en het verwarmt; de twijfel leidt, alls hij doorwerkt, tot Godverlatenheid, d.i. tot den dood, het geloof, als het in zijn kracht is, tot vervuld zijn met God, tot enthousiasme en overvloeiend.

God is nie alleen in sy werking nie, maar is in Jesus Christus en die Gees ’n drie-eenheid.

Die uiteensetting van geloofsekerheid na aanleiding van die kennis-aspek van geloofsekerheid, is dat aandag gegee sal word aan God Drie-enig; God, die Vader en die Skepper; Jesus Christus, Seun van God; en die Heilige Gees. Hoe kan ek die oorvloedige lewe en sekerheid bekom?

2.5 UITBREIDING OP DIE INHOUD VAN ONS GELOOF OOR GOD EN GOD DIE VADER

In God Drie-enig word die meervoudigheid van persone in God gevind met verskillende take vir elke persoon: die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

Otto in Durand (1976:52) beklemtoon dat die erkenning van die personaliteit van God dit nie uitsluit nie, maar dit juis insluit, dat aan God in “bo-personale” terme gedink word. God staan teenoor die mens nie soos ’n ander mens as ’n eindige persoon nie, maar as ’n oneindige Persoon. Hy gaan met die menslike persoon om soos geen ander dit kan doen nie en sy

aanspraak op die persoon van die mens is totaal en oneindig. Ten slotte is Hy anders as enige iets wat ons “persoon” noem, maar desnieteenstaande is Hy vir ons ’n ware en ’n werklike “U”.

Alle eer en roem kom alleen God, bo alles verhewe, toe. “God is onvergelyklik ten opsigte van die gode. Hy kan praat en kan handel, Hy is dus nie ’n syn nie maar ’n persoonlike God. Hy is ’n lewende God” (König 1975:41).

2.5.1 God se heiligheid, uniekheid, geregtigheid en liefde

God se naam, as uitdrukking van sy wese, is immers wonderlik, wat alle menslike begrip te bowe gaan. Hy is die onvergelyklike: “Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? vra die Heilige” (Jes. 40:25).

Die Woord van God beantwoord hierdie vraag duidelik in Jesaja 45:21: “Daar is buiten My geen God nie.” Verder leer God vir Israel in Deuteronomium 6:4-5: “Luister, Israel, die Here is ons God. Hy is die enigste Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.”

Otto (volgens Durand 1976:78) vat dit saam met die woorde: “Die wese en hoedanighede van God is Heilig. Die Heilige bring altyd ’n dubbele beweging tot stand: hy voel op ’n geheimsinnige wyse daardeur afgestoot, maar tegelyk ook daartoe aangetrokke.” Brunner in Durand (1976:79) sluit by Otto aan deur te sê: “Heiligheid rig skeidsmure op, die liefde deurbreek dit.” **Die Skrif dui duidelik aan dat God nie in dieselfde sin die God van toorn is as die God van liefde nie:** “...en nie vir ewig toornig bly nie” (Ps. 103:9). Aan die kruis word openbaar dat God nie bepaal word deur die toorn nie, maar deur die liefde.

’n “Eienskap” van God wat vermelding verdien, is die onveranderlikheid van God.

2.5.2 God die Skepper en Vader: God se almag en alwetendheid

God die Skepper, God die Almagtige, die Alwetende se grootheid word nie net deur die Woord van God besing en beskryf nie. Idillies sien die profeet “...die woestyn, die dor land [sal] jubel... oortrek wees met affodille, hy sal in volle bloei staan, hy sal juig en sing... Israel

sal die mag van die Here sien, die koninklike mag van ons God” (Jes. 35:1-2). Woordeboeke het ook byna geen einde aan al die lofbeskrywings nie. Odendal en Gouws (2000:306 en vgl. Pansegrouw 2000:265) gee die volgende beskrywing: “Naam van die ewige, almagtige Opperwese, Skepper en Onderhouer van hemel en aarde, die God van liefde, die Here God van die leërskaer, Wese aan wie bonatuurlike magte en eienskappe toegeskryf word.”

Weber (1974:419) se omskrywing lui so: “...omschryft God als datgene, groter dat het welk niets gedacht kan worden... groter sou zijn dat wat ook in feite bestaat. Datgene, dus noodzakelijk in feite. En dit zijt Gij, Heer onze God.” God se alomteenwoordigheid word beklemtoon. Geen heerser het ooit en sal ook ooit aan al die wonderlike beskrywings en eerbetoon voldoen nie.

2.5.3 Kan ek seker wees dat God bestaan?

Hoe kan ons van die bestaan van God wat die Skepper en Onderhouer van alle dinge is, seker wees? Soms sou die vraag selfs indringender kon word: Het God nog ’n bestaansreg in ons dag? Sedert die 20^{ste} eeu vind ons ’n tydsges wat ’n goeie teelaarde vir die “God is dood”-teologie is. Vanweë die mens se prestasies, veral op tegnologiese gebied, kan hy baie dinge nou self vermag waarvoor hy God vroeër moes vertrou het. Die slotsom waartoe Horak (1999:6) kom, is dat God nou uitgedien is, wat aanleiding gee tot sekularisme, humanisme, materialisme, demokratisme, ensovoorts.

God, die Skepper, oortuig ons self dat Hy wel bestaan: “Ek is die eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees” (Jes. 41:4). “Waarlik, God is by jou... daar is nie nog ’n God nie” (Jes. 45:14). “Ek is die Here jou God. Ek vat jou hand. Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie. Ek help jou.” (Jes. 41:13). So is die hand van God ook duidelik in die bevryding van Israel: “Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte uit die plek van slawerny, bevry het” (Eks. 20:2).

“Sy onbegryplikheid is ’n wesenskenmerk van God en dui nie maar net op ’n stadium van onkunde aan die mens se kant wat dan later deur ’n openbaring opgehef word nie” (Durand 1976:15). As ons dan nou na alles wat gesê is, sekerheid wil hê dat God bestaan, sê Hebreërs 11:6 dit: “...wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom soek,

beloon". So word ons deur Hom genooi om persoonlik na Hom te gaan en deur die opregte geloofsvertroue in Hom sal ons hierdie sekerheid vind.

Verder glo die gelowige in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde, die Vader van ons Here Jesus Christus wat die hemel en die aarde uit niks geskep het en wat deur sy ewige raad en voorsienigheid nog alles onderhou en regeer ter wille van sy Seun Christus. Op Hom vertrou die gelowige so dat hy nie daaraan twyfel dat God hom met alles wat vir liggaam en siel nodig is, sal versorg nie. "God sal ook al die kwaad wat Hy in hierdie jammerdal oor hom beskik tot sy beswil verander omdat Hy dit as 'n almagtige God kan en ook as 'n getroue Vader, 'wat altyd teenwoordig is', wil en sal doen" (De Klerk 1993:26).

2.5.4 God en sy bestaan kan nie menslik bewys word nie

Baie mense smag daarna om God tog net eenmaal te kon sien, want die spreekwoord lui: "sien is glo". Omdat hulle God nie kan sien nie, wil hulle nie glo dat Hy bestaan nie. Gelukkig kon die bestaan van die ewige God nie deur menslike bewysvoering bewys word nie. As dit kon bewys word, was dit die vrug van feilbare menslike verstand en die wetenskap wat net weer môre dinge anders bewys. 'n God wat deur 'n menslike verstand verstaan en gepeil kan word, kan nie aanspraak maak om 'n God te wees nie. George Bernard Shaw het geskryf dat God die mens gemaak het vanuit sy verlange om 'n orgaan te hê wat sy hande, sy voete, sy brein en sy doel vergestalt. Toe maak Hy die mens om Hom te weerkaats. Die mens kan egter nooit God wees nie, maar God kan in die mens sigbaar wees. Hy kan deur die mens praat en handel, liefhê en vergewe (Jordaan 2000:2).

Die Woord leer: "Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, het Hom bekend gemaak" (Joh. 1:18). Kelly (1985:84) voeg by:

Sovereign and Lord, He has created everything for man; reality came to be out of nothing at the behest of Him Who is incorruptible, unchanging and invisible. He Himself is uncreated, without beginning or end; He has no form, no limits, no sex. The heavens do not contain Him... on the contrary, He contains them, as He contains everything visible and invisible.

Met ander woorde Hy beklemtoon die almag van God en die feit dat Hy onsigbaar is.

Kelly (1985:86) gaan voort:

Christ's own words imply that the world has but one fabricator... God exercises His creative activity through His Word and His Wisdom... men indeed cannot make anything out of nothing, but only out of material already before them; God is superior to men in this prime respect, that he Himself furnished the material for His creation although it had no previous existence created things must necessarily draw the commencement of their existence from some first cause, and God is the commencement of all. He comes from no one, and all things come from Him...

Treffend word bygevoeg: "God who is personal and moral, who has created and sustains the universe, and who demands an unqualified response. God transcends His creation and is not dependent upon it, and yet He is immanent acting within and upon it." En tog word God se bestaan ontken deur mense wat bewyse soek.

2.5.5 Gelowige beleving van God se teenwoordigheid

Jordaan (2000:2) se siening is as ons aanvaar dat God teenwoordig is, moet ons aanvaar dat Hy ervaar kan word. As Hy ervaar kan word, moet ons ook verstaan dat hy geken kan word. Hy is juis deel van ons sigbare en onsigbare wêreld. God bring vir ons vrede en rustigheid. Hy neem ons sorge weg en los ons probleme op. God word as 'n plek van kalmte te midde van 'n storm ervaar. Hy word ervaar as iemand wat verstaan en vergewe. Ons geloof help ons om die teenwoordigheid van God te ervaar as 'n mistieke eenwording met Hom. Hy is die fondament van ons bestaan. Hy is nie net die doel van ons lewe nie, maar die lewe self! Die wêreld is goed, want God is goed.

Verder lui Jordaan (2000:2) se getuienis so: "Ek het dit vir myself uitgemaak dat God daar is, soos Paulus so sterk en treffend getuig: 'Ek glo God...' (Hand. 27:25). Hierin is geen sweempie van twyfel of teëspraak dat God wel bestaan nie. 'Hy is altyd daar!' Hoe anders verduidelik 'n mens die alomteenwoordigheid van God as Hy nie ook sigbaar is in elke man en vrou se gesig wat voor my staan nie? Ek weet Hy is daar, want ek ken Hom! Ek berus daarin dat ek Hom ook sien in die briewe en boeke wat ek lees, want soms is dit deur God self onderteken. Hy is net daar, in die stilte en in sy skoonheid!"

Die eienskappe wat net aan God toegeskryf kan word is dus sy alomteenwoordigheid soos dit duidelik gemaak word in Psalm 139:7: “Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?” Die ander eienskap van God is sy alwetendheid soos in 1 Korintiërs 2:10 aangedui word: “...want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God”.

“Luister, die Here het my al voor my geboorte geroep; toe ek nog in my moeder se liggaam was, het Hy my op my naam genoem... Ek het jou naam in my handpalms gegraveer” (Jes. 49:1, 16). Hy het elkeen van ons by die naam geroep en beloof dat ons syne is. Net so ondenkbaar soos dit is dat 'n moeder haar suigeling kan vergeet, so onmoontlik is dit vir God om te vergeet wie aan Hom behoort: “Ek sal jou nie vergeet nie” (Jes. 49:15).

Deur die verbondsgenade is die gelowige nog verder in Christus, ál die weldade wat God beloof het, deelagtig en besit hy die lewe oorfloedig, soos in Lukas 15:31 staan: “Kind, jy is altyd by Pa, en alles wat Pa het, is ook joune. Treffende woorde van die vader aan sy oudste seun.

In Filippense 2:13 lees ons dat Paulus sê dat dit God is “...wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer”. Paulus bedoel hier dat omdat hulle daarvan seker is dat God in hulle werk as sy kinders, omdat hulle seker is dat hulle gered is, daarom moet hulle hul uit dankbaarheid inspan deur sy geboorte te onderhou. Verder word gewaarsku dat ons nie op ons eie vermoëns moet staatmaak nie en adolessente getuig: “Ek laat my lewe aan die Here oor.” Janson (1976:46-48) gee egter troos deur te sê: “God temper die versoeking en laat die Bose, wat reeds aan die kruis oorwin is, alleen so ver toe as wat God dit aan hom wil gee.” Paulus se raad bly: “Wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie” (1 Kor. 10:12).

Ook is dit God se bedoeling dat die hart van die mens alleen in 'n onaantasbare geloofsekerheid tot rus kan kom - 'n sekerheid wat sy kinders in hierdie lewe vreugde laat ervaar. So stel Romeine 8:28 dit vir ons duidelik: “Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet.” Die profeet Jesaja se woorde het in vervulling gekom: “'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lampfit wat rook, nie uitdoof nie...” (Matt. 12:20).

2.6 JESUS CHRISTUS

2.6.1 Jesus is uit die Maagd Maria gebore

“Die Seun van God het ware mens geword en tog waaragtig God gebly. Hy het derhalwe twee nature. Sy menslike natuur en sy Goddelike natuur” (Botha 1949:88). Van die twee nature voeg Heyns (1978:239) by: “...ware God en ware mens. En watter mens kan dit met sy verstand begryp?” Daarom ontstaan daar so maklik twyfelvrae rondom die geboorte van Jesus Christus.

Praamsma (1959:83) wys op die verskil van Jesus se geboorte en die geboorte van die mens, dat “...ons leven met onze geboorte begint; en dat het leven van Hem er voor zijn geboorte al was: Hij wilde geboren worden, dat kan geen mens Hem nazeggen.” God het een groot doel gehad met die unieke geboorte van sy Seun, Jesus Christus.

2.6.2 Jesus gekruisig

Geloofsekerheid is nou verbonde aan die bloedstorting van Christus waardeur God versoening bewerkstellig het, met God self, met sy vyande, en die sondaars. “God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak... Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou” (Hand. 2:23-24). Gelukkig is sy Seun uit die dood opgewek. “...God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak!” (Hand. 2:36).

Die apostel Paulus het daarvoor ’n sterk argument: “Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word” (Rom. 5:10). Hierdie versoening is ’n voldonge feit: “...deur onse Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het” (Rom. 5:11). Een van die belangrikste tekste in Johannes se brief in verband met geloofsversekering sluit hierby aan, naamlik: “Daar is drie wat getuig: die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen” (1 Joh. 5:7-8). Hulle getuig net oor één, Jesus Christus. Daar bly vir die gelowige nou niks oor om te doen nie, behalwe om in die geloof aan Jesus Christus te glo en al sy weldade wat Hy vir ons verwerf het, te aanvaar.

Jesus stel dit nog sterker in Johannes 6:48: “Ek is die brood wat lewe gee.” Dus is dit vir die gelowige ’n heerlike sekerheid dat hy wel die ewige lewe sal hê. Oor die mens se sekerheid

voeg Johannes by: "...sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê" (Joh. 20:31). Ook is "[d]ie Naam van die Here 'n sterk vesting; die regverdige vind daar skuiling" (Spr. 18:10). Wie by Christus is, is ook by God. Verder, wie op Christus vertrou, vertrou ook op God. "Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie (Kol. 1:15). Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping." Wat hierdie verhewe, unieke posisie beteken, word dan in vers 16 gesê, naamlik dat God deur Hom alles geskep het. Alle dinge wat in die hemel en op die aarde gesien en nie gesien kan word nie, is in Hom, deur Hom en vir Hom geskape. Dit beteken dat die skepping radikaal aan Hom verbonde en op Hom aangewese is (Kol. 1:16). Verder word verduidelik dat Jesus Christus die oorsprong en die hoof van die liggaam van die Kerk is. "Hy is die eerste wat uit die dood opgestaan het en neem daarom die eerste plek in die heelal in" (Kol. 1:17-18). Daarom kan ons sê daar is "... net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe" (1 Kor. 8:6). Jesus Christus se koms na die aarde, sy kruisiging en "... die bloed van Christus, [het] ons gewete bevry van die las van die dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien" (Heb. 9:14).

2.6.3 Het Jesus werklik uit die dood opgestaan?

Ons Here Jesus Christus het doodgegaan en weer opgestaan. Is dit werklik waar dat Christus sou sterwe en weer uit die dood opstaan? Om positief op so 'n vraag te reageer, is die duidelike en onweerlegbare antwoord dat indien hierdie aanspraak van Christus waar is, daar geen deurslaggewende rede meer is waarom die ander aansprake van die Christelike belydenis verwerp sal word nie (Kriek 1978:24). 'n Verdere antwoord op die vraag kom van Horak wat verduidelik dat die Christelike godsdiens deur die eeue as 'n historiese godsdiens aangebied is. "Dit word gegrond op verklarings en getuïenisse van God se dade in die verlede. Dit is in die geskiedenis dat Jesus sy aardse omwandeling en bediening beoefen het, gekruisig en begrawe is, opgestaan en na die hemel opgevaar het" (Horak 1999:6).

Horak is oortuig dat ons nie van die geskiedenis kan wegkom nie. Dinge wat in die verlede gebeur het, bepaal en beïnvloed die verloop van die hede. Gedagtes van die verlede het 'n invloed op ons denke en verstaan van sake in die hede. Die Bybelse geskiedenis is 'n "openbaring" - die wyse waarop God Homself aan die mens bekend gemaak het. Die hoogtepunt is in Jesus Christus, die Seun van God.

Doney (1988:1-12) bevestig dat die vier Evangelies deel is van die Nuwe Testament in die Christelike Bybel. Dit is geskryf deur volgelinge van Jesus wat vir die wêreld wou vertel wie Hy was en van al die wonderlike dade wat Hy gedoen het. "When you read their books, they ring true because the accounts come from people who lived through the things they are telling about. The evidence is first-hand."

Jesus se volgelinge sou van die begin seker gemaak het dat dit wat Jesus gedoen en gesê het, noukeurig oorgedra word. Om daardie en ander redes is hulle oortuig dat baie meer van wat Jesus volgens die Evangelies gesê en gedoen het, histories waar is.

Die feit dat Jesus weerspreek en vervolgd is, bewys dat daar iets in Hom waar was. Paulus se getuigenis spreek sterk dat Jesus wel opgestaan het. Hy was 'n fanatiese vervolger van Jesus totdat die waarheid tot hom deurgedring het. Oombliklik het hy begin getuig van Jesus se opstanding. Hoe word dit verklaar dat Paulus vir die res van sy lewe, swaer offers, moeite en verdriet, vervolging, tronkstraf en marteling verduur het, maar ten spyte van dit alles, alles in sy vermoë gedoen het om die waarheid van die opstanding te verkondig? Die enigste verklaring is: Christus het opgestaan en aan hom verskyn.

'n Diepgewortelde tradisie van die Jode om Saterdag as Sabbat te vier, is verskuif na die Christelike Sondag. Kan dit verklaar word? "This shift is all the more remarkable when we remember that the first Christians were Jews. If the resurrection does not account for this upheaval, what does?" (Little 1987:24).

Volgens Zeeman (1975:29) wou Morison met sy boek bewys dat Christus nie opgestaan het nie. Sy studie van die Bybel het hom juis van die teenoorgestelde, van wat hy wou bewys, oortuig. 'n Brilljante jong doktorsale student in Fisika en gegraduateerde van die Stanford-universiteit in die VSA wou as eerlike wetenskaplike 'n behoorlike en objektiewe studie van die Bybel maak aangesien hy 'n ateïs was. Geleidelik het hy besef dat die opstanding van Christus die belangrikste gebeurtenis is wat in die Bybel vermeld word. Nadat hy sy aandag daarop toegespits het, het hy uiteindelik tot die volgende slotsom gekom: "Ek is deur die oorweldigende oorwig van die feite gedwing om die liggaamlike opstanding van Christus as 'n geskiedkundige feit te aanvaar", aldus Lahaye (1986:18). Hierdie voorbeelde wys op die uniekheid van Jesus Christus.

Jonker (1977:65) beweer: "Uit reaksie teen die 'kerklike geloof' in Christus wou die vroegste navorsers graag aantoon dat daar aan Jesus niks bonatuurliks was nie en dat die kerklike twee-nature-leer in werklikheid geen bestaansgrond het nie." Watson (1987:10-14) sien die saak ook so: "Some people might say that after 2,000 years we have heard enough about Jesus. Certainly Jesus has been the subject of controversy and discussion for centuries. And yet he is still something of a mystery figure today. Many are confused about who He was, why he lived and died. So Jesus is by no means properly understood today. To rediscover the life and teaching of this man, it is vital that we go back to the four Gospels."

Geeneen van die groot geestelike leiers van die wêreld het die aansprake gemaak wat Christus gemaak het nie. Nêrens lees ons in die geskrifte van Islam byvoorbeeld, dat Mohammed soos Christus gesê het nie: "Wie in My glo, het die ewige lewe" (Joh. 6:47). Confucius, die groot geestelike leier van die Chinese, kon riglyne vir 'n sedelik voorbeeldige lewe skrywe, soos: "Moenie aan ander doen soos julle nie wil hê dat hulle aan julle moet doen nie", maar hy kon nie sê nie: "Ek gaan om vir julle plek gereed te maak. En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem..." (Joh. 14:2-3). Met vaste vertroue, geloof en aangrypende erkenning getuig Tomas toe hy, ná die opstanding van Christus, Hom persoonlik ontmoet het en al sy twyfel weggeval het met die woorde: "My Here en my God" (Joh. 20:28).

Is dit moontlik dat miljoene mense oor die ganse aarde tot vandag toe nog glo in die gekruisigde en opgestane Heer? Sou duisende die verskriklikste marteling hiervoor deurmaak, as dit nie waar was nie? Ook word die gelowige verseker dat hy God se eiendom is deur die wonderlike werking van die Heilige Gees.

Nou word die Heilige Gees, as die derde Persoon van die Drie-enige God, van nader beskou. Wie en wat is die Heilige Gees? Die eienskappe en take van die Heilige Gees. Hoe en waaraan weet ons dat ons die Heilige Gees het?

2.7 DIE HEILIGE GEES

Deur beeldspraak kan die koms van die Heilige Gees net so verkwikkend en lewenswekkend wees as wat 'n bui reën op 'n dorre landstreek is. "So sal dit wees totdat die Gees van Bo af

op ons uitgestort word. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word" (Jes. 32:15).

Oor die Godheid van die Heilige Gees beweer Jonker (1981:14) dat "[d]aar nooit 'n tyd was in die bestaan van die kerk dat daar nie oor die Heilige Gees gepraat is, en waarin die Heilige Gees nie saam met die Vader en die Seun aanbid en vereer is nie." Heyns (1978:291) dui aan: "As derde Persoon in die Goddelike Drie-eenheid wat uit die Vader en die Seun uitgaan, bestaan daar tussen Hom, die Vader en Jesus Christus, so 'n intieme verhouding, dat Hy uitdruklik die Gees van God, maar dan met name ook die Gees van Christus genoem word."

Het Jesus dan nie genoeg gedoen nie? Waarom dan ook nog die Heilige Gees? Op hierdie vrae antwoord König (1976:5): "Die Gees kom nie iets byvoeg by wat Jesus gedoen het nie, maar die Gees kom Jesus en sy skatte in ons lewe in." Dit word in Romeine 8:2 bevestig dat die mag van die Gees my vrygemaak het van die mag van die sonde en die dood. König (1976:8) verduidelik verder dat "...die heil wat Christus vir ons verdien het, word nie vanselfsprekend ons deel nie. Dit moet gebeur in ons lewe. Dit is waarvoor die Heilige Gees gekom het, om Christus se heil in ons lewe in te dra. Ons moet dit ervaar in ons lewe."

Helder en duidelik is die bedoeling van die Heilige Gees, om die sekerheid van verlossing in 'n oorwinningslewe gestalte te laat vind, in 'n lewe wat Paulus se belydenis weerspieël: "...en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe" (Gal. 2:20).

Die mistieke werking van die Heilige Gees was onmiskenbaar in die verhaal van die kerkvader, Augustinus, een van die grootste grondleggers van die kerk. Hy getuig dat die gebede van sy moeder, wat 'n Christen was, terwyl sy vader 'n heiden was, hom tot inkeer laat kom het – vanweë die onkeerbare werking van die Heilige Gees. As jong man het hy 'n sondige lewensbestaan gevoer en ook 'n buite-egtelike kind verwek. Later as volwasse jongman het hy meer ernstig geraak en oor die lewe begin nadink.

Daar was twee kwelvrae wat hom verhinder het om in Christus te glo. Die een vraag was waarvandaan die sonde dan kom as God, wat goed is, alles gemaak het, en die ander vraag was hoe hy God vir homself moes voorstel? Hy het later sy tuisdorp verlaat en na Rome gegaan op soek na meer lig. Hier het hy verder studeer en ook verder nagedink oor die openbaring van Jesus Christus. Dit het 'n hewige sielestryd in hom ontketen.

Eendag, terwyl hy diep bekommerd en ongelukkig daarvoor was, het hy 'n kind in 'n naburige huis hoor sing: "Tolle lege" (neem en lees). Dadelik het hy die Bybel oopgemaak en in Romeine 13:13-14 gelees: "Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie. Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie." Hy was oortuig dat die Here tot hom gespreek het en hy het 'n persoonlike beslissing vir Hom gemaak. Na sy bekering het hy die doseerpos wat hy aan die universiteit beklee het, laat vaar en hom voltyds aan die Evangeliebediening gewy. Augustinus het later 'n biskop van die vroeë kerk geword en sy boeke word vandag nog met vrug gelees.

2.7.1 Hoe en waaraan weet ons dat ons die Heilige Gees het?

Van der Spuy (2000:3) se stelling is beslis: "Die Heilige Gees is in elke wedergebore kind van God", en ook in Johannes 3:3 word die oortuiging getoon: "Elkeen wat uit die Gees van God wedergebore is, is 'n kind van die Vader." Dus as iemand waaragtig glo, wéét dan dat hy die Heilige Gees ontvang het (Van der Spuy 2000:3).

As ons in Jesus as ons Verlosser en Here glo, dan het die Heilige Gees daardie oortuiging en geloof in ons hart gewek "...elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die gees wat van God afkomstig is" (1 Joh. 4:2). Dit is die inwendige getuienis van die Heilige Gees. Paulus stel dit ook duidelik in 1 Korinthiërs 12:3 "...niemand kan sê: Jesus is die Here nie, behalwe deur die Heilige Gees".

Hier is 'n toets waaraan ons kan weet dat ons nie meer net vlees is nie: of ons ons naaste liefhet. "Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief" (1 Joh. 3:14). Nou is dit duidelik dat die liefde tot die naaste nooit in alle ewigheid 'n saak kan wees wat uit ons eie hart kom nie. Nee, uit óns kom daar alleen maar: haat vir ons naaste, egbreuk, hoerery, moord, diewery, hebsug, boosheid, bedrog, losbandigheid, afguns, lastering, hoogmoed, dwaasheid - dit sê Christus, "...kom van binne af en maak 'n mens onrein" (Mark. 7:21-22). "Julle hardkoppiges!... Julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle voorvaders gemaak het, maak julle ook" (Hand.7:51). Maar die vrug van die Heilige Gees is in die heel eerste plek liefde soos ons dit vind in Galasiërs 5:22. Hy

wat my van binne omkeer sodat selfs ek daarin slaag om my broeders lief te hê. En as ek hulle lief het, dan weet ek ook daaruit dat ek oorgegaan het uit die dood in die lewe en dat ek 'n kind van God is wat in Hom glo.

Geloof is 'n ingebore behoefte by die mens. Dit word bewys deur die kinderlike opregte geloof wat die kleinste kind openbaar as hy van God of Jesus hoor. Die handeling van geloof is nie 'n impulsiewe handeling, uitgevoer in 'n verbygaande oomblik van emosionele opwinding nie, maar 'n geestelik geïnspireerde handeling, gekenmerk deur volhouding en permanensie (Terblanché 1966:118).

'n Permanensie, soos verduidelik deur Van Zyl (2003:6) in *Volksblad*: "Geloof is nie primêr 'n stel dogmas wat mense aanhang nie, maar 'n lewenswyse. Dis om met God te wandel in hierdie lewe. Dis om te beleef dat die beloftes van God in die Bybel waar is. En dis om dit saam met ander gelowiges te beleef en te bely. Dis eintlik vreeslik eenvoudig: dis om deel van God se familie op aarde te wees. Dit dui op 'n oorvloedig geloofslewe."

Hoe kan die sondige mens die oorvloedige geloofslewe bekom? Eerstens word gekyk na wat bekering is. Tweedens, hoe bekering plaasvind. Derdens word gekyk na dit wat ons redding moontlik maak. Vierdens, hoe word ons gered? Dan volg die eienskappe van die geredde persoon en dit is 'n saak van vertroue.

2.8 HOE KAN DIE MENS DIE OORVLOEDIGE GELOOFSLEWE BEKOM?

Die antwoord op bogenoemde vraag: Alleen deur die gelowige se absolute afhanklikheid van God, die Vader, sy Seun, Jesus Christus, en die Heilige Gees. Slegs dít bring sekerheid. Nou hoe kan 'n sondaar hierdie afhanklikheid bekom? Die antwoord lê in die Woord van die Here wat tot die profeet Sagaria gekom het om sy volk te waarsku: "Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige..." (Sag. 1:3). So 'n dringende oproep kon die volk verseker dat God leef en bemoeienis met hulle maak. Want "[d]ie wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie aan My nie" (Joh. 16:9) en die grootste sonde wat 'n mens kan doen, is nie die een of ander daadsonde nie, maar die sonde van nie in Hom te glo nie. In 2 Petrus 3:9 word dit baie duidelik gestel dat dit die wil van God is dat almal tot bekering moet kom: "Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer."

2.8.1 Wat is bekering?

“In die mens is ’n algemene geloof ingeskape waarvan die werking deur die sonde omgekeer word in ongeloof. Met die wedergeboorte lê God uit vrye genade die saak van die saligmakende geloof in die hart van die uitverkorene, waardeur die ongeloof oorwin is. Gelyktydig met die bekering ontkiem dié saad dan, sodat die mens ook self glo,” aldus Potgieter (1953:71).

Bekering is ’n afkeer van die sonde, met ander woorde dit is ’n verandering van oortuiging, verandering van hart of ’n regsomkeer. Hier is ’n duidelike voorbeeld deur die tollenaar wat erken dat hy ’n verlore sondaar is deur te bid: “O, God wees my, sondaar genadig” of soos Dawid se uitroep in Psalm 34:7: “Ek is een van die ellendiges wat geroep het. Die Here het gehoor, uit al my benoudhede het Hy my gered.” Vir verandering of bekering is daar geen voorgeskrewe voorspelling, patroon of leiding nie. Elke persoon ervaar sy bekering op verskillende maniere, maar die Skrif noem dat die geloof in God, die werk van God is. Ons lees in Johannes 6:29: “Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.” Dit is God wat in ons die wil werk om gered te word. God rig die uitnodiging aan ons volgens Jesaja 1:18: “Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.” Dan moet die sondaars se antwoord wees: “Ons kom sodat ons gered kan word”, oortuig Marais (1973:26) ons.

Daaglik word ’n sondemuur deur sondes van gedagte, woord en daad gebou. So lank as wat hierdie muur nog staan om skeiding tussen my en God te maak, sal ek nie sekerheid van bekering kan hê nie, omdat God sy aangesig verberg weens my sondes (Wolfaardt 1982:10). Die duiwel verlei die mens tot sonde om daardeur die mens te verslaaf, want hy wat die sonde doen, is ’n slaaf van die sonde (Joh. 8:34): “As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie... En die wêreld met al sy begeertes gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe” (1 Joh. 2:15-17).

Verder verseker die Skrif: “Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou” (1 Tess. 5:24). God gee die redding en ewige lewe aan ons as ’n geskenk omdat Jesus dit deur sy kruisdood verwerf het. Ons neem dit egter in ontvangs deur die daad van bekering. Vir die

wat glo, is daar dus sekerheid oor hul ewige lewe. Daar is die wat onmiddellike sekerheid van hul geloof het, maar ander twyfel soms omdat hulle nie tot bekering gekom het soos ander nie. Hierop wys Venter (1983:12) "Om vergelyking met ander se bekerings te tref, lei tot geestelike frustrasie en dit veroorsaak byna onherstelbare skade by sommige versekeringssoekers." In ander gevalle is daar weer baie jongmense (selfs volwassenes) wat behoefte aan emosionele beleving in hul bekering soek. Hiervan getuig Kriek (1978:14) uit sy eie bediening "...die praktyk het bewys dat die twyfel nie oorwin is nie, maar eerder gegroei het, omdat niks werklik verander het nie en die verlangde vreugde uitgebly het". Ander getuig ook hiervan. By Paulus, lees ons, was daar ook aanvanklik dié twyfel en verset. Totdat die hemelse stem op die Damaskuspad met hom gepraat en gesê het: "Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Jy maak jou net seer deur jou te verset" (Hand. 26:14). Ook by Jeremia was iets van hierdie weerstand wat uiteindelik op sy oorgawe uitgeloop het: "U was te sterk vir my, U het gewen" (Jer. 20:7). Hierdie oorgawe, verandering van oortuiging, verduidelik en beklemtoon wat bekering eintlik behels.

2.8.2 Hoe vind bekering plaas?

Die eerste tree is om bewus te word van ons diepe sondenood, want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is. "Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is" (Luk. 19:10). Dié wat verlore is, kwalifiseer dus om gered te word. Deur die volgende smeekgeroep tot die Here, sal aan die verlorene gehoor gegee word: "Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees" (Klaagl. 5:21).

Christus is die enigste Een wat ons kan verlos van die tirannie van die duiwel, sondige natuur en wêreld. Hy kan, want Hy het reeds aan die kruis die oorwinning behaal (Wolfaardt 1982:12). "Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vrygemaak" (Heb. 10:14).

Nou moet ons, ons sonde bely, want die Bybel sê vir ons: "Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang" (Spr. 28:13). Sommige is bang om soos Saggeüs reg te maak wat hulle verbrou het, uit vrees vir die gevolge van hul dade. Hier word ons aangemoedig: "Bely jul sondes eerlik... sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking" (Jak. 5:16). Ander

is bang dat hulle nie sal kan volhou nie, al belowe Christus hulle die ewige lewe, soos: "Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit My hand ruk nie" (Joh. 10:28). Ander is bang dat die versoeking vir hulle te sterk sal word al belowe God in sy Woord die teendeel. "Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan" (1 Kor. 10:10).

Om oor te gaan tot die bekeringsdaad verskil van persoon tot persoon en die omstandighede waaronder dit gebeur, verskil soms hemelsbreed. Met samekomste slaag predikers wat die kuns verstaan daarin om die massa aan te gryp; hulle emosies te manipuleer. Die gevolg is oppervlakkige en nie-diepgaande innerlike verandering. Geloofsaanvaarding van die Christelike waarhede word nie ervaar nie. Daar is ook talle mense wat Christene geword het sonder langdurige beïnvloeding. Mense ervaar dit dus op verskillende maniere. Dit kan in 'n oomblik gebeur, maar meestal is dit 'n proses. Dit gebeur "...deur nadenke, studie, selfs deur die blote lees van die Bybel, gesprekke met ander of die hoor van 'n preek of toespraak word mense gelei tot bewuste, persoonlike geloofsaanvaarding van die heil in Christus. Hoewel hy dan nog soms teen twyfel moet stry, is daar 'n diepe geloofsekerheid en blydskap en die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan in hom aanwesig" (Zeeman 1975:82). "Those who have become Christians, out of every conceivable background testify uniformly to an experience through personal commitment to Jesus Christ. The evidence of their changed lives testifies to the reality of the experience" (Little 1987:102).

Nou verwag Jesus dat ek my hele lewe aan Hom sal gee uit dankbaarheid vir die redding wat Hy my sonder verdienste geskenk het. Ek gee dus nie my lewe om daardeur redding te verdien nie, maar om dankie te sê. Voordat 'n mens hom dus tot God wend vir redding en bevryding, moet hy weet dat daardie genade geskenk word deur 'n God wat met jaloesheid begeer om die hele lewe te beheer. Die koste moet eers bereken word. Is ek bereid dat God my lewe van nou af sal beheer? Elke aspek daarvan? My huislike lewe, finansies, ambisies, gedagtes, liggaam, talente, kragte, tyd, vervoermiddel, ensovoorts mag dan nie meer aan myself behoort nie, maar moet toegewy wees aan die Here.

'n Dringende wens vloei uit die waarskuwing aan die Hebreërs, teen verslapping en afvalligheid. Hierdie waarskuwing geld dan nou ook vir die bekeerling. "Dit is ons vurige

wens dat elkeen van julle enduit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is” (Heb. 6:11). Die mens is nie passief in hierdie werk nie, want die mens wat glo en wil wat God wil, is juis die mens wat vernuwe is tot aksie.

2.8.3 Wat maak ons redding moontlik?

Ons redding is geheel en al God se werk, omdat alle mense van nature dood is in die sonde. Jesus verklaar self: “Ek is die weg, die waarheid en die lewe” (Joh. 14:6). God het sy kudde met sy eie Seun se bloed verkry (Hand. 20:28). Dit het ’n prys gekos en ons is duurgekoop. “Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees” (Joh. 3:6).

Zeeman (1975:82) sien dit so dat die subjektiewe, innerlike sekerheid nie uit die mens self kom nie, maar dat dit die vrug is van die genadige werk van God self in hom.

2.8.4 Hoe word ons gered?

Om gered te word, beteken om gewas te word in die bloed van die Lam. Openbaring 1:5 dui aan: “Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos...” Sonder enige voorwaarde sê Jesus: “Ek sal hom wat na my toe kom nooit uitwerp nie” (Joh. 6:37). Ons moet Hom dus net aanneem. Maar hoe doen ons dit? Jesus sê in sy Woord dat Hy ons liefhet. Nou hoor ons dit, bedink dit met ons verstand, besluit met ons hart en God wag op ons antwoord – met ander woorde dit is ’n tweegesprek soos in Jeremia 3:22 voorkom: “Keer terug, kinders wat afgedwaal het, Ek wil ’n einde maak aan julle afdwaling. Kyk, ons kom na U toe, want U is die Here onse God!”

Deur Christus se verdienste werk God deur die Heilige Gees op so ’n manier in die mens dat hy die ware geloof ontvang en word sy hele lewe vasgeanker deur die geloof in die lewende God self uit Wie en deur Wie en tot Wie alle dinge is.

2.8.5 Die eienskappe van die geredde persoon

Calvijn (1858:172-174) redeneer dat die verskil tussen die ongeredde en geredde persoon volgens die Skrif soos volg is: “Die in Christus is, die is een newe scepsele, daarom moet hij met die navolgende eienskappe versierd sijn:

- De goede werke, als vruchte der heiligmaking, zullen naarsig door hem betracht worden.
- Hij moet de zonden afsterven en der geregtigheid leven (Rom. 6:4).
- Zal hij behooren heilig te zijn en alzo onschuldiglik en onbestrafelijk moeten leven.
- Hij zal wandelen gelijk Hij (Christus) gewandeld heeft (1 Joh. 2:6).
- Het vleesch moet door hem gekruisigd worden, met al zijne lusten en begeerlikheden (Gal. 5:24).
- Moet hij niet naar den vleesche maar naar den geest leven (Rom. 8:8).
- En zal hij God dienen in heiligmaking en geregtigheid, al die dagen zijns levens (Luk. 1:75).

Om dit tot die einde uit te voer is 'n saak van volkome vertrouwe.

2.8.6 Saak van vertrouwe

Die saak is nou afgehandel, want dit is net 'n saak van vertrouwe - God het gegee en belowe, ons moet dit net aanneem. Om verder seker te wees, skrywe Paulus: "As jy met jou mond bely dat die Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek, en met die mond bely ons, en ons word gered" (Rom. 10:9-10). As jy eers vertel en getuig dat jy Jesus as jou Verlosser aangeneem het, is jou lewe nooit weer dieselfde nie... "Hulle het self die oorwinning behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het" (Op. 12:11).

Van twee dinge word jy geleidelik seker. Eerstens weet jy dat jy die Here Jesus aangeneem het as jou Verlosser, want jy het dit dan self vir God gesê. Tweedens weet jy dat God jou aangeneem het, want Hy belowe in sy Woord dat Hy ons ons sondes sal vergewe as ons dit bely. "Maar as ons ons sondes bely - Hy is getrou en regverdig. Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid" (1 Joh. 1:9). Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Ons plaas ons hele lewe in sy hande, want Dawid sê in Psalm 37:5: "Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg."

En nou: "...iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom" (2 Kor. 5:17). So verander God ons en skenk Hy aan ons die wedergeboorte wat beteken dat ons deur Hom gemaak is tot sy geestelike kinders. Ons is nou opnuut gebore en

het deel aan die koninkryk van God. "As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie" (Joh.3:3).

Die sekerheid van ons redding is in die vrug van ons nuwe lewe: "Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood"(1 Joh. 3:14). Verder verseker Jesus: "My skape luister na My stem; Ek ken hulle, en hulle volg My" (Joh. 10:27). "Ons struikel almal in baie opsigte." Maar Jakobus 3:2 bemoedig die gelowige as hy dalk weer struikel, weet hy verseker dat hy 'n Voorspraak by die Vader het, Jesus Christus, die Regverdige: "En as een van ons sondig - ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader" (1 Joh. 2:1).

Die volgende stap is dan om Jesus te nooi om deur sy Heilige Gees binne in my lewe te kom woon en dit te vervul met sy teenwoordigheid. "Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My" (Op. 3:20). Dit is dan die laaste stap tot volkome vertroue in God. Dit word soos volg deur die Dordtse Leerreëls (Leerstuk III, IV en par.11) saamgevat: "...wanneer God hierdie welbehag in die uitverkorenes uitvoer en die ware bekering in hulle werk, dan laat hy aan hulle nie alleen uiterlik die evangelie verkondig en verlig Hy nie alleen hul verstand kragtiglik deur die Heilige Gees, sodat hulle reg kan verstaan en onderskei die dinge van die Gees van God nie; maar Hy dring ook in tot in die binneste dele van die mens met die kragtige werking van dieselfde wederbarende Gees. In die wil stort Hy nuwe hoedanighede in en maak dat die wil wat dood was, lewend word; wat boos was, goed word; wat nie wou nie, nou inderdaad wil; wat wederspanning was, gehoorsaam word; Hy beweeg en versterk die wil só dat dit soos 'n goeie boom vrugte van goeie werke kan voortbring."

Die Heilige Gees werk nou in die mens se hart, die diepste innerlike van die mens, dan word hy vernuwe sodat hy waarlik glo en sy lewensrigting en hoop voortaan op God gerig hou. Vir Koen (1981:39) is die Christen se hoop meer as hoop - dit is sekerheid - 'n sekerheid van 'vrede' met die Here Jesus, 'n sekerheid van 'n *egte geloof* en 'n sekerheid van *God se liefde*. Die sekerheid lê nie alleen in die bewaring deur God en Christus nie, maar deur die inwoning van die Heilige Gees. 'n Bevestiging is aan die gelowige gegee dat God sy kind teen die aanslae van die Satan beveilig en ook 'n waarborg dat die gelowige die ewige lewe sál ontvang. Hierdie dinge is egter vir die sondaar alleen moontlik wanneer hy deur die

Heilige Gees oortuig word van sy sonde en diepe nood. “Hy open die hart wat gesluit is; Hy vermurf wat hard is; Hy besny wat onbesnede is”, aldus die Dordtse Leerreëls II, IV en paragraaf 11.

Hier op verklaar Reynolds (1981:114) dat ons in ons Christen-pelgrimstog, nie voortdurend in die wolke kan leef nie. Gesonde verstand asook voorbeelde uit die Skrif self sê vir ons dat dit waar is. Daar is egter een uitsondering: ons kan ’n blywende en ononderbroke intrek neem op die “Wolk van Sekerheid” – sekerheid as ’n unieke Christelike ervaring.

2.9 SEKERHEID

Sekerheid is volgens Dreyer (2002:6) se oortuiging dat as ’n mens die moed van jou oortuiging het om dit uit te leef, dit kan gebeur “...as jy God nie net vertrou met woorde en belydenisse nie, maar met jou diepste gees en tot binne-in die plek in jou lyf waar jy jou spanning dra. As die geloof en vertrou tot daar afgesak en deurgedring het, ken jy die vrede wat alle verstand te bowe gaan, wat waghoe oor jou gedagtes en emosies in Christus Jesus die Here” (Dreyer 2002:6).

Verder word ons sekerheid gewaarborg deur Johannes 6:51: “Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe... Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe.” Dus bring sekerheid weer meer geloof mee! My geloof groei as gevolg van my sekerheid en my sekerheid groei weer as gevolg van my geloof - ’n heerlike kringloop. Jonker et al. (1975:122) stel dit so: “Geloof hét nie net sekerheid nie, maar is sekerheid... Wie na Jesus Christus opsien, twyfel nie meer nie, maar roem in die versekering dat hy weet aan wie hy hom toevertrou het. In Hom is die sekerheid van die geloof gegrond.”

Sonder dat ons iets verwerf het, word wat Christus verwerf het vir ons uit genade toegereken. Dit is die genadeverbond. In sy oorsprong sowel as in sy uitvoering, is die genadeverbond die werk van die Drie-enige God - Vader, Seun en Heilige Gees. Vir die gelowige is dit wonderlik om deur die geloof te weet; hy staan binne en nie buite die genadeverbond nie. Wat ’n groot sekerheid is dit nie! God beklemtoon die sekerheid deur Jesaja 43:1: “Luister, sê die Here wat jou geskep het. Moenie bang wees nie, Ek verlos jou...” Die ware God is die Vader van onse Here Jesus Christus wat sekerheid vir ons, sy kinders, gun, en sekerheid vir ons moontlik maak en gewaarborg het in die offer van sy Seun.

2.9.1 Wat is sekerheid?

Daar is verskillende soorte sekerheid. Die Griekse filosowe onderskei tussen sekerheid wat deur die sintuie voorsien word en sekerheid wat deur beredenering voorsien word. 'n Derde soort is natuurlik die sekerheid van geloof. Selfs die filosofie moes geloof in berekening bring.

Die sekerheid van geloof is totaal verskillend van wetenskaplike sekerheid. Dit besit verreweg meer intensiteit, dit is onuitwisbaar, want dit is gewortel in elke menslike hart en die hele lewensbestaan is daarby betrokke. Daarom bied sekerheid van geloof die mees volkome rus met die hoogste vorm van vryheid van die gees, met geen twyfel nie. Wat is die gevolg van geloofsekerheid?' Geloof vrees alleenlik vir God.

Die Woord van God bevestig sekerheid deur al sy beloftes wat eg en waar is en sal bly tot in ewigheid. Bavinck (1998:41) beklemtoon dit: "By its very nature and essence faith can find rest in nothing but a word from God, a promise from the Lord." Die aard van die geloof is dan sekerheid. Dit is nie dooie besit wat vir my geen lewende betekenis het nie. Die Christelike geloof is juis lewend en daarom aktief. Geloof dóén iets.

Volgens Bavinck (1998:41) vloei sekerheid onmiddellik en direk uit geloof self. Sekerheid is dus 'n noodsaaklike karaktertrek van geloof. Dit is onskeibaar van mekaar. Die geloof moet aanvaar, vertrou, aanneem en toeëien. Om dit te kan doen, veronderstel iets meer. Geloof bestaan of openbaar hom in 'n daad van vertrouensvolle oorgawe. In hierdie oorgawe is die geheim van alle behoud geleë. Ons kan nie aan geloof dink sonder vertrouensvolle en onvoorwaardelike oorgawe nie - die liefde van God waarvan ons seker is, boesem by ons vertrou en verseker ons van veiligheid en behoud. Watter onvergelyklike voorbeeld van oorgawe het ons in Jesus aan die kruis toe Hy gesê het: "Vader, in U hande gee Ek my gees oor" (Luk. 23:46). Dit is oorgawe. Dit is egter ook geloof in sy ware en volmaakte karakter. Met die grootste vrymoedigheid en die innigste vertrou en kan ons onself algeheel aan Hom oorgee.

Sekerheid van geloof is nie net van wetenskaplike en teologiese belang nie, maar is ook van belang vir die praktiese godsdiens. Enigeen word soms aangegryp deur die mag van die dood, die vrees vir die oordeelsdag of die vrees vir Christus. Dit word so gestel: "Happiness leads

us into paganism, but suffering leads us to Christ" (Bavinck 1998:3). Christus spreek tot die gewete van 'n ieder en elk, lei hul tot geloof en sekerheid. Paulus skryf van die sekerheid oor die ewige lewe wat gelowiges het: "Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het" (2 Kor. 5:1). Kan ons seker wees? Ja, ons kan. Meer nog, ons behoort seker te wees!

"Sekerheid word deur die Woord van God vir die lede van die Kerk van Christus met geloof verbind. Sekerheid is 'n wesenlike bestanddeel van die geloof - daarsonder is die geloof nie meer geloof nie" (Potgieter 1953:67).

Sekerheid is van soveel waarde en betekenis dat dit geen wonder is dat die mens gedurig daarna soek nie. Sonder dié rus in die hart, het die siel geen vrede nie. So word daar op verskeie maniere gesoek na sekerheid. Geen opoffering is te groot, geen straf te erg, geen lewe te waardevol. Selfs deur plesier en werk word afleiding vir die siel se onrus gesoek.

2.9.2 Sekerheid as unieke Christelike ervaring

Du Toit (1984:7) bevestig dat van al die godsdienste van die wêreld, dit slegs die Evangelie van Jesus Christus is wat verkondig dat die gelowige hierdie volkome versekering van sy saligheid en redding kan bekom. Sonder enige huiwering beklemtoon Kriek (1978:12) dit: "Ons is seker van ons saligheid, ten spyte van die onvolmaaktheid wat ons nog aankleef." Hierdie sekerheid is 'n unieke Christelike ervaring. Dwarsdeur die Bybel word hierdie groot waarheid dan ook telkens herhaal. Johannes 3:16 is waarskynlik die bekendste voorbeeld van so 'n versekering: "God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê." Nog sterker stel Jesus dit in Johannes 6:47: "Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe." Paulus antwoord met volle vertroue hierop: "Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie" (1 Kor. 9:26). Johannes skryf ook in sy sendbrief aan gelowiges "...sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo" (1 Joh. 5:13). Die Christen-gelowige gaan hierdie ewigheid tegemoet met die heerlike versekering dat hy ewige heil het. Deur die mistieke werking van die Heilige Gees, word die sekerheid naamlik aan gelowiges gegee as 'n waarmerk dat hulle God se eiendom is. So hoor ons hoedat Paulus aan die Galasiërs sê: "Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God" (Gal. 3:26). 'n Verdere sekerheid van kindskap van God vind ons in Romeine 8:14:

“Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.” Daarom: “Aan dié Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees kom toe eer en heerlijkheid in ewigheid. Amen” (Dordtse Leerreëls: 5, 15).

2.10 SAMEVATTING

Aanvanklik is geloofsekerheid en wat dit behels uiteengesit, met verwysing na sy teenpool – twyfel. Die leerstukke oor God Drie-enig: God die Vader, God die Skepper; Jesus Christus, Seun van God en die Heilige Gees het aandag geniet. Dan is daar ook aandag gegee aan die oorvloedige lewe en hoe die mens dit kan bekom. Laastens is die belangrikheid van sekerheid aangedui.

Die volgende hoofstuk handel oor die perspektiefstelling van die hedendaagse adolessent. Daar word gekyk na die belangrike veranderinge tydens adolessensie, die ontwikkelingstake, verstandelike groei, vriendskappe, interpersoonlike verhoudings, die adolessent se morele ontwikkeling, religieuse waardes en ervarings van die adolessent en die onafhanklikheid van ouers.

HOOFSTUK 3

'N PERSPEKTIEFSTELLING VAN DIE HEDENDAAGSE ADOLESSENT

Wees baie versigtig hoe julle lewe;
nie soos onverstandige mense nie,
maar soos verstandiges.
Maak die beste gebruik van elke geleentheid,
want ons lewe in 'n goddelose tyd.
Moet daarom nie onverstandig optree nie,
maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.
(Ef. 5:15-17)

3.1 INLEIDING

Adolesensie is die geleidelike oorgang vanaf die onbesorgde dartelende bloeiselyd na die tyd van vernuwning met onbekende rywordingsveranderinge, in liggaam en gees. Garbers (1983:11) verwys na Engelbrecht wat aantoon dat daar 'n eenheid tussen die liggaam, gees en siel bestaan. Dus, as die veranderinge normaal plaasvind, sal 'n gebalanseerde volwassene met 'n eie identiteit, gesonde morele waardes en bo alles met volle geloofsekerheid die lewe, in ál sy fasette, met verantwoordelikheid aandurf.

In hierdie hoofstuk word na die adolescent se ontwikkeling met gepaardgaande veranderinge verwys: Belangrike veranderinge soos biologies-fisiologiese veranderinge, fisiologiese veranderinge en sielkundige veranderinge; ontwikkelingstake; verstandelike groei; vriendskappe, interpersoonlike verhoudinge; die adolescent se morele ontwikkeling; religieuse waardes en ervarings van die adolescent en die onafhanklikheidswording van die ouers. Vervolgens word gekyk na die belangrike veranderinge wat by die adolescent plaasvind.

3.2 BELANGRIKE VERANDERINGE

Aangesien adolesensie as 'n oorgangsfase tussen die twee veilige en stabiele periodes, kindertyd en volwassenheid, verskyn, definieer Babin (1960:245) adolesensie as die herfstyd van die lewe. Verby is die aangename tyd. 'n Groot stryd moet nou gestry word, nuwe

horisonne moet ontdek word, nie sonder sekere angs, pyn of foltering nie. Dwarsdeur die stryd hang alles nou van persoonlike keuses en moed af.

“Breedweg beskou kan adolessensie binne die grense van puberteit en die aanname van volwasse rolle ‘ingepas’ word.” So word hierdie spesifieke tydperk in die mens se lewe deur Grobler (1997:71) verduidelik. Ook sê hy: “Puberteit is die kort oorbruggingsperiode tussen kindwees en adolessensie.” Garbers (1983:16) beklemtoon die feit dat adolessensie met die fisieke veranderinge van puberteit begin.

Ook kan adolessensie ’n tyd wees van ononderdrukte genot en ontroosbare hartseer en verlies; eensaamheid, onselfsugtigheid en selfgesentreerdheid, onversadigbare nuuskierigheid en verveeldheid; vertrouwe en twyfel. Bowenal is adolessensie ’n periode van vinnige veranderinge – fisiek, seksueel en intellektueel. Geen wonder dat hulle hulself in die spieël sien en sal vra: “What [is] that person all about?” (Conger 1979:7).

Alhoewel adolessensie nie jare van gedurige opstandigheid en spanning is nie, is dit tog ’n fase met ’n andersheid wat betref die wording van die kind. Dit is volgens Gouws en Kruger (1994:42) onregverdig dat so baie eise van sosiale verkeer, soos onafhanklikheid, verandering in die portuurgroep en volwassenes se verhoudinge, seksuele aanpassing, opvoedkundige en beroepsvoorbereiding, plaasvind. Terselfdertyd voer die adolessent ’n stryd met die emosionele ontwikkeling, die vorming van ’n eie identiteit en die stabilisering van ’n werklike positiewe selfbeeld. Dit alles terwyl die adolessent ongeëwenaarde biologiese veranderinge ervaar.

3.2.1 Biologies-fisiologiese veranderinge

Die belangrikheid van die mens se liggaam word so beklemtoon: “’n Mens se liggaamlikheid is sy opsigtelikste onderskeiding van ander mense”, aldus Engelbrecht in Garbers (1983:26). Hierdie unieke liggaam van die adolessent ondergaan omvangryke biologiese veranderinge met verreikende implikasies vir persoonsonwikkeling, persoonlikheidsreorganisasie en identiteitsvestiging. Te midde hiervan en in verhouding met ander ontwikkel ’n liefde vir hul liggame. So leer hulle hul eie liggame ken en aanvaar (Beets in Garbers 1983:42).

Dit is nou die tyd wanneer alle kiere ontwikkel. Ook die brein en ander liggaamsorgane kom tot ryping. Dit alles kan vir die adolessent 'n verleentheid wees. Een so 'n voorbeeld is dat die adolessent skielik begin sweet en bloos (en sweet omdat hy bloos, en bloos omdat hy sweet). Goeie verhoudinge met hulle ouers wat hulle ondersteun en in die tyd dra, sal hulle vele verleenthede spaar. Hierby kom nog die seun se brekende stem en dat hy moet begin skeer. Dan is daar nog die adolessent wat skielik met puisies worstel. Dit word deur hormone veroorsaak en nie deur verkeerde eetgewoontes nie. Die algemene neiging van seuns is om in hierdie stadium kos te verslind, terwyl sommige dogters glo hulle moet ondergewig wees. Dit kan selfs tot anorexia nervosa of bulimie lei (Janson 1989:115).

“Natuurlik tree seksuele rypwording ook nou in met al die sekondêre, uiterlike tekens daarvan, saam met die innerlike onsekerhede en drange en wroeginge wat dit veroorsaak” (Janson 1989:115). By meisies sowel as seuns kan vertraagde of te vroeë verskyning van die sekondêre seksuele kenmerke groot trauma veroorsaak as hulle ouers nie ondersteunend is nie. Dit sal breedvoerig in 3.3.1 bespreek word. Daarby kom nog die feit dat die voorafgenoemde veranderinge nou met sielkundige veranderinge verband hou.

Met die bewuswording van hul veranderende liggame, voel adolessente dat hul anders is as ander mense. Hulle voel soos vreemdelinge met betrekking tot die veranderde liggaam, die liggaam waarmee hulle in hul vroeëre kinderdae bekend was. “Oormatige aktiwiteit wissel af met lustelose rondlê en droom... 'n Voortdurende besig wees met hulle eie gevoelens lui hierdie fase wat ons in een woord, selfbewuswording, opsom, in” (Janson, 1989:115). Hierdie liggaamlike veranderinge lei tot negatiewe gevoelens. Gevolglik maak adolessente hulle van hul milieus los sodat hulle volwasse kan word. Een aspek van adolessensie is algemeen, al word dit verskillend in verskeie gemeenskappe hanteer en dit is die fisieke veranderinge wat met puberteit begin. Die jong persoon moet sy weg vind om daarby aan te pas en dit te bemeester.

Geen ander ontwikkelingsgebeurtenis is meer dramaties of uitdagend nie. In die kort periode van adolessensie moet die adolessent die biologiese rewolusie binne-in die self baasraak. Steinberg en Belsky (1991:434) toon die vyf belangrikste fisieke veranderinge gedurende puberteit aan:

- Eerstens is dit die vinnige groei en gewigstoename.
- Tweedens is die ontwikkeling van die sekskliere. By die seun is die testes in staat om sperm vry te stel; by die dogter begin die eierstokke eierselle vry stel. Die term *puberteit* se oorsprong is die Latynse woord *pubertas* wat beteken "... age of manhood" (Steinberg & Belsky 1991:434). Dit verwys na die eerste fase van adolessensie wanneer seksuele rypheid uiterlik duidelik word. Adolessensie is ook 'n tyd van diepliggende emosies wat veral gepaard gaan met 'n ontwaking en dringendheid in hulle seksuele beleving. Die seksuele rypheid is nie net uiterlik waarneembaar nie, maar inwendig was dié proses al vir 'n geruime tyd aan die gang.

Die fisieke groei en seksuele rypwording word deur uitskeidings van die endokriene kliere beheer en op hulle beurt ontvang hulle boodskappe van die hipotalamus, 'n belangrike sentrum in die brein. Die prikkel stimuleer die harsingslymklier (hipofise), net onder die breinstam (hipotalamus) geleë, om hormone vry te stel. Hierdie hormone is nodig vir fisieke groei en seksuele ontwikkeling. 'n Adolessent is dus kwesbaar – onseker van homself en oop vir uiterlike sowel as innerlike spanning. Daar word beweer dat die verandering nêrens meer sigbaar is as in die geslagslewe nie. Die verandering is so skielik en verreikend dat almal daardeur verbyster staan (Steinberg & Belsky 1991:434).

Die vraag word gevra of kinders se seksuele ontwikkeling verskillend is van die vorige generasies. Koteskey (1981:330) antwoord soos volg: "I am suggesting that God creates us so that no child comes to sexual maturity without the necessary brain capabilities to deal with complicated moral choices." Hierop volg die volgende vraag, naamlik: Is daar enige ommekeer vir hierdie seksuele rypheid in die vroeë ouderdom? Koteskey (1981:331) verduidelik verder wat inderwaarheid in die proses plaasvind: "Melatonin, a chemical produced by the pineal gland, evidently acts as a brake on the development of the primary sex organs and later on the ovarian cycles and on hormone production in both males and females." Skynbaar verskyn dit alleenlik in die bloedstroom, onder omstandighede van totale duisternis. Dit is egter nie altyd moontlik nie. Teenoor die voorafgaande ontwikkelings is daar die ontwikkeling van die sekondêre sekskenmerke.

- Die ontwikkeling van die sekskenmerke is die derde fisieke verandering volgens Steinberg en Belsky (1991:434). Dit sluit in verandering in die geslagsorgane en borste; die groei van gesig, skaam- en liggaamshare; verdieping van die stem by seuns en verdere ontwikkeling van seksorgane.
- Die vierde fisieke verandering is die verandering in die liggaamsbou. Spesifieke verandering in die hoeveelheid en verspreiding van vet en spiere.
- Laastens volg die vyfde fisieke verandering, naamlik die verandering in die sirkulasie- en asemhalingstelsel. Ook krag en stamina neem toe. Hierdie veranderinge word deur hormone aan die gang gesit. Hormone is 'n chemiese stof wat op spesifieke organe en weefsels inwerk.

Tanner (1970:94) maak melding van 'n interessant feit: "A boy stops growing out of his trousers (at least in length) a year before he stops growing out of his jackets". Hierdie verskille in die ontwikkeling van liggaamsdele bring die tydelike gevoel van lompheid mee. Vir 'n kort tydjie voel dit vir die adolessente seun of sy hande en voete te groot is of dat hy net uit bene bestaan.

By die dogter, daarenteen, kan negatiewe reaksies oor menstruasie verhoed word deur die regte kennis vroegtydig mee te deel. Negatiewe reaksies kan ook voorkom as gevolg van fisieke ongemak gedurende die vroeë puberteitsjare. Baie dogters ervaar hoofpyne, rugpyne, krampe, gevoelens van volheid en miskien ook algemene buikpyne. In die meeste gevalle verdwyn dit en, indien nie, is mediese hulp nodig om dit te verbeter. Hierdie puberteitsrypheid affekteer dogters se eiewaarde. Volgens Lackovic-Grgin en Dekovic (1990) hou positiewe aspekte van interaksies soos intimiteit, aanvaarding en vertroeteling met hoër eiewaarde verband. Die dogter wat net begin menstrueer se eiewaarde is op sy hoogste. Biologiese veranderinge en die reaksies van ander affekteer ook die voltooiing of volmaaktheid van die dogter se selfbeeld. Fisieke aspekte van die self en die beeld van haar liggaam word veral vir die dogter se eiewaarde in hierdie periode belangrik. Die verhoogde eiewaarde kan toegeskryf word aan die verwagte gebeurtenis wat wel plaasgevind het en dat die liggaam volkome funksioneer sowel as die simboliese verandering in status na volwassenheid.

In die Westerse gemeenskappe word hierdie oorgang van die adolessent as 'n private gebeurtenis gesien. Alsaker (1995:429) sien dit egter heeltemal anders: "However, given the marked physical changes that take place, pubertal maturation cannot remain a private event." Deur 'n ophef van die gebeurtenis te maak, dien dit as 'n stimulasie van haar gevoel van eiewaarde.

In die hedendaagse snelveranderde samelewing raak dit toenemend belangrik om die voorafgenoemde veranderings en ontwikkeling van die adolessent te begryp voordat die moontlike sogenaamde "Sturm und Drang"-tydperk van die adolessent veroordeel word.

3.2.2 "Sturm und Drang"-tydperk

Deur verskeie teoretici word adolessensie gesien as die periode van rebelseid - 'n stormagtige en emosioneel opstandige tyd. Volgens Siegel en Shaughnessy (1995:217) word adolessensie as 'n stormagtig en emosioneel opstandige tyd deur baie, soos onder andere Erikson (1963), Kohlberg (1971), Sullivan (1953) en Marcia (1966) gesien. Sommige van hulle blameer psigologiese faktore. Ander blameer fisieke faktore en party die druk en intimiteit van die portuurgroep. Hierdie teoretici het maar slegs gedeeltelik die deurlopende emosionele elemente van adolessensie verduidelik, meen Peterson in Knight (1969:43).

So is daar verskynsels waar adolessente meen dat hul manlikheid bewys moet word. Ongelukkig toon hulle daarmee hul onvolwassenheid deur dinge te doen wat geen verband hou met manlikheid nie. "Hy reken byvoorbeeld dat hy ten minste tien sigarette op 'n dag moet rook of hy moet 'n pyproker wees wie se twak se reuk en rook ander mense met weersin vervul. Dan is daar weer diegene wat glo hul manlikheid word bewys deur die aantal "kappe" wat jy kan maak of hoe flink jy die een dop na die ander kan verslind. Die wat ander se drankies "dokter" is 'n lafaard en toon nie manlikheid of volwassenheid nie" (Van Loggerenberg 1977:10).

Nog ander probeer hul manlikheid bewys deur vernielsugtig op te tree en deure oop te skop, brandslange oop te draai met gevolglike groot skades as gevolg van die nattigheid. Dan ook die wêreld te ontsier met afgerolde toiletpapier, of telefone uitmekaar te ruk of skade aan te rig deur aandenkings soos eetgerei tot selfs handdoeke bymekaar te maak. "Ja dis lekker om 'n ou te wees. Anders is jy nog vis nog vlees. En binne jou dra jy 'n sterwende gees" (Van

Loggerenberg 1977:10). Keyter (1961:65) verwys na 'n ander kant van die saak naamlik dat die vorm en die graad van die intensiteit van die stryd van 'n eie standpunt, dikwels van die omgewing of van sy persoonlikheidsstruktuur afhang. So beweer Hill (1986:316) dat swak gesinsverhoudinge en individuele sielkundige of persoonlike karaktertrekke of eienskappe nog redes vir rebelse gedrag mag wees.

Verder word adolessensie gewoonlik beskou as 'n tydperk van rebellering teen alle vorme van gesag, insluitend die gesin, die skool en godsdiens. 'n Beter prentjie mag wees dat adolessensie 'n periode van vrae vra, besluitnemings en die vorming van 'n lewensbeskouing is. Hiermee stem Calon (1961:153-154) saam: "De puberteit is die periode waarin de jongen zelf zijn inzicht wil verwerven, zelf zijn mening wil vormen, en hij verzet zichzelf tegen de autoriteit... die zich aandient in de vorm, waarin zij het kind benadert."

Chaplin (1961:6) beweeg na 'n ligter beeld van die adolessent se tydperk van rebelsheid, deur sy sprekende vergelyking dat die adolessent beweeg

to the opening of a door into a bigger and more beautiful world than they ever contemplated before. It is also the entry into a sphere of greater dangers; perhaps the worst of these is the disillusionment and loss of faith. During this time, the flame kindled in childhood will either grow stronger or become dim and perhaps go out.

Nog meer navorsers deel die siening dat adolessensie nie noodwendig 'n tydperk van stormagtigheid hoef te wees nie. Een van hulle is Conger (1979:37) wat sterk standpunt daarteen inneem. Hy beweer dit is 'n wanindruk dat adolessensie 'n tyd van "Sturm und Drang" is. Volgens vele studies mag dit waar wees van sommige adolessente, insluitend sommige van die mees talentvolle asook die mees wanaangepaste adolessente. Dit is egter nie waar van die meerderheid van adolessente nie.

Ook Weiner (1977:87-92) stem saam dat daar adolessente is wat min of geen storms veroorsaak of selfs ervaar nie. Volgens hom is dit net sommige adolessente wat adolessensie as 'n tyd van "Sturm und Drang" ervaar, terwyl ander die groeityd met min opstandigheid deurloop. "This is consistent with more current theories which see adolescence as not necessarily a time of 'crisis'."

Die navorser stem heelhartig met die vorige navorsers saam. Die meerderheid van adolessente ervaar nie hierdie periode as 'n stormagtige tyd nie. Dit is belangrik dat hulle tyd produktief gevul word met dinge wat hulle fisiek besig hou en waarin hulle belangstel. Dit is dan ook een van die vrae (vraag 10) wat tydens die kwalitatiewe navorsing gevra is, te wete: "Aan watter geestelike aktiwiteite neem jy deel?"

Alle navorsers is voortdurend op soek na faktore gedurende die adolessensietydperk wat opstandigheid kan veroorsaak. Allport (1961:125) en Rogers (1972:277) skryf oor die belangrike verband tussen die adolessent se welbekende rebelsheid en die soeke na identiteit. Adolessente se rebelsheid hou verband met hul soeke na identiteit en is hul bekendmaking van hul onafhanklikheid. Dit kom ooreen met die tweejarige se negatiwiteit in sy onontwikkelde stadium.

Conger (1979:35) verwys weer na ander moontlikhede wat tot verwarring en uitbarstings kan lei: "The awareness of the discrepancy between the actual and the possible helps to make the adolescent a rebel. He is always comparing the possible with the actual and discovering that the actual is wanting." Ook as gevolg van adolessente se groter bewussynsvermoë, ontdek hulle gebreke by hul ouers, die sosiale orde en selfs met die Skepping.

Dit alles kan rebelsheid by die adolessent wek. Verder in sekere gevalle van die ouer-jeugkonflik is daar waargeneem dat misplaasde aggressie teenoor die ouer op die kerk gemik is, wat 'n kenmerkende tipe adolessente-kettery tot gevolg het. Gelukkig beweer Allport (1964:32) dat daar normaalweg vanaf die sestiende jaar 'n merkbare afname in die rebelsheid is. Baie jare later besef die adolessent eers dat die rebellie eintlik teen sy eie onvolwassenheid was.

3.2.3 Sielkundige veranderinge

Sielkundige veranderinge is ingrypend, soos ook al die voorafgaande veranderinge. Hier word na vier begrippe verwys: Eksperimentering deur die nuuskierige adolessent, erotiek, portuurgroepering en die inset van puberteit.

3.2.3.1 Eksperimentering deur die nuuskierige adolessent

Die belangrikheid van die ouer se rol op hierdie stadium word deur Henning (1975:12) beklemtoon: "To keep them moving in the right direction they depend on the encouragement, appreciation and support of others – particularly of their parents." Die adolessent is nou nie meer 'n kind nie en wil nou self dinge doen en uitprobeer: "Dis noodsaaklik en verrykend as jongmense deur middel van eksperimentele ondervinding proefondervindelik kan groei" (Janson 1989:116). Ongelukkig bring dit die probleem dat die adolessent voel hy kan op elke terrein en met alles eksperimenteer. Hierdie nuuskierigheid lei tot verskeie uitdagings vir hom, onder andere ook tot die sogenaamde proefhuwelik. 'n Vraag aan die adolessent is dan: Kan so 'n eksperiment met die meisie, want die man kan in 'n proefhuwelik niks verloor nie, gedoen word?

Nou volg die begrip *erotiek*. Met erotiek word hier bedoel "...die bewondering en die verlange na kontak, na platoniese omgang met lede van die teenoorgestelde geslag. Met ander woorde te onderskei van seksualiteit" (Janson 1989:115).

3.2.3.2 Erotiek

"'n Adolessent kan seksfantasieë oor ander meisies koester, maar nie oor sy eie meisie nie..." Ongelukkig veroorsaak die beeld wat in films weergegee word, verwarring by die adolessent deurdat die indruk geskep word dat daar sommer met die eerste ontmoeting bed toe gegaan moet word. "Die erotiek en seksualiteit word dan as onafskeidbaar aan mekaar verbonde, voorgedhou. By die adolessent ontstaan dan 'n stryd en twyfel oor wat reg of verkeerd is" (Janson 1989:115). Dit is dan dat die adolessent hom na portuurgroepe wend om antwoorde op twyfelvrae te soek.

3.2.3.3 Portuurgroepering

Ausubel (1968:325-429) wys daarop dat die self en identiteitsvestiging teen 'n stabiele verwysingsraamwerk moet geskied. Die portuurgroep vorm vir die adolessent hierdie raamwerk. Die portuurgroep vorm ook 'n noodsaaklike brug oor die "moerasse van onsekerhede heen" (Janson 1989:116). Die portuurgroep verplaas die ouers in bepaalde opsigte en bied sekuriteit, want die adolessent voel dat hy nie alleen is nie, maar deel van 'n

groep om die onseker toekoms aan te durf. Die adolessent kan nou selfdenke ontwikkel, want hy word ook nou gereken en daar is ook meer geleenthede vir eksperimentering. Met die groep is dit ook nie altyd maansky en rose nie. Die identifisering met die portuurgroep kan te sterk wees en die groep kan te veel waag. Die hartseer is dat die adolessent met die swak selfbeeld net die swakker groep haal. Wat dan vir hom 'n brug moet wees, is dan "helaas 'n dwaalweg reguit in die moerasse in" (Janson 1989:116). Hierdie aspek sal breedvoerig in 3.5.5 bespreek word.

Vervolgens word daar na die aanvang van puberteit gekyk.

3.2.3.4 Aanvang van puberteit

Identiteit is baie belangrik. "Die kind wat voor adolessensie gelukkig is en goed oor homself voel, in harmonie met homself en met die wêreld om hom leef, het nie veel probleme nie. Die outoriteit en korrektiewe optrede van die volwassenes word met vanselfsprekendheid aanvaar" (Janson 1989:117).

Skielik verander alles met die aanvang van puberteit. Pa en ma word mense met foute en gebreke. Die besef dring deur dat die gesin 'n stippel in die gemeenskap en die wye wêreld is. Die adolessent moet die feit, dat niks meer permanent is nie, verwerk: "...selfs vandag se onbetwisbare kennis, 'feite' kan môre relatief, veranderd en selfs onwaar blyk" (Janson 1989:117).

Die adolessent moet ten spyte van alle veranderinge 'n soort gevoel van permanensie aankweek sodat hy tot 'n eenheid met homself en die wêreld rondom hom kan kom.

3.3 ONTWIKKELINGSTAKE VAN DIE ADOLESSENT

Eerstens is dit nodig om na die begrip *ontwikkelingstake* te kyk. Die term ontwikkelingsstake stel voor dat die individu op 'n sekere tyd oor sekere bevoegdhede sal beskik. Die persoon sal nie op 'n vroeër tydstip daartoe in staat wees nie, maar wel op die sekere uur wat die biologiese psigologiese horlosie slaan. So byvoorbeeld is van die klein kindjie en kleuter se take om te leer loop en te leer praat. Hierdie is 'n sekere natuurlike periode in die ontwikkelingsproses. 'n Verdere verduideliking van die take van die ontwikkelingsproses

word deur (Grobler 1997:80) soos volg gestel: “Die adolessent moet sekere ouderdoms-toepaslike eienskappe en vaardighede verwerf. Dit gaan oor die bemeestering en afhandeling van bepaalde ontwikkelingstake.” “Hierdie ontwikkelingstake is die produk van fisiese rypwording en sosiokulturele verwagtings” (Rice 1984:74).

Die lewenspan is in 'n reeks stadiums ingedeel. Elke stadium het sy eie besondere vrae, uitdagings en krisisse. Elke stadium het 'n sekere taak om te vervul. Tot 'n mate is die bemeestering van hierdie ontwikkelingstake nodig om rypheid in hierdie stadium te bereik en om die persoon voor te berei om die volgende stadium te hanteer. So het Dudley (1983:52) die lewenspan in ses stadia van take ingedeel: kleinkinderjare en kleuterjare, middelkinderjare, adolessensie, vroeë volwassenheid, middeljare en latere volwassenheid.

Wanneer na ontwikkelingstake verwys word, word gekyk na vaardighede, kennis, funksies en houdings wat mense op sekere stadiums moet verwerf om tot volwassenheid te kom. Daar is drie moeilik versoenbare take wat die adolessent gelyktydig moet bemeester (Garbers 1983:6):

- Eerstens moet hy 'n rol en plek in die samelewing verwerf.
- Tweedens moet hy sosiale goedkeuring verkry.
- Derdens moet hy streef na 'n hoogs persoonlike en individuele lewe. Hierdie drie take is nie altyd in harmonie met mekaar nie. Die adolessent moet dus “op 'n unieke wyse aan sy eie toekoms en persoon gestalte gee” en deur middel van verhoudings met ander “...leer hy toenemend sy fisiese en psigiese self ken”.

Ontwikkelingstake wat nodig is vir die ontwikkeling tot volwassenheid is deur Havighurst (1953:111-156), Garbers (1983), Grobler (1997), Levinson (1978), Conger (1979), De Jongh van Arkel (1989) uiteengesit. Hulle ontwikkelingstake lê op die terrein van die psigososiale, fisiologiese en verwante ontwikkelingstake en is soos volg:

3.3.1 Psigososiale, fisiologiese en verwante ontwikkelingstake

Dit is belangrik dat die volgende take suksesvol afgehandel word. Dan eers sal die adolessent 'n volwaardige en 'n gebalanseerde volwassene kan wees:

- Bereiking van nuwe en meer volwasse verhoudings met mense van sy eie ouderdom en van beide geslagte (Havighurst 1953:111-156).
- Bereiking van 'n manlike of vroulike geslagsrol (Havighurst 1953:111-156).
- Die aanvaarding van sy liggaam en die effektiewe gebruik van sy liggaam. Die adolescent moet sy veranderde liggaamlike voorkoms aanvaar. "By die adolescent moet ook 'n integrasie tussen seksualiteit en interpersoonlike verhouding plaasvind" (Grobler 1997:81).
- Bereiking van emosionele onafhanklikheid van ouers en ander volwassenes (Havighurst 1953:111-156). Emosionele beheer moet aangeleer word sodat emosionele onafhanklikheid met betrekking tot ouers en ander volwassenes bereik kan word. In geen ander lewenstadium ervaar die mens 'n konfrontasie met die twee werklikhede soos gedurende adolessensie nie. Adolessent voel hulle is self in beheer van hul lewens en kan en wil self besluite neem. Hulle is egter steeds deel van 'n stelsel wat ook deel van hulle lewens is en beheer oor hul gedrag en keuses wil uitoefen. Hulle is dus nie op 'n eiland nie (De Jongh van Arkel 1989:102).
- Bereiking van die versekering van ekonomiese onafhanklikheid. Dit sluit voorbereiding vir 'n huweliks- en gesinslewe in (Havighurst 1953:111-156).
- Sosiale ontwikkelingstake. Dit is die keuse van en voorbereiding vir 'n beroep. (Levinson (1978:90) sien die verskyning van die persoonlike en beroepslewendroom "...as one of the chief tasks of the transition into young adulthood. Made possible by the capacity to imagine an ideal, this dream is an exciting and vital vision of the person himself in his future adult world.")
- Die ontwikkeling van intellektuele vaardighede en begrippe wat vir burgerlike bevoegdheid en emosionele ontwikkelingstake nodig is. Abstrakte denke ontwikkel ook nou. "Hy moet ook leer om sy taal te beheer sodat hy komplekse konsepte kan formuleer" (Grobler 1997:81).

- Die nastrewing en bereiking van sosiaal verantwoordelike gedrag en ontwikkelingstake met betrekking tot die self. Die adolessent moet homself sien as iemand met 'n persoonlike identiteit, en die soeke na 'n eie identiteit kan as die sentrale ontwikkelings-taak tydens adolessensie beskou word (Dacey 1979:38). Conger (1979:9) beklemtoon sy siening dat die onvervangbare taak van die adolessent die ontwikkeling van 'n eie identiteit is. Die vorming van identiteit is ook vir Erikson (1968:211) "... the most important accomplishment of adolescence". Garbers (1983:16) voeg verder by "...dat adolessensie 'n psigososiale stadium is, waarin volwasse identiteitsformasie die primêre taak is en toekomsgerigheid in die lig van potensialiteit, inisiatief en verantwoordelikeidsontwikkeling".
- Die verwerwing van 'n waardestelsel en 'n etiese stelsel as 'n riglyn vir gedrag – die ontwikkeling van 'n ideologie. Die ontwikkeling van 'n eie waardestelsel is belangrik tydens adolessensie (Havighurst 1953:111-156).
- Religieuse ontwikkelingstake: "Die adolessent moet die vraag na die sin van die lewe en die vraag na die finale bestemming bevredigend kan antwoord" (Grobler 1997:83).
- Die adolessent se ontwikkelingstaak is om sy strewes tot 'n geheel te integreer binne sy eie persoonlikheid "...en dit konkrete gestalte te gee in sy volwassenheid" (Garbers 1983:17).
- Die opbou van 'n selfstandige lewensbeskouing (Havighurst 1953:111-156).
- Die vorming van 'n eie normoriëntasie ten opsigte van die samelewing (Havighurst 1953:111-156).
- Vryetydsbesteding. Volgens Du Plessis in Garbers (1983:58-61) is die adolessent se vryetydsbesteding afhanklik van die ouers se houding teenoor werk en vryetydsbesteding. Die invloed van die skool speel ook 'n rol. Die belangrikste is die adolessent se eie belangstelling en ingesteldheid jeens praktiese aktiwiteite. "Dit hou gevolglik verband met 'n eie selfstandige lewensbeskouing." Soos die adolessent ouer word, word sy belangstellingspatrone meer kompleks en georganiseerd en moeiliker met betrekking

tot praktiese uitvoerbaarheid. Die skool se eise word ook al hoër en meer, sodat sy vrye tyd vir aktiwiteite buite skoolverband, net vir persoonlike genot, in die meeste gevalle heeltemal ontbreek. Vryetydsbesteding kan 'n belangrike rol speel by die adolessent se geestelike ontwikkeling.

- Die inskakeling binne die nasionale, taal- en kulturele struktuur (Van Zyl in Garbers 1983:225-249).
- 'n Politieke verantwoordelikeitsaanvaarding op 'n menslike en menswaardige wyse (Van Zyl in Garbers 1983:225-249).
- Die aankweek van 'n ekonomiese verantwoordelikheid deur onder meer die waarde van geld en die materiële te waardeer (Van Zyl in Garbers 1983:225-249).
- Die adolessent se beroepsoriëntasie (Havighurst 1953:111-156). Die toetrede tot die beroepslewe waar 'n positiewe arbeidshouding grondliggend aan 'n persoonlike beroepsbesef is (Van Zyl in Garbers 1983:225-249): "Beroepsgerigtheid speel 'n sentrale rol in die hele ontwikkelingsverloop na volwassenheid van die adolessent. Al hoe minder dien beroepsgerigtheid as skakel met die doel maar eerder as middel tot status, sosiale prestige en heteroseksuele sukses" (Garbers 1983:23-25). Beroepsgerigtheid is baie belangrik om die mate van volwassenheid wat reeds bereik is, aan te dui. Asook die aard van die verantwoordelikeits- en roepingsaanvaarding wat hy bereik het. Beroepsgerigtheid "...is dus op 'n heel besondere wyse die uitkristallisering van sy eie lewensbeleid en persoonlikheid" Garbers (1983:27).
- Die aankweek van 'n sin vir die estetiese, wat reeds van kleins af moet ontluik (Van Zyl in Garbers 1983:225-249).
- Die opbou van 'n eie lewens- en wêreldbeskouing en ander ooreenkomstige selfbepaalde waardes (Pretorius 2000:97). "Maatskaplike normoriëntasie vervul dus 'n wesenlike rol in die ontwikkeling van die adolessent se gerigtheid op die toekoms en die soeke na persoonlike identiteit" (Garbers 1983:18).

3.3.2 Soeke na persoonlike identiteit

Die identiteitsproses van die adolessent onderweg na volwassenheid is 'n ontwikkelingstaak en, word deur Garbers (1983:16) duidelik gestel: "...adolessensie is 'n op weg wees na volwassenheid want dit is 'n dinamies-doelgerigte lewensfase". Hier word ook gedink aan 'n belangrike deel van 'n persoon se identiteit, naamlik, sy seksuele identiteit – die bewustheid en aanvaarding van die persoon se basiese biologiese aard as 'n man of 'n vrou. Die verstandelike groei van die adolessent speel ook hier 'n belangrike rol en in die verskyning van 'n goed bepaalde identiteit (Inhelder & Piaget 1958:46-66). Om die ontwikkelingstake van adolessensie te bemeester het in vandag se wêreld meer ingewikkeld en moeilik geword. Nógans het die take as sulks basies dieselfde gebly.

"In samehang van ander faktore gesien, speel godsdiens 'n belangrike rol by die adolessent se identiteitsverwerwing" (Barnard 1981:2). Een van die mees betekenisvolle maniere om 'n gevoel van sekuriteit en 'n nuwe gevoel van identiteit in die wêreld daarbuite te verkry, is deur met heldefigure uit die Bybel sowel as met eie volkshelde se stories te identifiseer. Sulke stories word deur godsdienstige gemeentes voorsien. Nie alleen is die werklike wêreld wat hy moet verwerk, vreesaanjaend nie, maar ook bied dit 'n uitdaging vir die werklike lewe waarvoor daar geen betekenisvolle stories is nie (Osmer & Fowler 1985:207). Dan word bygevoeg: "The search for identity is closely linked to vocational choice, which is related to and influenced by socio-economic status, sex, parental attitudes, schooling and personality" (Papalia & Olds in Garbers 1983:62). Die belangrikste elemente van geloof gedurende die normale stadium van die adolessent, is die vorming van 'n gevoel vir jouself en die moontlike toekoms met 'n betekenisvolle doel. Om dié doel te bereik is identiteitsvestiging as ontwikkelingstaak nodig.

3.3.3 Identiteitsvestiging as ontwikkelingstaak

Die adolessente is onseker van hulself en hul eie identiteit het nog nie ten volle ontwikkel nie. Geleidelik "...word adolessente van hul eie uniekheid bewus" (Van Zyl in Garbers 1983:105). So word "[s]elffinkeer beskou as voorspel tot identiteitvestiging en dien dit as die uitsortering van die persoonlikheid" (Langeveld in Garbers 1983:107). Monks in Garbers (1983:112) onderskei drie uitstaande identifikasieperiodes:

- Adollesente identifiseer met hul ouers en/of met mense met wie hul daagliks in aanraking kom.
- Die adolessent onttrek hom van die onmiddellike bekendes "...en identifiseer hom met helde en beroemdhedes wat buite sy onmiddellike belewingswêreld is".
- Die adolessent "vorm bindings" en identifiseer met die begaafdhedes, eienskappe, waardes en norme van sy identifikasiefigure of ideaalbeelde (Erikson in Garbers 1983:74) en maak dit dan sy eie of verwerp dit.

Volgens Le Roux in Garbers (1983:12, 51) kom adolessente geleidelik los van hul ideaalbeelde en identifiseer hulle met hul eie selfgeskepte ideaal of ideaalbeeld met hul eie waardes en norme. Botha in Garbers (1983:23) wys daarop dat "...elke identifikasie nie noodwendig neerslag sal vind in 'n eie identiteit nie, maar identiteitvestiging vind nie sonder identifikasie plaas nie". Die adolessent kom geleidelik tot selfkennis en selfaanvaarding. De Klerk in Garbers (1983:28) vul hierby aan deur ook daarop te wys dat die adolessent 'n eie individuele lewenstyl ontwikkel. So ontdek die adolessent: "...de weg gaan van vele vereenzelviging' tot 'n uiteindelijke losmaking en 'n 'tot-zig-zelf-komen' as 'n oorwinning van eie egosentrisme" (Calon 1961:108). Dit lei tot die versterking van die adolessent se identiteit.

3.3.4 Sterk identiteit

Die adolessent met 'n sterk identiteitsgevoel sien homself as 'n besondere individu - heeltemal anders as die ander, al deel hulle dieselfde belangstellings, motiewe en waardes. Verder vereis 'n duidelike identiteitsgevoel 'n stabiliteit van die begrip van die self wat oor 'n tyd strek - dat die persoon wat hy vandag is, konsekwente skakeling het met die persoon van gister en die persoon wat môre sal wees.

Fowler (1987:152-153) verwys na 'n ander faktor, naamlik dat God dikwels in die rol van 'n vriend en belangrike ander persoon gesien word. Deur so 'n verhouding kan die adolessent 'n sterk identiteitsgevoel verkry. Geen adolessent ontwikkel in 'n vakuum nie, maar eerder in 'n ekologiese ruimte waar 'n intense wederkerigheid plaasvind. Hier is gevind dat die adolessent wat later volwasse word, meer gespanne en selfbewus is as die wat vroeër volwasse word.

Hulle is weer meer selfversekerd en kan maklik deel in sosiale aktiwiteite. Ook is hulle meer in staat om vir hulself te lag. Dit dui op 'n hoë mate van ontwikkeling in hul spontane ontdekking van die self.

3.3.5 Spontane ontdekking van die self

“Die spontane ontdekking van die self en die gepaardgaande selfinkeer, sowel as die vorming van selfbegrip en selfkennis, word veral moontlik gemaak deur die adolessent se groter kognitiewe soepelheid, uitbreiding van sy verstandsvermoëns” (Van Biljon in Garbers 1983:47). Hiermee saam kom die ontwikkeling van formele en abstrakte denke oor die self. Volgens Peterson en Kellam in Garbers (1983:120) geskied dit alles binne 'n sosiale konteks. Die hele proses wat besig is om in die adolessent te ontwikkel, word so opgesom: “Die adolessent word gedwing tot 'n stellinginname ten opsigte van veranderinge wat in homself plaasgevind het of besig is om plaas te vind of die veranderinge wat in hom plaasvind... telkens moet hy opnuut sy eie posisie bepaal en stelling inneem teenoor homself en sy omstandighede” (Beets in Garbers 1983:111-112).

Bogenoemde moet geïntegreer word en dit toon dat daar gesoek word na die self, naamlik die eie ek (Langeveld in Garbers 1983:88). Ook word hierdie soeke gesien in die neiging om alleen te wees, “...’n niemandsland waaruit hy telkens na die werklikheid teruggeroep word” (Calon 1961:101). Die dagdromery kan gesien word as 'n ontsnapping uit die werklikheid of drome oor die toekoms. Na so 'n afsluiting van die werklikheid kom hy terug as “...a wiser, sadder man” en “...dit is dus duidelik dat konflik, frustrasie, verhoogde kognitiewe aktiwiteit, ensovoorts, bydra tot om uiteindelik die adolessent se eie identiteit te vestig” (Beets in Garbers 1983:111-112). Dit bring die adolessent uiteindelik by selfagting as 'n ontwikkelingsstaak.

3.3.6 Selfagting

Die begrip dat hoë selfagting betekenisvol verband hou met 'n liefdevolle Godsbeeld, is die bevinding van Benson en Spilka (1972:2).

3.3.6.1 Godsbeeld

In 'n studie van Ellzey (1961:53) oor die verhouding tussen selfagting en die liefde van God, word aangetoon dat 'n positiewe verhouding bestaan tussen "...the extent to which an adolescent expresses acceptance of self and the extent to which he expresses a belief in an accepting God". Ellzey (1961:53) teoretiseer ook dat selfagting die adolessent se siening van God mag affekteer. Die persoon met 'n lae selfagting mag redeneer: "It does not make good cognitive sense to be loved when one is unlovable."

Benson en Spilka (1972:2) is in ooreenstemming met hierdie teorie "that believers who love themselves will perceive a loving God, while self-rejecting believers will view God as rejecting". 'n Gelowige met 'n hoë mate van selfagting sal God sien as liefdevol en uitreikend. Benson en Spilka (1972:2) gaan voort deur te beweer: "Parents influence both God images and self-esteem."

3.3.6.2 Ouers se invloed

Dit word duidelik deur Benson en Spilka (1972:15) en Chartier en Goehner (1976:228) beklemtoon: "Rejecting parents might induce low self-esteem as well as a rejecting God image; whereas, loving accepting parents might induce high self-esteem as well as a loving accepting God image."

Die studies van Chartier en Goehner (1976:227) toon verder dat 'n hoë mate van selfagting verband hou met die persoon se vermoë tot konstruktiewe, opbouende, groei-produiserende kommunikasie met sy ouers. Daarteenoor hou lae selfagting verband met 'n hoë mate van afbrekende, groei-stremmende kommunikasie met hul ouers. Lackovic-Grgin, Dekovic en Opacic (1994:691) gaan verder met dieselfde oortuiging dat die beste voorspeller van eiewaarde, die gehalte van die interverhouding is, te wete die interaksie wat die adolessent met sy moeder het.

Ander navorsers beweer hoër selfagting hou positief verband met intimiteit en vertroeteling in die verhouding met ouers, terwyl die teenoorgestelde waar is van ouers wat bestraf en beheer. Hierdie bewering steun die siening dat die gehalte van interaksie met die ouer van dieselfde geslag veral belangrik is vir die ontwikkeling van eiewaarde gedurende die vroeë en middeladolessensie (Buri, Kitchner & Walsh 1987:583-588).

Resultate van studies van Lackovic-Grgin et al. (1994:691) ondersteun die teoretiese siening dat die ontwikkeling van eiewaarde afhang van die interaksie met belangrike persone.

3.3.7 Verantwoordelikheid

Die soeke na identiteit en vervulling is so oud soos die vraag na menslike vryheid, maar vandag is die afmetings daarvan nuut en ontstellend. Die behoefte aan godsdiens en geloof in God was nog altyd baie belangrik, maar vandag moet geloof in staat wees om op te weeg teen storms van twyfel en wanhoop en om die mens te stimuleer en uit te daag vir 'n edeler lewe. Van Loggerenberg (1977:7) skilder 'n prentjie van die jeug in 'n identiteitskrisis. Identiteit vereis verantwoordelikheid en daarom verkies baie adolessente om liever identiteitloos te wees. Ook verkies hulle om geslagsloos te wees: "Hy lyk soos sy. Sy lyk soos hy. Hy is 'n dit. Sy is 'n dat. Kyk jy na hulle, wonder jy 'Hemel wat'?" (Van Loggerenberg 1977:7). Hulle skram dus weg van hul manlikheid omdat dit verantwoordelikheid vereis..

Verantwoordelikheid is een van die belangrikste ontwikkelingstake van die adolessent. Verantwoordelikheid het in die voorafgenoemde beelde nie tot sy reg gekom nie. Baie faktore het waarskynlik die normale ontwikkeling in hierdie gevalle versteur en belemmer sodat die adolessent identiteitloos en geslagsloos in sy gedrag geword het. Daarteenoor is die stelling van Dacey (1979:38) oor positiewe persoonlikheidsontwikkeling en psigologiese volwassenheid grootliks afhanklik van die effektiewe hantering van die identiteitskrisis tydens die adolessensiejare. Die positiewe hantering van dié krisis loop uit op die verwerwing van 'n eie identiteit, terwyl 'n onvermoë om dié krisis effektief te hanteer, tot onsekerheid lei. Sekerheid van 'n eie identiteit word verkry wanneer die adolessent 'n persoonlike gevoel van wie hy is, en 'n gevoel van mag en verantwoordelikheid oor wat hy gaan word, ervaar. Wanneer die adolessent egter ongevraag 'n beperkte identiteit aanvaar, verminder dit die moontlikheid tot toenemende identiteitsontwikkeling.

Lutte in Garbers (1983:137) konstateer "[d]ie adolessent verlang enersyds om toenemend self verantwoordelikheid te dra, maar andersyds wil hy nog steeds gesag, gestruktureerdheid en norm-konsekwentheid hê". Garbers (1983:23) meen gesagsaanvaarding is onskeibaar van identiteitsvestiging. Die adolessent verkies nie onbeperkte vryheid nie. Dit frustreer hom, want dit kan lei tot dubbele standaarde en dit bevorder nie die ontwikkeling van sy verantwoordelikheid nie. Die adolessent moet toenemend groter verantwoordelikheid vir 'n

die individuele verinnerlike norm- en waardestelsel verkry (Garbers 1983:29). Die adolessent beweeg dan in die rigting van onafhanklikheid en selfstandigheid.

3.3.8 Onafhanklikheid en selfstandigheid

Volgens Van Zyl in Garbers (1983:30) toon die kind vroeg na sy geboorte 'n mate van selfstandigheid om dinge self te wil doen. Twee van die paslike take van die adolessensiedydperk is eerstens om emosionele onafhanklikheid van sy ouers en volwassenes te verkry en tweedens om ekonomies onafhanklik en selfstandig te word. Met adolessensie word hierdie strewe 'n soeke na erkenning. Die adolessent poog toenemend om onafhanklik en selfstandig vorm aan sy wêreld en homself te gee. "Hieruit spruit die onverklaarbare frustrasies teen ouers en ander persone na aan hom. Selfs die oormaat prikkelbaarheid, die onmoontlike kleredrag en haarstyle en rusies oor enige onbenulligheid is die gevolg hiervan Coleman in Garbers (1983:51). Hierdie toedrag van sake is egter nie die werklike of beslissende oorsake van die konflik nie. Dit is die gevolg van die onverklaarbare onsekerheid en onstuimigheid in sy gemoed. Die saak word vererger deur 'n gebrek aan kommunikasie met sy ouers of ander.

3.3.9 Interaksie met ander

Volgens Coleman (1974:25) "orden die adolessensie hoofsaaklik in terme van die verhoudings wat die adolessent aanknoop". Sosialisering is 'n belangrike faktor en taak in die ontwikkelingsproses van die adolessent. "Adolescence is generally a time of intense sociality but it is also often a time of intense loneliness" (Mussen, Conger & Kegan in Garbers 1983:54). Ook in die persoonsontwikkeling maak sosialisering 'n sentrale deel uit in die verhoudings van die adolessent. Verhoudinge sal in 3.5 meer breedvoerig bespreek word.

Met meer objektiwiteit moet die adolessent homself as deelnemer in die sosiale milieu vestig. Dit is moontlik omdat daar met die kognitiewe ontwikkeling 'n afname in egosentrisme en subjektiwiteit by die adolessent is (Ausubel 1977:563). Nou word sekere eienskappe van die portuurgroep oorgeneem en hy soek op sy beurt fasette van homself in sy maat. Daar word daarop gewys dat die adolessent aanvaar wil word soos hy is en hy aanvaar op sy beurt dan sy maats soos wat hulle is. Min of geen belangstelling in die teenoorgestelde geslag, in die

heteroseksuele verhoudings, ontwikkel "tot 'n stabiele verwantskap aan die einde van adolessensie" (Coleman 1974:33, 108).

Die adolessent se bewussynsontwikkeling is ook te bespeur in sy houding teenoor homself (Conger 1979:36). Karaktereieenskappe gedurende hierdie periode is meer prominent. In hierdie stadium word die adolessent meer selfwaarnemend en analities. Hy wil weet of die wêreld wat hy waarneem werklik bestaan en of hyself werklik is. So kom die adolessent soms egosentries in sy gedagtes en gedrag voor. Hy begin nou besef dat ander mense ook dieselfde gedagtes as hy het. Ook besef hy dat sy maats, net soos hy, oor hul voorkoms en gedrag begaan is. Dit is hierdie mening dat ander belangstel in sy voorkoms en gedrag wat die egotisme in die adolessent tot stand bring.

Nou begin die identiteitsvormingsproses deurdat die adolessent homself deur die oë van ander belangrike persone sien (Conger 1979:37). 'n Belangrike stelling word deur Garland en Oates (s.a:171) gemaak: "How we see ourselves, and how we think others see us, determines to a large extent the ways we relate to others." Die interaksie met ander, selfwaarneming en hoe ander hom waarneem, lei soms tot 'n pynlike selfbewustheid (Erikson 1963:261). Hy voer letterlik 'n stryd tussen die kompeterende voorbeelde wat ander rondom hom stel. Hy mag hom wend na 'n dinamiese leier of selfs na 'n persoon van die teenoorgestelde geslag, op soek na 'n spieël om homself te verstaan.

In dié wensfase neig die mens in 'n betekenisvolle mate om volgens die verwagtinge van ander te leef. As daardie verwagtinge die van 'n sterk, suksesvolle identiteit en 'n persoonlike en morele integriteit is, dan sal dit so ontwikkel. As die verwagtinge egter die teenoorgestelde is, sal die ontwikkeling tot 'n negatiewe identiteit lei soos by die van jeugmisdadigers en sosiale mislukkings. Die adolessent is dus nie geïsoleer van verhoudings nie. Kegan (1982:119) noem hierdie stadium "that of the interpersonal self".

Gedurende die oorgang van die adolessent ontwikkel hy die vermoë om objektief na homself te kyk. Nou is die adolessent in staat om 'n kritiese beoordeling van die beelde van die self wat deur die groep weerkaats word, te maak: "From this 'third' person perspective, the teen can gain a new sense of self by all judgements rooted within" (Erikson 1968:128-132).

3.3.10 Gesinslewe van die adolessent

Voordat hy die veilige gevoel van afhanklikheid van sy gesin en ander vaarwel toeroep, moet die adolessent 'n idee hê van wie hy is, waarheen hy op pad is en wat die moontlikheid is om daar te kom (Conger 1979:9). Dit is 'n fout om te dink dat die identiteitsontwikkeling by adolessensie begin. Die proses begin reeds in die kleinkinderjare en duur tot in volwassenheid voort. Die gesinslewe speel dus 'n baie belangrike rol in hierdie proses.

Vir die meeste volwassenes was adolessensie die tydperk waartydens hul identiteit na vore gekom het. Wat ook al die pyn was, hulle het intens gelewe. Êrens tussen die oormaat en die ekstase lê die ware menslike ervaring. Ja, dit is nie alles pret nie. Dit is 'n moeilike taak om te volvoer. Die adolessente is die skakel met die toekoms en die mens se waarborg van die voortsetting van sy 'spesie'. Die adolessent moet dus as 'n deel van 'n groter geheel (byvoorbeeld die gesin) gesien word, eerder as 'n geheel wat uit dele (kognitief, sosiaal, fisies, ensovoorts) bestaan of opgebou is. "Die proses van identiteitsontwikkeling word egter gekompliseer deur verskeie tendense in die moderne samelewing, byvoorbeeld veranderinge in die gesinslewe en in morele en godsdienstige standaarde en sienswyse" (Ackermann 1995:138).

Vervolgens word gekyk na nog moontlike steurings in die identiteitsontwikkeling van die adolessent, wat as ontwikkelingstake oorwin moet word op die weg na volwassenheid.

3.3.11 Kwesbaarheid wat oorkom moet word

Weinreich (1985:51-56) praat van kwesbaarhede of "versteurings" in die identiteitsontwikkeling van die adolessent. Die volgende kwesbaarhede word uiteengesit:

- Eerstens, om vaardighede te bemeester, hou verband met die adolessent se aspirasies wat ontstaan na aanleiding van dit waarmee die persoon homself vereenselwig, dit wat die moeite werd is om na te streef (bendeleier, rugbykaptein, ensovoorts).
- Tweedens, as die adolessent nie in staat is om sy kinderidentifikasies in so 'n mate op te bou om die onverenigbaarhede tussen hulle te kan verminder nie, sal hy blykbaar

verward raak in sy aspirasies en dit moeilik vind om verbintnisse te maak. So 'n toestand word as 'n verstrooide identiteit gedefinieer.

- Derdens is verstrooide identiteit en identiteitsvermindering albei kwesbaarhede in die identiteitsontwikkeling van die adolessent.
- Die vierde soort kwesbaarheid in die ontwikkeling van die identiteit ontstaan wanneer die persoon se individuele aspirasies buite sy bereik bly as gevolg van onvermoë om die nodige vaardighede te bemeester. Dit is die bekende toestand van 'n lae selfbeeld of negatiewe identiteit. Toenemende ontwikkeling van 'n identiteit-struktuur lei tot volle selfvertroue.
- Die vyfde kwesbaarheid hang af van die opbou van vroeëre identifikasies, die formulering van aspirasies en die potensiële vermoë van die adolessent. Wat die identifikasies mag wees in terme van lewenstyl, seksrolle, morele waardes en aspirasies sal afhang van die individuele ervaring van beide die kulturele en historiese konteks.
- In die sesde plek word deur Baumeister (1986:18) na kontinuïteit verwys as een van die basiese elemente van identiteit, terwyl diskontinuïteit en gebrekkige stabiliteit in die samelewing die soeke na antwoorde op kern-identiteitsvrae soos "Wie is ek?" en "Wie/wat gaan ek wees?", ingrypend kan bemoeilik. As dié vrae deur ontwikkeling positief beantwoord kan word, lei dit tot 'n sterk identiteit.
- In die sewende plek word verwys na moontlike krisisse wat in die ontwikkelingsproses kan ontstaan. Die geloofsontwikkelingsteorie bied perspektief waardeur 'n persoon wat 'n krisis rondom betekenis ervaar, verstaan kan word in die lig van die feit dat bepaalde gebeure sy vanselfsprekende wêreld omvergegooi het (Osmer & Fowler 1985:189). Die volgende krisisse, naamlik die omstandigheidskrisis, die ontwikkelingskrisis en die krisis van sosiale patologie kan afgeweer of ontlont word. Die krisisse word vervolgens kortliks bespreek:
 - Omstandigheidskrisis

Omstandigheidskrisis het te doen met gebeure en/of verhoudinge wat nadelig op die adolessent, vanuit eksterne bronne, inwerk. Dit is dinge soos die dood van 'n ouer, die behoefte aan mediese hulp, 'n skeiding, steurende gesinsverhoudinge, verhuising na 'n nuwe stad of enigiets wat die adolessent se welstand bedreig. Ongelukkig kan baie omstandigheidskrisisse nie voorspel word nie. Dit is die skielike aanvang daarvan en die onverwagte kwaliteit of duur daarvan wat dit traumaties maak (Osmer & Fowler 1985:189).

- o Ontwikkelingskrisis

Die adolessent wat in staat is om abstrak te kan redeneer besit ook die vermoë om hipotetiese ideale en alternatiewe vir die huidige wêreld saam te voeg. Hieruit volg die hiperkritiese en veroordelende neigings van baie adolessente. Dit is bemoedigend vir ouers om te weet dat die probleme wat hul adolessente ervaar normaal is en nie 'n teken van siekte nie.

Die ontwikkelingsperspektief help persone om sulke probleme te voorkom. Dit verskaf duidelike idees van wat werklik in die krisis opgesluit lê. Verder bied dit konkrete praktiese strategieë oor hoe om te midde van 'n krisis te reageer. Lickona (1983:186) onderskei tussen "horisontale" en "vertikale" ontwikkeling wat waardevol is in die beskrywing van die verskillende vorms van reaksies in 'n krisis (Osmer & Fowler 1985:188).

"'n Mate van konflik is onvermydelik en selfs noodsaaklik vir persoonlikheids groei. Konflik tussen ouer en adolessent is dus 'n normale komponent van die sosiale ontwikkelingsproses en dui nie noodwendig op vervreemding en sosiale patologie nie" (Thom 1992:437).

- o Die krisis van sosiale patologie

Dit is nie net adolessente wat misluk om by die eksterne wêreld aan te pas nie, maar die eksterne wêreld misluk ook om by hulle aan te pas. 'n Omgewing word dikwels vir hulle geskep wat hulle behoeftes en vermoëns negeer. Ook verwys sosiale patologie na die gemeenskap se mislukking om die adolessent se gereedheid ernstig op te neem, terwyl hy in die ontwikkelingsproses is. Volgens Osmer en Fowler (1985:205) kan dit op twee maniere gedoen word:

Eerstens om sekere kulturele inligting of verwagtings op die adolessent af te dwing terwyl hy nie gereed is om dit betekenisvol te assimileer nie of hom te dwing om voortydig te ontwikkel soos die spreekwoord lui, vroeg ryp vroeg vrot.

Of tweedens slaag die gemeenskap nie daarin om die adolessent se ontwakende bekwaamhede met geskikte sosiale steun en verantwoordelikheid te ontmoet nie. Televisie en rolprente stel kinders bloot aan 'n oormaat inligting wat betref dinge soos geweld en seks, waarvoor hulle nie die verstandelike en emosionele rypheid en ook nie die nodige ervaring het om dit te hanteer nie (Osmer & Fowler 1985:205).

Verder verduidelik Loukes (1965:101): "Our culture speaks of sex with two voices, one, out of the past, repeating its chill formulas in favour of chastity, the other, eager and contemporary sowing by word and song and picture the needs of desire." Hierby kan op die enkelouer- en tweeberoepsgesinne druk geplaas word wat nie hanteer kan word nie. Dan volg die ontwikkelingstaak van verstandelike groei ook nog.

3.4 VERSTANDELIKE GROEI

Voor of op die ouderdom van 15 jaar vind beslissende ontwikkeling en veranderinge plaas wat te make het met die denkprosesse en abstrakte denke van en die introspeksie deur die adolessent. Die adolessent se denkprosesse verander in die laat adolessensie soos sy vermoë om meer objektief na die self en ander in die wêreld te kyk, na vore kom.

3.4.1 Denkprosesse

Volgens Inhelder en Piaget (1958:46-66) "is this the ability to think and reflect on one's own thinking process". Adolessente verklar baie min wat in hul gedagtes aangaan en is in hul eie denkprosesse verstrik. Hulle kan hulself ook in die ander een se plek stel (Fowler 1978:71). Inhelder en Piaget (1958:341-346) verwys na 'n ander aspek as hulle sê: "One other change in thinking is the late adolescent's emerging ability to imagine the 'ideal', to understand not only what 'is' but also all that 'might be'".

Die adolessent beskik oor die vermoë om alternatiewe oplossings vir probleme uit te toets en om verder in die toekoms te kyk. Alles help die adolessent om die volgende belangrike vrae aan te spreek: "Wie is ek?" en "Wie wil ek graag wees?" en "Wat is my kans om daar te kom?" Selfs die kwaliteit van die adolessent se liefde weerspieël tot 'n mate die bewussynsveranderinge van die adolessent. Die ontwikkeling van die verstandelike vermoë kan dit 'n tyd van onvergelykbare kreatiwiteit, uitdaging en intellektuele avonture maak.

Baie drome van die adolessent mag nooit bewaarheid word nie, maar selfs deur dit net te kan ervaar, kan die persoon se lewe voller en ryker maak (Conger 1979:37).

Adolessente se dramatiese vordering as gevolg van hul liggaamlike ontwikkeling, gaan gepaard met net so 'n indrukwekkende vordering in verstandelike vermoëns. Die gemiddelde 14- tot 15-jarige kan met groot gemak baie soorte intellektuele take of probleme hanteer wat 'n gemiddelde 10-jarige onmoontlik sal vind. Baie navorsers het bevind dat die jare tussen puberteit en volwassenheid baie belangrik vir 'n persoon se intellektuele of bewussyns-ontwikkeling is (Conger 1979:35).

'n Ander besondere kenmerk van adolessensie is die vermoë om veronderstellend te kan dink – om al die logiese gevolge van 'n moontlike situasie in aanmerking te kan neem en daarmee rekening te hou. Anders as 'n jong kind, is die adolessent bedrewe in redenering. “As dit waar is, dan moet X of Y ook waar wees.” Ook beweer Steinberg en Belsky (1991:450) dat die jongere kind konkreet dink in die hier en nou, terwyl die werklikheid maar een van baie moontlikhede vir die adolessent is. Steinberg en Belsky (1991:450) verskil van Conger (1979:37) deur te sê dat adolessente nie wonder oor wie hulle moontlik kan wees nie; hulle is wat hulle is. Vir hulle is die “jy” van die oomblik maar net een weergawe van wat die “jy” kan wees (Steinberg & Belsky 1991:450).

3.4.2 Abstrakte denke

Die adolessent kan deur sy abstrakte denke maklik oplossings vir probleme vind. Steinberg en Belsky (1991:452), Inhelder en Piaget (1958:46-66) en Basson (1972:95-96) verduidelik dat die vermoë om abstrak te dink die adolessent van die hoërskool in staat stel om onderwerpe bo die begrip van laerskoolleerders te hanteer, soos byvoorbeeld gesprekke oor energie, of kapitalistiese teenoor sosialistiese ekonomiese beginsels. Weliswaar spandeer die adolessent ure lank om oor abstrakte sake van persoonlike belang vir hom te broei en om oor strydvrage van persoonlike belang vir homself te dink: Hoe weet jy wanneer het jy iemand werklik lief? Wat maak 'n ware vriend? Kan jy 'n leuen vertel en nog steeds 'n godsdienstige persoon wees? Die abstrakte denkvermoë laat die adolessent ook anders dink as die jonger kind wat konkreet en letterlik dink.

3.4.3 Dink oor gedagtes

In aansluiting hierby is die vermoë om oor gedagtes te dink. Dit word genoem “second-order thinking”. Dit behels introspeksie. Introspeksie is om oor jou eie gedagtes en gevoelens te dink, byvoorbeeld: Is dit werklik ’n goeie eienskap om myself te laat beïnvloed? Is dit werklik reg of goed om byna geheel en al my eie gewete te volg?

’n Neweproduk van “second-order thinking” is die neiging by die adolessent om ’n nuwe soort selfgerigtheid te ontwikkel. Hy raak intens afgetrokke in die self. Hy is oortuig dat hy uniek is en dat sy gedagtes, gevoelens en ervarings totaal verskillend is van die van ander persone. Die adolessent glo dat almal net na sy ore, tande en puisie kyk.

Adolessente is ook van ’n ontledingsinstrument voorsien wat hulle in staat stel om die wêreld nie net waar te neem soos wat dit nou is nie, maar ook soos wat die wêreld kan wees. “More, precisely, the world as it is is now only a concrete example of these things adolescents perceive the world to be capable of becoming... adolescents can construct a world out of their existence (Steinberg & Belsky 1991:453). Volgens Inhelder en Piaget (1958:251) word die adolessent al meer bedrewe in die gebruik van abstrakte denke en bou hy so ’n persoonlikheid in ’n poging om volwasse rolle aan te neem. Hierdie rolle kan vriendskappe en interpersoonlike verhoudings insluit.

3.5 VRIENDSKAPPE EN INTERPERSOONLIKE VERHOUDINGS

Die vriendskappe en verhoudings van die adolessent is van primêre belang vir die verstaan van wat met die adolessent gebeur en is instrumenteel in die “sukses” al dan nie van hierdie fase. Die oorgangproses van kind na volwassene is ook ’n oorgang van om “beheer te word”, na om “beheer te neem”. Daar kan dus verwag word dat hier ’n gesagstryd, wat as ’n stryd vir beheer getipeer kan word, afspeel. Die adolessent ontwikkel in ’n ekologiese ruimte waar ’n intense wederkerigheid plaasvind terwyl hyself ook puberteitsveranderings ervaar. Dan volg die invloed van verhoudings in die verwerking daarvan ook (Newman & Newman, 1979:3-57).

3.5.1 Verhoudings

Adolessensie word hoofsaaklik georden ooreenkomstig die verhoudings wat die adolessent aanknoop, onder meer die heteroseksuele, vriendskaps- en ouerlike verhoudings (Calon 1955:119-125; Mussen et al. 1969:654; Coleman 1974:25). Verder word bygevoeg dat adolessensie gewoonlik 'n intense sosiale tydperk is, maar dat dit ook 'n tydperk van intense eensaamheid kan wees. Die adolessent ontdek ander se innerlike, leer homself dieper ken en vorm 'n helderder beeld van die self deur sosiale verhoudings. Die gewete en selfbewussyn kom toenemend tot uiting in sosiale verwantskap.

Adolessente maak hulself geleidelik los van hul gesinne. Die portuurgroep as 'n normbepaler neem geleidelik die plek oor van die gesin en neem sodoende die lewe van die adolessent in. Terwyl adolessente eienskappe van hulself in hul maats soek, word eienskappe van die portuurgroep oorgeneem (Ausubel 1954:173). Hoewel individualiteit as belangrik beskou word, is die aanpassing en aanvaarding in die groep ewe belangrik. Adolessente moet hier hul eie balans vind. Vervolgens wil die adolessent vir wat hul is, aanvaar word. Op hulle beurt aanvaar hulle ook die ander vir wat hulle is. Vanselfsprekend speel die medeleerders in die skool 'n kritieke rol in die sosialiseringopset.

3.5.2 Die adolessent se verhouding tot die skool

Soos die adolessent in die skool vorder, word die eise wat aan hom gestel word hoër. Daar is nou bewys dat die adolessent hierdie hoër eise geredelik aanvaar en dit verkies (Garbers 1983:54). Die skool speel 'n belangrike rol in die adolessent se sosialisering en die adolessent se verhouding tot die skool het vanaf sy kleinkindertyd tot adolessensie fundamenteel verander.

3.5.3 Die adolessent se verhouding tot die samelewing

“Die samelewing behoort te dien as opvoedende verlengstuk van die gesin en skool aangesien die adolessent hom uiteindelik as volwassene binne samelewingskonteks moet handhaaf” (Du Plessis in Garbers 1983:110-113). Dit is onvermydelik dat die samelewing sy unieke stempel op elke adolessent plaas (Garbers 1983:74). Elke samelewing het sekere waardes en bepaalde normoriëntasies (Rappaport in Garbers 1983:157). Dit bring mee dat elke adolessent 'n idee

het wat die samelewing van hom verwag en of sy eie prestasies voldoen aan daardie verwagtinge (Grandia 1968:16). Die verwagtinge spruit uit die tradisies wat volwassenes voortgesit en gevestig het. Daardeur weet die adolessent wat reg of verkeerd is.

Die adolessent tree al meer krities op met betrekking tot die waardes en norme van die samelewing asook met betrekking tot die wat die voorbeelde stel (Garbers 1983:54). Die adolessent moet nou 'n besluit neem: of hy dit die rug gaan keer en of hy daaraan gaan meedoen. Die adolessent is nou meer selektief ten opsigte van samelewingsinvloede en ook in sy beoordeling van maats word 'n groter kieskeurigheid getoon. 'n Belangrike feit hier is dat sy eie identiteitsontwikkeling weerspieël word deur die toename in aktiewe deelname aan die samelewing. "Die adolessent se verhouding tot die samelewing is seker een van die mees strategiese dimensies van sy volwassewording. Dit hang intiem saam met die volwassenheid waarheen hy onderweg is" (Garbers 1983:16). Die samelewing speel dus 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die adolessent se sosiale verhoudings.

3.5.4 Sosiale verhoudings

In samehang met die vinnige biologiese en belangrike sosiale veranderinge, is die periode van adolessensie uniek. Die periode is veral belangrik vir die ontwikkeling van probleme soos depressie, eetversteurings en die gedrag om norme te verontagsaam: "pubertal maturation is expected to be accompanied with socialization problems in terms of unclear and different expectations to the developing adolescent" (Alsaker 1995:427). Ouers, leraars, onderwysers en maats – selfs die sosiale gemeenskap – kan die aanpassing met betrekking tot hierdie veranderinge makliker maak of dit verhinder. Alsaker (1995:441) herinner daaraan dat "it should never be forgotten that the socialization process depends on many interacting factors and that puberty in itself is only interesting when its interaction with other factors is taken into account". Hierdie faktore hou verband met die tyd van "eerstes" vir die adolessent. So wys Siegel en Shaughnessy (1995:217) daarop dat adolessensie 'n tyd is van die eerste afspraak, die eerste soen, die eerste dans, die eerste betrekking, die eerste verliefdheid en die eerste "liefde".

Terwyl hierdie "eerstes" gepaard gaan met 'n oordrewe hoeveelheid emosie, verskaf dit 'n alternatiewe begrip vir die "storm en spanning". Die kinderjare was 'n periode van "make believe" met baie volwasse toesig. In adolessensie word die tiener vir die eerste keer met "die

ware ding” gekonfronteer. Verder word beweer dat die vreugde en trauma van adolessensie toe te skryf is aan die intensiteit van hierdie geleenthede (Knight 1969:43). Niemand kan egter die feit dat die veranderinge sal plaasvind verander nie - adolessente sal net moet leer om dit baas te raak. As adolessente meer weet van die veranderings wat hulle ondergaan, sal hulle dit makliker vind om by die veranderinge aan te pas.

In die jare tussen puberteit en volwassenheid word daar van die adolessent verwag om onafhanklikheid van sy ouers te bereik, nuwe sosiale verhoudings met maats van albei geslagte aan te knoop en by toenemende seksuele rytheid en veranderde rolle (insluitend moontlikhede van huwelik en ouerskap) aan te pas. Laastens moet die adolessent se identiteitsgevoel ontwikkel.

Graham (1969:79) praat van die ouer adolessent as hy sê hulle wil weet hoe om die lewe in die oë te kyk, hoe om die betekenis en doel wat hulle soek, te vind. Hulle probeer uitvind: Hoe kan ek myself wees? Voorts vra hulle die vraag: Wie is ek? In die eerste plek is ek kind van my ouers. Geensins word ek van my kindskap onthef nie - of ek op kosskool of op universiteit is, of ek reeds 18 jaar oud is en selfs al oor 'n motorbestuurderslisensie en stemreg beskik of nie. Praat ek met minagting oor my ouers se ouderwetse idees of respekteer ek hulle gevoelens, al stem ek nie met alles saam nie? Besef ek dat my ouers net die beste vir my begeer en om die rede belangstel in my keuse van vriende of portuurgroep?

3.5.5 Die verhouding van die adolessent tot die portuurgroep

Adolessente se pogings om hul onafhanklikheid te verklaar, is nie alleen nodig om die selfidentiteit te behou of te beskerm nie, maar dit kan ook baie skrikwekkend wees om alleen uit te stap in 'n komplekse wêreld sonder die bekende ondersteuning van 'n vader en moeder. Dit mag oorweldigend wees en in hul soeke na enige gerusstelling vir hierdie nuwe reis, wend adolessente hul dikwels tot die goedkeuring van 'n groep van hul gelykes. Adolessente begin nou met die ontwikkeling van 'n nuwe siening van interpersoonlike verhoudings. Die “beste vriend” word vir baie adolessente uiters belangrik aangesien dit die ouer se rol as vertroueling vervang. Die vriend word die nuwe ondersteuningstelsel. Hulle glo dat hulle vriendskap vir ewig sal duur. Sommige teoretici wat die rol van die “chum” nagevors het, beweer dat die “chum” 'n integrale deel van adolessensie is en dit speel 'n rol in die oorgang na volwassenheid.

Veral word die uitreiking na liefde in adolessensie verheerlik. Dit is in hierdie tyd wat die samesmelting van die God van Liefde, Eros en Agapé, plaasvind. Daar word beweer dat deur 'n adolessent se liefde vir sy meisie/haar ou, God naby kom, dalk vir die eerste keer. Die beminde is soms die enigste persoon wat God 'n werklikheid laat word. Moontlik herbeklemtoon die adolessent die eeue oue waarheid dat 'n mens liefde moet ken as jy God wil ken. Moontlik is dit die volwassene wat 'n groot deel van die seksuele konflik in die groeiende persoon geskep het. Dit is verfrissend om te sien hoe die jeug "wed eros with agapé". Verder word deur Siegel en Shaughnessy (1995:219) verduidelik: "Whether the adolescent declares himself an agnostic or a militant atheist, he will continue to have psychological needs for direction, for redemptive hope, and for the kind of sanction that some things are eternal."

Gedrag van selfmoord en blootstelling aan risiko's word met adolessensie geassosieer. Die adolessent bedink nie die moontlike gevolge van 'n daad nie, soos byvoorbeeld om te rook, verdowingsmiddels te gebruik of roekelose bestuur, veral nie as dit deur die vriende aangehits word nie. Vir die eerste keer word die volwassene minder belangrik (Siegel & Shaughnessy 1995:219). Baie belangrik is die feit dat adolessente beoordeel word deur hul verband met maats en hul dade (Osmer & Fowler 1985:181).

3.5.6 Die krisis van morele ontoereikendheid in verhoudings

Beide onderwysers en ouers kan baie dinge doen in hul verhouding met adolessente 'n ryker morele atmosfeer daar te stel, byvoorbeeld deur hul wyse van dissiplinehandhawing. Verduidelik die redes vir iets aan adolessente en gee hulle geleenthede om self te besluit in stede daarvan om blindelinge gehoorsaamheid te verwag. Ouers en kinders moet strew na 'n wedersydse begrip en om gesamentlik probleme op te los en gesinskonflik te vermy en teë te werk. Hierdeur word die adolessent se morele redenering gestimuleer (Lickona 1983:197).

3.6 ADOLESSENT SE MORELE ONTWIKKELING

Oor die algemeen gesien, kan daar met vertroue beweer word dat morele gedrag by kinders natuurlik plaasvind as hulle in die teenwoordigheid van mense en gemeenskappe leef. Morele waardes kan in die opvoedingsproses aangeleer word sodat dit 'n natuurlike uitvloei-sel kan hê in alle stadia: "who manifest in their lives and relationships the moral values,

ideas, and skills that permit each stage of moral growth to be effectively nourished" (Henning 1975:123).

Die eerste stadium is die premorele of die babastadium. Deur die interaksie met volwassenes wat hom versorg, leer die baba dat sekere gedrag aanvaarbaar is en ander nie. Met sy ervaring word dit duidelik wat reg en wat verkeerd is. Baie streng dissipline in hierdie stadium mag later 'n struikelblok wees. Daarteenoor laat swak dissipline die kind verlore voel, terwyl 'n kombinasie van liefde en beheer die kind leer om ander mense sowel as sy eie gevoelens in ag te neem.

Gedurende die tweede stadium is die kind se morele wêreld gevul met reëls van die eksterne wêreld. Moraliteit is in hierdie stadium 'n geval van reg of verkeerd.

Die derde morele stadium bevat 'n groter sosiale element as die voriges. Die beheer verander ietwat van die "ja" of "nee" van sy ouers of ander magspersone. Sosiale goedkeuring of afkeuring word nou die hooftema van die gedrag.

Laastens word die stadium van morele outonomie bereik. Die beginsels is gesif en gerangskik. Morele insig is reeds verkry sodat die individu in staat is om sensitief en verantwoordelik met die verskeidenheid van morele situasies wat opduik, te kan handel.

Dit is nie moontlik om ouderdomme aan hierdie fases van ontwikkeling te verbind nie, want individue bereik dit op verkillende tye en sommige steek langs die pad vas. Soos vryheid en betrokkenheid in die persoonlike of sosiale lewe toeneem, is 'n hoër mate van morele volwassenheid nodig om daardie vryheid te hanteer. Die les om te leer is dat "more moral capacity can be educated and should be educated" (Henning 1975:122).

3.6.1 Morele waardes

"Moraliteit is daardie kwaliteit van gedrag en optrede wat te doen het met die mate waarin dit reg of verkeerd is volgens die beskouings van die betrokke groep" (Plug et al. 1988), ook wat betref religieuse norme en waardes. Volgens Shelton (1984:196-202) is daar sewe aanpassings ten opsigte van moraliteit wat plaasvind en ook ontwikkelingsbepalend is:

- Moraliteit het 'n vormende funksie. Dit wil sê adolessente moet hul hou by voorgeskrewe ideale.
- By die adolessente moet daar oplettendheidsaanpassing wees wat kognitiewe begrip met betrekking tot 'n morele situasie en waarde insluit.
- Omstandighedsaanpassing is wanneer die adolessent geleidelik ontdek sy pogings tot toewyding is blootgestel aan die kritiek en uitdagings van ander sowel as aan die werklikhede van die komplekse wêreld.
- Vaardighedsaanpassing gaan oor die vaardighede selfbeheer, 'n gevoel van innerlike beheer, positiewe eiewaarde en die ontwikkeling van persoonlike talente en belangstellings. Adolessente wat nie hieroor beskik nie, val maklik ten prooi van uiterlike invloede van 'n ongewenste portuurgroep.
- Die handhawings- of instandhoudingsaanpassing toon die noodsaaklikheid dat die adolessent 'n vermoë ontwikkel om morele gedrag te handhaaf.
- Omgewingsaanpassing is 'n belangrike komponent van die aankweking van volwasse morele groei. Morele keuses oor morele waardes word gemaak vanuit 'n interaksie met die omgewing.

3.6.2 Keuse van persoonlike waardes

In geen ander tyd van die kind se lewe is hy so begaan oor morele waardes, wat reg en waar, verkeerd of vals is, as gedurende adolessensie nie. Teen die tyd dat 'n persoon adolessensie bereik, het hy 'n goeie begrip van wat reg of verkeerd is in verskillende situasies. Soms word baie adolessente ook vir die eerste keer ernstig gepla deur vrae oor die bestaan van God. Aan die begin van adolessensie kan baie jongmense, veral die briljantstes, nie hul ouers se siening oor hul godsdienstige geloof aanvaar sonder om dit te bevraagteken nie. Hulle kan nie glo dat omdat hulle ouers 'n sekere geloof het, alle regdenkendes ook so glo nie. Met hulle nuutgevonde vermoë om abstrak te kan dink, is hulle geneig om te soek na breër morele beginsels wat as meer algemeen en waar beskou kan word. Behalwe hul verhoogde verstandelike vermoëns, is daar 'n ander rede waarom hulle besig is met probleme van morele waardes. Dit is die veranderde sosiale eise waarmee hulle nou gekonfronteer word. Die jonger kind se wêreld waarin hy leef, het 'n meer beperkte omvang as die van die adolessent. Die reëls vir die jonger kind word meestal deur die ouers gestel.

Die meeste besonderhede van morele gedrag moet deur die individuele adolessent verwerk word in verhouding met 'n portuurgroep, soos hy geleidelik meer vryheid en verantwoordelikheid met die groei van sy ouderdom verwerf. Soos Weinreich (1985:57) dit stel: "Self-evaluation and evaluation of others are defined in terms of the individual's value system."

Wanneer hy met ander of nuwe individue identifiseer, word sy waardestelsel verbreed en word 'n nuwe konteks vir die selfdefinisie tot stand gebring. Daarby kom dan 'n herwaardering van die self en ander. Die gemak waarmee die adolessent morele volwassenheid bereik is afhanklik van die eenvoudige aanbieding van standaarde. Grobler (1997:163) meen "dat morele volwassenheid gekenmerk sal word deur morele redenering, morele oordeel en 'n morele handelingsdimensie. Dit beteken dat die adolessent die eienskappe van die konsepte "moraliteit" en "waarde" sal integreer en weerspieël."

Die morele ontwikkeling, soos met ander take van die adolessent, is 'n geleidelike oorgang van die onvoorwaardelike glo van die klein kindjie na die geloof van volwassenheid. Dit is 'n intellektuele proses wat voortdurend verander en is primêr gegrond op die adolessent se soeke na 'n manier van lewe. Daar is 'n algemene ooreenstemming onder baie adolessente en volwassenes dat godsdiens kan en behoort 'n belangrike rol in die keuse van morele waardes in die lewe van 'n adolessent te speel. Godsdiens het 'n rol te speel in die persoonlike ontwikkeling van die meeste adolessente. Die godsdiensarea spreek soms as 'n medium die adolessent aan om hulle te verander en hulle te vorm as individue met hul eie identiteit met 'n persoonlike stel waardes (Conger 1973:469-70).

3.6.3 Waardes

Van al die take wat adolessente uitvoer soos hulle na volwassenheid beweeg, is daar twee wat veral met waardes skakel: die verstewiging van die patroon van hul innerlike selfbeheersing en die skepping van 'n individuele morele lewensbeskouing. In hul lewens kom hulle voor drange wat sterker word te staan, maar kan hulle 'n balans tussen begeerte en selfbeheersing vind. Die adolessent moet dus 'n waardestelsel bou wat as 'n geskikte riglyn kan dien in alle omstandighede. Gesonde ontwikkeling hang van die suksesvolle vervulling van albei af, want selfbeheersing en waardes skakel nou saam met mekaar.

Daarmee saam raak adolessente meer en meer bewus van die belangrikheid om hul eie morele, geestelike en menslike waardes te ontwikkel. Dit stel al meer en meer eise aan die kerke om die vrae van hierdie generasie te beantwoord. Die verskillende gelowe van adolessente mag spruit uit die gesindhede van die gesinne teenoor godsdiens; die godsdienstige gesindhede van die portuurgroep; die voorbeeld van volwassenes en die invloed van die wêreldlike opvoeding.

Die adolessent is ook meer as die jonger kind aan teenstrydige waardes blootgestel. Hulle maats se waardes en die van die adolessent se ouers mag baie verskil. Die druk van teenstrydige morele waardes op die adolessent is nie vreemd nie, maar die intensiteit daarvan het die afgelope jare toegeneem. Die waardes van die maats onder mekaar verskil ook en dit bring mee dat die adolessent meer as vroeër sy eie besluite moet neem en moet wegbeweeg van sy idee van "my pa weet die beste". Die vinnige sosiale veranderinge en teenstrydige sosiale waardes hou die gevaar in dat ten minste 'n minderheid van adolessente in 'n wesenlike rigtingloosheid verval. Dit is eers in later adolessensie dat die verhoogde intimiteit in die verhouding met maats tot 'n sterker trefkrag op die adolessent se eiewaarde lei (Lackovic-Grgin & Dekovic 1990:839-946).

Wat baie belangrik is, is dat adolessente hul eie waardes behou. As ouerlike waardes behou word, is dit omdat die adolessent dit sy eie gemaak het. As die adolessent forseer word om te kies tussen onafhanklikheid en selfidentiteit aan die een kant en waardes aan die ander kant, dan word waardes oorboord gegooi in 'n poging om sy eie geloofwaardigheid te behou. Tateson (1962:140) beweer: "Adolescents are no longer satisfied with arbitrary appeals to authority on questions of moral or religious doctrine and practice. They are increasingly interested in the meaning of religion for their lives. The moral and religious training previously acquired is generally retained, though the basis for doing so shifts from loyalty to parents and the prestige enjoyed by authority to peer group influence and more mature rational considerations."

3.6.4 Die waardes van die wordende volwassene

Die verwerpingsproses van ouerlike waardes is meer moontlik deurdat adolessente hulle in 'n tyd bevind waartydens kritieke bevoegdheids ontwikkel, en die adolessent begin om leemtes in die volwassene se waardestelsel op te merk. Die verhewe beeld wat jong kinders van hul

ouers het, is vernietig en die menslike swakhede is ontdek. Ook kom die adolessent tot die ontdekking dat die volwassene se hoogaangeprysde waardes hom nie gelukkiger, meer effektief, of 'n meer innemende persoon maak nie. Cole en Hall (1970:503) wys daarop dat adolessente iets in godsdiens soek, maar dat baie van hulle nie daarin slaag nie. As gevolg van hul mislukking reageer hulle soms in die vorm van onverdraagsaamheid teenoor die kerk, sinisme en onttrekking van aktiwiteite van die kerk.

Wat beskou die adolessent as die moeite werd en wat is sy waardebasis? In dieselfde verband waarin jy tot God staan, staan jy tot die mens. Soos die ou waardes afgetakel word, so word nuwes in hulle plek deur die adolessent geskep. Die adolessent het nou die vryheid om te sondig of om God te soek. Dit is 'n noodsaaklike punt van sedelikheid - 'n vryheid van keuse. Met hierdie uitgangspunt, ten spyte van meer veranderde sedes en morele waardes, mag dit voorkom dat meer en meer adolessente van morele, geestelike en sosiale waardes bewus word (Crow 1956:9).

Faktore rondom die adolessent skep ook vir hom probleme, byvoorbeeld die nadele van voorspoed. Vandag se adolessente beleef 'n tydperk van voorspoed. Saam met die voordele daarvan, het ook die nadele ingesluip. Dinge word sonder groot moeite verkry. Dit wek nie net gemaksgedrag nie, maar lei ook tot 'n gebrek aan waardering. Hiermee saam ontwikkel 'n gesindheid om slegs te ontvang, ondankbaarheid, 'n gesindheid van min gee en onverantwoordelikheid.

By die beroepskeuse is dienslewering selde die motief, maar wel salarisse en vakansies. Persone wat só hul keuse doen, raak dan maklik ontevrede met hul beroep en gevolglik verander hulle maklik van beroepe.

'n Ander faktor is dat daar nie meer duidelike grense vir volwassenheid is nie. Monteith (1988:155) verduidelik dat een van die probleme van die moderne adolessent is dat daar nie 'n definitiewe tydperk in hul ontwikkeling is op grond waarvan hulle as volwaardige volwassenes erken word nie. In die moderne tegnologiese en inligtingsgedrewe samelewing, waar die rekenaar die pas aangee en die internet en televisie die mees intieme leefruimte van die mens binnegedring het, is die verwerping van vaardigheid en rolle van volwassenes meer gekompliseerd as in die verlede. Selfs die beeld van volwassenheid het vervaag vanweë die

oorweldigende impak wat die televisie, en tans die internet, op tradisionele waardes en norme van die mens het.

3.6.5 Veranderde sedes en morele waardes

Adolesensie is 'n tydperk wanneer die jong persoon stelsels van morele waardes vorm. Volgens Jurich en Kadel (1976:160) begin die adolessent eers in hierdie stadium die nodige werktuie vir morele ontwikkeling verkry. Dit wil voorkom dat adolessente se houdings teenoor godsdiens die hoofrol in die rigting van hul morele ontwikkeling en aktiwiteite speel. 'n Omvattende studie van Strommen (1974:8) het gevind dat die adolessente van die kerk en die adolessente buite die gelowige gemeenskap, skerp van mekaar verskil ten opsigte van 'n gevoel van morele verantwoordelikheid; begeerte vir 'n betekenisvolle lewe; godsdienstige deelname; sosiale aktiwiteite; agting vir die self; 'n gevoel vir ander mense; bewustheid van God en 'n positiewe houding teenoor die gemeente, die adolessente en hul gesin. Ook het hy gevind dat die kerkjeug meer met hul ouers se morele waardes, gesindhede en kwaliteit van lewe identifiseer. Adolessente wat met ander gelowiges assosieer, word daardeur bevoordeel. Hulle is ook minder angstig en gespanne omdat hulle weet hul toekoms is voorspelbaar en seker.

Teenoor die voorafgenoemde positiewe bevindings verwys Cloete (1980:35) se gedig na die negatieweit van ander adolessente. Die gedig "Die jeug van vandag" lui soos volg:

*Onder vyf en twintig jaar,
is die toekoms slaap naar bymekaar,
sonder onderskeiding en wroeging,
loop op kampusse in jeans rond
of werk in die O.K.-bazaar.*

Verder, hoewel die ouer geslag dikwels aan die "jeug van vandag" as die onbesorgdes dink wat sonder onderskeiding en wroeging rondsletter, is die waarheid dat hulle intens deur die skrikwekkendheid van wêreldgebeure geraak word.

Volgens Van Loggerenberg (1977:107) kan jeugproblematiek teruggevoer word na die toenemende gebrek aan 'n gevoel van skaamte by die moderne adolessente. Wat saam met

hierdie gevoelsafstomping van skaamte gaan, is die gevoel van eerbied teenoor mense en dit raak ook die gesagsverhouding. Die persoon wat eerbied teenoor sy ouerhuis toon, toon ook eerbied vir die breër volkshuishouding, te wete kultuur- en taalgevoel en uiteindelik eerbied vir die lewe en die Skepper. Eerbied vir die Skepper is veral baie belangrik in die wêreld van moord, doodslag en in die soeke na geloofsekerheid.

3.7 RELIGIEUSE WAARDES EN ERVARINGS VAN DIE ADOLESENT

Vir die bou van en standvastigheid van sy eie stel morele geestelike waardes, is godsdiens onontbeerlik vir die adolessent (4.2.3). Crow (1956:9) stel dit baie mooi as hy sê "that religious values serve as behavior stabilizers". Godsdiens voorsien die basiese rangskikking van 'n mens se eie waardes en gee betekenis aan 'n mens se bestaan. Dit belowe sekuriteit in die middel van 'n vyandige wêreld en die gelowige adolessent se gees dien ook as 'n brug tot ander mense" (Engelbrecht in Garbers 1983:26).

Volgens Goodenough (1965:12) is godsdiens 'n soektog na estetiese skoonheid. Verder is godsdiens 'n soeke na ekstase, verklaring en selfbevrediging. Nie twee persone kan godsdiens op dieselfde manier definieer nie. Net so is daar nie 'n "tipiese" gesindheid van 'n adolessent teenoor godsdiens nie.

Verder voeg Cole en Hall (1970:8) by dat godsdiens emosionele waardes voorsien deur middel van gebed, bieg en onderhoude met leraars. So word skuldige gevoelens verlig. 'n Verhoogde gevoel van sekuriteit mag die gevolg wees van godsdienstige geloof; vertrouwe in God verminder paniek en wanhoop. Hierdie gedagte word verder ondersteun deur Clark (1958:118). Sielkundiges het gevind dat godsdiens 'n baie positiewe uitwerking op die jeug het en die seksuele probleme wat hul ondervind, deurdat dit die adolessent van 'n oormaat sondige gevoelens kan verlig deur hom te laat verstaan dat hy nie alleen is in sy versoekings nie. Dit herstel in 'n mate sy gemeenskap met ander deurdat hy hom onttrek aan vroeëre deelname aan seks en hom help om doelgerig te lewe.

Ook Waterink (1948:155), Calon (1961:147) en Wagner (1978:356) beklemtoon dat godsdiens in geen ander fase van die ontwikkeling van die mens so sterk na vore kom as juis in die puberteitsfase nie. Nie dat hulle van mening is dat die godsdienstige lewe in hierdie fase

belangriker is as in al die ander fases nie, maar dat die adolessent ontvanklik is vir geestelike waardes. Godsdien kan gebruik word om die adolessent se verwarrende ervarings op te klaar. Net so kan dit dien as 'n instrument om morele waardes en sosiale verpligtinge na te kom. Godsdien versterk selfbeheer en verhoog die adolessent se ideale. Ook kan dit emosionele konflikte oplos en lei tot 'n beter geestelike lewe.

Godsdien het in alle gemeenskappe 'n belangrike rol gespeel om morele en sedelike gedragsreëls te vestig. Morele en godsdienstige waardes word in die konkrete sosiale verhoudings van die daaglikse lewe gevind. Odlum (1957:156) se siening is dat om 'n kind sonder die betekenis van die geestelike geloof groot te maak en die wete dat die lewe 'n uiteindelijke betekenis en doel het, hom van 'n basiese bron van rustigheid, hoop en moed ontroof wat 'n sterk aansporing is om sy eie selfsugtige drange te beheer. Dit kan alleen op die geloof gegrond word dat daar 'n God is wat vir elkeen van ons persoonlik omgee en 'n heilsame doel met almal van ons het. Die woorde van die ou kanon in Elizabeth Goudges se *A City of Bells* is vandag nog waar: "If you destroy God you do not solve your problem but merely leave yourself alone with it... a ghastly loneliness." Selfs godsdienverandering kan die adolessent in aaklige verlatenheid dompel as sy hand nie gevat word nie.

3.7.1 Godsdienverandering

"In 'n tydsgewrig waar verandering die wagwoord is, het dit noodsaaklik geword om te besin hoe die volwassewordende in sy innerlike ontwikkelingsjare, adolessensie, homself, sy wêreld en sy toekoms beleef" (Boshoff 1976:11). Ook Janson (1976:13) voel sterk oor hierdie saak:

Wie vir 'n adolessent iets wil beteken, moet die één groot woord verstaan wat oor hom en haar heen geskrywe staan, naamlik, verandering. Die verandering vind plaas, word beleef en moet verwerk word op alle moontlike vlakke van die adolessent se bestaan sodat Maria Montessori met reg dié verandering getipeer het as 'n weergeboorte in horisontale sin.

Hurlock (1973:226) staaf die persepsie dat adolessente soms volgens hulle dade (soos bywoning van godsdienstige aktiwiteite, te wete kerkbywoning of bywoning van jeugbyeenkomste) beoordeel word en nie volgens hul geloof nie. Hy bevestig deur studies dat adolessente se belangstelling in godsdien meer openbaar word deur hul gesindhede as deur deelname aan godsdienstige gebruike. Die meeste adolessente gaan kerk toe, ten minste so

dikwels as wat hulle ouers gaan. Godsdienstveranderinge begin omdat adolessente 'n godsdienst soek om mee saam te leef, een wat vir hulle in die praktyk werk.

3.7.2 Begin van godsdienstveranderinge

Adolessente is ernstig in hul soeke na 'n godsdienst waarmee hulle kan identifiseer en wat antwoorde verskaf op die probleme waarmee hulle in hul elke dag se sosiale lewe te doen kry. Drie maniere word genoem waarop adolessente met ernstige twyfel in hulself oplossings vir hul probleme probeer vind. Soms soek hulle dit in die liefde deur selfs te trou om weg te kom van die huis af, of hulle soek dit in 'n gewelddadige bende, of in die bedwelming van LSD, of ander verdowingsmiddels. Die adolessent weet nie dat die enigste verlossing vir sy innerlike chaos in Jesus Christus te vind is nie. Skynbaar ontstaan die nuwe siening deur die onbuigsame tipe godsdienst te verwerp terwyl 'n meer ware geestelike godsdienst te voorskyn kom (Odlum 1957:157; Schimel 1969:83; Wagner 1978:252). Dit gee die mens 'n meer egte waardering vir die basiese waardes waarna lankal gesoek is.

Die reaksie van die adolessent wat voel sy kinderlike waardestelsel word bedreig, is geneig om alles, ook homself, oorboord te gooi. Hy wil alles in swart en wit sien en aanvaar net "ja"- of "nee"-antwoorde. Hy voel volwassenes kom tot 'n vergelyk deur skakerings van grys in morele en sosiale kwessies te aanvaar en is van mening dat hul gedrag oneerlik is. Hy sal net tevrede wees met die waarheid, die volle waarheid, en niks anders as die waarheid nie. Verder glo hy dat dit moontlik is om 'n werklike reg en 'n werklike verkeerd te vind. Is dit vir 'n mens moontlik om ooit werklik seker te wees of jy reg is of dat jou motiewe absoluut suiwer is? Die antwoord is natuurlik "nee". Dis wat dit moeilik maak vir die volwassene om die adolessent te help in sy soeke na waarheid en betekenis.

Gedurende die middeladolessensiefase, wanneer die portuurgroepe verskyn en die invloed van die ouers se praktiese godsdienst begin verminder, word die adolessent aan wêreldsienings en -gesindhede blootgestel wat nie met sy vorige godsdienstige praktyke en betekenis strook nie. Allport (1951:32), Carrier (1965:24) en Potvin en Lee (1982:131) is van mening dat adolessente 'n kritieke stadium ervaar wat betref die ontwikkeling van godsdienstverbintnisse. Hul opinie is dat die krisis soms met 'n afname in godsdienst openbaar word. Verskeie redes word vir hierdie verandering in godsdienstwaardes aangegee,

soos onder andere die vaagheid van die adolessent se rol. Die outeurs is egter heel krities wat betref hierdie verduideliking en beskou dit as 'n baie vae verduideliking vir die verskynsel.

Die afsien van geloof is nie die uitvloeisel van 'n duidelike besluit nie. Dit is meer soos die erkenning van die afwesigheid van God in sy lewe. "I live as if God did not exist. God does not mean anything to me, therefore He does not exist" (Babin 1960:245). Hierdie opmerking beklemtoon die tragiese en uiterlike aspekte van die rypwording in die lewe van geloof.

Dit is bekend dat die sterk verbondenheid van die adolessent aan die kerk soms meer in konserwatiewe as in liberale kerke gevind word. Ook is ontdek dat konserwatiewe denominasies meer suksesvol is om adolessente in die kerk te behou. Dit kan as bewys dien dat adolessente wat aan konserwatiewe denominasies behoort, minder ouderdomeffek toon as die wat aan liberale denominasies behoort (Roof in sloane & Potvin 1983:35).

'n Ander rede vir die verandering in die adolessent se godsdiens word deur Habermas (1975:15) aangedui. Hy onderskei tussen nie-terugwerkende leer en terugwerkende leer. Die onderskeid hou met die adolessent se godsdiens verband. Die vroeë adolessent se godsdiens is hoofsaaklik nie-terugwerkend van aard. Gedurende die middeladolessensie vind 'n rekonstruksie van die vroeëre godsdiens deur die kamerade plaas, terwyl daar 'n meer stabiele godsdiens verskyn wat nie-terugwerkend is totdat nuwe bewussynsteurnisse ewewig in die later adolessensie vereis.

In verband met die wegbreek van die kerk, blyk dit dat daar 'n terugkeer is sodra hulle met hul gesinne begin. Volgens Hill (1986:306-318) mag die feit dat die adolessent die kerk waarin hy grootgeword het, verlaat die gevolg wees van interaksie in 'n normale ontwikkelingsfase en die reaksie van die kerk tot die fase, eerder as net die invloed van 'n satanistiese wêreld. Daar moet toegegee word dat die wêreld die ander alternatiewe en die verleiding van die opponerende magte, aantrekliker aanbied.

Ook eensaamheid kan 'n negatiewe invloed op die adolessent se geloof hê.

3.7.3 Eensaamheid en geloof

'n Onderzoek na die verband tussen eensaamheid en die Christelike geloof is deur die Departement Sielkunde van die Universiteit van die Vrystaat onder leiding van Le Roux (1998:174) gedoen. Daar is bevind dat hoe eensamer die student is, hoe swakker is sy geloof in Jesus as die Verlosser en omgekeerd. Hierdie bevindinge ondersteun die siening van baie skrywers dat die diepste oorsaak van eensaamheid gesoek moet word in die individu se godsdienstige ontworteling en afskeiding van sy vertikale verhouding met God. Dan noem Wickstrom, Strommen en Forliti (1984:18) nog 'n baie belangrike oorsaak: "One of the exciting things from my perspective is that students want to be treated as part of the Kingdom of God, now. We treated students as the church of the future. They need to be the church, now." Het die adolessente nie rede om krities te wees nie?

3.7.4 Die adolessent word meer krities

Volgens Griffiths (1954:59), Nel (1968:197) en Du Plessis (1977:67) word die adolessent meer krities wat dan ook 'n uitwerking op sy godsdienstige houding het. Hulle stem saam dat die oorgang na adolessensie die begeerte bring om 'n eie godsdienstige standpunt te handhaaf teenoor die vroeëre klakkelose aanvaarding. Feite word nie meer onvoorwaardelik deur die adolessent aanvaar nie, maar alles word bevraagteken. Ook kan hierdie begeerte ontstaan as gevolg van die verdieping in insig en die vermoë tot selfkritiek (Nel 1968:211).

Volgens Graham (1969:13) ontwikkel 'n gevoel vir werklikhede nou. Die adolessent raak nou in werklike dinge en gebeure geïnteresseerd. Vir hom is dit nie meer genoeg om te weet dat Adam en Eva deur God geskape is nie; hy wil nou weet deur wie God geskape is. Vorige aanvaarde dinge word nou bevraagteken en meer wetenskaplik ondersoek (Bekker 1960:19; Higgo 1977:266). Die godsdienstige ontwikkeling toon 'n ooreenkoms met die persoonlikheidsontwikkeling. Die godsdienstige veranderinge vind nie skielik plaas nie. Crow en Crow (1965:351) dui dit soos volg aan: "Contrary to general opinion, the religious attitudes of a maturing young person, in common with his attitudes toward other aspects of experience, do not necessarily change suddenly and radically with the onset of puberty."

Kritiek of vertwyfeling oor godsdienstige of morele standpunte is 'n gesonde teken in adolessensie. Dit is normale groei soos verwag kan word. Baie adolessente, veral die wat in

hul vroeëre godsdienstige leiding skoolmeesteragtig was, het periodes van godsdienstige twyfel. Die feit dat hulle godsdien bevraagteken, vrae vra oor sekere morele waardes asook oor die gesindhede van volwassenes, kan tot positiewe ontwikkeling vir hulle lei. Om hierdie bespreking te ondersteun, skryf Lewis (1962:254): “Onervare en kwesbaar soos hy is, moet hy probeer om ’n nuwe lewe wat gerig word deur sy eie geestelike en morele siening, te maak.” Later mag dit blyk dat dit die sienings is waarteen hy betoog het, maar dit is nie sy eie nie alvorens hy dit vrywillig deur sy innerlike oortuiging en eie siening aanvaar het nie. In hierdie tyd is die siening van die Woord ook baie belangrik vir die adolessent.

3.7.5 Siening van die Woord

Dat die Apostel Paulus die basiese intellektuele ontwikkeling as belangrik beskou het, word deur Braumann (1975:282) aangedui. In 1 Korinthiërs 13:11 vergelyk hy die kind se redeneer- en denkvermoë met die van ’n volwasse persoon en kom tot die slotsom dat die aard daarvan in kwaliteit verskil. Paulus wys ook daarop dat die volwassene nie meer soos ’n kind moet dink en verstaan nie, maar moet groei in die geloof in Christus wat hul denke en siening van die Woord betref.

Verder vra die Woord ’n gebalanseerde ontwikkeling in die verskillende stadia van geloof. In hierdie verband noem Paulus in Efesiërs 4:15 die behoefte van gelowiges om “so in alle opsigte na Christus toe te groei” (Eadie 1983:329-321). Hill (1986:306) verwys na Spreuke 22:6: “Gee leiding aan ’n *adolessent* (eie woordkeuse) oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.”

3.7.6 Die adolessent se siening van tyd

Gedurende die tydperk wat adolessensie voorafgaan, word daar nie veel oor die toekoms gedink nie. Die kinders is dan gewoonlik self- en egosentreerd in die hede. As die adolessent ’n toekoms kan bedink, dan is dit maar identies met die hede, want hy glo dat soos hy vandag voel, hy ook môre sal voel. As hy verlief is, dink hy dit sal vir ewig duur; hy glo hy sal sy vriende lewenslang hou; as sy hart gebreek word, voel hy asof dit nooit weer sal regkom nie. Die adolessent verstaan nie heeltemal dat die intense gevoel of pyn met die tyd sal oorgaan nie en dat hy die vermoë sal ontwikkel om die trauma, soos byvoorbeeld ’n verlore liefde, die hoof te bied nie. Aangesien hulle nooit hierdie gevoelens vantevore ervaar

het nie, het hulle geen bewys dat enige iemand anders al ooit so gevoel het nie, of dat hulle ooit weer anders sal voel nie. Nou dat die adolessent 'n beter begrip van tyd het, sal hy in staat wees om die Bybel se historiese geskiedenis beter te verstaan en so sy eie selfstandige lewensbeskouing te bou (De Wet & Van Zyl 1980:55).

3.7.7 Die adolessent se selfstandige lewensbeskouing

Hoe ouer die adolessent word hoe meer vereenselwig hy hom met ander. Terselfdertyd rig hy hom tot sy eie keuse van ideale (Lutte et al. in Garbers 1983:17). Sy eie selfstandige lewensbeskouing word gevorm soos hy homself met waardes en norme vereenselwig. Nou ontwikkel die "verfynde" gewete van die adolessent "binne 'n eie selfstandige lewensbeskouing". Uit sy selfstandige lewensbeskouing vloei nou gewilligheid om hom toe te wei aan 'n sinvolle taak: "die ontwikkeling van 'n eie selfstandige lewensbeskouing wat ten nouste saamhang met die eie identiteitsvestiging binne die sosiale konteks" (Vrey in Garbers, 1983:17).

Die stryd oor godsdienstige besluite hang saam met die adolessent se stryd om 'n lewensbeskouing wat lig kan werp op sy vrese en hoop omtrent die menslike bestemming. Die adolessent se nuuskierigheid bereik 'n hoogtepunt en hy het vrae oor godsdiens wat ernstig is omdat antwoorde aktief gesoek word. Die adolessent soek 'n eie doel in die lewe. Die lewe is nou meer realisties en daar is 'n begeerte om te weet en om grondige redes te vind waarom dinge is soos wat dit is. 'n Lewensbeskouing is in wording en die adolessent wil godsdiens verpersoonlik deur dit 'n integrale deel van sy bestaan te maak.

As 'n integrale deel van die volwassene se leefwyse, kan godsdiens een van die dominante faktore van adolessente se morele ontwikkeling voorsien. Adolessente benodig 'n positiewe krag om hulle lewe in alle areas te rig en vir baie is godsdiens so 'n krag. Wanneer die adolessent teenstrydig met sy godsdiensbeginsels optree, hou godsdiens op om die dominante krag te wees. Volgens Wagner (1978:365) is die mens die enigste wese wat sy eie sterflikheid verstaan en hy kan nie met hierdie kennis lewe sonder om in 'n krag wat sy eie oortref, te glo nie. Ook word aangedui dat godsdienstige gelowe meer en meer abstrak word met die ouderdom en dat verdraagsaamheid en respek met betrekking tot godsdienstige gelowe en die beoefening daarvan met die ouderdom toeneem. Dit is wanneer godsdiens tot aksie lei - wanneer dit tot uitdrukking kom - dat dit as 'n hulp tot rypwording van die adolessent dien.

Die adolessent se godsdiens kom na aanleiding van hul ervaring en wat hulle van sulke dinge vertel is. Idees van God en ander godsdienstige begrippe is van ander ontleen.

Die groot uitdaging vir die jong Christen-Afrikaner is om nie die rug te draai op die tydsgees asof dit nie bestaan nie, maar ook nie daarby betrokke wees nie sodat 'n eie identiteit nie verlore gaan nie. Dit wil sê om jou Christenskap ten volle uit te leef in die moderne leefwêreld sonder om ontrou te word as gevolg van aanpassing. Hiermee hang saam die adolessent se persoonlike geloofsoortuigings en -gebruike.

3.7.8 Die adolessent se persoonlike geloofsoortuigings en -gebruike

Hier kyk Potvin en Lee (1982:131-144) na die algemene ontwikkelingstendense in verband met die adolessent se persoonlike geloofsoortuigings en -gebruike. By dié veranderinge speel die ouderdom beslis 'n rol.

- Volgens bogenoemde skrywers geld die ouers se godsdienstige invloed nog tydens die vroeë adolessensie. Die portuurgroep het nog nie so 'n sterk invloed nie.
- Dit is eers in middeladolessensie wat die portuurgroep se invloed sterker word en die portuurgroep "begin to construct among themselves world views, attitudes and meanings which may be compatible with religious practice and meanings previously acquired" (Potvin & Lee, 1982:134).

Tydens die laat adolessensie word daar verwag dat die persoonlike geloofsoortuigings meer veld sal wen. Dit is egter nie finaal nie. Later kan steurmisse plaasvind soos wat die adolessent tot volwassenheid beweeg. Odlum (1957:154) verklaar dat 'n groot aantal adolessente voortgaan om die godsdiens waarmee hul grootgeword het, te aanvaar en dit impliseer dat baie van hulle vind dat dit hulle die hulp en ondersteuning bied wat hulle nodig het. Dit is verblydend dat daar tog adolessente met geestesewewig is wat lewensbeginsels soos eerlikheid, getrouheid, lojaliteit, arbeidsaamheid en die belangrikste geloof in Jesus Christus handhaaf.

3.7.9 Geslagsverskille

Bestaande literatuur beweer dat dogters nie alleenlik meer godsdienstig is as seuns nie, maar ook 'n meer stabiele godsdienstige waardestelsel het (Sloane & Potvin 1983:151).

Verder toon navorsingsdata dat dogters hoër op is in godsdienstige beoefening van alle denominasies as seuns, behalwe vir sektariese groepe waar die seuns weer hoër op is. Tog is dogters aan die ander kant in laasgenoemde groepe weer hoër op as die seuns wat betref godsdienstige geloof. Daar is ook gevind dat die ouer adolessente in sektariese groepe hoër op is in hul godsdienstbeoefening as die jonger adolessente.

Vervolgens word gekyk na moontlike waardes wat uit versoekings kan spruit.

3.7.10 Waardes en die gevaar van versoekings

Daar kom baie versoekings voor op die adolessent se lewenspad, veral in die huidige moderne sosiale lewe. Die resultate sal nie net altyd negatief wees nie, aldus Babin (1960:242). Hy verduidelik soos volg:

Temptation does not mean sin. If we judge from appearances, however, it is true that temptation will contribute 'to the ruin of a great many', but on the other hand, many young boys or girls will come out of the struggle strengthened, deepened and purified. Temptation will have helped them towards a stronger and more resolute Christian conversion, something they might have delayed if they had not been urged onwards and upwards; and it might perhaps not have acquired the character of a break with the past together with an option for the future, if the evolution had been more peaceful in a more favoured milieu.

Geloof mag hier die beginpunt wees van 'n meer Christelike lewe, met groter verantwoordelikheid en met vryheid in die groep wat op Christelike beginsels gebou is. Waarskynlik is of was satanisme en okkultisme nie deel van hul versoekings nie.

3.7.11 Satanisme en okkultisme

Met die laat adolessensie kom 'n nuwe uitdaging, naamlik die sosiale aanslag. Of dit nou met die denominasie strook of nie, dit het sy eie godsdienstige (of nie-godsdienstige) kultus wat

die innerlike godsdiens baie meer as in die vroeëre adolessensie beïnvloed. Hierdie nuwe ewewig is nie die finale woord van die godsdienstige ontwikkeling nie. Toekomstige steuringe kan verskyn soos wat die adolessent na volwassenheid beweeg. 'n Belangrike feit is dat nie alle adolessente se godsdienstige menings verander soos die van hul mede-adolessente nie en ook nie op dieselfde ouderdom nie (Doress & Porter 1978:69; Potvin & Lee 1982:142).

Kultusse word gesien as die wegbeweeg van 'n negatiewe omgewing na een waar die ego steun kry, nie-oorlogvoerende oorreding in plaas van om forseer te word. Skynbaar het diegene beslissende en volledige antwoorde wat dit maklik maak om hulle te volg, terwyl die tradisionele godsdienste soms onvolledige en onbevredigende antwoorde gee. Verder sorg die kultusse dat elke persoon aandag kry en belangrik word en voel – dit maak nie saak hoe hulle vantevore behandel is nie.

Vir die adolessent is daar verskeie voordele om aan 'n kultus te behoort. Volgens Parker (1976:170) het kultusse baie jong mense gehelp – vorige dwelmverslaafdes, alkoholiste en doellose adolessente is in positiewe rigtings gestuur.

In 'n poging om die basiese oorsake van satanisme/afwykende okkultisme aan te toon, word daar kortliks ingegaan op die rol van konvensionele godsdienstige geloof in die bevrediging van die primêre psigososiale behoeftes van die adolessent. Daar word aangetoon dat okkultisme ook 'n godsdiens is, dat okkultisme as 'n godsdiens soos satanisme is en dat okkultisme deur psigososiale tekortkominge in die konvensionele godsdiens van die adolessent bevorder word.

Adolessente wat “godsdiensloos” is, is besonder geneig tot die ontwikkeling van 'n persoonlike geloof in okkultisme en kan dus relatief maklik tot die satanistiese kultusse bekeer word. Dieselfde geneigdheid is te bespeur by adolessente van “randgodsdienste”. Doress en Porter (1978:70) voeg by: “And whether we abhor cults or not, a number of them do in fact meet the needs of many of their followers... Most cults seek an environment that is clear internally (mind, soul, and body) and externally (home, air, water, and food).” Hierop volg Simmonds (1977:909), Stones (1977:127) en Van der Walt, Blaauwendraat en Kole (1993:101) se besliste waarskuwing dat dit nie aan te beveel is om by 'n kultus aan te sluit nie. Skynbaar is diegene wat by 'n kultus aansluit op 'n lae peil in hul lewe en baie

desperaat. Hulle gaan verder deur daarop te wys dat hierdie soort bewegings inslag vind by adolessente wat nie die innerlike krag het om die normale frustrasies van elke dag te hanteer nie. Ander sluit aan omdat hul vriendskap soek asook maniere om meer sekuriteit van God en die lewe te ondervind. Baie van die adolessente is moeg om net te hoor oor die lewe en die godsdiens. Hulle wil self uitvind.

Sommige van die praktyke van die kultusse wek suspisie. Die Moonies of Moon's Unification Church word beskuldig van breinspoeling en die beheer van denke. Die beste alternatief is dat die adolessente so opgevoed moet word dat in hul behoeftes voorsien word sodat daar nie iewers na 'n alternatiewe manier om bevrediging te kry, gesoek word nie, soos om byvoorbeeld by 'n kultus aan te sluit nie. Meestal ontstaan die adolessent se onvergenoegdheid as gevolg van sy verhouding met sy ouers en sy verhouding met gesaghebbendes. Ook die onderwyser is 'n groot faktor.

Daar mag verskeie redes wees waarom adolessente die kultus verlaat – die ontnugtering oor die verskil tussen belofte en realiteit en as gevolg van “just growing out of it” soos die persoon volwasse word (Doress & Porter 1978:71). Dan moet die adolessent ook nog die ontwikkelingstaak, naamlik die onafhanklikheidswording van die ouers, bemeester.

3.8 ONAFHANKLIKHEID VAN OUERS

Ouers moet die godsdienstige, opvoedkundige en politieke gemeenskap herwaardeer om te bepaal of hulle die adolessente in die bedreigende moderne omgewing kan help. Hier word gekyk na die take om onafhanklikheid van die ouers te volvoer. Die take is soos volg: die gevoel van outonomie by die adolessent, die drang na onafhanklikheid, kultuurverskille, sosiale verhoudings, huisverlating en 'n verlengde opvoedingsperiode.

3.8.1 Gevoel van outonomie by die adolessent

Twee van die paslike take van die tydperk adolessensie is eerstens om emosionele onafhanklikheid van sy ouers en volwassenes te verkry en tweedens om ekonomies onafhanklik te word (Havighurst 1952:42-47). Fowler (1987:244) dui aan dat soos die adolessent intellektueel ontwikkel, die fokus van die gesag verskuif na sy eie innerlike

oordeel. Nou word daar gepraat van 'n gevoel van outonomie by die adolessent. Egan en Cowan (1980:94) beskryf outonomie "as a mature form of interdependence".

Die teenoorgestelde van afhanklikheid, soos die reaksie teen bestaande gesag, mag ontstaan; 'n soort strewe na onafhanklikheid (Egan & Cowan 1980:94). Wanneer die adolessent tot 'n mate selfstandig is, maar tog nog die bystand van ander nodig het en dat andere hom ook benodig, is dit die finale stap in die proses van totale selfstandigheid. In die Bybel word dikwels verwys na die groei tot onafhanklike outonomie. Volgens Galasiërs 4:1 is die jong erfgenaam onder voogde, baie soos 'n slaaf, totdat hy die ouderdom bereik waar hy op alle voorregte geregtig is.

Baie nou verbonde hieraan is die soeke na 'n afsonderlike en persoonlike identiteit. Vandag se adolessente vertel meer openlik as die vorige generasies aan ander wie hulle is. Die adolessent moet soek na betekenisvolle selfbewustheid. Hulle moet leer om op 'n natuurlike manier met ander te verkeer, om 'n idee te kry wat hulle met hul lewe wil doen en om 'n soort filosofie oor die lewe te ontwikkel. In hulle verbeelding toets hulle die rolle van huweliksmaats uit, die patroon van die ouer se beroep, burgerskap en hoe om 'n goeie lidmaat van die kerk te wees. Dit is 'n eksperiment wat in skerp kontras staan met die jong kind se afhanklikheid van sy ouers vir gereelde advies, sowel as vir emosionele en finansiële ondersteuning.

3.8.2 Drang na onafhanklikheid

Op 'n sekere stadium is dit moeilik om te verhoed dat die kleuter en jong kind probeer om te loop of te praat wanneer hulle innerlik daarvoor gereed is. Om dit te doen mag eindig in 'n emosionele ramp. Net so is dit onmoontlik om die natuur te beveg en die drang na onafhanklikheid, eie identiteit en persoonlike keuse te vernietig. Die innerlike drang om adolessensie agter te laat en volwasse te word, kan nie maklik ontken word nie. Net soos sommige kinders nie leer om te loop of te praat nie, net so is daar sommige adolessente wat nooit ware onafhanklikheid bereik nie of misluk om 'n persoonlike waardestelsel te ontwikkel. In albei gevalle is dit egter abnormale ontwikkeling. Om onafhanklikheid of bevryding te bereik is 'n geleidelike proses. Lawrence (1973:29-30) beweer dat een van die redes vir konflik tussen generasies is: "the lack of clearly defined steps marking the recession of parental authority over children".

3.8.3 Kultuurverskille in die onafhanklikheidswording

Die moderne Westerse kulture het hierdie probleem vererger. Gedurende 'n groot deel van hierdie wêreld se geskiedenis en in verskeie kulture is adolessente grootliks deur hulle ouers in hulle eie huise gesosialiseer. Die seuns leer om take van volwassenes, grootliks landbou en weiding, saam met hulle vaders uit te voer. Die dogters verkry volwasse vroulike rolle deur saam met hulle moeders huislike pligte te verrig. Wanneer puberteit bereik word, beskik die adolessent oor die vermoë om sy plek in die volwasse gemeenskap vol te staan. Die adolessent het dan 'n verantwoordeliksgevoel en beroepsvertroue wat alles tot gevoelens van onafhanklikheid en duidelikheid met betrekking tot sy identiteit lei.

Vandag, veral in die Westerse wêreld, is dit nie so eenvoudig om 'n volwassene te word nie. Die huis is nog 'n belangrike faktor, maar die taak om die kind te sosialiseer word deur baie ander invloede beïnvloed. Beroepsmoontlikhede is veelsydig en ingewikkeld sodat baie jare van formele skoolopleiding nodig is om sommige van hulle te oorweeg. Die gemeenskap ondergaan vinnige veranderinge. Aangesien geleerdheid vinnig verouder, moet die volwassene van vandag die bevoegdhede verkry om die vinnig veranderde gemeenskap te hanteer. Ook die huwelik en ouerskap vereis 'n mate van volwassenheid en bevoegdhede wat in die tradisionele huis van gister nie nodig was nie (Mace & Mace 1974:61-65).

3.8.4 Die adolessent se huisverlating

Adolessensie is die tyd van die lewe wanneer die skeiding van die huis, die kind se geboorteplek, moet plaasvind. Soms stort adolessente met hierdie oorgang ineen, met akademiese mislukking, dwelmmisbruik, ongevraagde swangerskap en talle ander probleme wat dikwels met adolessensie assosieer word (Kraemer 1982:51). Daar is waargeneem dat die meeste adolessente die oorgang van die huis na die wyer wêreld betreklik maklik verwerk. Kraemer (1982:51) maak die paradoksale stelling dat as die adolessent gelukkig en veilig verbonde is aan sy gesin en ouers, is die skeiding makliker en sonder probleme, in teenstelling met die adolessent wat 'n swak verhouding met sy ouers het.

Dit is duidelik dat die verlating van die huis nie net 'n eenvoudige gebeurtenis is nie, maar wel 'n proses wat elkeen vroeër of later sal moet ervaar. "Dit is die bottelnek waardeur elke

persoon individueel homself moet forseer, maar is in werklikheid 'n krisis in die hele gesin as 'n geheel." Dit moet in alle gesinne plaasvind, maar dit is 'n proses wat nie aangejaag kan word nie (Kraemer 1982:53).

Oor die huisverlating verklaar Mitchell en Anderson (1981:72) verder dat hierdie huisverlating nie soseer 'n fisieke uitbeweeg is nie. Dit is moontlik om in jou ouers se huis te woon en tog jou eie lewe te lei. Terselfdertyd is dit moontlik om "duisend kilometer van jou ouers te woon, selfs 'n betrekking te hê, sonder dat jy daarin geslaag het om emosioneel uit die huis te beweeg". Jy moet jou ouers ontgroeï. Die teenstrydige rol wat die familiesisteem in hierdie proses speel, is van groot belang. Aan die een kant is daar die noodsaaklike trekkrag weg van die gesin om 'n eie identiteit te kan vestig, aan die ander kant kan die identiteitsvorming nie in 'n vakuum plaasvind nie, maar slegs in 'n sosiale konteks.

Daar moet gestreef word na 'n balans tussen onafhanklikheid en afhanklikheid. Hoewel dit 'n vorm van 'n paradoks is, is daar die eise van die gesin aan die een kant en aan die ander kant die uitbeweeg van adolessente na nuwe verhoudings. Die gesin, en soms die familie, bied hierdie ruimte waarin die belangrikste vorming van die adolessent plaasvind. Van Loggerenberg (1977:87) beweer die teenoorgestelde: "'n kind kan suksesvol opgroeï en volwasse word ondanks die soort verhouding met sy ouers". Die navorser stem saam met Van Loggerenberg. Die rede is eie ervaring van werklike gevalle van ongelukkige gesinne waar die kinders later gebalanseerde volwassenes, met geloofsekerheid en gemeenskapsleiers geword het.

Minuchin (1974:54) maak melding van vervlegtheid en onbetrokkenheid by gesinne. Sy siening verskil van andere deurdat hy beweer dat die adolessent van die gesin wie se verhoudingsbande swak is, makliker uit die huis sal kan beweeg hoewel hy miskien nie die nodige emosionele sekuriteit vir die proses van uitbeweeg ontvang het nie. Daarteenoor sal die adolessent van die vervlegte gesin baie moeiliker loskom sonder dat daar probleme vir die hele gesin sal ontstaan.

Wanneer die adolessent uit die huis beweeg "they move from a belief in absolute truth toward a system in which all truth is relative. It is suggested that this is part of the process of the individual's taking responsibility for his or her own beliefs, rather than relying on others for truth." Hier waarsku Fowler (1978:182) dat die groot gevaar van hierdie periode van

intellektuele ontwikkeling, die oormatige vertrouwe is in die verstandsvermoë en “critical thought to explain all of reality”. Hierdie wegswaai van geloof in enige absolute waarheid mag lei tot ’n verlies van persoonlike geloof in God en kan ’n doellose sedelose lewe tot gevolg hê.

Samehangend met die huisverlatingstyd ervaar die moderne adolessent liggaamlike ryphed lank voordat ’n volwassene se take vir hom beskikbaar is. Dit is as gevolg van die feit dat die moderne gemeenskap ’n verlengde opvoedingsperiode van die adolessent vereis.

3.8.5 Die adolessent se verlengde opvoedingsperiode

Die adolessente se opvoeding duur langer en gevolglik bly hulle langer van hul ouers afhanklik. Hierdie feit kan tot konflik tussen ouer en kind lei. Dan is daar ook nog die werkloosheidsprobleem wat dit vir adolessente moeilik maak om werk te kry. Die begeerte van dames om langer jonk te bly word uitgebuit deur advertensies oor die modes en verslankingsmiddels wat in die media verskyn. Hierdeur word dogters verkeerdelik beïnvloed. Al hierdie voorafgenoemde bring wrywing in die gesin mee (Knight 1969:43).

Die verlengde opvoedingsperiode wat die moderne gemeenskap vereis, skep baie van die adolessent en ouer se konflikprobleme as gevolg van die adolessent se ekonomiese en emosionele afhanklikheid van sy ouers in ’n tyd wanneer die adolessent fisiek en seksueel ryp en angstig is om sy eie identiteit te ontdek. Die adolessent sal in die proses om meer onafhanklik te word, met vroe gekonfronteer word wat hom sal dwing om die antwoorde in homself te soek. Soos die vraag of seksuele intimiteit voor die huwelik aanvaarbaar is. Conger (1973:174) verklaar die belangrikheid van hierdie soeke: “...in the process of meeting these challenges, the young person must also gradually develop a philosophy of life, a view of the world and a set of guiding moral beliefs and standards that, however simple and basic, are for him nonnegotiable”. Soos die adolessent antwoorde op morele vroe soek, sal daar verskeie bronne of invloede wees wat sy besluite sal beïnvloed.

Die regte tyd vir besluite, volgens die ontwikkelingsproses van die mens, het nou aangebreek. In die meeste gevalle is die individu egter nie opgewasse vir die verantwoordelikhede van volwassenheid nie, want daar is nog ’n gebrek aan emosionele ryphed en daar is steeds die

afhanklikheid van die ouer vir finansiële ondersteuning. Rogers (1969:51-52) beweer dat die groterwordende verskil tussen die kind en die volwassene se verantwoordelikheid, die gevolg is van die vertraagde onafhanklikheid en een van die hooforsake van die jeug-ouer-konflik. Aangesien hy nog nie in staat is om sy eie huis te begin nie en ook nie sy eie beroep nie, soek hierdie adolessent onbewustelik ander weë vir onafhanklikheid, wat die verwerping van ouerlike waardes kan insluit. So 'n verwerping van die ouerlike waardes mag eenvoudig die adolessent se effektiewe segswyse wees: "See, I am not the same as you. I am a different, separate person. I can choose my own way of life" (Wagner 1970:339-344).

3.9 SAMEVATTING

Adolessensie kan met een woord beskryf word, naamlik "veranderinge". Vir sommige gaan die adolessensietydperk geruisloos verby. Ongelukkig is daar diene vir wie dit 'n tydperk van stryd is.

Aanvanklik is daar belangrike veranderinge wat verwerk en aanvaar moet word. Dit geskied aan die hand van ontwikkelingsake: die verstandelike groei, vriendskappe, interpersoonlike verhoudinge, die adolessent se morele ontwikkeling, religieuse waardes en ervarings van die adolessent en dan volg die onafhanklikheid van die adolessent se ouers.

Die volgende hoofstuk verwys na ander faktore wat moontlik die adolessente se geloofsekerheid kan beïnvloed. Die faktore is soos volg: die invloed van die adolessent se ouers, die onderwys, die portuurgroep, die kerk en die gemeenskap.

HOOFSTUK 4

FAKTORE WAT 'N INVLOED OP DIE ADOLESENT SE GELOOFSEKERHEID HET

4.1 INLEIDING

In 'n snel veranderende wêreld voel die mens hom al hoe meer bedreig en onseker. Gevolglik is die mees aktuele vraag, die vraag rondom geloofsekerheid: Kan ek seker wees daarvan dat ek eendag hemel toe sal gaan, want oortuigings wat eeue lank as waar en onaantasbaar beskou is - veral ten opsigte van godsdiens - word nou van baie kante af bevraagteken, byvoorbeeld: Kan ek seker wees dat God bestaan? Het Jesus Christus werklik opgestaan? Selfs by teoloë het twyfel begin knaag aan die sielevreugde.

Mense het geleer om wantrouig en krities na alles te kyk, omdat hulle die lewe leer ken het in sy gebrokenheid en bedrieglikheid en weet dat nie alles wat blink, goud is nie.

Hoe moet die tekort aan geloofsekerheid verklaar word? Die antwoorde op bogenoemde vraag is velerlei. Daarom is dit nodig om die verskillende moontlike oorsake stelselmatig na te gaan. Daar moet byvoorbeeld gevra word watter faktore, volgens literêre studie, adolessente se geloofsekerheid positief of negatief beïnvloed. Die faktore wat hier uitgelig sal word, is soos volg: ouers, onderwysers, die portuurgroep, die kerk en die gemeenskap. Al die faktore het op 'n sekere stadium 'n invloed op die adolessent se geestelike lewe. 'n Positiewe of negatiewe invloed kan uitgeoefen word, bewustelik of onbewustelik, direk of indirek.

Eerstens word ouers as 'n faktor uitgelig. Dit sluit in die invloed van die ouers, identiteitbewustheid van die adolessent, besluitneming en waardes, ouers teenoor portuurgroep, lewende voorbeelde, gelowige of nie-gelowige ouers, voorkoming en genesing, en die funksie en rol van die ouergesin by die skool.

4.2. DIE INVLOED VAN DIE ADOLESSENT SE OUERS

Ouers het die eerste reg op die kind. Vanaf geboorte is die kind onder die invloed van die ouer. Die eerste gedagtes, woorde, gesindhede en verhoudings word met die hulp van die ouer gevorm en uitgebou. Hierdie invloed, wat positief of negatief kan wees, is onmeetbaar.

4.2.1 Die gesinsverhoudings van die adolessent

Dit is belangrik om te beklemtoon dat die "godsdienstig wording betekenisvol beïnvloed word deur die godsdienstige atmosfeer wat in die ouerhuis heers" (Crow & Crow 1965:355). Ouers is in die gelukkige posisie om hul kind vir die eerste ontvanklike jare net vir hulself te hê. Aan die moeder is gegee die onvervreembare voorreg om die allergrootste invloed liggaamlik en geestelik op haar kindjie uit te oefen gedurende die eerste jaar van sy lewe - ja, reeds vanaf nege maande voor sy geboorte. Aan die moeder is gegee 'n geleentheid om aan siel en liggaam die allerbelangrikste en mees grondliggende vormingswerk te gee (Geldenhuys 1942:31).

Dit is dan ook die eerste en belangrikste vorming van die klein mensie se persoonlikheid. 'n Paslike aansluiting hierby is Tappan (1949:113) se opmerking dat die gesin die "cradle of personality" is. Ook ander navorsers, soos Uildriks in Garbers (1983:6) bou daarop deur te sê dat die gesin 'n unieke stempel op die kind se persoonsvorming afdruk. Hierdie stellings word deur Garbers (1983:13) saamgevat wanneer hy die volgende noem: "Die gesin se belangrikheid as primêre en eerste leefwêreld van die kind en sy rol in die opvoeding van kinders is deur die eeue erken en beklemtoon."

Verder som Jerslid (1963:396) dit so op: "The young person's total personality and his upbringing until the time he reaches adolescence will have a significant bearing on his religious orientation during adolescent and later years." Die adolessent met die gebrek aan hierdie basis sal 'n groot leemte in sy hele lewe ervaar. Hierop dui Gous (1974:29) aan: "'n Familie-agtergrond en 'n omgewing wat godsdienstig georiënteerd is, skep 'n gunstige toestand vir ontwaking op godsdienstige gebied." Bavinck (1976:154) sluit verder aan: "zo komt de religieuze aanleg alleen in eene religieuze omgewing, door de ouders, tot ontwikkeling".

Wanneer adolessente groot word in 'n huis waar die godsdiens weinig betekenis inhou met betrekking tot die alledaagse lewe (Barnard 1981:101), skep dit vir hom 'n probleem om 'n godsdiensrige riglyn te ontwerp waarvolgens hy sinvol kan leef. Waar die ouers weer 'n baie nougesette godsdiensrige opvatting het en die adolessent by sy maats 'n meer gebalanseerde godsdiens ervaar, skep dit by hom teenstrydige gevoelens. By die ouerhuis doen hy hom anders voor as wat hy werklik voel om in te wees en hy voel skuldig teenoor sy ouers.

Ander ouers se godsdiensbeskouing en godsdiensbeoefening word op die adolessent afdwing. Dit lei tot verset, veral teenoor die kerk en die godsdiens oor die algemeen. Ook wanneer ouers in die naam van godsdiens sekere beperkings op die adolessent afdwing, ontstaan frustrasie en opstandigheid (Miller 1963:92).

Ouers wat vyandiggesind is teenoor godsdiens en godsdiensrige aktiwiteite laat die adolessent dikwels ongelukkig en onveilig voel en "he may envy his peers and associates who as children participated in religious experiences which were denied him" (Crow & Crow 1965:356).

Dan is daar gevalle waar die twee ouers elkeen aan 'n ander kerkgenootskap behoort. Vir die adolessent is dit problematies om by albei kerke se aktiwiteite betrokke te wees. Hierteenoor is die adolessent gelukkig as albei ouers aan dieselfde kerk behoort. Gevolglik kan die adolessent heelhartig belangstel en hom toewy aan die kerk en gemeenskap se aktiwiteite en hom daarin uitleef.

Gedurende die eerste fases van die Christelike godsdiens het ouers hulself beskou as die primêre opvoeders van hul kinders en nie die skool se onderwysers nie. Marrou (1956:314) beklemtoon die waarde van die ouerlike opvoeding deur te sê: "The natural environment for the development of the Christian soul was the Christian family."

In hierdie opsig sluit die Christendom by die klassieke Romeinse gesinslewe aan waar, ten spyte van die feit dat die Romeinse vader absolute mag oor sy kind gehad het, die verhouding tussen vaders en seuns daarop gedui het dat hulle mekaar liefgehad, gerespekteer en mekaar bewonder het. Daar word gestreef na só 'n verhouding tussen die ouer en kind. Dit is miskien die rede waarom die Christelike godsdiens nie die risiko wou loop om die opvoedingstelsel

van die Romeinse Ryk te verander nie. Die Christelike godsdiens het dus baie van die Romeinse opvoedkundige ideale oorgeneem (Clarke 1971:119).

Ten laaste moet die ouer toesien dat persoonsvorming op 'n breë vlak plaasvind. Soos die vroeë Christelike opvoeding, het die vroeë Romeinse opvoeding binne die gesin plaasgevind (Barclay 1959:144). Die doel hiervan, sowel as die latere Romeinse opvoeding, was om 'n kind met karakter voort te bring. Die kind is geleer om hom korrek teenoor die gode, die staat en die gesin te gedra. So is die gesin ook verantwoordelik vir die oorlewering van kultuur (Miller & Woock 1973:147) en daarmee kan nie te vroeg begin word nie. Die uiteindelijke volwassenheid dra duidelik die stempel van ouerhuis- en gesinsbeïnvloeding (Schmidt 1973:38). Die wyse waarop 'n kind 'n krisis benader en hanteer, word in die gesin gekweek. Dis net in die gesin waar die kind vry en sorgeloos in 'n vertrouensruimte kan beweeg. "A child can stand an amazing amount of change in environment if his family remains stable, constant (Buck 1965:72). Dit is dan ook die huis waar die adolessent sy voorbereiding ontvang.

4.2.2 Die adolessent ontvang sy voorbereiding tuis

Die ouer is en bly die geskikste en belangrikste verskaffer van die voorbereiding by die huis. Die huis en gesin bied die warm vertrouensatmosfeer wat nodig is om netelige sake rustig te bespreek.

Oor die plek waar die voorbereiding plaasvind, is Janson (1976:119) van mening: "Die skool en die kerk is van onberekenbare belang, maar die kind ontvang sy eintlike toerusting (of gebrek daaraan) by die huis." By die doop beloof die ouers dat hulle hul kindjie sal opvoed tot iemand wat God sal dien en liefhê. "Hierdie heelhartige toewyding van die kind aan God is van die allergrootste belang in die opvoeding van die kind - so nie sal hy die hoogste doel in sy opvoeding misloop" (Geldenhuis 1942:13).

Een van die belangrikste onderdele van die genoemde voorbereiding gaan oor seksualiteit. Die ideaal is dat die ouers reeds vroeg daarmee moet begin, want anders bekom die adolessente inligting (en opleiding) by ander op 'n verwarrende wyse. Skygbaar is dit die oningeligte wat meer geneig sal wees om te eksperimenteer. Janson (1976:119) som alles in 'n paar woorde op, naamlik dat "elke ouer tog graag sy kind as 'n toegeruste, selfstandige

mens die lewe wil instuur. Andersyds is dit elke ouer se grootste versoeking om sy kind klein (en selfs by die huis) te hou.”

Die ouer moet die kind verder toerus deur hom geleidelik as 'n verantwoordelike mens te behandel, “met die reg van denke, vrae, opvattinge en besluitneming”.

Die doel van die toerusting behoort steeds te wees om 'n innerlike verantwoordelikheid by die kind te ontwikkel sodat in sy gedrag teenoor die gemeenskap, ander godsdienste en ander mense van 'n laer status, hy dan primêr verantwoordelik vir homself sal wees.

Verder toon navorsing dat kinders wat nie deur hulle ouers verstaan word nie, se godsdiens minder eg en ernstig is, dat hulle meer geneig tot twyfelagtige gedrag is en meer probleme met hulle gevoelens ervaar en andersom. Ouers wat waarlik Christene is, beïnvloed hulle kinders om dit ook te word. Die kinders sal die ouers se voorbeeld vanself volg. Kinders sal dit ontsaglik moeilik vind om in die liefde en vergewing van die Hemelse Vader te glo as hulle in hul kinderjare onder die ruheid, wreedheid, vyandigheid en willekeur van hul vader gely het.

4.2.3 Ouers se verhouding met die adolessent

Hoewel die adolessent oënskynlik op 'n heel ander golflengte as sy ouers en die res van die gesin leef, sien Janson (1976:118) ook die ander kant raak: “En tog is adolessente oor die algemeen minder oppervlakkig en ydel as wat hulle voorkom.” Hulle loop dikwels met diep vrae in die hart rond en bespreek dit ook soms onderling. Dit is dus verkeerd om adolessente te oordeel op grond van uiterlike voorkoms en optredes. Hier moet die ouers ook onthou dat adolessente baie gebuk gaan onder stemmingswisselinge, wat die simptome is van hulle innerlike worsteling met kragte wat hulle nog nie verstaan nie. Vandaar die stryd om raakgesien te word.

4.2.3.1 Die adolessent se stryd om raakgesien te word

Ouers moet onthou en begryp dat adolessente wil deel wees van hierdie moderne lewe. Hulle wil ook raakgesien wees. Hulle probeer dit regkry deur hulle persoonlikhede “ten toon te stel, in kleding, houding en optrede”. Met opset kies hulle dinge wat die volwassene afkeur, soos

byvoorbeeld, musiek. Daar is dan 'n bietjie uittarting. Hulle opstands-, vryheids- en identifikasiefigure pryk teen hulle kamermure. Dit sal veral vir die gelowige ouer 'n skok wees as sy adolessent eensklaps met kritiek vorendag kom, want volgens die ouer was daar dan nog altyd 'n goeie verhouding tussen hom en die adolessent. Wat het dan nou verkeerd geloop, wonder die ouer. Op hierdie probleem werp Janson (1976:118) 'n bietjie lig: "Ouers moet probeer verstaan dat adolessente gewoonlik met kritiek reageer - dikwels 'n bietjie oordrewe, selfs kwetsend en ongevraagd gerig teen alles en almal." Die kritiek word aangehelp deur 'n effense vyandige of wantroueriige ingesteldheid jeens volwassenheid; ook is dit die begin van sy eie oordeelsvorming. Terselfdertyd kan hulle heel kritiekloos teenoor ander mense staan omdat hulle 'n identifikasiefiguur soek in die plek van hul eie steunpunte wat hulle besig is om te verloor. Hulle houvas en wegwysers soek hulle dan in hierdie ideaalfigure.

Om die adolessent te help met die ideaalfigure moet die ouers werklike beginsels beklemtoon (nie met betrekking tot modes, musiek en hare nie). Wyse ouers sal veral in hierdie tyd die werklike beginsels handhaaf.

4.2.3.2 Die ouerhuis

Die ouerhuis is toegerus om met volharding na sukses te streef. Die ouer wat streef na sukses met alles wat hy doen, is 'n blywende voorbeeld. Hierby word die spontane beoefening van die Christelike geloof ingeluit. Insiggewend is Steinberg en Belsky (1991:460) se vraag: Waarom bereik sommige adolessente 'n hoër vlak van geestelike redenasie as ander? 'n Gedeelte van die antwoord het met die ouers te doen - diegene wat gesinsbesprekings aanmoedig. Besprekings oor geestelike sake sal die adolessent help om meer in terme van geestelike beginsels te dink. Hierdie bevindinge het belangrike implikasies vir ouers se benadering met betrekking tot die adolessent se dwelm- en seksuele aktiwiteite. Om bloot sekere riglyne vir kinders voor te skryf, sal nie genoeg wees nie. As die ouers wil hê dat hul kinders hierdie sake vanuit 'n geestelike oogpunt moet beskou, dan is oop en volledige gesprekke oor hierdie onderwerpe onontbeerlik.

Hulle gaan verder deur te vra: Waarom slaag sommige ouers en ander faal in die geestelike opvoeding van hul kind? Dat die adolessent 'n behoefte het aan liefdevolle, ondersteunende, sorgsame ouers, wat geloofwaardig is en op wie hulle kan vertrou, is oor en oor deur

navorsing bewys. Met die ware gelowige ouerlike warmte is die adolessent waarskynlik in staat om oor onoorkomelike struikelblokke te kom. Wat ook baie belangrik is, is die ouer se houding oor beheer en vryheid, want vir die adolessent is dissipline dringend nodig om vandag en môre se wêreld effektief te hanteer (Conger 1979:49).

Huisgodsdienst is iets lewens en eg en is van die magtigste faktore om die eenheid van die gesin te bestendig en te verdiep. Rondom die huisaltaar vind die lede van die huisgesin mekaar soos op feitlik geen ander plek nie. Daar leer hulle om as huisgesin aan God die lof, die eer, die danksegging en die aanbidding van hulle harte toe te bring. Goeie gesindhede word deur hierdie voorafgenoemde godsdienstbeoefening gekweek.

4.2.3.3 Gesindhede

Adolessensie is 'n tyd om ernstig opgeneem te word, want baie van die gesindhede wat nou gevorm word, mag blywend wees vir die res van hulle lewens. Daar mag 'n tyd van afdwaling wees, maar hy sal weer terugkom na wat as 'n basis by hom vasgelê is. Verder kan in hierdie tyd die basis gelê word vir hoe hy homself sien, hoe hy ander sien en behandel en of hulle seksuele verhoudings en vriendskappe aangenaam of traumaties vind. As jy, as ouer, daarin kan slaag om respek by die adolessente in te boesem vir hulself en respek aan andere te toon, verdien jy die titel van "A Good Enough Parent" (Hayman 1989:158).

Volgens Lackovic-Grgin et al. (1994:698) word die beheer oor dogters skynbaar strenger soos die dogter fisiek volwasse word. Ook is daar in die tyd minder intimiteit tussen moeders en dogters en is dogters meer krities in hul verhouding met die moeders. In hierdie tyd is dit uiters belangrik dat 'n klimaat van geborgenheid in die huis deur haar ouers geskep word.

4.2.3.4 Klimaat van geborgenheid

Dit is dus noodsaaklik dat ouers daarop ingestel sal wees om, veral gedurende die adolessent se ontwikkeling, 'n klimaat van geborgenheid te skep waarbinne die adolessent geestelik weerbaar sal wees. So 'n klimaat van geborgenheid kan die voedingsbron van geloofsekerheid wees.

In 'n snel veranderende Suid-Afrika, wat gekenmerk word deur onder meer veranderde norme en waardes, grootskaalse onsekerheid, geweld, werkloosheid en onderwysvernuwing, word van die adolessent verwag om 'n staanplek te vind in 'n wêreld wat onderworpe is aan voortdurende verandering.

Billy Graham se advies in hierdie verband is baie belangrik: "Be available to your children at all times, if possible, especially in their formative years and secondly, love your children... if your child goes through a period of rebellion in adolescence, always keep the love of that child and when they come through it as they will, the love will be intact. Let them know you disapprove but don't argue and debate and fight with your child and make the child angry. And, they'll come through and I believe the love will prevail" (Frost 1997:31).

Oor sy seun se rebelse adolessensiejare gaan Graham voort: "We knew he'd get over that... we were in prayer for him all the time, and I never rebuked him. I never tried to get him to change his ways. I just prayed for him and loved him. I think love is the thing that young people are looking for today" (Frost 1997:157).

Die ouer se rol in die ontwikkeling van die adolessent is dus onberekenbaar. Die ouer se invloed kan deur die gesinslewe die basis vorm vir 'n maklike of moeilike ontwikkeling van die adolessent tot volwassenheid - 'n Godvresende gebalanseerde of 'n verdwaalde volwassene. Hier geld die stelling, naamlik gee die kind se eerste sewe jaar vir 'n saak en hy is lewenslank vir die saak gewen. Die ouer het die voorreg om die kind vir sy eerste sewe jaar vir homself te hê waar die kind soos 'n stukkie pottebakkersklei in sy hande is. Wanneer die adolessensietydperk dan aanbreek, hoef hy nie rond te dobber in die steeds veranderde wêreld nie. Hiervoor is gesinsafhanklikheid en gesinsaanpasbaarheid uiters nodig.

4.2.3.5 Gesinsafhanklikheid en gesinsaanpasbaarheid

Die gesinsafhanklikheid is die emosionele binding wat daar tussen gesinslede bestaan en die mate van emosionele outonomie wat hulle beleef. Op sy beurt is gesinsaanpasbaarheid weer die vermoë van die gesin om by ontwikkelingsstres, die gesagstruktuur, rolverhoudings en die reëls wat vir die verhoudings geld, aan te pas.

Die adolessent word maklik een van die massa en boet so sy eie individuele persoonlikheid in "...sy 'n modeslaaf soos almal, hy 'n pienk broekdraer" (Van Loggerenberg 1977:90). Om hierdie adolessente te begryp en te help, verwys Minuchin (1974:54) na die konsepte *gesinsafhanklikheid* en *gesinsaanpasbaarheid*.

Die ouers maak ook soms 'n groot fout deur van die seun wat groot is vir sy ouderdom, dieselfde verantwoordelikheid te verwag as 'n ouer seun. Daarteenoor word die fisiek kleiner seun wat laat ryp word soos 'n klein seuntjie behandel. Ouers moet ook bedag wees op die neiging by die adolessent om te vroeg volwasse te wil wees. Volwassenheid kan nie gehaas word nie. Dit het sy eie tyd.

By al hierdie voorafgenoemde moet die ouer ook besef dat die beoefening van die tradisionele lewensbeginsels vandag van mens tot mens en huis tot huis verskil. Daarby is dit baie belangrik om te onthou dat die kind totaal verward raak omdat volwassenes se sedes al hoe losser word. "Deur sondige dinge versagtende name te gee, word die volwassenes se gewete stil gemaak. Dinge soos ontspanning en ontvlugting dien as skerms waar agter die onheilspellende skuiling vind. Ouers met hierdie siening kan nie sy kind leer wat reg of verkeerd is nie" (Van Loggerenberg 1977:88). Om gesinsafhanklikheid en gesinsaanpasbaarheid effektief te laat funksioneer, is voorbereiding en kommunikasie noodsaaklik.

4.2.3.6 Voorbereiding en kommunikasie is noodsaaklik

Dit is onnodig om as die ouer van 'n adolessent in 'n konstante geveg (stryd) te wees. Intendeel, dit kan die beste tyd wees om 'n pa en ma te wees. Al hul vrywillige harde werk en opofferinge vir hul gesin kan die moeite werd word. Maar, sê Hayman (1989:158): "forewarned is forearmed". Deelnemers sowel as toeskouers kan soveel gelukkiger wees as die probleme voor die tyd uitgestryk word en almal sodoende aangemoedig word om die resultate te geniet.

Hierdie tyd van groot veranderinge en omwentelinge mag net 'n paar jaar duur. Daarby is adolessensie 'n tyd om deur ouers en adolessente geniet te word, maar dan moet aan sekere voorwaardes voldoen word en daar moet samewerking tussen gesinslede wees. So noem Schimel (1969:35) dat die hoop vir 'n gesin daarin lê dat die kommunikasielyne oop is en oop moet bly. Hy beveel aan dat: "Each family should have its own "hot" line available for

emergencies". Verder is Atwater (1983:166) oortuig "dat waar ouers 'n hoër vlak van belangstelling, begrip en hulpvaardigheid toon, hulle ook 'n groter invloed in die lewens van adolessente het. Ongelukkig is kommunikasie in sommige gesinne baie swak of totaal verbreek. Adolessente vra ouers moet na hul luister en met hulle praat. Ouers moet ook beseef dat hulle nie altyd reg kan wees en die adolessent altyd verkeerd nie.

In 'n poging om die situasie te verstaan, glo Schimel (1969:58) dat 'n meer juiste begrip van wat werklik in die adolessent plaasvind vir beide hom en sy ouers sal help. Verder glo hy "that understanding of a situation leads (one) more or less inevitably to a more sympathetic and effective handling of it". Die ouer wat net belangstel in die fisieke goeie versorging van sy kind, kan verskeie sielkundige foute begaan.

Volgens Henning (1975:126) word die saak verder bemoeilik deur die belangrike punt dat die adolessent met die moderne siening simpatie toon: "They resent the dogmatic and the authoritarian but they will, and do, ceaselessly discuss the rights and wrongs of behaviour." Hier kan die ouers, deur simpatie te toon met hul soeke na antwoorde, saam aan 'n gemeenskaplike basis met waardes bou, wat situasies, soos dit verskyn, in die regte rigting sal stuur.

Ouers hoef nie skuldig te voel omdat hulle nie op alle gebiede outoriteite is nie. Erken: "I really don't know much about this topic, and I may not be able to give you much help. But I surely would like to hear what you're about. I'm interested to know what your questions are" (Wickstrom et al. 1984:17). Dan kan die ouers saam met die adolessente antwoorde soek op hul probleme. Ook wys Csikszentmihalyi en Larson (1984:306) daarop: "Die gehalte van kontak tussen adolessente en hulle ouers bepaal tot 'n groot mate of die adolessente probeer om hulle ouers bewustelik te vermy." Die gehalte van die verhouding tussen die ouer en die adolessent is dus baie belangrik, ook as dit kom by die regte raad en optrede en om dit betyds te gee.

4.2.3.7 Regte raad en optrede betyds gegee

Deur die regte inligting betyds te gee, kan baie tranes en angs, skuldigheid en minderwaardigheid vir menige adolessent gespaar gewees het, byvoorbeeld selfbevrediging wat by alle

kinders voorkom en nie "selfbevelekking" is nie. As die inligting elders verkry word, voel hulle dat hul ouers hul in die steek gelaat het en dit lei tot wantroue in die ouer.

So waarsku Pomeroy (1969:47) ouers dat hulle die regte leiding moet gee aan 'n dogter wat vroeg tekens toon van seksuele aantreklikheid. Sy mag die aandag van ouer seuns trek. Dan mag sy die ervaring verbeur om goeie verhoudings met ander dogters van haar ouderdom te ontwikkel. Ook mag sy begin voel dat sy eerder 'n prikkelende voorwerp as 'n volwaardige persoon is. Wat nog erger is, is dat sy kan glo dat om mooi te wees en oor ander kunsmatige sosiale vermoëns te beskik, nodig is om waarlik volwasse te wees.

Verder kan moeders dogters onnodige verleentheid spaar deur die regte kennis van die normale fisieke, psigiese en sosiale aspekte van menstruasie te gee en nie die fisieke en psigiese effekte oordrewe te beklemtoon nie. Laasgenoemde kan daartoe lei dat dit as verskoning sal dien om nie aan normale aktiwiteite deel te neem nie of om aandag te trek. 'n Gesonde dogter kan oefeninge doen, klasse en partytjies bywoon of enigiets doen wat sy wil terwyl sy menstrueer.

Daar is natuurlik ander redes waarom 'n dogter negatief teenoor menstruasie kan reageer. As sy vrees om groot te word, of as sy nie geslaag het om 'n bevredigende vroulike identifikasie te skep nie, mag sy negatief wees oor die verkeerde vertolking van die boodskap wat menstruasie bied. Sy is besig om in 'n vrou te ontwikkel en sy kan dit nie verhoed nie. Hierdie ervaring kan verhoed of versag word deur 'n wyse en verstandige benadering, trots en vreugde in die dogter se groei en rypheid. Die moeder speel die hoofrol, maar die vader kan ook 'n positiewe bydrae maak. Pomeroy (1969:47) het vir sy dogter 'n ruiker blomme gestuur en 'n klein seremonie daarvan gemaak. Die dogter kon nie help om trots en goed te voel omdat sy 'n adolessent word nie. Ook kan ouers nie sonder meer aanvaar dat 'n seun alles weet van die begin van puberteit nie. Die "wet dream" is die ervaring van alle seuns en lei tot spanning. Hulle vrees om in vreemde beddens of selfs hulle eie te slaap. Ouers wonder soms hoe 'n adolessente seun of dogter ure voor die spieël kan deurbring. Dit is belangrik vir ouers en ander volwassenes om te besef dat die jong persoon se selfbeeld nie net altyd op objektiewe realiteit berus nie. Die seun probeer om sy hare net op die regte manier te kam. 'n Jong dogter wat mooi is, mag haarself as onaantreklik sien omdat sy altyd vertel word sy lyk soos een van haar familieledes. 'n Seun van gemiddelde grootte mag voel dat hy kleiner en

swakker is as wat hy is, omdat hy in die algemeen ontoereikend voel en 'n swak selfbeeld het.

In hierdie geval sal die onafhanklikheidsontwikkeling met groot probleme gepaard gaan. Daarteenoor vind ontwikkeling van onafhanklikheid en verantwoordelikheid meer spontaan plaas by die gedissiplineerde adolessent met 'n sterk selfbeeld.

4.2.3.8 Onafhanklikheid en verantwoordelikheid

Tydens die onafhanklikheidswording van die adolessent vind veranderinge ook in die ouer-kind-verhouding plaas. Daar word beseft dat ware onafhanklikheid nie in 'n dag se tyd verkry sal kan word nie (Conger 1979:38). Ouers kan geleidelik die ontwikkeling na onafhanklikheid vergemaklik. Ouers moet meer gebiede soek waar gesamentlike besluitnemings moontlik is, want die doel van ouerskap is om onafhanklikheid en verantwoordelikheid by sy adolessent te kweek. Gee dus geleenthede vir die ontwikkeling van verantwoordelikheid en hou hulle verantwoordelik.

Wyse ouers verheug hulle daarin om te sien hoe hulle seuns en dogters leer om sonder hulle klaar te kom. Die adolessent wat weet dat hy 'n verantwoordelike taak van 'n volwassene verrig wat werklik belangrik is vir sy gesin, gemeenskap of kerk, voel volwasse. Die behoefte om op 'n rebelse manier onafhanklikheid te bekom, verdwyn dan.

Volgens Munichen (1974:54) is dit ook baie belangrik om nie net te let op wat die invloed van die gesin op die adolessent is nie, maar ook hoe die gesin reageer op die adolessent se beweging tot onafhanklikheid. Daar is 'n intense wisselwerking tussen die gesin se reaksie en die van die adolessent. Wanneer die uitbeweeg van die adolessent vinniger is as die ouers se norme, weet hulle nie of die ontluikende grootmens gestraf of ingeperk moet word nie. Na elke insident moet die verhoudings van die hele gesin en ook tussen die adolessent en individuele gesinslede in oënskou geneem word.

Wat kan ouers doen aan die groeiende gees van onafhanklikheid in die adolessent, sodat waardevolle waardes nie verwerp word nie? Hoe kan volwassenes die verwydering wat reeds op godsdienstige gebied tussen hulle en die adolessent bestaan, herstel? Hier volg 'n paar wenke:

- Daar moet 'n poging aangewend word om die situasie te verstaan. Wanneer die adolessent bewus word dat sy ouers nie opstandig teenoor hom is of sy onafhanklikheid probeer dwarsboom nie, maar na hom luister, verdwyn baie van die druk om die ouerlike waardes te verwerp.
- Ouers kan onwyse besluite toelaat, want in die leerproses word goeie sowel as swak besluite geneem met dit wat daarop volg, hetsy goed of sleg. Verstandige ouers weet dat hulle hul adolessent alleen kan voorberei vir onafhanklike volwassenheid deur ruimte toe te laat om hul eie oordeel uit te toets en voorsiening te maak vir toevallige mislukkings. Dit staan as oorbeskerming bekend as groei na onafhanklikheid en selfidentiteit gesmoor word. Sommige ouers beveg gedurig hul adolessent se onafhanklikheid. Dan reageer die ouer soos 'n verloorder en in die proses word daar dan soveel skade aangerig aan die verhouding dat die ouer geen positiewe invloed op die adolessent se ontwikkeling het nie. Die ouer moet onthou dat godsdiens nooit deur dwang oorgedra word nie. “Die ouer wat 'n verbete stryd voer en nie wil beseef dat dit noodsaaklik is om aanpassings te maak in hierdie huidige tydsgewrig nie, bewys sy kind geen guns nie, want die kind word vervreem terwyl hy sy ouer se leiding nodig het om wat goed en reg is te behou en te verstewig” (Van Loggerenberg 1977:90).
- Die adolessent het gemengde gevoelens oor afhanklikheid en onafhanklikheid, terwyl die ouers sterk voel dat hy onafhanklik moet wees. Dit kan lei tot botsings.
- Volgens Conger (1979:41) is 'n ander rede vir botsings natuurlik die baasspelery van die ouer, veral van die vader. Dit is soms moeilik vir ouers om te beseef dat die klein seuntjie of dogtertjie nou al groot is en dat die reëls en regulasies van vroeër nou nie meer pas nie. Baumrind (1971:2) het bevind dat outoritêre ouers hoogs voorskriftelik is en straf gebruik om beheer uit te oefen. Dan is daar ook die sogenaamde kwaai ouers teenoor permissiewe ouers. Eersgenoemde beklemtoon reëls en ongehoorsaamheid en belemmer so kommunikasie. Hulle vertrou nie hulle kinders nie en die kinders kom dit agter. Gevolglik is die kinders se gedrag later van so 'n aard dat die ouers hulle nog minder vertrou. “Wantroue is soos 'n sneeubal wat teen 'n sneeubult afrol – en steeds groter word” (Janson 1976:120).

- Toestemmende of permissiewe ouers stel min eise aan hul adolessente en laat hulle toe om hul eie gedrag te reguleer met 'n minimum ouerlike betrokkenheid en beheer. Hierdie adolessente toon soms ongedissiplineerdheid.
- Gesaghebbende ouers dui duidelik en ferm rigting aan, maar hul dissipline is matig met warmte, beredeneerdheid, buigbaarheid en met dialoog. Hierdie ouers het meestal kinders met godsdienstige waardes, soortgelyk aan hul eie (Clark, Worthington & Danser 1988:463-472). Gesaghebbende ouers se huislike atmosfeer skep ook nie die kweekplek vir 'n oorlogstryd nie.

4.2.3.9 Die gesin in oorlogstryd

Soos sy verstandelike horisonne verbreed, ontdek die adolessent dat die waardes en die wyse van lewe van sy gesin nie die enigste manier van lewe is nie. Ook kan hy ontdek dat die manier van ander ouers in werklikheid beter is as dié van sy eie. Conger (1979:41) beweer dat dit natuurlik is dat botsings met die ouers sal voorkom, veral gedurende die beginjare van die adolessent. Dit sal die adolessent waarskynlik 'n lang tyd neem om te beseef dat al ken sy ouers nie al die antwoorde op sy vrae nie, hulle somtyds wel deur moeilike ervarings inligting bekom het wat nuttig en waardevol is.

Volgens Conger (1979:41) is daar nog 'n rede vir botsings, naamlik die gebrek aan duidelike riglyne in die hedendaagse gemeenskap vir die ouers en hulle kinders, oor watter gedrag vir die adolessent van 'n sekere ouderdom toepaslik is. Daar moet reëls wees met betrekking tot sake soos die teenoorgestelde geslag, drankgebruik, die gebruik van die gesinsmotor en om saam met maats vir uitstappies te gaan.

Teenstrydigheid vind ook nou plaas deurdat die kind deur sy baie veranderinge 'n groter behoefte voel aan afhanklikheid van sy ouers vir sekuriteit, terwyl die ouer meer onafhanklikheid van hom verwag (Conger 1979:38). Moontlik bereik die persoon nou emosionele, sosiale en seksuele volwassenheid en met die toename in onafhanklikheid kom daar geleidelik 'n verskuiwing na maats, beste vriende, seuns- of meisievriende met die intieme emosionele gehegtheid wat vroeër hoofsaaklik vir die ouers was.

Die aanpassing by hierdie veranderde verhoudings sal ongetwyfeld by sommige ouers, asook adolessente, moeiliker wees as by ander (Mussen 1974). Die adolessensietydperk wat tradisioneel as 'n moeilike tydperk in die kinderlewe gereken word en besondere eise aan ouers stel, word meer duidelik deur die stelling wat Sokrates reeds in die jaar 400 v.C. genoop het om die volgende oor adolessensie te skryf: "They have had manners in contempt for authority" (McCormack 1985:115). Selfs in gunstige omstandighede gaan die aanpassing vir die jong persoon met sy emosionele skeiding van die gesin gepaard met oomblikke van pyn. Ook vir die ouers. Dit is onvermydelik dat daar geleenthede sal wees van gevoelens van verlies en verlange na die minder ingewikkelde tye toe dit net die gesin was.

Die radikale, afwykende, immorele leefwyse van misbruik van verdowingsmiddels, rebelsheid, vrye geslagtelike verkeer, onverskilligheid teenoor godsdiens is die simptome van dieper probleme as die normale vervreemding wat gedurende die periode verwag word. Graham (1969:13) blameer ouers, opvoeding, massakommunikasie en die kerk vir die jeug se gebrek aan godsdienstige geloof en morele waardes.

Daar is 'n negatiewe band tussen misdadigers en godsdiens in die gesinsverband. Ook is gevind dat misdadigers minder godsdienstig as die nie-misdadigers is (Conger 1973:455).

Samehangend met die pligte van die ouer is hier ook 'n baie belangrike aspek waarop gelet moet word. Die vader word met wonderlike eienskappe deur die kind gesien - eienskappe soos wat aan God toegeken word, naamlik almag, alwetendheid en volmaaktheid. Soos die kind groter word, merk hy dat sy vader ook maar swakhede het en dan verdwyn die illusie omtrent sy vader. Nou projekteer die kind die vader se swakhede op God. Die kind verval dan maklik in wanhoop, want sy eerste 'God' het hom teleurgestel. Nou leef hy voortdurend bekommerd en bevrees dat sy God in die hemel hom ook sal teleurstel. Dit kan moontlik die bron van die twyfelperiode wees. Ook kan dit die vader-seun-verhouding vertroebel.

By gebrek aan geestelike hulp en duidelike leiding deur ouers en selfs predikante, worstel die adolessent deur die krisis en verloor so moontlik sy geloof. In hierdie versuim van die ouer se kant is daar verwaarlosing wat lei tot onnodige groot ongelukkigheid, stryd, worsteling en geestelike skade in die adolessent se lewe.

Wagner (1978:350) beaam dat: "Adolescence has been pictured as a period of revolt against authority of all kinds including the family, the school and religion. A better picture might be that adolescence is a period of questioning, of decision-making, and of forming one's philosophy of life." Dit kan die basis vorm vir die normale ontwikkeling van identiteitsbewustheid.

4.2.4 Identiteitsbwustheid van die adolessent

Ouers kan ook 'n deurslaggewende rol speel as hulp hindernis in die ontwikkeling van 'n sterk identiteitsbewustheid. Die ouers wat self oor 'n sterk, gesonde identiteitsbewustheid beskik, kan dien as 'n rolmodel en sal die taak soveel makliker maak vir die adolessent. Enige ouer wat gevra word wat hy vir sy kind se toekoms begeer, sal waarskynlik as antwoord gee "blydschap". Hoe kan dit verkry word? Die antwoord van (Conger, 1979:110) is: "...that the best insurance we can work toward for our children is the development of a clear and confident sense of their own identity and a commitment to some system of basic values. Without this, human existence can have little real meaning or purpose".

Henning (1975:127) beklemtoon die belangrikheid van die ouer se rol op hierdie stadium. "Adolescents are striving for confidence, self-fulfilment and self-esteem. To keep them moving in the right direction, they depend on the encouragement, appreciation and support of others – particularly of their parents."

In verband hiermee wys Conger (1979:38) daarop dat hier in gedagte gehou moet word hoeveel veranderinge die adolessent sowel as sy ouers in hierdie tye ondergaan. Dit kan 'n vermoeiende en uitdagende tyd vir albei partye wees. Die ouers beleef op hulle beurt 'n identiteitskrisis, want die ouers van die gemiddelde adolessent nader hulle middeljare. Dus, wanneer die kinders 'n identiteitskrisis ervaar en die toppunt van hul fisieke en seksuele sterkte nader, beleef die ouers die feit dat hulle hul fisieke hoogtepunt reeds bereik het en dat hulle besig is met 'n afwaartse neiging, hoewel dit heel geleidelik aan die begin plaasvind. Die vader beseft wat hy nog nie in sy beroep volvoer het nie, hy beseft ook dat sy kans al baie minder word of hy kan skielik sy werk verloor deur regstellende aksie. Nou voel hy verward en minderwaardig teenoor sy seun vir wie hy nog altyd die rolmodel was.

Die moeder, op haar beurt, voel dat sy haar beroep prysgegee het vir die kinders se opvoeding en sy besef ook dat haar kinders binnekort uit die huis sal wees. Sy vra haarself verskeie vrae af en of sy op alle gebiede reg laat geskied het aan haar kind se totale menswees. Sy weet dis die ouer se taak om te waak dat sy kind nie onverskillig teenoor die Christelike godsdiens staan nie.

Henning (1975:122) beweer 'n baba in afsondering sal nooit leer om te praat nie, net so is dit met die kind wat nooit kennis en ondervinding met godsdiens en morele waardes opgedoen het nie. "The lesson of it all is that moral capacity can be educated and should be educated." Om dit te bereik behandel die ouer die kind as 'n potensiële verantwoordelike, bekwame individu en moedig hom aan om te praat. Die moeder vra haarself af of sy dit altyd gedoen het. Het sy altyd gewys dat sy werklik omgee en graag wil help? Het sy altyd simpatiek geluister na die kind se vrae oor sy geloofsekerheid en ander probleme (Conger 1979:93). So 'n kind se hoogste doel van menswees sal wees: "'n Mens van God vir elke goeie werk volkome toegerus" (Van Loggerenberg 1977:15). Verder sê hy dat as die adolessent "...toegerus is na die liggaam, die verstand, die hart en die karakter is hy 'n heelgetalmens vir wie dit gaan om die basiese lewenswaardes te vind en hulle in woorde en werke in te bou".

4.2.5 Besluitneming en waardes

Om die adolessent voor te berei om onafhanklik self besluite te neem en morele waardes te kies, het die ouer 'n groot verantwoordelikheid. Daarmee moet die ouer reeds baie vroeg begin, want die vermoë om besluite te neem, is 'n belangrike kenmerk van 'n volwassene. Adolessente moet hierdie kundigheid leer deur waar te neem hoe sy ouer en ander betekenisvolle volwassenes die proses deurwerk. Daarby moet hulle die geleentheid gebied word om hierdie kundigheid onder wyse toesig te beoefen.

Verder toon Jurich en Kadel (1976:160) aan dat ouers, kamerade, persoonlike behoeftes, persoonlike ontwikkeling en die gemeenskap die belangrikste faktore is wat die adolessent se besluit in die vorming van morele waardes beïnvloed. Ook Henning (1975:119) voel sterk oor die verandering van morele sedes en waardes: "In an era of accelerating change, and rapid advance in human knowledge, such as we are now living in, no area of life becomes more confused and confusing, than that of beliefs and values." Dit sou gerieflik en gemaklik wees

as daar ware sekerhede is, soos die wat in die verlede ondersteuning en versekering gegee het, waarop ons kon staat maak. Maar die sekerhede het verdwyn.

Die siening van sedes en waardes word nie meer onveranderlik of onveranderbaar beskou nie. 'n Hele reeks van alternatiewe word nou aangebied. Daarom is die opvoeding oor morele bewustheid en verantwoordelikheid vandag baie meer gekompliseerd as wat dit vroeër was. Hy vervolg deur te wys dat adolessente, meer as ooit, "turn their critical minds on to the situation, so that adolescence is a time when the family values are put under test and everyone has to do some rethinking".

Aan die anderkant is volwassenes geneig om hul waardes aan die kind oor te dra as 'n lys van "moets" en "moenies" en "reg" en "verkeerd". Ook maak dit vir hulle sin om uit hul lewenservaring te deel. Niemand kan egter iemand anders se waardesistiem gebruik en nogtans as 'n onafhanklike wese optree nie. Die adolessent het 'n behoefte aan kennismaking met waardes en om geleer te word hoe om dit in verband met hulle eie probleme en besluite te bring. Ouers het die geleentheid om die adolessent te leer deur sy voorbeeld, met sy gesindheid teenoor die portuurgroep.

4.2.6 Ouers teenoor portuurgroep

Verstandige en gelowige ouers berei hulself voor vir die tyd wat die adolessent na sy portuurgroep begin uitreik. Dit is dus nie noodwendig waar dat ouerlike invloed tydens adolessensie afneem en dat 'n vyandige gevoel tussen ouers en die portuurgroep bestaan nie. Atwater (1983:187) meen die portuurgroep se waardes en menings is 'n "supplement rather than displaced parental influence".

Ouers met 'n demokratiese ouerskapstyl het groter invloed op die adolessent(e) in hul gesin (Atwater 1983:166). Oormatige konformiteit met die portuurgroep is soms 'n gevolg van 'n gebrek aan ouerlike aandag, belangstelling en begrip. Adolessente met swak verhoudings met hul ouers sal eerder die portuurgroep se waardes navolg, veral wanneer die portuurgroep 'n ruimte van aanvaarding en emosionele sekuriteit bied (Grobler 1997:161).

'n Belangrike faktor of die adolessent deur sy ouers of deur die portuurgroep beïnvloed sal word, is die adolessent se persepsie van die ouers se bekwaamheid met betrekking tot 'n sekere saak. Volgens De Jongh van Arkel (1989:103) het ouers 'n groter invloed op die adolessent wat betref langtermynsake, byvoorbeeld morele en sosiale waardes, beroepskeuse en finansiële sake. Die portuurgroep, daarenteen, sal adolessente meer beïnvloed wat betref sosiale aangeleenthede soos musiek, kleredrag, vermaak, verhoudings met die teenoorgestelde geslag en seksuele gedrag. Kulturele en samelewingsveranderinge het ook 'n sterk invloed op die adolessent. Ook die adolessent se eie persoonlikheid en rypheidsvlak speel 'n rol.

Atwater (1983:166) is oortuig dat adolessente wat die sterkste met portuurgroepe identifiseer, gewoonlik 'n redelike swak selfbeeld het, meer ongehoorsaam aan hulle ouers is en meer geneig is tot uitdagende gedrag as die adolessente wat nie hulle ouers vermy nie. Conger (1979:49) se navorsing toon dat die ouer wat 'n basiese goeie verhouding met sy adolessent het, 'n sterker invloed op sy geloof, waardes en die doel met sy lewe as sy portuurgroep het.

Mitchell en Anderson (1981:72) beweer dat as die omstandighede normaal is, die adolessent verhoudings buite die gesin sal aanknoop. Ook verskeie navorsers steun die belangrikheid van die intieme verhoudings van die adolessent met ouers en maats (Richardson et al. 1984:134). Die verhoudings met die portuurgroep kan selfs meer verdiep en intiem word as die met die gesin. Dit kan ook gebeur dat as die verhoudings buite die gesin nie slaag nie, die adolessent terugkom na die gesin en dan in die gesin geïsoleer word met 'n hegte ondeurdringbare grens. Hier het adolessense as 'n psigososiale fase met spesifieke take misluk. Dit is heeltemal teenstrydig dat die adolessent 'n stryd moet voer om los te kom van sy gesin, sodat hy sy eie lewe kan voer. Tog is die gesin die een enkele instelling wat die meeste invloed uitoefen by die vorming van 'n menslike lewe.

Ten slotte word in studies oor die verhoudings van adolessente met ouers aangetoon dat die meerderheid van adolessente geheg aan hul ouers voel en goed met hulle oor die weg kom. Ten spyte van die vermeerdering van probleme om vandag kinders, veral die adolessent, op te voed, slaag die meeste ouers en adolessente sonder onopgeloste botsings en ernstige vervreemding daarin. Odium (1957:155) beveel aan: "The best approach is to give an example through their own relationships in the home and in their way of life of the Christian ideal. This will do far more to help their children to realize and accept its beauty and value".

Die ouers het dus 'n goddelike geleentheid om lewende voorbeelde of die ideale rolmodelle vir hul adolessente te wees.

4.2.7 Lewende voorbeelde

Strommen, Forliti en Wickstrom (1984:14) beweer oor die eienskappe van die jeug dat, meer as wat ons graag sal wil erken, die adolessent die strewe van die ouers na sukses, weerspieël. Ouers se lewens verskil egter soms wêreldwyd van wat hulle voorgee of vir die adolessent leer. Dit skok die adolessent, want hy soek juis die praktiese voorbeeld van hoe die lewe geleef moet word en hoe vraagstukke, asook die van die wêreld, opgelos moet word.

Ook dui Van Loggerenberg (1977:88) aan dat wanneer ouers vir 'n definisie van adolessensie gevra sou word, daar beslis 'n ooreenkoms sou wees met dit wat hulle self ervaar het. Hulle kan dan uit eie ervaring hulle adolessente leer dat die belangrikste keuses in hierdie tydperk van jou lewe gemaak moet word. "Deugde wat nie net deur die eeue heen dieselfde gebly het nie, maar ook in die toekoms onveranderd sal bly. So sal alle regskepe mense erken dat eerlikheid en ordeliewendheid, tradisionele deugde, noodsaaklike deugde in 'n ordelike samelewing is." Dit is dus waar wat Grant et al. (1997:166) sê: "Ons adolessente kyk wat ons doen, en dit wat ons is en doen, spreek baie harder as enigiets wat ons sê. Moenie net daar staan en wys na die hoogtes wat jou kinders moet bereik nie. Begin self klim en laat hulle jou volg."

Daehler (1992:539) wy uit oor die invloed van ouers wat as rolmodelle van morele gedrag en geloof dien. So noem hy byvoorbeeld dat as ouers die voorbeeld stel om ander mense te help, die kinders dieselfde sal doen en hulle sal navolg. Ouers moet dus 'n voorbeeld stel van mense wat 'n aantreklike en bevredigende godsdiens uitleef. Adolessente sal egter ook hul eie waardes kies – as dit nie vandag is nie, dan môre.

"The more important religion is to a person, the greater likelihood it will find expression in the thoughts and behaviours of daily life" (Griesbriecht 1995:229). Ook Allport en Ross (1967:434) bevestig dat "to know that a person is in some sense religious is not as important as to know the role religion plays in the economics of his life". Met ander woorde niemand kan sy of haar waardesisteem op 'n ander afdwing nie, maar kan slegs 'n lewende voorbeeld

wat alle alternatiewe oortref, daarstel. Die oorseining van godsdienstige waardes word ook bevorder deur huweliksharmonie en ouers se ooreenstemming van geloof en gedrag (Clark et al. 1988:463-472).

4.2.8 Gelowige of nie-gelowige ouers

Sommige ouers organiseer hulle eie lewens, asook die van die gesin, rondom die godsdienstige geloof wat hulle van hul ouers ontvang het en op hulle beurt weer aan hulle kinders wil oordra. Ander, met dieselfde oortuiging en erns, wil nie langer die tradisionele godsdienstige geloof aanvaar nie. Sulke ouers veroorsaak op allerlei gebiede struikelblokke op die weg van adolessente se geloofslwe. Dit is dan teen die woorde en wense van die Here Jesus: "Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan hulle behoort die koninkryk van God" (Mark. 10:14). Hulle wil hul kinders leer om dinge vir hulself uit te werk.

Wat die siening van ouers ook al mag wees, kan die van die adolessente net die teenoorgestelde wees. Daar is opregte godvresende ouers wie se adolessente erkende nie-gelowiges word. Aan die anderkant is daar oortuigde nie-gelowige ouers wat geskok is om te weet hulle kinders doen navorsing om te sien wat godsdiens oor die betekenis van die lewe sê. So sien ons dat die individu vandag met baie keuses te doen het. As dit godsdiens is, watter godsdiens dan?

Natuurlik en gelukkig neem die meeste jong kinders denk- en gedragpatrone aan wat met die van hulle ouers ooreenkom. Ouers wil hê dat hulle adolessente dieselfde gesindhede en gedrag sal openbaar wat hulle so hoog op prys stel. Soos hierdie jong mense egter ouer word en die adolessensiejare begin, vind verandering soms plaas. Hulle toon dan tekens van vervreemding van hulle ouers se waardesisteem asook 'n mate van vyandigheid teenoor sekere godsdienstige praktyke soos kerkbywoning en gedragsreëls.

Dit wil nie sê dat alle adolessente hierdie simptome openbaar nie. Sommige mag onaangeraak bly, sommige mag 'n matige nie-inskiklikheid toon en ander mag openlike uitbarstings van rebellie toon. By sommige mag vervreemding in die vroeë adolessensie begin, terwyl dit by ander eers in die latere adolessensie verskyn. Na jare van ontevredenheid

– aanvaarding of stormagtig – sal dit voorkom of die adolessent verby die krisis is en terug keer na 'n lewenstyl soos die van hul ouers.

In ander gevalle sal hulle alle bande met die kerk van hulle kinderjare verbreek. Sommige sal uiteindelik weer by die kerk aansluit, andere nie. Die sielkundige, David Ausubel (1954:271) noem hierdie verskynsel “adolessensiekettery” (eie vertaling). Hoe kan hiervan rekenskap gegee word en hoe kan dit voorkom of genees word? Dit sal oordrewe vereenvoudig wees om 'n poging aan te wend om die oorsaak van die godsdienstige vervreemding in adolessente te identifiseer, te beskrywe en te probeer voorkom.

Inderdaad varieer die oorsaak vir bepaalde menslike gedrag en daarby is dit ook gekompliseerd. Tog is dit moontlik om saam te weef: “a number of strands from the adolescent experience and discern a pattern which reveals why such ‘heresy’ is not at all abnormal or unreasonable – perhaps even likely” (Ausubel 1954:271). Ten spyte van dit alles maak Henning (1975:121) vir ouers die volgende stelling: “To those people who believe that the function of religion is to explain life in terms of ultimate meanings, the transmission of their religious values to their children becomes an essential task.” Daarom is dit deel van die ouers se taak om geestelike waardes aan hul adolessente oor te sein om probleme te voorkom en ook as genesing te dien.

4.2.9 Voorkoming en genesing

Die spreekwoord lui dat voorkoming beter as genesing is. Boshof (1976:11) pleit soos volg: “In 'n tydsgewrig waar verandering die wagwoord is, het dit noodsaaklik geword om te besin hoe die volwassewordende in sy innerlike ontwikkelingsjare, adolessensie, homself, sy wêreld en sy toekoms beleef.” Baie ouers wens dat hul bewus was van Harms (1944:112-122) se indeling van die kind se godsdiensontwikkeling, want dan het hulle miskien meer sukses met hul adolessente se geloofsekerheid ervaar.

Volgens Harms (1944:112-122) se “skema” is daar vier fases in die kind se godsdiensontwikkeling. In die eerste fase ontwikkel die kind se godsdien as 'n verlengstuk van die ouers se godsdien. Hierdie godsdien word genoem die verhouding van dwang en gesag. Ouers sien toe dat kinders na godsdienstige geleenthede gaan en godsdiensoonderrig ontvang.

In fase twee identifiseer die kind met die godsdienstige instelling. In fase een en twee word invloed op die innerlike godsdiens verwag. In fase drie, wanneer die kameraadsgroep meer opvallend in adolessensie word, word die samestelling van sosiale verhoudings meer belangrik en die behoefte aan objektiewe besprekings van godsdienstige affiliasies vermeerder. Daar word verwag dat die vierde fase sal verskyn wanneer praktiese godsdiens die innerlike godsdiens beïnvloed. Ouers bevorder praktiese godsdiens in die vroeë jare. Met die ouers se liefdevolle hulp word die innerlike godsdiens van die kind beïnvloed, byvoorbeeld, adolessente met liefdevolle ouers is geneig om te glo in God en die liefdevolle God te ervaar (Potvin & Lee 1982:134).

Na die voorafgaande moet dit duidelik gestel word dat dit nie beteken dat alle adolessente die godsdiens van hulle ouers verwerp of nie in waardes belangstel nie. Studies het getoon dat godsdienstige waardes betekenisvol is vir 'n groot meerderheid godsdienstig gesinde adolessente en dat die meeste van hulle glo in die leerstellings van kerke. Daar is gevind dat ouerlike invloed die belangrikste is by die kweek van godsdienstige ontwikkeling en "...students tend to conform to a religious ideology held jointly by their parents" (Putney & Middleton 1961:125-135).

Janson (1976:119) waarsku ouers teen te kritiese optrede: "Dit sou so verkeerd wees om hulle op hulle baadjie, uiterlike optrede en smake te takseer en daarom af te skryf." Dit wat hulle doen wat die "ouers teen die muur wil laat uitklim" is maar net tekens van nood. Ook moet ouers besef die adolessent ervaar stemmingswisselinge wat net simptome is "van hulle innerlike worsteling met kragte wat hulle nog nie verstaan nie" (Janson 1976:119). Ouers moet met wysheid optree. Dan sal daar minder hartseer en teleurstellings wees.

Ouers moet verstaan dat hul kinders aan die moderne lewe wil deelneem. Hulle wil eksperimenteer en hulself ten toon stel - met kleding, haarstyl, houding en optrede. In hierdie geval is daar soms 'n bietjie uittarting, deurdat hulle met opset dinge wat teen die volwassene se smaak is, kies. 'n Voorbeeld hiervan is die musiek wat volwassenes irriteer. Hierteenoor is adolessente "oor die algemeen minder oppervlakkig en ydel as wat hulle voorkom. Hulle loop dikwels met diep vrae in die hart rond en bespreek dit ook soms onderling (Janson 1976:118). "Die toereikende opvoeding van die jeug bly en is steeds die belangrikste uitdaging van alle ouers en opvoeders aangesien hulle ook ons toekoms as volwassenes grotendeels in hulle hande hou" (Taylor & Vinjevold 1999:200-231).

Ouers bly steeds die enkele grootste invloed as hulp of verandering van die gemiddelde adolessent se bevredigende identiteitsbereiking. Om 'n ouer of 'n adolessent te wees is nie altyd maklik nie, maar in vandag se vinnig veranderende wêreld is dit meer van 'n uitdaging as wat dit vroeër was. Ouers moet onthou “woorde wek, maar voorbeelde trek”. Soms word die adolessente geskok deur die leer en lewe van die volwassenes wat “dikwels teen mekaar skreeu”. “Ons moet liever leef wat ons bely” is die oortuiging van Janson (1976:118). Die ouers moet saamwerk met die onderwysers en skole “om die professie op 'n hoë peil te hou. In die skool het adolessente probleme. Alles is vir hulle te teoreties en hulle stel ook nie belang in dit wat aangebied word nie. Die lewe begin eers na skool vir hulle.

4.2.10 Die funksie en rol van die ouergesin by die skool

Die ouers het die vryheid om te kies en te besluit oor die skool waarin hulle hul kinders wil plaas, 'n skool waar die onderwys in gees en rigting aansluit by die ouerlike opvoeding in die eerste lewensjare van die kind. Volgens Van der Walt et al. (1993:22) is die kenmerk van die Christelike ouergemeenskap dat dit 'n duidelike, unieke plek en rol in die skool speel. Volgens die Christelike opvatting is die ouer (in byvoorbeeld die bestuursliggaam) 'n vennoot in die onderwys, saam met byvoorbeeld die onderwyser, die gemeenskap en die leerderkorps.

'n Dringende oproep dat ouers moet saamwerk om die onderwysprofessie op 'n baie hoë peil te hou in samewerking met die leerkragte in hoë aansien. Een van die maniere om die onderwys se status te verhoog, is om die gedragskode van onderwysers strenger toe te pas.

Die volgende faktor wat 'n invloed uitoefen op die adolessent, is die onderwys.

4.3 DIE INVLOED VAN DIE ONDERWYS

Die onderwys vervang nie die invloed van die ouer en neem nie die taak van die ouer oor nie, maar werk saam met die ouers in 'n span om die adolessent in sy totaliteit te ontwikkel. Die volgende sake word hier uitgelig: die onderwyser, die skool, godsdiensoonderrig, Kurrikulum 2005, die kind moet ingelig en nie bekeer word nie, neutrale onderwys, evolusieleer, die multi-religiebeleid vir skole, gesagsbeskouing en gesagsuitoefening, en die Christelike skool.

4.3.1 Die onderwyser

Oor die taak van die onderwyser is die stelling gemaak dat die onderwyser “ewigheidswerk” doen (P.T. Delpont, Skoolhoof van Voorspoed Laerskool, Magogong). Om die rede moet onderwysers mense wees wat die leerders “in liefde en deernis op die regte pad wil plaas en hulle wil onderrig om die regte keuses te maak” (Van der Walt et al. 1993:15). Daar word verder gegaan deur aan te toon dat die ware toegewyde onderwyser, as leier, ten eerste sal beseef dat slapheid en ’n onbesliste houding nie die eenvoudige en duidelike beginselstandpunte is om aan die ontvanklike kind oor te dra nie (Boshof 1976:11). Volgens Potgieter (1970:30) verleen simpatieke gesagsleiding aan die adolessent veiligheid, want ’n gesagsverhouding as ’n vertrouensverhouding help om vir die adolessent ’n veilige ruimte te skep vanwaar hy die wêreld tegemoet kan tree. Aangesien die leerder die onderwyser as ernstig beskou sal laasgenoemde se persoonlike belangstelling in die leerder bydra tot die leerder se gesindheid teenoor godsdiens (Stones 1977:127).

Die onderwyser het kosbare geleenthede, in en buite die skool asook in die gemeenskap, om met sy voorbeeld die kind na Jesus te lei. Volgens Potgieter (1970:46) dui die wyse waarop die skoolhoof en die onderwysers Skriflesing, gebed en sang doen, dikwels die toekomstige pad vir die kind aan wanneer hy self lees, bid en sing. ’n Skoolhoof wat by die opening van die skooldag vir tien minute lank bid, is soms ’n struikelblok vir ’n kind wat nog moet leer hoe om te bid. Deur sy eie gebed leer die onderwyser die kind hoe om tot God in die gebed te nader en deur sy voorbeeld in die sing van lofliedere, leer die kind hoe om God deur sang te loof.

Die optrede van die onderwyser in die klaskamer kan die blymoedigheid, geduld en simpatie van ’n weergeborene duidelik weerspieël. Op die speelgrond of sportveld is daar oorfloediglik geleenthede om noue vertrouensverhoudings te bou. In sulke vriendskappe kan selfvertroue, ’n goeie selfbeeld, leierskap en geestelike ontdekkings gemaak en uitgebou word tot ’n geloofsekerheid wat die kind vir die res van sy lewe sal bybly. Mooi en duidelik word die proses deur Van der Walt (1988:12) gestel: “in religion, as in other fields of education, we as teachers are from the beginning weaving the pattern for later life”, want dit is ’n geleidelike proses met blywende gevolge.

Om die adolessent te bereik moet die onderwyser die adolessent ken. Hy moet rekening hou met die kind se graad van ontwikkeling en mate van begrip, sy ondervindinge in die verlede en wat die tipiese eienskappe van die kind van daardie ouderdom is. Alleen dan sal die onderwyser in staat wees om met die kind te kommunikeer in die terme wat hy verstaan en in woorde wat vir hom betekenisvol sal wees (Van der Walt 1988:12).

Die taak van die onderwyser is dus nie net dat sy leerlinge en sy skool moet presteer nie, maar dat sy leerlinge ook nie-wetenskaplike kennis deur eie ervaring en waarneming moet opdoen. Die kind moet leer om nie alles te glo wat hy weet nie, maar moet weet wat hy glo, want wat jy glo en wat jou gewetensoortuiging is, vorm die basis van jou geloof in die Skepper. So leer die kind “kennis is mag, veral vandag, maar kennis is nie Almag nie” (Van Loggerenberg 1977:99).

Die Christelike skool se onderwysers voel hulle gebind aan die doel om die leerders as mense van God te vorm en toe te rus vir elke goeie werk. Dan kan die adolessente hulle kennis met meer insig in hierdie wêreld gebruik. Van der Walt et al. (1993:15) verduidelik verder dat die adolessent die geestelike wapenrusting van die Christen deur die opvoedende onderwys ontvang, want, sê hy, “daardeur word hulle meer weerbaar gemaak teen die aanslae van die wêreld. Sodoende word hulle ook meer toereikend gereed gemaak vir ’n lewe in diens van God en die naaste. Hierdie onderwysers gaan ook van die standpunt uit dat die leerders in die wêreld geplaas is om daarin te werk, dit uit te bou en te bewaar.

Verder moet die onderwysers in dié skool, ’n span of korps vorm wat bewustelik en doelbewus die opvoedende onderwysdoelstellings van die skool wil realiseer/bereik met die ondersteuning van die ouerhuise en die kerke (Van der Walt et al. 1993:15).

“Die Christelike skool word daardeur gekenmerk dat almal wat daarby betrokke is, en spesifiek die onderwysers, in ’n persoonlike verhouding tot God staan. Die leerders beseft dat hulle God moet ken, liefhê en dien, en dat hulle in ’n verbondsverhouding met Hom staan (Van der Walt et al. 1993:14). Slegs die Christenonderwyser wat hom voor die gesag van God buig, kan die leerders vanuit hulle afvallig religieuse rigting terugbring na die ware God. Hieruit blyk dit duidelik dat die onderwyser van die skool ’n sleutelrol te vervul het.

4.3.2 Die skool

Die Christelike skool erken die kind as iemand uniek en gebruik die beskrywing van die kind deur Jesus self in Markus 9:35-37. Die kind is die beeld van God en daarom volwaardig mens. “Die Christelike skool waak dus met mening daarteen om ’n onderwysfabriek te word en poog om die uniekheid van elke adolessent in elke fase te erken” (Van der Walt et al. 1993:15).

Shelton (1984:201) vra op sy beurt of die skool aan die adolessent ’n uitdagende atmosfeer vir die toekoms bied? Hierteenoor blyk dit volgens Claassen (2000:1) dat die onderwyskrisis ’n negatiewe impak op die toekomsverwagting van ons land en sy adolessente het. Verder vra hy: Word in die skool aan al die aspekte van die adolessent se lewe aandag gegee? Deur gewetensvorming is dit absoluut noodsaaklik dat die opvoeder moet help dat “die gemeenskap of die volk se waardes en norme gesinkroniseer word met God se Woord, want die kinderlike gewete kan nie aan die hand van twee stelle norme gevorm word nie” (Potgieter 1970:30). Uit die Christelike oog beskou, behoort die opvoeding altyd normsentries te wees.

Behalwe die opbou van akademiese vermoëns, kan die kind se ondervinding in die skool ’n belangrike rol speel in sy gevoel oor sy eie bekwaamheid en sy eiewaarde, beide in die algemeen en wat betref akademiese eiewaarde en op geestelike gebied. Skoolmaats en onderwysers lewer konstant kommentaar oor wat en hoe die adolessent iets doen, byvoorbeeld: “Jy het vanoggend waarlik met jou voordrag van die geestelike boodskap, daaraan reg laat geskied” (Daehler 1992:659). Heel paslik word daar vervolgens na die godsdiensonderrig verwys.

4.3.3 Godsdiensonderrig

Die skool se godsdiensonderrig sluit aan by die godsdiensopvoeding in die ouerhuis. Met ander woorde, godsdiensonderrig is ’n verlengstuk van die adolessent se geestelike ervarings wat deur sy/haar ouers moontlik gemaak is.

Daar is veral drie weë waarlangs die kind tot kennis van God kan kom, naamlik die opvoeder, die Bybel en die Heilige Gees. Vanuit hierdie drie bronne leer die kind God ken en hy

verdiep en verbreed hierdie kennis in sy persoonlike ontmoeting met hierdie drie dinge, die medemens en Christus. Die Christen leef in Christus vir God. Potgieter (1970:29) verduidelik dat die opvoeder in die eerste plek moet beseef dat Christenwees 'n lewenswyse is en nie slegs 'n religie of leer wat aanvaar word nie.

Christenwees beteken om jou in elke keuse of handeling te laat lei deur die liefde van Christus. Die Christen leef in Christus vir God. Die opvoeder bring dus nie die Evangelie na die kind nie, maar hy leef die Evangelie na die kind toe (Potgieter 1970:29). Die opvoeder dek die kennis oop via die Bybel en sy interpretasie daarvan en via sy eie lewe. Deur kinders op te voed in die vrees van die Here, kom hy nie slegs die doopbelofte na nie, maar antwoord hy ook op sy geroepenheid.

Die taak van die opvoeder eindig nie by die oopstelling en interpretasie van die Bybel nie, maar gaan steeds voort in die vorm van hulp, steun en leiding in sy op-pad-wees na volwassenheid toe. Hierdie hulp en leiding is nie net godsdienstige hulp nie, maar is steun aan die kind deur aanvanklik vir die kind te kies, later saam met hom keuses te maak en uiteindelik terug te tree sodat die kind by die bereiking van volwassenheid selfstandig beslissinge kan maak. "Christelike opvoeding sluit opvoeding in sy totaliteit in" (Potgieter 1970:29). Christelike opvoeding vra na 'n gerigtheid op die hede sowel as op die uiteindelijke toekoms van die kind. Dit sluit dan ook die hiernamaals in.

Godsdiensoonderrig moet aangepas word om sodoende 'n betekenisvolle sosiale en geestelike rol te speel. Of 'n seun of dogter die uitdaging van die later ontwikkeling sal baasraak, hang daarvan af hoe hy of sy onderrig en gehelp is om vroeëre probleme aan te durf. Dus, in godsdiensoonderrig sowel as ander rigtings in die opvoeding, is die onderwysers van die begin af besig "om die patroon vir die later lewe te weef" (Van der Walt 1988:12).

In die Christelike skool moet die leerders ten diepste gelei word tot 'n persoonlike ontmoeting met God en tot diensbaarheid aan God en die naaste (Van der Walt et al. 1993:12). Die Christelike lewensbeskouing moet met letterlik alles in die skool geïntegreer word. Hierdie integrasie hou dus baie meer in as bloot die gee van Bybelonderrig en Christelike saalopeninge.

Die adolessent ervaar belangrike fisieke veranderinge (3.2.1) soos die ontwikkeling van die seun in 'n man en die dogter in 'n vrou. Die behoefte ontstaan nou om hierdie magte te verstaan, te evalueer en te dissiplineer. Nou moet die leerder onderrig word hoe om selfbeheer te beoefen, verantwoordelik op te tree, vryheid te ervaar en die lewe in sy verskeidenheid en volheid te geniet (Van der Walt 1988:14).

4.3.4 Kurrikulum 2005

Steyn (2001:8) in *Roeping en Riglyne*, stel dit duidelik wat Kurrikulum 2005 beoog, naamlik “die bereiking van pragtige en hoë ideale soos in die benaming uitkomsgebaseerde opvoeding beliggaam: leerders sal in analitiese en skeppende denkers ontwikkel, hulle sal probleme kan oplos, effektief met mekaar kan kommunikeer, hulle sal opgelei word om in groepe te werk, en die onderwys sal 'n meer skeppende en innoverende beroep word”. Maar, sê hy, hierdie doelstellings behels vaardighede op die hoogste kognitiewe denkvlak. Ten spyte van die feit dat die Onderwysdepartement die indruk skep dat Kurrikulum 2005 'n nuwe benadering in die onderwys is, is bovermelde doelstellings reeds vir jare in baie skole nagestreef.

Steyn (2001:8), oudsuperintendent van Onderwys, verduidelik verder in *Roeping en Riglyne* dat een van die belangrikste probleme of punte van kritiek teen die implementering van Kurrikulum 2005, die afwesigheid van godsdiensonderrig en moedertaalonderrig is.

Na aanleiding van hierdie eksperimentering van die Onderwysdepartement, verwys Du Plessis (2001:18) in *Roeping en Riglyne*, na sy navorsing oor skoolonderwys in die USSR: dat die Sowjet-onderwys hierdie eksperimentele benadering met rampspoedige gevolge vir die land geïmplementeer het en weer teruggekeer het na die tradisionele onderwys met konvensionele onderrigmetodes. Skaars drie dekades later is die Sowjet-Unie 'n toonaangewende nywerheidsstaat. Hy stel dit egter duidelik dat die Stalin-owerheid 'n duidelike plan met die onderwys gehad het, met duidelike doelwitte en doelgerigte, planmatige bestuur.

Asmal (2001:1) die destydse Minister van Onderwys, het soos volg verklaar: “Hierdie kurrikulum moet die land genees van die nalatenskap van Christelik-nasionale onderwys.” Is dit die doel van Kurrikulum 2005 om ook ons land se toekomstige adolessente, en daarmee saam die toekomstige volwassenes, sonder hul geloof in Jesus Christus die wêreld in te stuur?

4.3.4.1 Die kind moet ingelig, nie bekeer word nie

Lubbe (2001:15), raadgewer van die voormalige Minister van Onderwys, staaf dat die skeiding tussen geloofsonderrig en onderrig oor godsdiens vasstaan. Hy is van mening dat niks daaraan verander sal word nie. In *Die Burger* is die opskrif gebruik: “Kinders moet ingelig, nie bekeer word nie”. Dit is sover dit die uitkomst van die kurrikulum raak. Lubbe dink die moontlikheid is nie uitgesluit nie dat verskillende groepe in ’n gegewe periode na verskillende klaskamers kan gaan en daar onderrig in hul eie godsdiens kan kry. Hy verwys na ’n opmerking in die Grondwet (art. 1512) waarvolgens skoolgeboue beskikbaar gestel kan word vir godsdiens, mits dit buite skoolure geskied. Die geriewe is vir almal beskikbaar wat aansoek doen. Die ware godsdiens geskied dus buite die skoolkurrikulum – want multi-religie-onderwys kry voorkeur in die kurrikulum.

4.3.4.2 Studie van ‘ander’ godsdienste nooit neutraal nie

“Studie van ‘ander’ godsdienste is nooit neutraal nie.” Hierdie sterk uitspraak kom van Chrissie Steyn (2001:15), dosent in die Departement Godsdienswetenskap aan UNISA. ’n Mens leer meer aangaande jou eie tradisie en jouself wanneer jy meer aangaande ander leer. Sy beweer dat die voorgestelde beleid ’n opvoedkundige aktiwiteit en nie ’n religieuse aktiwiteit is nie. Dit beteken nie dat die staat negatief teenoor godsdiens ingestel is nie. Intendeel, die Grondwet toon dat die staat baie positief staan teenoor godsdiens en aan alle burgers die reg van geloof, denke en mening gee. Die staat erken die multi-religieuse samestelling van die bevolking en bevoordeel geensins een geloof bo ander nie.

4.3.4.3 Wat is neutrale of sekulêre onderwys?

Stoker (2002:9) verduidelik hierdie begrip: “Dit is onderwys wat ewe goed aan kinders van Moslem-, Hindoe- en Afrika-godsdienste, of aan ateïstiese of agnostiese kinders gegee kan word.” Nog verder: “Neutrale onderwys dra sekulêre kennis oor. Dit is kennis wat in ’n taal oorgedra word waarin geen verwysing na enige god gemaak word nie.” Hierdie kennis word in die openbaar meegedeel sonder om na God te verwys. In die Biologie-klas word dus nie genoem dat mense, diere en plante deur die Skepper geskape is nie. Die antwoord wat aan die kind gegee word oor waar alles vandaan kom, is net eenvoudig (in ’n evolusionistiese sin) asof God nie bestaan nie.

4.3.4.4 Wat is evolusieleer?

In die Biologie het die woord *evolusie* volgens Stoker (2002:10) die betekenis van die *ontstaan of totstandkoming van plant- en diersoort, hetsy geleidelik of sprongsgewyse, uit ouer vorme... Die mens wat uit die dier ontwikkel, het ook verstandelike, logiese en geestelike vermoëns bygekry. 'n Evolusionistiese ontwikkeling van die mens se geestelike vermoë uit dierlike instinkte is vandag 'n lewendige wetenskap in die Psigologie en die nuwe Teologie.*

Die sekulêre mens aanvaar vandag dat hy van die dier afstam, dat hy biologies, anatomies, fisiek en chemies na die beeld van die dier gevorm is.

4.3.4.5 Die multireligiebeleid vir skole hou 'n bedreiging in vir die Christelike onderrig

Van Niekerk (2001:7), vroeër verbonde aan die Buro vir Kurrikulering en Evaluering, dui aan:

Die Christelike godsdiens is nie 'n wettiese godsdiens met vaste voorskrifte, wette en rituele wat as riglyne dien om vir gelowiges geloofsekerheid te gee nie. Dit is 'n genadegodsdiens waarin moeilike, abstrakte teologiese begrippe stelselmatig bemeester moet word. Daarom neem 'n Christenkind langer om verby die 'melkosstadium' en tot by die 'vastekosstadium' uit te kom.

Volgens Van Niekerk is die vaslegging van kennis van hulle godsdiens by hul kinders vir mense van die meeste godsdienste belangrik. Die Britte het gesien waartoe die pad van multireligieopvoeding na net 21 jaar gelei het. 'n Opname in 1996 het getoon dat bitter min jong Britte nog lees of iets weet en begryp van die Paasgebeure. In die daaropvolgende konsternasie het ouers die skuld op die kerk gepak, die kerk het vingers na die skole gewys en die skole het die "multifaith religion education" geblameer. Hiermee stem Van Niekerk ten volle saam en sy voeg by dat die nuwe godsdiensbeleid tot 'n verskraling van kinders se kennis en begrip van hulle eie godsdiens sal lei al is dit nie die doel van die dokument nie. Dit is geen twyfel nie. Riekert (2002:10) skilder verder aan hierdie donker prent deur te beweer dat: "Christelike vakonderwys mag 'n blote droom word as ons Bybelonderrig op skool verloor en daarmee saam die vryheid om Christus te dien met hoof en hart."

Die vraag is nou hoe die onseker, verwarde jong kinders se geestelike lewe na 10 of 20 jaar sal wees, aangesien hulle nie meer in hulle vormingsjare intensiewe onderrig en baie koestering in hul eie godsdienste gekry het nie.

Van Niekerk (2001:7) waarsku dat die beleid eintlik 'n monoreligiemodel voorhou waarmee die Minister 'n hele nasie wil dwing om net een "godsdienst" aan te kleef: versmelting van godsdienstgroepe met humanisme as god.

4.3.5 Gesagsbeskouing en gesagsuitoefening

Die aftakeling van gesagsuitoefening in skole bedreig ook Christelike onderwys. Gesagsuitoefening in skole bring 'n gevoel van veiligheid, sekuriteit, geborgenheid, respek en liefde mee vir die gesagstoepasser. Dit is egter slegs die geval as gesagsbeoefening gepaard gaan met insig en regverdigheid. Van der Walt et al. (1993:21) stel dit so: "Sondige en swak mense bemoedig en korrigeer mekaar in die Christelike skool en in hierdie aktiwiteit is ook gesag veronderstel." Die leerders moet die gesag aanvaar wat in liefde uitgeoefen word, ten einde sonde self te leer ken en aanvaar. Geborgenheid van 'n leerder beteken iets soos om iemand veilig te maak, te koester, veilig weg te sit en te beskerm. Die onderwyser wat in die regte religieuse verhouding tot God staan, kan sy of haar geroopenheid juis voel in die mees ongunstige omstandighede. Die dryfkrag van die Goddelike roeping is so sterk dat dit die self en ander rondom 'n mens uit die moeras van moedeloosheid, frustrasie en ongeborgenheid kan trek.

"Vir die onderwyser moet die vrede van God self in alles in die skool bemerk kan word. Slegs in so 'n klimaat kan ware en indringende Godsdienstonderrig en Skrifgefundeerde vakonderrig gegee word" (Van der Walt et al. 1993:13). God kan slegs in so 'n oase van rus en vrede waarlik ontmoet word. Deur die geborgenheidsgevoel van onderwysers te versterk, kan verseker word dat opvoedende onderwys in skole kan plaasvind.

Die waarlik geroepe onderwyser sal weet dat die pedagogiese verhouding met die leerder bemoeienis met die opvoeding impliseer. Hierdie bemoeienis kan die volgende fasette insluit: leiding, toerusting, vertrouwe skepping, struktuering, instaatstelling, ontplooiing en dissipelskap (Van Brummelen 1988:28 e.v.).

4.3.6 Die Christelike skool toets die gees van die tyd krities

Die Christelike skool skroom nie om as 'n kenmerk van die skool die gees van die tyd te toets nie. Die rede is, volgens Van der Walt (1993:24), omdat dit 'n sterk invloed kan hê, veral in hierdie geval op die adolessente

sonder om die leerders van die samelewing te isoleer. Hulle moet onderrig word om die voor- en nadele sowel as die moontlikhede van die samelewing te verstaan en te deurgrond. Leerders in die Christelike skool word dus beskerm en nie afgeskerm nie. Die ontmoeting met die vreemde geskied vanuit die geborge ruimte van die eie. Die mate van geborgenheid is ook bepalend vir die mate en die tempo waarteen die kind bereid sal wees om met die vreemde kennis te maak.

Die invloed van die onderwys op die adolessent se geloofsekerheid, is duidelik uiteengesit in die voorafgaande aspekte wat bespreek is. Naas die ouers en die onderwyser, is die portuurgroep die faktor met die sterkste invloed op die adolessent se geloofsekerheid.

4.4 DIE INVLOED VAN DIE PORTUURGROEP

Die portuurgroep speel 'n baie belangrike rol by die adolessent se identiteitsvorming (Manaster 1977:130; Atwater 1983:171). Ausubel (1968:425-429) wys weer daarop dat die self en identiteitsvestiging teen 'n stabiele verwysingsraamwerk moet geskied. Die portuurgroep vorm vir die adolessent hierdie raamwerk, of dra daartoe by.

Om die moontlike invloed van die portuurgroep beter te verstaan, is dit nodig om eers kennis te maak met die struktuur en samestelling van die portuurgroep.

4.4.1 Die samestelling van die portuurgroep

Eerstens word die struktuur en die samestelling van die portuurgroep uiteengesit. Dit is soos volg:

- 'n Los groep is 'n groter, meer diffuse en onpersoonlike groepering.
- Die kliek is 'n kleiner groepie (3 tot 10) lede. Dit vorm 'n soort beskerming en 'n toets vir die jong persoon se ontwikkeling in sosiale oortuigings en persoonlike waardes. Dit is aanduidend van individuele vriendskappe. Dit het baie betekenis vir die adolessent.

Hierdie intieme vriende kan 'n sterk terapeutiese raamwerk bied. Die adolessent het 'n behoefte aan so 'n raamwerk terwyl hy aan invloede blootgestel is.

4.4.2 Vier moontlikhede van beïnvloeding

Smith (1985:131) noem vier logiese moontlikhede vir die ontwikkeling van die invloed van maats en ouers gedurende adolessensie. Eerstens bly die ouers se invloed, soos in die jong kind se lewe, sterk en geen merkbare verandering sal gedurende die periode verskyn nie. Tweedens bestaan die moontlikheid dat die ouers se invloed sal afneem en deur die van die maats vervang sal word. Dit mag dan adolessensie as 'n eiesoortige ouderdomsgroep sien wat in 'n sekere mate in opposisie met volwassenes is. Die derde moontlikheid is dat die ouers se invloed in sommige areas sterk sal bly, maar in ander areas deur die invloed van die maats vervang sal word. Vierdens bestaan die moontlikheid dat ouers se invloed kan afneem, maar nie deur die invloed van maats vervang sal word nie. Tog speel die maats of portuurgroep 'n rol in die adolessent se identiteitsvorming.

Hickman (1971:131-156) beweer dat baie literatuur maats en portuurgroepe as die vernaamste invloed van die gedrag van die jeug en hul waardes sien. Dit is veral in die "jeugkultuur"-literatuur duidelik. Adolessente is uiters begerig om die goedkeuring van hul maats te ontvang. Gevolglik word waardes en voorkeure wat as kenmerkend van adolessensie waargeneem word, versterk.

Die invloed van die portuurgroep op die adolessent se geloofsekerheid is duidelik uiteengesit aan die hand van die struktuur en samestelling van die portuurgroep, moontlikhede vir die ontwikkeling van invloede gedurende adolessensie en positiewe en negatiewe effekte van die portuurgroep.

Deur Rice (1984:363) se navorsing word dit duidelik dat die adolessent se vriende die belangrikste bron oor seksuele sake is, tweedens die skool, derdens boeke en tydskrifte en vierdens die ouers. Dan is dit skokkend om te noem dat slegs 8% die kerk as bron van inligting en voorligting van seks genoem het.

Volgens Manaster (1977:130) het die gesin en die portuurgroep die grootste uitwerking op die adolessent, maar dan is daar ander sosiale magte soos kultuur, opvoeding, woongebied en

politieke situasies wat ook 'n invloed het. Belangrik is dit dat die portuurgroep 'n groot invloed op die ontwikkeling van die adolessent se seksuele gedrag het. Samtrock (1983:401) beweer dat die adolessent vir sekere sake meer onder die ouers se invloed is, terwyl hy vir ander sake meer onder die invloed van die portuurgroep is. Vir basiese waardes en beroepskeuses word die invloed van ouers aanvaar, maar by die portuuraktiwiteite geld die invloed van die portuurgroep.

Verder beweer Samtrock (1983:402) dat sake oor die toekoms aan die wense van die ouers oorgelaat word, terwyl die invloed van die portuurgroep vir huidige sake deurslaggewend is. Wanneer ouers of die portuurgroep op mekaar se terrein beweeg, kan spanning tussen die ouers en die adolessent ontstaan en selfs groter word. Dit is dus duidelik dat positiewe sowel as negatiewe invloed deur die portuurgroep na vore kan kom.

4.4.2.1 Positiewe invloed

Die portuurgroep het nie net 'n negatiewe invloed nie. Dit verskaf ook betekenisvolle en bevredigende verhoudings naas die gesin, wat nodig is vir gebalanseerde ontwikkeling. Clairmont (1997:179) stem volkome saam dat vriende nodig en belangrik is. "Ek het ook geleer dat vriende belangrik vir 'n goeie opvoeding is. Vriende is dikwels soos 'n liniaal wat God gebruik om ons mee aan te por sodat ons regop sit of nie uit ons beurt praat nie."

Verder is daar volgens Atwater (1983:161) nog positiewe effekte en funksies soos: dit help met die losmaakproses en die oorgang tot selfstandigheid, die oorgang na selfstandige keuses asook die uitvoering van hierdie keuses word bevorder (Atwater 1983:187; Algemene Jeugkommissie 1989:22). Dit voorsien volwasse-tipe verhoudings met die nodige kompetisie (volwasse-tipe verhouding), dit vorm 'n verwysingsgroep waarmee eie gedrag beoordeel kan word (verwysingsgroepbeoordeling) en waarvolgens besluite geneem moet word met betrekking tot wanneer om te konformeer en vir die adolessent is dit baie belangrik om binne 'n ouderdomsgroep aanvaar te word.

Konformerings is vir 'n adolessent belangrik, te wete om dieselfde dinge te doen, op dieselfde manier te praat, dieselfde houding te hê, eenders aan te trek en min of meer dieselfde belangstellings te hê. Daarby wys Field et al. (1995:133) daarop dat die literatuur toon dat die

adolessent met ondersteunende vriendskappe sterker eiewaarde het, minder depressie ontwikkel en beter in die skool kan aanpas.

Portuurgroepe bied sekuriteit en 'n gevoel van veiligheid (Siegel & Shaughnessy 1995:218). Ook help portuurgroepe met die sosiale aanpassing. Atwater (1983:187) beweer dat die adolessent deur middel van die portuurgroep die geleentheid kry om sosiaal doeltreffender te funksioneer, sy kommunikasie te oefen en dit bied geleentheid vir die ontwikkeling van (heteroseksuele verhoudings), interpersoonlike vaardighede en die aanleer van nuwe rolle. Dit help met die aanleer van morele standaarde en rolverwagtings wat deur sy betrokke samelewing verwag word. Portuurgroepe dien ook om die adolessent krities teenoor homself te maak (De Jongh van Arkel 1989:102). So leer die adolessent om sy eie waardestelsel op te bou. Ook bied die portuurgroep 'n gevoel van status en prestige, veral as die groep aansien by ander het (Olson 1984:47).

4.4.2.2 Positiewe gevoel

“Die kwaliteit van ervaring van die portuurgroep se sosiale stelsel hang saam met die positiewe terugvoering, die harmonie en duidelikheid van doelstellings, en die gevoel van vryheid en openheid wat daarbinne heers. Hoe meer hierdie dinge teenwoordig is, hoe meer sal adolessente dit geniet om in 'n groep te wees en hoe groter sal hulle motivering wees om aan die groep deel te neem” (Csikzentmihalyi & Larson 1984:165). “Dit is juis hierdie dinge wat heel dikwels tot gevolg het dat adolessente meer positief voel oor 'n portuurgroep as oor hulle ouers” (Csikzentmihalyi & Larson 1984:306).

Ausubel (1968:9) verduidelik dat dit dan ook te verstane is dat die adolessent geborge is in die groep. Hier volg nou verskeie redes waarom adolessente by die portuurgroep aansluiting probeer vind:

- Dit voel onveilig buite die groep (Garbers 1983:59);
- Hulle soek na sekuriteit in vriendskap; en
- Hulle vrees verwerping (Coleman 1974:107).

4.4.2.3 Nadelige, negatiewe en skadelike invloed

As die groep die adolessent verwerp, kan sy sosiale ontwikkeling ernstig belemmer word omdat hy afhanklik is van die groep se goedkeuring en aanvaarding vir sy selfwaarde. "Adolessente met eienskappe soos lae selfvertroue, teruggetrokkenheid, selfgesentreerdheid, sarkasme en takteloosheid ontwikkel 'n sosiale isolering deur die portuurgroep se verwerping" (Grobler 1997:159). Groepsdruk kan lei tot antisosiale gedrag. Groepsdruk kan 'n gevoel van eksklusiwiteit veroorsaak. Die ontwikkeling van die adolessent se individualiteit en identiteitsvorming kan dikwels beperk word. As die portuurgroep se norme en gedrag verskil van die adolessent se ouers, kan konflik ontstaan.

Vervolgens word die invloed van die kerk op die adolessent se geloofsekerheid nou uiteengesit.

4.5 DIE KERK SE INVLOED OP DIE ADOLESSENT SE GELOOFSEKERHEID

Aandag sal nou geskenk word aan die invloed van die kerk op die adolessent se geloofsekerheid. Die snelle verandering het ons kerke en hul lidmate in 'n identiteitskrisis gedompel en dit is belangrik dat die aspek meer aandag geniet.

4.5.1 Die kerk in 'n identiteitskrisis

"In 'n poging om oplossings te vind vir die huidige moeilikhede, byvoorbeeld die identiteitskrisis, gryp talle gemeentes in hierdie moeilike omstandighede na modelle van gemeente-wees uit ander tradisies (byvoorbeeld die charismatiese en sekere Amerikaanse modelle), waarmee ook 'n teologie ingekoop word wat vreemd aan die reformatoriese tradisie is. Die implikasie hiervan is dat jy 'n godsdiens beoefen wat (hoofsaaklik) op die emosionele vlak lê en slegs in jou persoonlike lewe van betekenis is" (Pieterse 1997:64). Is die voorafgenoemde identiteitskrisis waarin die kerk hom nou bevind, een van die redes, of miskien die hoofrede, waarom die bestaan van die kerk bevraagteken word?

4.5.2 Sonder die regte kerklike metodes, is die bestaan van die kerk in gevaar

In *Ons Jeug* word beweer dat daar 'n gevaar vir die kerk bestaan om in een geslag uit te sterf, tensy die kerk daarin slaag om sy geloof aan die nuwe geslag oor te dra (Prins 2000:2). Volgens Jordaan (2001:4) kan die kerk se bestaan in gevaar wees as dwaalleraars toegelaat word om vrylik hul verwarring in die openbaar te saai. Ook Janse van Rensburg (2002) spreek soos volg sy besorgdheid uit in *Roeping en Riglyne*: “Die kerk moet hom ‘distansieer van dwaalleraars’.”

Kerke oor die hele wêreld heen soek oplossings hoe om die boodskap van die Woord van God doeltreffend aan die adolessent oor te dra. 'n Belangrike vereiste daarvoor is 'n deeglike kennis van die adolessent. Vir persoonlike geloofsgroei van jong lidmate en vir die opbou van die kerk, is dit absoluut noodsaaklik om adolessente meer by dienswerk te betrek.

Dit is uiters belangrik vir die adolessente dat die uniekheid van die Christelike Evangelie beklemtoon moet word en dat dit nie maar net nog 'n godsdiens tussen al die ander godsdienste is nie. Verder word die kerk gemaan om op 'n doelbewuste, deeglik beplande wyse en met deurlopende aandag, sekere sake te hanteer. Dit is sake met betrekking tot die huisgesin, die kerk en die gemeenskap wat in die verlede normaal verloop het, maar nie meer tans nie. Prins (2000:2) wys ook daarop dat baie van die kerklik betrokke adolessente nie meer die Bybel lees nie, selfs al bid hulle. Dit is die rooi lig van ernstige geloofsvervlakking. Sou dit een van die gevolge wees van die kerklike metodes wat gefaal het?

In verband met die metodes van die kerk, wys Davis (1986:267) daarop dat indien die aard van die adolessent se geestelike behoeftes nie verstaan word nie, die pogings om hulle te kerkiseer, ontoereikend sal wees. Hulle probeer om sekere gelowe of leerstellings van geloof in die adolessent se kop in te dril, sonder om op die werklike essensie van sy vrae of omstandighede ag te slaan; of daar word aan al die ander probleme van die adolessent soos seksualiteit, ouers en kamerade se verhoudings en beroepe, wat niks met godsdiens te make het nie, aandag gegee. Hy voel egter oortuig dat die adolessent se soeke na waarheid eg is. “However, the spiritual questionings and needs of adolescents are very real” (Davis 1986:277).

4.5.3 Simbole verskaf identiteit en geborgenheid

Pieterse (1997:66) verwys na waardes van simbole in die erediens. Dit, sê hy, sal die adolessent in aanraking bring met die lewende Jesus Christus.

“Die mens van ons tyd, veral in die situasie waarin die Afrikaanssprekendes verkeer, het ’n diepe behoefte aan kontak en kommunikasie met God. Mense smag na ‘liturgiese ervaring waarin daar ’n belewenis van ’n ontmoeting met God ervaar kan word. Aandag aan simbole in die erediens het dus in ons tyd noodsaaklik geword” (Pieterse 1997:65). Die mens leef in en uit die verwysingskrag en kommunikasie van simbole. Dit verskaf identiteit en geborgenheid. Mense is van nature geneig om die indirekte taal van simbole op te vang en daardeur word die verbeelding gevoed en gesterk” (Ricoeur 1973:220-221).

“Die kommunikatiewe krag van simbole lê daarin opgesluit dat dit na wêreld verwys wat buite ons sigbare werklikheid bestaan. Simbole reageer as’t ware op die behoefte van die individu en die gemeente aan iets diepers, as dit wat anderkant ons werklikheid lê. ’n Onuitspreeklike werklikheid deur die funksie van simbole” (Otto 1982:125).

Simbole in ons erediens moet verwys na die heildade in en deur Jesus Christus. Die simboolkommunikasie moet ons dus in aanraking bring met die lewende Woord, Jesus Christus, en is slegs ’n ondersteuning van die boodskap van die Skrif. Simbole moet getrou wees aan die kultuur, tradisie en beleweniswêreld van die gemeente. ’n Simbool wat in ’n ander kultuur impak het, kan nie net so oorgeplaas word in ons ervaringswêreld en kultuur nie (Pieterse 1997:66).

Met simbole in die liturgie word bedoel dinge soos die nagmaalsbrood en wyn, die tafel en die font (doop), die kruis, ensovoorts. Die kerklike toga van die liturg het ook simboliese waarde. Dit is ’n tradisie en simbool wat vanaf die kleed van die hoëpriester uit die tyd van die tabernakel kom en dwarsdeur die hele Joodse en Christelike tradisie loop (Pieterse 1997:63). Soos die simbole voortvloei deur tradisie, sal die kerk ook steeds volgens tradisie voortbou op nuwe moontlikhede.

4.5.4 Moontlikhede vir die kerk

Die onderwyskrisis het 'n negatiewe impak op die toekomsverwagting van ons land en sy jongmense. Claassen (2000:1) is egter van mening dat die “[o]nderwyskrisis unieke geleenthede vir die kerk skep”. Die kerk is in 'n gunstige posisie om aan die verwagtings te voldoen, want die skool en kerk bedien dieselfde gemeenskap. Leerders, opvoeders en ouers is lidmate van die kerk en godsdienstige vorming, sowel as opvoeding, het te doen met die oordra van waardes en norme. Die kerk kan die geleenthede aangryp om 'n baie belangrike rol te speel op die gebied van godsdienste. Die huidige kurrikulum bied heelwat moontlikhede in hierdie verband. Predikante en pastore uit die gemeenskap word die geleentheid gegee om op 'n vaste basis temas tydens periodes te hanteer. Dit gaan egter om meer as net saalopeninge.

Die verwagting van die kerk is om op probleemareas soos die gebrek aan dissipline, morele verval en 'n geslagskrisis te fokus. Dit bied 'n besondere geleentheid aan die kerk om te presteer en hom in die toekoms te vestig vir wat hy is, 'n onmisbare vennoot van die onderwys. Verder word genoem dat die kerk moet hou by die woorde van Jesus in Johannes 10:10: “I have come that they may have life and have it to the full” (volgens Chamberlain 1979:321).

4.5.4.1 Aandag aan gesinne

Die kerk, gesinne en die onderwys is vennote in die opvoeding van kinders en daarom adolessente. Die goeie nuus word aangekondig dat gesinne weer “in” is. Dit word duidelik deurdat kerke weer begin besef: “Gesinne kan met reg beskou word as die boustone van gemeentes” (Pretorius 2000:5). Verder sê hy dat kerke nou besef dat die jeug nie in afsondering van gesinne bedien kan word nie. Baie belangrik is dit dat die kerke moet besef dat as die gesin bedien word, die gemeente terselfdertyd bedien word.

Om gesinne te bedien moet die gemeente en aktiwiteite rondom die gemeente gesinsvriendelik wees. Verskeie voorstelle word gemaak, byvoorbeeld, huisbesoek moet weer deur leraars ingestel word, want dan is die ouers sowel as die jeug teenwoordig; wanneer jeugkampe gehou word, moet die gesinne die Sondag saam met die jeug aanbid. So deel die ouers en die res van die gesin in wat die jeug beleef en ervaar het.

“Die sewe familiegewoontes”-kursus bied praktiese wenke vir vir gesinne aan oor die alledaagse lewe met die Here. Dit word gedoen met lesings en gesprekke tussen ouers en kinders wat mekaar help om hulle geloof te bou. Ook word verskeie opwindende aktiwiteite wat hulle saam kan doen om die gesinslewe te versterk, aangebied. Alles is baie eenvoudig en prakties sodat enige gesin daarby kan baat. So kan doeltreffender gesinsbediening dan ontwikkel.

Deur die voorafgenoemde kursus kan adolessente wat na die waarheid van Jesus soek, maklik opgespoor word, sodat hulle hulp kan kry.

Die belangrikste metode bly egter persoonlike kontak (Gous 2000:6). Dit kan ’n slagspreuk wees vir die kerk in sy benadering van die adolessente.

4.5.4.2 Die adolessent

Daar word van die kerkverband waaraan die adolessent behoort, verwag om die innerlike godsdiens te beïnvloed, want vanaf sy doop behoort die adolessent aan die kerk (Potvin & Lee 1982:134). Dit is dus die kerk se taak om saam met die ouers verantwoordelik te wees vir die adolessent se redding en sy geloofsekerheid. Die kerk het die adolessent as jong kind in die Sondagskool en later ook in die katkisasiëklas gehad. Daar is kosbare geleenthede op hierdie pad van die adolessent se geestelike ontwikkeling na sy geloofsekerheid. Adolessente word dikwels op hul doen en late beoordeel in plaas van hulle geloof. Tog, toon studies van adolessente dat hulle belangstelling in godsdiens eerder deur hul gesindhede as hul deelname aan godsdienstige aktiwiteite openbaar word, hoewel die meeste die kerk net so dikwels as hulle ouers besoek in hul soeke na die waarheid (Hurlock 1973:226).

Die adolessent soek in die leraar van die kerk ’n persoon wat hom help met die groeiende spanning as gevolg van onbereikte ideale van morele doelstellings. Die leraar kan help met gesprekvoering en nie voorskriftelike nie. Die adolessent is oop vir rigtingwysing, maar nie vir voorskrifte nie (Knight 1969).

Die leraar is oorgelewer as ’n oneffektiewe raadgevende bron as die adolessent eersgenoemde se taak sou sien as een van veroordeling in plaas van aanvaarding en troos. As

die kerk se belangrikste manier om probleme op te los veroordeling is, kan die adolessent die leraar as die laaste moontlike bron vir hulp sien.

Wagner (1978:354) redeneer dat dit moeilik is om te kom tot betroubare gevolgtrekkings oor die rol wat die kerk in die lewe van die adolessent speel. Die probleem word vererger omdat dit onmoontlik is om die kerk as 'n enkele faktor in die ervaring en agtergrond van die adolessent af te sonder. Uit die literatuur kry 'n mens die indruk dat, sover as wat dit die kerk aangaan, die adolessent se probleem vandag nie net een van godsdienste is nie, maar een van kerkorganisasie en -administrasie. Georganiseerde godsdienstige gesag behandel adolessente dikwels op dieselfde manier as wat hulle klein kindertjies behandel.

Tradisioneel het die kerk die adolessent gehelp om 'n lewensbeskouing te formuleer. Baie adolessente voel vandag dat georganiseerde godsdienste nie op hulle of die wêreld waarin hulle lewe van toepassing is nie. Verder voel hulle hul behoeftes word nie deur die kerk bevredig nie. Tog, wil die adolessent nie hê dat die kerk sy betekenis as 'n plek van aanbidding en eerbied verloor nie. Hulle verwag egter van die kerk om hulle te help om hul belangrike probleme op te los. Daar word waargeneem dat alhoewel kerkbesoek gedurende die adolessensiejare afneem, die belangstelling in godsdienste en sedes hoog bly. Skynbaar word dogters meer geaffekteer deur die emosionele aantrekkingskrag van die godsdienstige lewe. Baie adolessente voel dat georganiseerde godsdienste die individuele persoon uit die oog verloor (Wagner 1978:354). Die voorafgenoemde gedagtes en gevoelens lei tot adolessente se vrae wat wag op antwoorde.

4.5.4.3 Die adolessent se "vrae"

Ook word daarop gewys dat adolessente hul ouers se kerk verlaat omdat hulle nie daar antwoorde op hul vrae kry nie, maar wel in 'n ander kerk. Hurlock (1973:226) dui aan: "It would seem likely that this would foster a growth in one's religious attitudes and participation, not a decline." In sulke gevalle voel ouers seergemaak omdat die adolessent hulle kerk verlaat het en die adolessent nou hul godsdienste geloof prysgegee het. Vandag se jeug vra vrae oor godsdienste omdat hulle 'n deurlopende lewensbeskouing soek om hulle te lei en gemoedsvrede te gee.

Soos Billy Graham sê: "More than they want things, they want to know how to face life, how to find the meaning and purpose they are seeking." Verder voeg Wagner (1978:351-352) by: "They seek a more meaningful association; a religion to live by and one that works practically for them; one which they can easily identify and which relates to the problems they meet in their everyday social lives." Baie kerke slaag nie daarin om die probleme van die jeug aan te spreek nie.

Volgens Hauser (1981:311) vaar die adolessente wat antwoorde op hul vrae van die kerk ontvang, skynbaar beter as diegene wat nie slaag om die antwoorde wat hulle soek, te kry nie. Dan beweer Conger (1973:455) weer:

I would claim that we have almost an instinct of fidelity – meaning that when you reach a certain age you can and must learn to be faithful to some ideological view. Speaking psychiatrically, without the development of a capacity for fidelity, the individual will either have what we call a weak ego, or look for a deviant group to be faithful to.

Indien die adolessent se vrae in die erediens beantwoord sou word, sou die afdwaling miskien nie moontlik gewees het nie.

4.5.4.4 Erediensbywoning van die adolessent

Eerstens gaan dit oor die adolessente se siening van die erediens in die kerk. Vir die adolessente gaan dit nie oor 'n orkes of wat ook al nie, maar dat die adolessente teen die algemene verwagting in, 'n hoë prioriteit aan die prediking heg. "Cool" kan baie betekenis hê, maar een van die dinge wat in die kerk gesoek word, is suiwer, nié oppervlakkige Woordverkondiging, wat hulle kan verstaan.

As jong kinders gaan die kind outomaties saam met die ouers as 'n gesin kerk toe. Daar word nie gevra of daar kerk toe gegaan word nie. Hoe ouer die kind word, hoe meer vrae ontstaan rondom die kerk. Nog later begin adolessente weier om saam met die ouers kerk toe te gaan. So gebeur dit dat daar 'n afname in sy kerkbesoek bespeur word. Volgens Smart (1972:622) wil die adolessent dan self besluit oor die waarde en noodsaaklikheid van kerkbesoek. Hierop volg De Bord (1969:559) se siening dat 'n verskil tussen die persoonlike beskouing en dit wat die kerk van hom verwag, tot 'n afname in kerkbywoning lei.

Vir die afname in kerkbesoek sien Manaster (1977:294) twee redes, naamlik 'n wordings- en kultuurverskynsel. Eerstens as gevolg van die adolessent se kognitiewe ontwikkeling wat gepaard gaan met die tydperk van vertwyfeling. In die tweede plek word waargeneem dat die moderne mens nie meer so gereeld kerk toe gaan nie. Gevolglik word die voorbeeld deur die adolessent nagevolg. Hurlock (1973:236) beweer dat dogters tog nog meer gereeld as die seuns die kerk besoek.

Verskeie ander redes word nog aangegee vir die afname in kerkbesoek. Aggressie teenoor ouers word op die kerk oorgeplaas. Dié wat hulle vereenselwig met gesagsfigure van die kerk, voel hulle vryheid word hul ontnem. Gevolglik draai hulle hul rug op die kerk. Sommige adolessente vermy die kerk om hulle ouers ongelukkig te maak oor iets wat hulle as onregverdige behandeling van hulle ouers beskou. Hierteenoor beweer Ausubel (1977:247) dat adolessente hul toevlug tot die kerk neem om te kompenseer "for the loss of security in the weakening of ties with parents".

Aangesien die adolessent nou sy vryheid as 'n hoë prioriteit stel, is daar dikwels botsings na aanleiding van die ouerlike en koshuisreëls om kerk toe gaan. Hy beskou dit as 'n miskennening van sy selfstandigheid indien hy nie self mag besluit of hy kerk toe wil gaan of nie. Volgens Bingle (1962:16) is dit al lank 'n probleem. Dit "spruit die kerkafvalligheid dikwels uit vertwyfeling of dat hulle nie van sekere dinge in die kerk hou nie". Alreeds het Mussen (1974:608) raakgesien: "Today, adolescents seem to place a somewhat greater emphasis, than previous generations, on personal rather than institutionalized, religion."

Om hulle te laat tuis voel, moet die kerk hulle aanraak deur vir hulle in hulle tyd en oor hulle tyd iets te sê wat hulle sterker maak. Hulle wil betrokke voel en met hulle hele lyf deel wees van wat daar gebeur. Die erediens moet nie net 'n ritueel wees wat afgehandel moet word nie. Die feit dat die jong kinders nie regtig meer Bybel-kennis het nie, maak dit baie moeilik om hulle regtig deel van die erediens te laat voel en dan maak niks regtig vir hulle sin nie.

Verder word bygevoeg: "die kerk sal in sy benadering minder programmebaseer en meer verhoudingsgebaseer moet raak" (Van Zyl 2000:8). "Wat die verhoudingskant betref, is die grootste uitdaging om by hulle harte uit te kom en hulle in 'n sinvolle verhouding met die gemeente te bind" (Kitching 2000:8). Die kerk sal dus in sy bediening van adolessente iets

moet doen aan die inhouds- en verhoudingskant van geloof. Moontlik is die nuwe kategesestelsel die antwoord.

Verinnerliking vind by die adolessent plaas wat ongelukkig soms lei tot 'n afkeer van bepaalde godsdienstige praktyke en 'n antikerklieke gesindheid. "Bepaalde plichten en voorskrifte hindersen hulle, hulle wil vryheid, spontaneiteit en geen leeg formalisme soos wat hulle noem" (Calon 1961:154).

"Vir die Afrikaanssprekende adolessente is kerkbesoek nog 'n mooi tradisie." Hulle stel hulle trots daarin om kerk toe te gaan, asook kategorieë onderrig te ontvang. Vir sommige is kerkbesoek 'n deel van hulle sosiale lewe. Soms toon hulle tekens van vervreemding van hulle ouers se waardesisteen asook 'n mate van vyandigheid teenoor sekere godsdienstige praktyke soos kerkbywoning en gedragreëls.

Rogers (1972:352) voel dat aangesien die adolessent se kerkbesoek toegeskryf kan word aan "non-religious reasons" dit baie moeilik is om die kerkbesoek en die geestelike diepte van die adolessent met mekaar in verband te bring. Wat die gereeldheid van die kerkbesoek betref, rapporteer Hurlock (1972:38) dat meer gereelde kerkbesoek by die volgende groepe voorkom:

- Adolessente-meisies as -seuns;
- Adolessente op die platteland as in die stad;
- Adolessente in hoër sosio-ekonomiese groepe as laer sosio-ekonomiese groepe;
- Adolessente met 'n vaste kerkverband as by dié met 'n losse kerkverband;
- Adolessente wie se ouers spontaan en meer gereeld kerk toe gaan as dié wie se ouers selde die kerk besoek;
- Adolessente wat deur hulle maats aanvaar word as by dié wat deur die maats verwerp word.

Onbeantwoorde vrae kan soms lei tot min of geen belangstelling in kerklieke aktiwiteite. Daar is egter heelwat ander redes vir nie-deelname aan kerklieke aktiwiteite.

4.5.4.5 Redes vir nie-deelname aan kerklike aktiwiteite

Die volgende redes word gegee vir nie-deelname van adolessente aan aktiwiteite van die kerk: onvriendelikheid of oorheersing aan die kant van die kerklike gesag en gebrek aan interessante aktiwiteite en byeenkomste (Weaver 2000:624). Ander redes wat die kerkbywoning van adolessente laag hou, is soos volg: hulle beskou Sondagskool as 'n kleinkindjie-ervaring; godsdiensoonderrig is dikwels swak en word aangebied deur onderwysers wat onvoorbereid is; die onderrigtyd is kort en word deur administratiewe besonderhede onderbreek; en daar word te veel net op Sondag alleen gekonsentreer, terwyl godsdienste die hele week duur.

Greeff (1998:8) vra: "Hoe moet die Kerk 'cool' en aanvaarbaar vir die adolessente wees? Dit lê dieper en moet verder gesoek word as 'n paar oppervlakkige verskuiwings soos flitsborde, 'n orkes, dalk die wegneem van die preekstoel of 'n 'mod' dominee." Hy gaan voort: "Die adolessente is baie krities. Hulle meet die kerk se geloofwaardigheid aan hoe die leraar en die lidmate 'lyk' (sedig of vriendelik), hoe hulle optree en bowenal of hulle betroubaar is."

4.5.4.6 Geestelike hulp aan adolessente

Vir die adolessente word geestelike hulp op verskeie maniere deur die kerk en kerklike organisasies aangebied.

4.5.4.6.1 Die leraar se verhouding met die adolessent

Die huidige adolessent kan nie meer soos sy ouers glo nie: "geloof is nie meer vanselfsprekend en universeel nie" (Janson 1976:120). Die vrae van vandag se adolessente verskil wêreldwyd van die van hul ouers en voorouers, want hulle omstandighede en vrae is heel verskillend. Hulle is nou in 'n stadium wat hul sekerhede as't ware inmekaargetuimel het. Hulle moet hulself op nuut verstaan en aanvaar en ook die wêreld, sy toekoms en selfs vir God. Dit alles kry die adolessent nie op sy eentjie reggemaak nie.

Die leraar moet geleenthede skep en adolessente aanmoedig om vrae te vra en vraagstukke met hulle te bespreek, sonder om sy eie antwoorde in hulle mond te lê. Baie adolessente het 'n las van 'n swak selfbeeld en dit is die leraar se plig om te besef dat die genesing daarvan

veral in selfaanvaarding lê. In Christus is die eerste stap na 'n gesonde selfbeeld en om jouself lief te hê. Om jou sonde in te sien en te erken, om te verstaan dat jy nie eers hoef te presteer voordat God jou as mens aanvaar nie.

Adolescente vlug gewoonlik na 'n fantasiewêreld om selfaanvaarding te verkry, want in die fantasiewêreld droom hulle dat hulle aanvaar word. In albei gevalle vind vervreemding van ander mense plaas. Om hierdie adolessente te help, is empatiese tegnieke nodig en 'n leraar wat sterk en onbeweeglike staan soos 'n rots in sy Christelike uitlewing van sy geloof, iemand wat al die antwoorde ken en oor die voorafgenoemde karaktereienskappe van egtheid en warmte beskik. Verder moet hy oor 'n oopheid vir ander se eie menslikheid en broosheid beskik.

Daarmee saam hang geduld, wysheid en om die "evangelie te vergestalt", want adolessente van vandag, sowel as die in die verlede, soek na die ideale figuur om na te volg (Janson 1976:120). "Daarby moet sy preke op die basiese dinge konsentreer en prakties, konkreet en menslik, veralgemeen en sinvol, entoesiasies en eg wees" (Janson 1976:122). "Verder moet die adolessent deelneem aan besprekings sodat hul vrae ernstig opgeneem kan word. As 'n leraar aan hierdie dinge voldoen, word hy self nederig. Die huidige adolessent gaan deesdae maklik na ander kerke of groepe oor die volgende redes:

- Hulle kan voel dat hulle daar meer warmte en aanvaarding beleef.
- Hulle kan meer hulself wees.
- Hulle kry meer geestelike voedsel daar.
- Hulle het nog nie hul adolessensie verwerk nie en word maklik oorgehaal deur diegene wat sterk oorkom. Hierdie adolessente is nie met oortuiging nie, maar onder dwang by die Here.
- Die leraar moet nie vir homself werk nie, maar wel vir die Here en nie die adolessente in die steek laat nie.

Nou is die vraag wat kan in die erediens gedoen word?

4.5.4.6.2 Die nuwe kategesestelsel .

Die belangrikste eienskap van die N.G. Kerk se nuwe kategesestelsel is dat die onderrig nie net bloot ingestel is op kennis ontvang nie, maar om dit ook deur ervaring op te doen. Heyns (2000:7) sien dit as 'n afleiding van Confucius se gesegde: "Wat ek hoor, vergeet ek. Wat ek sien, onthou ek. Wat ek ervaar, verstaan ek". Dus is die stelsel gerig op die kop, maar ook op die hart en die hand van die katekisant. Die gewone lesse verdwyn nou en daar word gefokus op die begrip van ontmoetings. 'n Ontmoeting tussen die katekisant en God; 'n ontmoeting tussen die kategeet en die katekisant en laastens 'n ontmoeting tussen die katekisante onderling. Natuurlik bly die onderrig uit die Bybel die hoofsaak terwyl die katekisante gelei word om die waarhede te beleef en ook in die praktyk diens te lewer.

Ten opsigte van onderrig het die jeug die volgende behoeftes, naamlik opregtheid, sigbare resultate, vriendskap en rolmodelle. Hieruit vloei verhoudingsgerigtheid – 'n spesiale verhouding tussen die kategeet en die katekisant. Dis nie net Sondag se verhouding tussen kategeet en die katekisant nie, maar sy verhoudings in die daaglikse lewe by die huis, skool, op die sportveld en in sy ontspanning. Dit bring mee dat die kategesegroep die beste funksioneer met nie meer as tien lede nie. Aangesien die meeste gemeentes se kategese so omtrent 45 minute duur, word katekisante aangemoedig om gereeld stiltetyd gedurende die week te hou om sodoende die kategese-ontmoeting met God verder aan te vul. Dan is daar nog die nuwe benadering van jeugwerk wat baie beslis ook 'n bydrae kan maak.

4.5.4.6.3 Jeugwerk

Verskeie kerke het kreatiewe planne vir jeugwerk, byvoorbeeld deur adolessente uitreikwerk te laat doen word hulle "gewers" in plaas van "ontvangers". Hulle gebruik die Jesus-film om die oordrag makliker te maak en dan word hulp verleen deur gesprekke daarna. Ander maak gebruik van avontuurkampe, klimmure waar werklike geloof prakties ervaar word. Adolessentegroepe of -selgroepe is een van die doeltreffendste maniere waardeur jongmense groei, mekaar versorg en aktiewe gelowiges word (Viljoen 2000:3).

Een van die belowendste ontwikkelinge in jeugwerk is die sogenaamde avontuurervarings om geloofsvertroue te illustreer. Avonture vir tieners sluit in bergklim, abseil, laagtou- en hoogtoubane, byvoorbeeld om van tien verdiepings hoog af te sak met 'n tou. Gous (2000:8)

beweer dat gemeentes oor die hele land die jeug uiters doeltreffend op avontuurkampe bereik. Hy sê: “Avontuurkampe maak sonder woorde geloofsimpak op adolessente.” Gedurende ’n avontuurkamp-naweek met 200 adolessente is geloofslesse sonder een formele lesing geleer.

Die metode van onderrig is aktiewe leer wat die teenoorgestelde van tradisionele leer is. In tradisionele onderwys leer kinders ’n beginsel wat hulle dan moet toepas. Hier begin die leer met ’n aksie of belewenis wat verstand, gedrag en emosie betrek. Nou word geleentheid om oor die belewenis na te dink, gegee. Dan word parallelle na lewensituasies en geloofservarings getrek.

Avontuurkampe is ’n deurdagte bediening wat die beste resultate lewer as dit op die sinvolste tye in kinders se geloofsontwikkeling toegepas word, dit wil sê, die avontuur wat vir elke jaargroep beplan word, moet aansluit by die ontwikkelingspeil van daardie groep. Daar word egter ook gewaarsku “dat gemeentes hierdie metode nie net as ’n foefie moet gebruik om die hele proses te voltooi nie. Dit sal beslis die impak afwater” (Gous 2000:9).

In die N.G. Kerk het menige lidmaat se lewe deur die wonderlike kultuur van kampe verander. Ervaringsleer is ’n kanaal waardeur die Evangelie op ’n baie praktiese manier deur die adolessente ervaar kan word. Wat uiters belangrik is, is dat hier toegewyde leiers benodig word. “Dit skep ook ’n uitstekende geleentheid om verhoudings te bou en so die liefde van Christus hande en voete te gee in die lewe van die adolessente” (De Wet 2000:9). Die adolessente soek na die ervaring van God en sy liefde en volgens De Wet is “hierdie bediening maar een tree in die rigting wat God regtig seën” (De Wet, 2000:9).

Ses jong “vissers” is deur die N.G. Kerk na Mosambiek gestuur om die meer as 17 gemeentes in Mosambiek te besoek en geestelik toe te rus. Ook in al die hoofsentra in Suid-Afrika – Kaapstad, Johannesburg, Bloemfontein, Pretoria, Tembisa – kry adolessente van die N.G. Kerk die geleentheid om uit te reik na die armstes, straatkinders, straatvrouens, boemelaars en mense van alle tale en kulture (Malan 2000:12). Ook sê hy dat adolessente deur die omgegroepe van die kerk, Jesus en ook mekaar vind.

4.5.4.6.4 Kerklike ondersteuning aan gemeentes

- Opleiding en navorsing: 'n Sentrum, met as fokus die ekumeniese jeugbediening asook om die relevante, eietydse bedieningsbehoefte van gesinne en adolessente aan te spreek, is deur die Vista Universiteit en die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria gestig.
- Publikasies, byvoorbeeld *Ons Jeug*, 'n publikasie van die Algemene Jeugkommissie (AJK) om die jeugwerk van die N.G. Kerk op die voorpunt te plaas (Fourie 2000:1).
- *Ons Jeug*, wys verder daarop dat die Algemene Jeugkommissie besig is met sy gesinsbediening en wat baie belangrik is, is dat hulle sodoende die kerk se gewete word. Hulle doen navorsing, ontwerp en reël kursusse en identifiseer geleenthede waartoe gemeentes bydra (Pretorius 2000:5).

Die kerk se rol in die versorging en vestiging van die geestelike lewe van die adolessent is onberekenbaar.

4.6 DIE GEMEENSAP

Die gemeenskap het 'n saambindende eienskap. Daarom is sy vermoë om invloed op adolessente se geloofsekerheid uit te oefen, soms, op 'n subtiele wyse, onberekenbaar. In hierdie saak rus die kerk egter swaar op die ondersteuning van die gemeenskap.

4.6.1 Adolessente is deel van die gemeenskap

Ouers is uit die aard van die saak deel van 'n gemeenskap. Henning (1975:119) beweer dat die oopheid en onsekerheid van 'n gemeenskap as 'n geheel deur die ouers weerspieël word. Ook is adolessente deel van 'n gemeenskap wat hulle geestelik kan voed en bou.

Henning (1975:123) stel dit duidelik: "Taking the situation overall, it can be stated with confidence that moral learning takes place naturally in children when they are living in the presence of people and communities who manifest in their lives and relationships the moral

values, ideas and skills that permit each stage of moral growth to be effectively nourished.” Dit verwys nie net na die morele groei van die adolessent nie, maar ook na die moraliteit van die gemeenskap.

4.6.2 Moraliteit van die mense van die gemeenskap

Die sukses van 'n gemeenskap is soms gebaseer op die moraliteit van sy mense (Wagner 1978:356). Hierdie moraliteit word grootliks deur godsdiens beïnvloed. Op sy beurt weer bring godsdienservaring verbetering in die standaarde van die adolessent se gedrag. Adolessensie is 'n periode van ontwikkeling, nie net fisieke, verstandelike en sosiale ontplouing nie, maar van geestelike veranderinge. Dit is egter moeilik vir die huidige adolessent, want “[t]eenswoordig is die sosiale milieu baie heterogeen en waardes is vloeibaar en relatief met die gevolg dat die adolessent moeilik 'n waardesisteem van wat reg of verkeerd is ontwikkel (Monteith 1988:155). Dit is gedurende hierdie periode van ontwikkeling waar godsdiensgelowe versterk of verwerp word.

Daar is gevind dat godsdiens betekenisvolle gevolge het vir 'n gemeenskap (Conger 1973:455). Verder het hy gevind dat dit moontlik 'n verskil in die sosiale lewe sal maak, in die daaglikse gedrag en sosiale oriëntasie van die stedelike jeug. Blykbaar neig godsdiens om in die stedelike jeug 'n leidende krag in hulle lewe te wees. Conger beskou dit belangrik om godsdiens verder te ontwikkel. Hy stel vas dat redenering oor morele sake 'n persoon se lewenstyl beïnvloed, 'n besluit oor 'n beroep en die keuse van die tipe huweliksmaat.

As die belangrikheid van godsdiens in 'n gemeenskap beklemtoon word, en as dit op so 'n manier aangebied word dat dit aan die adolessent se behoeftes voldoen, dan sal godsdiens 'n belangrike mag in die adolessent se lewe wees (Horrocks, Thompson, & Di Vesta 1971:622). As godsdiens, aan die ander kant, so aangebied word dat dit vreemd is vir die adolessent se aspirasies en behoeftes, of as dit streng en onredelik is, dan sal hy geneig wees om dit te verwerp of so goed moontlik te ignoreer.

'n Ander belangrike punt om aan te toon is: “a religious faith is always communal and involves a distinctive way of living together” (Dykstra 1986:166-167). Veranderinge in sosiale struktuur vereis die verandering aan die kant van sy lede (Hayes 1982:152). Die integrasie van nuwe adolessente in 'n bestaande gemeenskap vereis verandering by die

adolescent sowel as by die gemeenskap. "The discovery of the self involves an examination of the self in relation to the society of which the emerging adolescent has recently become aware. Adolescent development can thus be described in its simplest form as a differentiation of the self from the nonself through social interaction" (Hayes 1982:158).

Wickstrom et al. (1984:15) verwys na 'n heeltemal ander faset van die adolescent se lewe, naamlik, dat jongmense geïsoleer word. Moderne danse simboliseer dit. 'n Dansvloer vol mense, maar niemand raak aan iemand nie. Forliti (1986:15) gaan verder deur te sê dat die televisie 'n verdere bydrae tot die neiging van isolasie lewer. Teenstrydig met hierdie isolasie het die jongmense vandag meer vrymoedigheid - hulle dink hulle het iets wat die moeite werd is om te sê.

4.6.3 Godsdienstige taal

Geloof is alleenlik godsdienstig as dit met God te doen het. "Religious faith as a way of life is borne, necessarily, by language and each distinct way of life necessarily has a language of its own" (Dykstra 1986:168). Die redes vir godsdienstige taal is soos in enige samelewing: 'n sein word van die een mens na die ander uitgestuur oor wat en hoekom hul dit of dat doen. Dit geskied dan deur middel van 'n taal. Verder is 'n taal nodig vir geskiedkundige kontinuïteit. Lindbeck (1984:34) stel dit soos volg: "To become a Christian involves learning the story of Israel and Jesus well enough to interpret and experience oneself and one's world in its terms." Dit wys na die derde rede vir die godsdienstige taal. Die mees betekenisvolle rede vir 'n godsdienstige taal is om ons te help om te sien, te verstaan en om in die werklikheid as 'n geheel deel te neem.

Wat het die godsdienstige taal met die adolescent te doen? Dykstra (1986:174) antwoord: Hulle soek 'n manier van lewe en die proses is duidelik sosiaal en taalkundig. Die adolescent se krisis is 'n krisis van interpretasie. Gedurende adolessensie begin die behoefte om te besluit oor hoe om te interpreteer en hoe om belangstelling te toon. Dit geskied deur middel van taal.

Godsdienstige taal is by uitstek die taal vir poësie en letterkunde. Dit is miskien waarom die sing in kerkkore vir baie jongmense so belangrik is. As die musiek reg is, word die adolessent geestelik gevoed.

Verder is godsdienstige taal waaraan hul uiting gee 'n tipe indirekte kommunikasie van wat hy nog glo, sonder dat dit vir hom 'n verleentheid is. Godsdienstige taal kan moraliseer. Deur gereelde en egte gesprekke van jeugleiers met die adolessent, word maniere gevind om godsdienstige taal te gebruik om hulle te help om hul lewens te interpreteer en hul beter uit te leef. Die adolessent se lewe word ook direk deur globalisering beïnvloed.

4.6.4 Globalisering

“Tyd en ruimte het gekrimp - tyd is nou en ruimte is hiér”, so beweer Kitching (2000:10). Die internet en televisie en die vermoë om duisende kilometers binne 'n paar uur per motor of vliegtuig af te lê, is hoofsaaklik hiervoor verantwoordelik. Ook is adolessente gewoond om dadelik inligting op die internet te bekom. Gevolglik wil hulle ook vir God hier en nou ervaar. Die plek maak ook nie meer saak nie, solank dit net hier is.

Hulp vir die adolessent, deur die kerk, is dus hier noodsaaklik. Die adolessent kan globalisering glad nie vryspring nie. Dus moet hulle leer om globalisering met hulle verhouding met Christus te versoen. Dit is hier waar die geloofsgemeenskap prakties kan wys wat dit is om op Christus te vertrou en te leef uit die beloftes van God se Woord.

Globalisering veroorsaak by adolessente die gevoel dat hulle nêrens behoort nie. Vir die jeugbediening is dit die grootste uitdaging in hierdie eeu van globalisering om sinvolle verhoudings met adolessente te bou sodat hulle vir die gemeente se lidmate en die kerk belangrik voel en is.

4.7 SAMEVATTING

Faktore wat 'n invloed het op die adolessent se geloofsekerheid, is duidelik uiteengesit aan die hand van hul verhoudinge met ouers, onderwysers, die portuurgroep, die kerk en die gemeenskap.

HOOFSTUK 5

DIE METODE EN PROSES VAN KWALITATIEWE NAVORSING

5.1 INLEIDING

Wat is navorsing? Navorsing is 'n sistematiese, metodiese soeke na spesifieke inligting oor 'n bepaalde gedefinieerde tema (Rossouw 2003:93). Kwalitatiewe navorsing omvat baie navorsingsmetodes (Struwig & Stead 1991:11). Wat wel duidelik is in verband met kwalitatiewe navorsing, is die feit dat kwalitatiewe data na enige inligting verwys wat die navorser insamel wat nie in getalle uitgedruk kan word nie. Die primêre doel van studies wat van hierdie benadering gebruik maak, is om te beskryf en te verstaan, eerder as om menslike gedrag te verduidelik (Babbie & Mouton 2001:270). Kwalitatiewe data sluit in inligting soos woorde, prente, tekeninge, skilderye, foto's, films, videobande en musiek (Struwig & Stead 1991:13).

5.2 VOORBEREIDING VIR DIE KWALITATIEWE NAVORSING

Aangesien data versamel moet word, begin die proses van hierdie navorsing met die beplanning en samestelling van 'n vraelys. Hierdie studie sal dus van vraelyste gebruik maak om data te verkry. Om die rede word die navorsing met behulp van 'n vraelys wat in gestruktureerde onderhoude gebruik word, beskryf.

5.2.1 Beplanning en samestelling van die vraelys

Volgens Struwig en Stead (1991:89) behoort die navorser, in die eerste plek, aan geskikte vrae te dink wat met elke area verband hou sodat elke punt waarin belanggestel word, aangespreek kan word. Dit sal betekenisvol wees om die vrae van die eenvoudige tot die meer komplekse te rangskik, sodat die respondent toegelaat word om geleidelik by die patroon van die vraelys van die onderhoud aan te pas (De Vos et al. 2002:302).

Voordat met die samestelling van die vraelys begin word, word eers gekyk na die riglyne van vraelyste om slaggate in hierdie vraelys te voorkom.

5.2.2 Algemene riglyne vir die ontwerp van die vraelys

Die vrae moet daarop fokus om te verseker dat die onderhoud spesifieke inligting gee wat nodig is om die doel van die studie te bereik (De Vos et al. 2002:302).

5.2.2.1 Die taal en bewoording van die vraelys

Die taal van die vraelys moet ondubbelsinnig en duidelik wees. Saunders, Lewis en Thornhill (2003:299) wys daarop dat met sorg seker gemaak moet word dat die vrae nie uit die hoogte tot die respondent praat nie. Die woorde van die vrae moet bekend wees aan die respondent sodat hy dit op dieselfde manier sal verstaan. Minshler (1986:46) voeg by: "Even questions that are apparently simple in both structure and topic leave much room for alternative interpretations by each of the interviewer and the respondent."

Vrae met tegniese bewoording moet vermy word. Sulke vrae kan die respondent ontstel en in die verleentheid stel. Ander vrae wat die respondent in die verleentheid kan stel, moet liever herbewoord word of later in die vraelys gevra word, met die hoop dat die respondent dan al meer op sy gemak sal wees en oor meer selfvertroue sal beskik. Die bewoording van die vraelys kan navorsingsresultate geweldig baie beïnvloed. Die taal moet eenvoudig en duidelik wees, sodat die respondent presies sal weet wat die navorser vra. Wat ook belangrik is om te onthou, is dat te veel woorde die betekenis van die vraag kan verberg (Struwig & Stead 1991:90).

Met die opstelling van die vrae, moet die volgende in gedagte gehou word: As 'n vraag impliseer dat 'n sekere antwoord korrek is, is die vraag leidend en moet die vraag herbewoord word (Babbie & Mouton 2001:237). Daar moet altyd onthou word dat die response op vrae deur grammatika en woordkeuse beïnvloed word. Die navorser moet poog om vrae met antwoorde soos "ander", "onseker", "ek weet nie" of "nie van toepassing nie", te vermy. Woorde soos "soms", "af en toe", "dikwels", "verskeie" en "gewoonlik" moet ook vermy word, want dit beteken verskillende dinge vir verskillende persone.

5.2.2.2 Doel van elke item

Volgens Rossouw (2003:132) moet die inhoud van die vrae direk verband hou met die doelwitte wat vooraf geïdentifiseer is. Elke vraag moet dus om die navorsingsprobleem en navorsingsdoel sentreer. Dit word baie sterk deur Leedy en Ormrod (2001:204) beklemtoon. Die respondente bewys die navorser 'n guns om aan die beantwoording van die vraelys deel te neem. Gee hulle dus rede om die

gung te wil bewys. Die doel van elke item moet gevolglik duidelik uitgespel wees. Elkeen moet getoets word vir presiese uitdrukking, relevansie, objektiwiteit en subjektiwiteit met betrekking tot die navorsingsprobleem.

5.2.2.3 Lengte van vrae

Die vrae moet so kort as moontlik wees. Kort en saaklike vrae gee net noodsaaklike inligting. Lang vrae is soms moeilik om te verstaan, veral as die respondent die hele vraag moet onthou. Dit kan gevolglik eindig in geen respons. Elke item behoort getoets te word aan die hand van twee kriteria (Leedy & Ormrod 2001:202):

- Wat word beoog om met die inligting te doen wat gevra word?
- Is dit absoluut noodsaaklik om die inligting te hê om 'n gedeelte van die navorsingsprobleem op te los?

Net een vraag moet op 'n keer gevra word. Dikwels verlang die navorser een enkele antwoord, maar in die proses word 'n kombinasie van vrae gevra, byvoorbeeld, die navorser mag vir die respondent vra om saam te stem of te verskil. Dit is vrae soos: "Glo jy Jesus Christus het opgestaan, hoewel mense beweer dit is nie waar nie." Die antwoord "ja" kan verwys na die eerste gedeelte van die vraag, maar ook na die laaste gedeelte van die vraag. Die antwoord "nee" kan nog moeiliker wees. Hierdie "dubbelsinnige" vrae moet dus heeltemal vermy word.

Die respondent mag vermoeid, geïrriteerd en verveeld raak as die aantal vrae nie beperk word nie en dan probeer om die onderhoud te ondermyn. As te veel tyd en inspanning vereis word om 'n vraag te verstaan, sal respondente die onderhoud probeer beëindig of begin om onbetroubare of ongeldige antwoorde te gee. Leedy en Ormrod (2001:203) beveel aan dat die taak van die respondent so maklik en eenvoudig as moontlik gemaak moet word. Die rede hiervoor is dat die respondente se tyd in beslag geneem word en tyd is vandag vir baie mense 'n waardevolle kommoditeit.

5.2.2.4 Sensitiewe vrae

Die navorser moet op die uitkyk wees vir vrae wat sensitief is, of geheue of kennis vereis en die soort vrae beperk. Sulke vrae kan die respondent in die verleentheid stel, wat dan kan lei

tot onbetroubare data. Dit kan op 'n ander plek later in die vraelys, in ander woorde, geplaas word. Gebruik 'n indirekte of 'n derdepersoonbenadering vir sensitiewe vrae. Vermy ook vrae wat 'n keuse stel, byvoorbeeld die een of die ander.

5.2.2.5 Negatiwiteit

Prestige-gelaaide vrae of woorde wat negatiewe antwoorde kan hê wat die respondent verleë of senuweeagtig maak, moet vermy word. Dit is vrae soos “Het jy vandag se koerant gelees?” in plaas van “gister se koerant” (Struwig & Stead 1991:91). Daar moet besluit word of die vraag objektief of subjektief is. So moet ook besluit word of die vraag positief, negatief of neutraal is. Vrae moet nie so gefraseer word dat veralgemening aangemoedig word nie. Die verskyning van negatiwiteit in 'n item van die vraelys baan die weg vir waninterpretasie (Saunders et al. 2003:299). Oorverduidelikings mag as neerbuigend geïnterpreteer word. Dit kan afbreek doen aan die vertrouensverhouding wat reeds tussen die respondent en die navorser opgebou is.

5.2.2.6 Ander riglyne

Die soort vraag wat die beste geskik is vir die tipe data wat vereis word, word gekies. Dit is die “oop” vraag. Hierdie tipe vraag laat die respondent toe om die vrae in sy eie woorde te beantwoord en enige idee te beklemtoon. Geen keuse of alternatiewe antwoorde word aangebied nie. Die veelvuldige keusevrae beïnvloed die respondent meer as hierdie tipe vraag (Struwig & Stead 1991:92).

Beide vrae en stellings kan tot groot voordeel gebruik word. Die gebruik van beide in 'n vraelys gee 'n soepelheid in die ontwerp van items en kan die vraelys terselfdertyd interessanter maak (Babbie & Mouton 2001:233). In verskeie gevalle het die gebruik van stellings meer voordele as direkte vrae, veral sensitiewe vrae.

Die navorser moet versigtig wees om nie vrae te vra wat vir die navorser belangrik is, maar nie relevant is met betrekking tot die gemiddelde respondent se lewenservaring nie. Ook moet die navorser seker maak dat misplaasde aannames nie gemaak word nie. Die navorser moet nie aanvaar dat respondente sekere opinies huldig of hulle aan sekere gedrag skuldig maak nie (Leedy & Ormrod 2001:202).

Die vraelys moet voorkom dat die respondent verplig voel om 'n vraag op 'n sekere manier te beantwoord as gevolg van 'n vorige antwoord wat hy gegee het. Om die konsekwentheid van 'n respons te toets wat gegee is omdat dit sosiaal aanvaarbaar is, maar nie die waarheid is nie, kan 'n kontrolevraag later in die vraelys gestel word. Sodoende kan die egtheid van die respons getoets word (Leedy & Ormrod 2001:203). Vermy vrae wat veralgemening aanmoedig.

Ander besluite wat gedurende die studie geneem word, het gewoonlik betrekking op die effektiewe gebruik van tyd, die respondent se belang en die navorser se belang (Denzin & Lincoln 1994:213). Die finale produk van die vraelys sal goed deurgekyk word om seker te maak dat dit aan al die vereistes voldoen. Item vir item sal oor en oor, vir presiesheid van uitdrukking, objektiwiteit en relevansie getoets word. Daarna sal een of twee deskundiges se kommentaar gevra word oor die aanbieding en doelmatigheid van die vrae. Aanbevelings oor die struktuur van die vraelys sal verwelkom word, want dit sal tevredenheid oor die geldigheid teweeg bring.

5.2.2.7 Die volgorde van die vraelys

'n Deeglik beplande vraelys het vyf belangrike komponente: die inleiding en verduideliking van die doel, tweedens opwarmingsvrae (dit mag insluit sommige van die demografiese items), derdens onafhanklike vrae wat nie met mekaar verband hou nie, dan in die vierde plek alles of die res van die demografiese vrae en laastens die opwen van die onderhoud (Rossouw 2003:137).

Twee vrae mag help om die volgorde uit te sorteer: Wat is die logiese orde om hierdie vrae aan te spreek? Wat is die mees sensitiewe area? (De Vos et al. 2002:302). Die volgorde en vloei van die items van die vraelys is beslissend. Dit is uiters belangrik om die respondent geleidelik op sy gemak te stel met die vrae van die vraelys. Dus moet daar 'n logiese vloei tussen die vrae wees (Rossouw 2003:137).

Aangesien die beantwoording van die vraelys vrywillig is, moet dit so ontwerp word dat die belangstelling van die respondent behou word. Om hierdie rede moet die volgende in aanmerking geneem word by die opstelling van die vraelys: Die eerste item op die vraelys moet 'n gunstige invloed hê. Die vraelys moet begin word met vrae wat maklik beantwoord

kan word en interessant is. Die vrae moet reguit wees sodat die respondent dit kan geniet om die vrae te beantwoord (Rossouw 2003:137). Die respondent sal dan onmiddellik tuis voel, sonder vrees of spanning (Saunders et al. 2003:303).

Respondente mag geïrriteerd en verward word en uiteindelik vervreemd as vrae onsamehangend na mekaar ingeryg is. Vrae wat met mekaar verband hou, moet in 'n logiese volgorde op mekaar volg. Gegroepeerde vrae wek ook die gevoel dat 'n gesprek met die navorser gevoer word (Rossouw 2003:137).

Die vraelys moet van die algemene na die spesifieke vrae beweeg. Die algemene vrae laat die respondent aan die tema dink. Persoonlike en sensitiewe vrae moet aan die einde van die vraelys gevra word. Dit kan verleentheid besorg as die vrae te sensitief is, met die gevolg dat die antwoord onbetroubaar kan wees. Aan die einde van die vraelys het die respondente moontlik meer vrymoedigheid ontwikkel om te praat (Rossouw 2003:138).

5.2.3 Die loodsondersoek

'n Loodsondersoek is ten laaste 'n mees essensiële riglyn. Die navorser sal daarmee ten volle begrip kry van die praktiese aspekte van om kontak te maak, die onderhoud te voer en ook bewus te word van sy eie vermoë om 'n onderhoud te voer (De Vos et al. 2002:300). Ook Denzin en Lincoln (1994:213) meen die loodsondersoek bied geleentheid aan die navorser om te begin ontwikkel en om 'n effektiewe kommunikasiepatroon te vestig. Om tyd in die loodsondersoek te belê, kan waardevol en verrykend wees vir latere fases in die studie. Sonder die loodsondersoek sal daar op geen ander wyse sekerheid verkry kan word of die vraelys sal slaag nie.

'n Loodsondersoek is nodig om die vraelys te toets en af te rond voor die finale onderhoud gevoer word en sodat die respondente nie probleme ondervind met die beantwoording van die vrae nie. Daar sal dan ook nie probleme wees met die analise van die data nie (Saunders et al. 2003:308). Daarbenewens sal die navorser ook in staat gestel word om 'n skatting te maak van die geldigheid van die vrae en moontlik die betroubaarheid van die data wat verkry sal word. Die loodsondersoek is dus 'n nie-onderhandelbare deel van die vraelys se ontwerp, volgens Rossouw (2003:140). Vir dié loodsondersoek is vyf tot tien gewillige persone benodig.

Die loodsondersoek moet op dieselfde wyse as die finale ondersoek/studie uitgevoer word. Die loodsondersoek wat uitgevoer word, maak gebruik van die voltooide vraelys. Die voorafgenoemde toets sal help om die geskikte tyd van die vraelys vas te stel. Die navorser stel hom ten doel om nie langer as 30 tot 40 minute van die respondente se tyd op te eis nie. Die vrae sal getoets word om te bepaal of die vrae moeilik begrypbaar is en of daar uitgerekte antwoorde is. Ook word daar vir tekens van teenreaksies of moegheid by die respondente getoets (Rossouw 2003:140).

Elke voltooide vraelys moet sorgvuldig nagesien word om seker te wees dat die respondent geen probleme gehad het om die vrae te verstaan of te beantwoord nie. Die response sal die navorser 'n idee gee van die betroubaarheid en geskiktheid van die vrae (Saunders et al. 2003:309).

Respondente kan gevra word vir 'n kritiese ontleding van die vraelys se woorde, die volgorde van die vrae, oortollige vrae, verwarrende vraagkategorieë of enige ander aspekte van die vraelys. Die navorser hoef nie alle kommentaar te aanvaar nie, maar dit moet in aanmerking geneem word dat dit soms nuttig en insiggewend kan wees. Saunders et al. (2003:309) beveel aan dat die volgende vrae aan elke respondent gevra word: Hoe lank het dit geneem om die vraelys te voltooi? Hoe duidelik was die instruksies? Is daar enige onduidelike of dubbelsinnige vrae? Is daar enige vraag wat die respondent nie op sy gemak gevoel het om te beantwoord nie? Is daar volgens die respondent enigiets belangrik uitgelaat? Laastens, is daar enige ander kommentaar? Wanneer baie antwoorde soos “weet nie”, of “nie van toepassing nie” of “onmoontlik om te beantwoord”, ensovoorts voorkom, moet gevra word hoekom dit gebeur. Dié vrae behoort hersien te word. Ook moet antwoorde waar daar min variasie is, gekontroleer word (Rossouw 2003:140). Sodra die loodsondersoek afgehandel is, sal die navorser aan elkeen van die respondente 'n brief skrywe om hulle hartlik te bedank vir hul deelname.

5.2.4 Die onderhoud

Gestruktureerde onderhoude behels gestruktureerde vrae. Die vrae is formeel gestruktureer met woorde wat nie van onderhoud tot onderhoud verander kan word nie. Die navorser behoort neutraal te wees en nie in gesprekvoering met die deelnemer oor die onderwerp te wees nie. Die tegniek veronderstel dat die vrae die meeste van die inligting wat vereis word,

dek en dat die respondente die vrae kan verstaan. Interaksie tussen die navorser en die respondent is dus beperk met min ruimte vir uitgebreide response (Struwig & Stead 1991:98).

Die semigestruktureerde onderhoud is 'n kombinasie van die gestruktureerde en die ongestruktureerde onderhoude. Voorafbepaalde vrae word aan elke deelnemer op 'n sistematiese en konsekwente wyse gevra, terwyl aan die deelnemer die geleentheid gegee word om in eie woorde uitvloeisels buite om die vraag te bespreek. Hierdie tegniek stel die onderhoudvoerder in staat om response in die fynste besonderhede te verkry.

Die ongestruktureerde onderhoud is die minste gestruktureerd van bogenoemde drie soorte. Ongestruktureerde onderhoude maak nie van voorafbepaalde vraelyste gebruik nie. Met hierdie tegniek verduidelik die onderhoudvoerder aan die deelnemer die onderwerp wat bespreek moet word, sonder om suggererende vrae te voorsien. Die onderhoudvoerder is nie bekend met die vrae nie, want die deelnemer speel 'n belangrike rol in die bepaling van watter aspekte van die onderwerp gedek sal word. Die onderhoudvoerder moet poog om die deelnemer se standpunt te verstaan, sonder om sy eie siening oor die onderwerp uit te spreek. Hierdie tegniek kan dit vir die onderhoudvoerder moeilik maak om patrone of algemene temas in die antwoorde van die deelnemers te verkry (Struwig & Stead 1991:99).

5.2.4.1 Die lokaal waar die onderhoud gevoer moet word

Die navorser soek 'n lokaal waar die finale onderhoud kan plaasvind. Eerstens moet die plek maklik toeganklik wees. Dit moet in 'n stil, private omgewing, sonder enige sturing, wees (De Vos et al. 2002:300). Dit vergemaklik die proses. Om dit geskik en gerieflik vir die respondent te maak, moet die lokaal aantreklik met die nodige gerieflike sitplekke ingeruim wees. Met so 'n rangskikking sal betrokkenheid en interaksie aangemoedig word.

'n Bandmasjien word gebruik. Toestemming moet van elke respondent verkry word of 'n opname gemaak kan word. 'n Bandmasjien verskaf 'n vollediger verslag as geskrewe aantekeninge. Ook laat die bandmasjien die navorser vry om te konsentreer op hoe die proses van die onderhoud vorder en hoe om verder te gaan. Die navorser moet seker maak dat die bandmasjien in orde is, met genoeg ekstra bande. Om nie die respondent se aandag af te trek nie, word die bandmasjien buite sig geplaas (Rossouw 2003:146).

5.2.4.2 Kontak respondente vir die onderhoud

Die deelnemers van die onderhoud moet voorbereid wees vir die onderhoud, daarom word die doel van die onderhoud aan elkeen verduidelik. Die voornaam, die van en titel van die persoon, asook sy volledige adres, word gekry. Verduidelik waaroor die navorsing gaan, wat die nut daarvan is en waarom die respondente se antwoorde benodig word. Noem hoe lank die onderhoud sal duur. Gee die belofte van vertroulikheid en anonimiteit. Verduidelik ook hoe die resultate gebruik sal word en wie gekontak moet word vir enige navrae. Gee dan eie voorname en van. Laastens word die respondent hartlik vir sy hulp bedank (Rossouw 2003:146).

Voor die tyd word die datum, die tyd en die plek waar die onderhoud sal plaasvind, gereël. Kort voor die datum van elk van die onderhoude, moet die respondente weer daaraan herinner word.

5.2.4.3 Onderhoudvoering

Reeds met die ontmoeting van die navorser en respondente moet 'n warm, gunstige atmosfeer vir gesprekvoering geskep word. Dit sluit in die hartlike en opregte bedanking aan die respondente vir sy gewilligheid. Daar behoort ook geïmpliseer te word dat die respondente 'n deskundige is wat betref die onderwerp van die onderhoud. In die onderhoud moet die respondente met respek, warmte en empatie behandel word (Rossouw 2003:150).

Verduidelik aan die respondente dat die bandmasjien gebruik word om inligting korrek te kan weergee. Die navorser moet ontspanne wees en gevolglik sal die respondente ook op sy gemak wees. Dit verseker dat die onderhoud meer vrugbaar en genotvol is (Babbie & Mouton 2001:252).

Leedy en Ormrod (2001:160) beveel aan dat 'n paar minute geneem moet word om met die respondente 'n verstandhouding te vestig. Gesels eers oor alledaagse dinge om die ys te breek. Wees te alle tye hoflik. Reaksies op antwoorde van respondente moet nie getoon word nie. Deur geen verbasing of afkeur te toon nie, mag die response meer akkuraat wees. Daar moet onthou word dat die navorser nie noodwendig die feite kry nie.

Hoe vertroulik of oortuigend 'n persoon ook al mag wees, behoort alle response as persepsies eerder as feite behandel te word. De Vos et al. (2002:292) verwoord dit soos volg: "Interviewing is the predominant mode of data or information collection in qualitative research. Qualitative interviews are attempts to understand the world from the participants' point of view, to unfold the meaning of people's experiences (and) to uncover their lived world prior to scientific explanations."

Vir Brenner et al. (1985:117) is die belangrikste voordele van onderhoudvoering as 'n metode om inligting in te samel, dat misverstande onmiddellik opgeklar kan word en dit verskaf meer tersaaklike response. Onderhoudvoering verskaf ook dadelik die response. Die teenwoordigheid van die navorser verminder gewoonlik die getal response van "weet nie" of "onseker" (Babbie & Mouton 2001:250).

De Vos et al. (2002:293) bied tegnieke en wenke vir onderhoudvoering vir navorsers aan. Die respondent moet 90% van die praatwerk doen. 'n Onderhoud is nie 'n dialoog nie. Die respondent kry die geleentheid om die storie te vertel. Die navorser moet eie opmerkings beperk, dit wil sê luister meer en praat minder.

Dit is belangrik om woorde wat vir die respondent sin maak, te gebruik en ervarings-/gedragsvrae kom voor opinie-/gevoelsvrae. Die sleutelvrae sal in die loop van die onderhoud herhaal word (De Vos et al. 2002:203). Pouses sal ook in die onderhoud toegelaat word. Dit gee die respondent die geleentheid om te dink oor wat hy nog wil byvoeg voordat die volgende vraag gevra word. Die navorser moet probeer om nie te haas nie. Daar moet teruggegaan word na onvoltooide punte, want somtyds het die respondent nie die volle inligting verskaf nie. 'n Goeie storie moet nie onderbreek word omdat die navorser aan 'n goeie vraag dink nie. Die vraag moet liefers neergeskryf word om later gevra te word. Die bandmasjien moet nie aan- en afgeskakel word nie. Sodoende sal die respondent se aandag nie onnodig afgetrek word nie.

Verskeie kommunikasietegnieke word gedurende die onderhoud aangewend (De Vos et al. 2002:294). Minimale woordelike response word aangewend, byvoorbeeld 'n kopknik, "mm-mm", "ja" en "ek sien". Dit toon aan die respondent dat die navorser luister. Die navorser maak ook gebruik van parafrasering, 'n woordelike respons, waar die navorser die woorde

van die respondēt in ander woorde herhaal, maar met dieselfde betekenis. Sodoende word die respondēt verseker dat die navorser luister.

Verkry duidelikheid oor 'n stelling wat nie duidelik is nie, byvoorbeeld: "Skynbaar wou jy sê..." Gee aanmoediging of daag die respondēt uit om meer te sê met die volgende woorde: "Maar is dit nie waar dat..." (De Vos et al. 2002:295). Deur komplimente sal die respondēt aangemoedig word om voort te gaan. Gee erkenning deur die respondēt se antwoord te herhaal, aangesien dit toon dat aandag gegee word. Vra 'n direkte vraag om meer inligting te kry.

In die onderhoud kan ook "slaggate" ondervind word. Onderbrekings kan veroorsaak dat gedagtes van die respondēt verlore gaan en tyd sal dan weer nodig wees om die intieme verhouding te herwin. Hier is die telefoon oor die algemeen die sondebok. Verhoogvrees kan by die respondēt ontwikkel as gevolg van die bandopnemer en die oop vrae. Dit kan hom kwesbaar maak. Die navorser moet waak teen 'n kunsmatige onderhoud waar die respondēt aangejaag word en min aandag gegee word aan die nie-mondelinge wenke. Waak ook daarteen om te min tyd te spandeer om die respondēt werklik te leer ken. Die verhouding tussen die navorser en die respondēt kan so ontwikkel dat geheime inligting meegedeel kan word, soos byvoorbeeld selfmoordneigings. Hier moet die navorser die respondēt inlig dat so iets nie geheim gehou kan word nie, want 'n lewe is in gevaar (De Vos et al. 2002:295-296).

Response eis nie net eenvoudige antwoorde op vrae nie, maar behels ook 'n beslissing van die navorser of die respondēt genoeg gesê het om aan die onmiddellike doel van die vraag te voldoen (Minshler 1986:46). Respondente leer gedurende 'n onderhoud hoe om genoegsaam te antwoord, maar kort.

Denzin en Lincoln (1994:212) noem drie aspekte van belangrikheid waaroor die meeste navorsers saamstem:

- Wees op die uitkyk vir die doelwit en gesigspunte van die deelnemers in die studie.
- Soek die verhoudinge aangaande die struktuur van die onderwerp.
- Wees op die uitkyk vir punte van spanning: Wat pas nie in nie?

Die navorser skryf onmiddellik na afloop van elke onderhoud die indrukke van die onderhoud neer. Dit sal die navorser help om die proses van die onderhoud te onthou en te ondersoek en sal verhoed dat van die data verlore raak. Geen gesprek sal gevoer word voordat die navorser op 'n stil plek gaan sit en skrywe het met genoeg tyd om die aantekeninge te voltooi nie. Gebeurlikhede en gesprekke word in dieselfde volgorde as wat dit gebeur het, neergeskryf. Die aantekeninge is 'n verslag van die dinge wat die navorser gehoor, gesien, ondervind en gedink het in die loop van die onderhoud (De Vos et al. 2002:304).

Die navorser transkribeer die onderhoude en analiseer dit terwyl dit nog vars is. Die materiaal word volgens die kategorieë wat reeds in gebruik is, geliasseer. Die navorser gaan terug na die respondent met die resultate om te kontroleer of die transkripsie weergee wat die respondent gesê het (Rossouw 2003:147).

5.2.4.4 'n Dagboek

Persoonlike aantekeninge is belangrik om rekord te hou van idees en die voorneme omtrent die navorsing. Net soos by 'n persoonlike dagboek, moet dit te alle tye en plekke beskikbaar wees. Die kronologiese aard daarvan mag help met die ontwikkeling van sekere idees (soos die datakategorieë) en die manier waarop die navorsing sistematies ontwikkel (Saunders et al. 2003:388).

5.2.4.5 Die navorser of onderhoudvoerder

Die kwalitatiewe navorser probeer om meer as 'n deelnemende waarnemer in die ondersoek te wees (Babbie & Mouton 2001:271). Die navorser probeer homself plaas in die skoene van die persone wat waargeneem word, om sodoende hulle optrede, besluite en gedrag te verstaan. Ook is dit die doel van die kwalitatiewe navorser om gebeurlikhede in die konkrete en natuurlike konteks waarin dit plaasvind, in die fynste besonderhede te beskrywe en te verstaan.

Die navorser word gesien as die hoofinstrument in die navorsingsproses. Aangesien die onderhoud uit interaksie tussen die navorser en die respondent bestaan, is dit belangrik dat die navorser as persoon positief voorkom. Die navorser moet ook eerlik, ernstig en warm

voorkom (Rossouw 2003:144). Dan moet die navorser se kleredrag ook met sorg gekies word sodat dit nie die aandag van die respondent versteur nie. In hierdie verband moet die navorser nie die onderhoud gebruik om te probeer beïndruk nie, maar 'n beskeie houding inneem.

5.2.5 Verwerking en analisering van die versamelde data

Vir die data-insameling kan 'n voorlopige raamwerk van moontlike temas en patrone opgestel word. Na elke onderhoud kan die temas en patrone wat uit die response na vore gekom het, in die voorlopige raamwerk bygevoeg word. Gevolglik sal dit moontlik wees om in die bestaande versamelde data hierdie temas, patrone en verhoudings raak te sien (Saunders et al. 2003:385).

Analisering en verwerking van data word deur die navorser op 'n sistematiese en goed beplande wyse uitgevoer. Data-analisering is een van die oorwegings wat saam met die begin van kwalitatiewe navorsing aandag moet kry. Data-analisering kan waarskynlik saam met die insameling van die data plaasvind sowel as agterna (Saunders et al. 2003:379). Hiermee stem Struwig en Stead (1991:169) saam deur te noem dat data-insameling sowel as data-analisering terselfdertyd kan plaasvind. Tog is data-analisering 'n aparte aktiwiteit. Voor die finale analisering begin, moet al die aantekeninge, onderhoudstranskripsies en ander dokumente volledig wees. Daar moet geen data vermis word nie. Met data-analisering word die navorser in staat gestel om betekenis aan 'n groot hoeveelheid data te gee.

Die onderhoud moet woordeliks weergegee word, sonder grammatikale korreksies of enige herfrasering. Voorsorg word getref dat ten minste een kopie van die oorspronklike materiaal beskikbaar is. Die data wat verkry is, word op die rekenaar ingesleutel. Rekenaars het hier 'n beduidende aandeel om die prosessering en analisering van data te vergemaklik (Saunders et al. 2003:602).

The use of computer-assisted qualitative data analysis software potentially offers a number of advantages in relation to the analytical approaches... The use of computer-assisted qualitative data analysis software can also help you to form your basic and useful functions during qualitative analysis, related to the project management, coding and retrieval, data management, and hypothesis building and theorising.

5.2.5.1 Data in orde rangskik

Tydens die analisering van nie-gestandaardiseerde en komplekse data wat versamel is, moet dit geklassifiseer word in verskillende kategorieë voordat dit betekenisvol geanaliseer kan word. Ook is nodig om 'n begripsraamwerk te skep. Daarvoor is kategorieë nodig om die data logies te rangskik. Dit is die eerste aktiwiteit van die ontledingsproses. Daar is volgens Saunders et al. (2003:381) drie hoofbronne waaruit opskrifte vir hierdie kategorieë afgelei kan word, naamlik:

- gebruik terme wat vanuit die data te voorskyn kom;
- baseer dit op werklike terme wat deur die respondente gebruik is;
- gebruik terme wat in bestaande teorieë en literatuur voorkom.

Die kategorieë kan in subkategorieë verdeel word. Dit word verdeelde kategorieë genoem. Hierna word soms sentrale kategorieë gevorm deurdat van die subkategorieë wat verdeel is, geïntegreer word (Struwig & Stead 1991:170).

Die tweede aktiwiteit van die ontledingsproses is om stukkies of brokkies van die data wat relevant is, waarna as “eenhede” van data verwys word, aan geskikte kategorieë te verbind. Dié “eenheid” van data kan 'n aantal woorde, 'n sin, 'n aantal sinne, 'n volledige paragraaf of ander dele van die data wees wat by 'n sekere kategorie pas. Dit kan bygevoeg word as verwante data by die betrokke kategorie. Elke stukkie data word volgens die kategorieë geklassifiseer om sodoende vorm aan die data-insameling te gee (Saunders et al. 2003:381).

Die direkte woorde van die respondent behoort gebruik te word om elke tema, kategorie en subkategorie te ondersteun (Rossouw 2003:147). Deur kategorieë te skep en die data in die onderafdelings van die kategorieë te herorganiseer, is 'n bewys dat die proses van data-analisering vorder (Saunders et al. 2003:383). Die data van elke onderhoud word geliasseer volgens die kategorieë wat reeds in gebruik is.

5.2.5.2 Interpretasie van data

Die interpretasie van data gee betekenis aan die onverwerkte data. Interpretasie is nie net die verslag van die data nie, maar voorsien aan die leser redelike insig in wat nie met die eerste

oogopslag duidelik was nie (Struwig & Stead 1991:172). Dit is belangrik dat die interpretasie samehangend is met die fokus op die onderwerp ter sake en dat dit die data grotendeels verklaar. Laastens word vasgestel of daar enige verband tussen voorlopige stellings is. Sulke verbande mag lei tot diepte-interpretasie van die data. Die data word nou geïntegreer en vir die lesers opgesom. Hierdie stap kan stellings insluit wat die verhoudings tussen die kategorieë beskrywe. Dit mag ook die verpakking van die data in 'n georganiseerde skema insluit soos byvoorbeeld tabelle, figure en diagramme. Voorts kan die data wat verkry is, veelsydig wees en verskillende betekenisse gelyktydig reflekteer (Leedy & Ormrod 2001:161).

5.2.5.3 'n Tussentydse opsomming help om voorraadopname te maak van vordering wat gemaak is (Saunders et al. 2003: 387):

- Wat is tot dusver uitgevind?
- Watter graad van vertroue is daar in die bevindinge en gevolgtrekkings tot op datum?
- Wat is nodig om die gehalte van die data te verbeter of om alternatiewe verduidelikings te soek?
- Hoe word te werk gegaan om die behoeftes wat in bogenoemde tussentydse analisering geïdentifiseer is, te bevredig?

5.3 Beskrywing van eie navorsing

In paragraaf 5.2 het die navorser reeds aangedui dat die keuse geval het op 'n vraelys wat in die gestruktureerde onderhoude gebruik word.

5.3.1 Beplanning en samestelling van hierdie vraelys

Hierdie navorser het riglyne bestudeer om slaggate van die navorsing te voorkom. Die strewe was om vrae te kry wat die nodige inligting oor die geloofsekerheid by die adolessente vas te stel.

5.3.1.1 Die taal en bewoording van die vraelys

Die adolessente kon die vrae in terme van die verwagting van die onderhoudvoerder beantwoord. Die vrae is vanaf die begin so geformuleer, behalwe een wat na nadenke gewysig is om enige misverstand uit te skakel.

Die vraag “Hoe ervaar jy adolessensie?” is gewysig na: “Watter probleme het jy as gevolg van jou fisiese en emosionele veranderinge ervaar”? Hierdeur het die navorser seker gemaak dat sy die regte inligting sou kry. Die taal is eenvoudig en duidelik.

Die navorser het ervaar dat die adolessent nie in die verleentheid gestel is deur sensitiewe vrae te vra nie. Geen vraag het ’n “ja” of “nee” as antwoord nie. Die adolessente het van die begin af verstaan dat dit oor hul geloofsekerheid of gebrek aan geloofsekerheid gaan. Ongelukkig wou adolessente wat nie geloofsekerheid gehad het nie, nie betrek word nie.

Al die inligting wat verkry is, was nodig om die navorser se navorsingsprobleem op te los. Tog was die vrae beperk, sodat die navorsingsdoel nie belemmer sou word nie.

Negatiewe vrae wat tot negatiewe antwoorde lei, wat die adolessent verleë of senuweeagtig kon maak, is beslis uitgeskakel, asook vrae wat ’n keuse behels het.

Aangesien die vrae vir die adolessente duidelik was, was oorverduidelikings nie nodig nie. Daar is ook nie keusevrae gestel nie. Vrae wat veralgemening behels het of dubbelsinnig was, is vermy.

5.3.1.2 Die struktuur, aanbieding en doelmatigheid van vrae

Aanbevelings oor die struktuur, aanbieding en doelmatigheid van die vraelys is gevra aan ses deskundiges. Sodoende is tevredenheid oor die geldigheid teweeg gebring.

Opwarmingsvrae om die adolessente op hul gemak te kry en te hou, is gevra, maar die vrae met betrekking tot die verwerking van die eindresultate, het op vrae oor geloofsekerheid gekonsentreer.

5.3.1.3 Die loodsondersoek

Lank voor die werklike onderhoude is 'n loodsondersoek gereël met taalvaardige persone. Hulle moes hulself indink in die posisie van die adolessente, ouers en predikante. Hierdie persone was eerlik met kritiek en het voorstelle gemaak met betrekking tot die bewoording en die lengte van die vraelys. Die lokaal waar die werklike onderhoude sou plaasvind, met die bandopnemer ingesluit, is gebruik.

Die loodsondersoek was uiters noodsaaklik wat betref die praktiese aspekte van die uitvoering, hoe om met die respondente kontak te maak en om sekerheid te verkry dat die ondersoek sal slaag. So is ook die geldigheid van die vrae en die betroubaarheid van die data geverifieer. Die moontlikheid van teenreaksies of vermoeidheid van die respondente is deurentyd in gedagte gehou. Die respondente is gevra om 'n kritiese ontleding van die vraelys te doen wat betref die volgorde van die vraelys, oortollige vrae en die lengte van die vraelys.

5.3.1.4 Die onderhoud

Die lokaal vir die onderhoude met die adolessente was stil, privaat en aantreklik met gerieflike sitplekke.

Die bandmasjien was nie sigbaar vir die adolessente nie, maar maklik beheerbaar sodat die navorser rustig kon aantekeninge maak en op die proses van die onderhoude kon konsentreer.

Die adolessente, hul ouers en die predikante van die adolessente is genooi om as kontrole oor die antwoorde van die adolessente, ook vrae te beantwoord. Daar is vooraf afsprake met die adolessente, hul ouers en die predikante gemaak en op datums en tye ooreengekom.

Tydens die onderhoud is die adolessente hartlik welkom geheet, bedank vir hul deelname en gevra of hul omgee dat die bandmasjien gebruik word. Eers is spontaan en gemaklik oor algemene dinge gesels. Sodra die navorser seker was dat die adolessent tuis en ontspanne voel, is die bandmasjien aangeskakel en is daar met die vrae begin.

Die navorser het haar daarop ingestel om te luister en min te praat sodat die adolessente 90% van die tyd die praatwerk kon doen. Minimale woordelike response is aangewend, soos byvoorbeeld 'n kopknik, "mm-mm", "ja" of "ek sien". Die navorser het aantekeninge gemaak sodat sy na afloop van die onderhoude die aantekeninge kon gebruik om die proses te kon onthou asook die indrukke van die adolessente, terwyl dit nog vars was.

5.3.2 Die verwerking van die data

Die analisering en verwerking is op 'n sistematiese en goed beplande wyse uitgevoer. Daar is begin met 'n woordelike verslag van die onderhoude. Met behulp van die aantekeninge en die bande is verseker dat geen data verlore gaan nie. Die bande met die onderhoude is vir transkripsiewerkers gegee. Met die ontvangs van die woordelike data is die gegewens in verskillende kategorieë van temas geklassifiseer sodat dit betekenisvol geanaliseer kon word. Hierdie kategorieë van temas is op werklike terme wat deur die adolessente of die ouers en predikante gebruik is, gegrond. Hierdie terme het dus vanuit die data te voorskyn gekom.

Om die interpretasie van die data tematies te doen, is veral op die vrae wat geselekteer is, gekonsentreer:

Die vraelys van die adolessente

- Vraag 46: Wie kan dit glo dat God hom liefhet?
- Vraag 35: Deur wie kry die mens toegang tot God, die Vader?
- Vraag 37: Hoekom het God reëls en gebooe neergelê vir die mens?
- Vraag 38: Hoekom sou jy glo dat die oortreding van die gebooe sonde is?
- Vraag 39: Hoe word 'n mens se sonde vergewe?
- Vraag 33: Hoe kan 'n mens se geloof in Jesus versterk word?
- Vraag 26: Hoe kan jy jou kennis van Jesus aan ander versprei?
- Vraag 42: Wat is die taak wat die Heilige Gees verrig?
- Vraag 43: Wanneer kan ' gelowige glo dat hy die Heilige Gees ontvang het?
- Vraag 40: Wanneer sal jy dankbaarheid teenoor God betoon?
- Vraag 36: Wat beteken die Naam God vir jou?
- Vraag 41: Hoe kan jy daagliks in 'n lewende verhouding met God leef?
- Vraag 29: Wat glo jy van die maagdelike geboorte?

- Vraag 30: Wat glo jy aangaande Jesus se opstanding?
- Vraag 21: Wat beteken die Naam Jesus Christus vir jou?
- Vraag 22: Hoe voel jy as iemand Jesus se Naam ydellik gebruik in persoonlike gesprekke of in fliëks?
- Vraag 50: Wat is jou siening van die Bybel?
- Vraag 23: Hoe ervaar jy Jesus se nabyheid wanneer jy eksamen skryf?
- Vraag 34: Hoekom dink jy dat mense kan sê: 'Ek weet dat my Verlosser leef'?
- Vraag 31: Glo jy dat God jou roep om 'n volgeling van Jesus te wees?
- Vraag 47: Wat is die gevolg van geloofsekerheid?
- Vraag 53: Vertel my wat is jou geloofsoortuiging?

Die vraelys van die ouers

- Vraag 39: Wie, volgens u kind, kan met sekerheid glo dat God hom liefhet?
- Vraag 28: Deur wie, volgens u kind, kry 'n mens toegang tot God, die Vader?
- Vraag 30: Wat sou u kind hierop antwoord: 'Hoekom het God reëls en gebooie neergelê vir die mens?'
- Vraag 31: Hoekom sou u kind glo dat die oortreding van die gebooie sonde is?
- Vraag 32: Wat sou u kind antwoord op: 'Hoe word 'n mens se sonde vergewe?'
- Vraag 26: Noem een manier, volgens die kind, waarop haar geloof in Jesus versterk kan word?
- Vraag 26: Hoe kan jy jou kennis van Jesus aan ander versprei?
- Vraag 36: Volgens u kind, wat is die taak wat die Heilige Gees verrig?
- Vraag 37: Wanneer, volgens u kind, kan 'n gelowige glo dat hy die Heilige Gees ontvang het?
- Vraag 33: Wanneer sal u kind dankbaarheid teenoor God betoon?
- Vraag 29: Wat beteken die Naam God vir u kind?
- Vraag 35: Volgens u kind, hoe kan sy daagliks in 'n lewende verhouding met God leef?
- Vraag 22: Het u 'n bewys dat u kind aan die maagdelike geboorte glo?
- Vraag 23: Wat glo u kind aangaande Jesus se opstanding?
- Vraag 18: Wat beteken die Naam Jesus Christus vir u kind?
- Vraag 19: Hoe reageer u kind as iemand Jesus se Naam ydellik gebruik in persoonlike gesprekke of in fliëks?
- Vraag 43: Wat is u kind se siening van die Bybel?

Vraag 20: Hoe ervaar u kind Jesus se teenwoordigheid in probleemsituasies, byvoorbeeld eksamens?

Vraag 27: Waarom dink u dat u kind die reg het om te sê: Ek weet dat my Verlosser leef?

Vraag: 24 Glo u kind dat God haar roep om 'n volgeling van Jesus te wees?

Vraag 40: Wat sou u kind antwoord op: 'Wat is die gevolg van geloofsekerheid?'

Vraag 47: Wat is u kind se geloofsoortuiging?

Die vraelys van die predikante

Vraag 42: Wie, volgens die adolessent, kan met sekerheid glo dat God hom liefhet?

Vraag 33: Deur wie, volgens die adolessent, kry 'n mens toegang tot God, die Vader?

Vraag 34: Wat sou die adolessent hierop antwoord: 'Hoekom het God reëls en gebooie vir die mens neergelê?'

Vraag 35: Hoekom sou die adolessent glo dat die oortreding van die gebooie sonde is?

Vraag 36: Wat sou die adolessent antwoord op: 'Hoe word 'n mens se sonde vergewe?'

Vraag 26: Noem een manier, volgens die adolessent, waarop haar/sy geloof in Jesus versterk kan word?

Vraag 28: Noem een manier hoe die adolessent haar kennis aan ander kan versprei?

Vraag 39: Volgens die adolessent, wat is die taak wat die Heilige Gees verrig?

Vraag 40: Wanneer, volgens die adolessent, kan 'n gelowige glo dat sy die Heilige Gees ontvang het?

Vraag 37: Kan u dink wanneer sal die adolessent dankbaarheid teenoor God betoon?

Vraag 29: Wat beteken die Naam God vir die adolessent?

Vraag 38: Hoe kan jy daaglik in 'n lewende verhouding met God leef, volgens die adolessent?

Vraag 22: Het u 'n bewys dat die adolessent aan die maagdelike geboorte glo?

Vraag 30: Watter bewyse het u dat die adolessent aan die opstanding van Jesus glo?

Vraag 22: Wat dink u beteken die Naam Jesus Christus vir die adolessent?

Vraag 23: Hoe dink u reageer die adolessent as iemand Jesus se Naam ydelik in persoonlike gesprekke of in fliëks gebruik?

Vraag 46: Wat dink u is die adolessent se siening van die Bybel?

Vraag 24: Hoe dink u, ervaar die adolessent Jesus se teenwoordigheid in probleemsituasies, byvoorbeeld in eksamens?

Vraag 32: Hoekom kan die adolessent dink dat sy/hy die reg het om te sê: 'Ek weet dat my Verlosser leef?'

Vraag 31: Glo die adolessent dat sy deur God geroep is om 'n volgeling van Jesus te wees?

Vraag 43: Wat sou die adolessent antwoord op: 'Wat is die gevolg van geloofsekerheid?'

Vraag 50: Wat is die adolessent se geloofsoortuiging?

Wat die interpretasie van die data betref, is daar op die onderwerp, naamlik die geloofsekerheid van die adolessente, gefokus. 'n Lys van die adolessente se eie woorde, die antwoorde van die vrae, is saamgestel asook die eie woorde van die kontrolegroep, te wete elke spesifieke adolessent se ouer en sy/haar predikant. Sodoende kan daar bepaal word of die ouer en die predikant se woorde met die woorde van die adolessent ooreenstem of nie. So word die adolessent se getuienis oor sy/haar geloofsekerheid bevestig of bevraagteken. Die navorser is daarvan oortuig dat betroubare resultate op hierdie manier verkry sal word.

Die vraelys aan die adolessente verskyn in bylae A en die vraelys aan die ouers in bylae B en die vraelys aan die predikante in bylae C.

5.3.3 Die fisiese navorsingsproses

Predikante, ouers en adolessente van die Bloemfontein-stadsgemeentes is genader. Eerstens is met die predikant kontak gemaak met die versoek om die naam van 'n kerkisant te gee vir 'n onderhoud in verband met navorsing oor die mate van geloofsekerheid by adolessente. Ook is die predikant gevra of hy bereid sou wees om self 'n persoonlike onderhoud oor die betrokke adolessent te voer. Daarna is die adolessent gekontak met die versoek om 'n onderhoud met die adolessent te voer, asook met sy moeder of vader. Indien gewillig, is daar dan met al drie persone afsprake gemaak. Daarna is daar besluit op datums, die tye en die plek van ontmoetings. Natuurlik is die onderhoude vir drie afsonderlike tye gereël. Hierdie proses is met al die predikante, ouers en adolessente herhaal. Die ouers en adolessente het saam na die onderhoude gekom, maar hul onderhoude is afsonderlik waargeneem.

Gedurende Mei 2005 is daar afsprake gereël met die adolessente en hul ouers en die volgende predikante:

Ds. Badenhorst, N.G. Kerk Berg en Dal

Ds. Smit, N.G. Kerk De Bloem

Ds. Hein Kotzé, N.G. Kerk Uitsig

Ds. Elmarie Wiesner, N.G. Kerk Bloemheuvel

Ds. Nel, Geref. Kerk Bloemfontein-Suid

Ds. Oosthuizen, N.G. Kerk Hugenoot

Ds. Van Zyl, APK Moedergemeente

Ds. Charles James N.G. Kerk Hugenoot

Die navorsers het besluit op 'n vertrek in haar huis om die onderhoude te voer. Die regte atmosfeer is geskep met gemaklike sitplekke en 'n stoornisvrye omgewing.

HOOFSTUK 6

VERWERKING VAN DIE DATA VAN DIE KWALITATIEWE NAVORSING

6.1 INLEIDING

Om die beleving van die huidige Afrikaanssprekende adolessente se geloofsekerheid te bepaal, word gebruik gemaak van kwalitatiewe navorsing. Met die opstelling van die vraelys vir die kwalitatiewe navorsing is daarna gestreef om te probeer vasstel of die huidige Afrikaanssprekende adolessent nog geloofsekerheid ervaar. Die vraag is belangrik in 'n tyd wat "dit hoogmode geword het om jou ongeloof te bely" (Van Zyl 2003:6). Verder beweer hy dat kernhoofstukke van die Bybel asook die Christelike geloof, soos Jesus se maagdelike geboorte, Jesus Christus se opstanding uit die dood en selfs die bestaan van God, bevraagteken of ontken word. Hierdie voorafgenoemde probleme stem ooreen met die probleemstelling in hoofstuk 1.

Geloofsekerheid is moeilik om te meet. Daar kan bloot na die antwoorde op die vraelys gekyk word om te besef wat die ervaring van geloofsekerheid by die respondente is.

In hierdie hoofstuk word daar na die doelwitte gekyk wat in hoofstuk 1 gestel is en rekenskap van die bereiking daarvan word gegee. Eerstens word gekyk na die antwoorde van die respondente op die vrae wat gestel word. Die antwoorde kan dui op hoe die respondente geloofsekerheid belewe. Tweedens kan die antwoorde van die ouers, op dieselfde vrae, aandui wat hul bydrae tot die respondente se geloofsekerheid was. Die antwoorde op dieselfde vrae van respondente wat by verskillende leraars in die katekisasieklas, kerk of gemeente is, kan 'n aanduiding gee of die betrokke kerk of kerklike organisasie nog 'n bydrae tot die respondente se geloofsekerheid lewer.

6.2 ONDERSOEK NA TENDENSE BINNE DIE ADOLESSENTEGROEP

6.2.1 Inleidende notas oor binêre opposisies

Die mees basiese (en dikwels die mees diepgaande) betekenis kom tot stand as gevolg van binêre (d.w.s. tweedelige) opposisies. Net soos wat elementêre spraakklanke op hierdie manier van mekaar onderskei word, kan ons grondkonsepte van die denke, en dus ook die religie, van mekaar differensieer. Dikwels kan ons een begrip alleen verstaan in terme van 'n ander, teenoorstaande begrip. So kan ons slegs weet wat lig is as ons kennis dra van donker. Dieselfde geld vir ander binêre teenstellings soos groot versus klein, ver versus naby, God versus mens, goed versus kwaad en geloof versus ongeloof (Scholes 1974:102-103).

In die onderstaande teksgedeeltes is daar 'n multidimensionele, deurlopende element van spanning teenwoordig. Dit is te verstane omdat ons onder andere te doen het met die stryd/teenstelling tussen goed en kwaad, vergifnis en straf, geloofsekerheid en twyfel, en die tydelike en die ewige. Hierdie spanning neem vanselfsprekend verskillende vorme aan, en in 'n poging om dit uit te lig en sigbaarder te maak, word binêre opposisies uit die onderstaande tekstuele neerslag van die onderhoude geabstraheer. Hierdie teenstellings word telkens as subopskrifte gebruik en funksioneer dus as 'n ordeningsprinsipe in die hieropvolgende bespreking.

Dit is belangrik om te verstaan dat slegs een lid van 'n binêre opposisie eksplisiet aanwesig hoef te wees in 'n teksgedeelte; die ander lid is dan implisiet teenwoordig. Dit maak die teenstelling egter nie minder werklik of belangrik nie. Wanneer daar byvoorbeeld slegs na geloofsekerheid in 'n teks verwys word, weet ons, bewustelik of onbewustelik, dat dit in direkte teenstelling staan met begrippe soos twyfel, wankelmoedigheid, kleingelowigheid, ens. En ons weet ook dat 'n spanningsveld tussen die teenoorstaande begrippe so tot stand kom.

Dan is dit ook nodig om daarop te wys dat meer as een binêre opposisie in 'n teksgedeelte gevind kan word. Dit is die taak van die navorser/ondersoeker om die mees toepaslike teenstellings te vind, afhangende van faktore soos konteks, relevansie, argumentering, patroonmatigheid, ens. Die uitlig van binêre opposisies behels dus die soeke na diepgaande betekenis in die woorde en tekste van mense.

Elke adolessent wat hieronder bespreek word, word ook geïndividualiseer aan die hand van 'n toepaslike tematiese beskrywing. So is die navorser byvoorbeeld van mening dat "liefde en geloof" belangrike temas in die geloofslewe van adolessent 1 is (sien hieronder).

Adolescent 1: Liefde en geloof

Aanvaarding vs verwerping

Wanneer daar uitgevra is na die adolescent se belewenis van God se liefde, het die adolescent aangedui sy kan glo dat God haar liefhet omdat God alle mense geskape het. Die ouer se perspektief het van die ander kant ingespeel: volgens haar het die adolescent God onvoorwaardelik lief en sy het dan ook bygevoeg dat God haar gemaak het. Die predikant, daarenteen, het dit moeilik gevind om die vraag te beantwoord.

Orde vs wanorde

Die tema van God se skeppingsliefde het ook by die adolescent deurgeskemer toe die doel van die gebooië ondersoek is. Sy het gemeen die gebooië is deur God neergelê om haar te beskerm. Die perspektief van beide die ouer en die predikant was weer eens verskillend, met die ouer wat bygevoeg het dat sy sal sê dis haar “handleiding”, terwyl die predikant van mening was dat die gebooië ter wille van orde is en as riglyne dien om God hier op aarde te volg en te dien.

Geloofsekerheid vs afdwaling

Die predikant het vermoed die adolescent sal sê dat die oortreding van die gebooië in stryd is met die wil van die Here en dit kom ooreen met wat die adolescent glo, naamlik dat as jy nie volgens die gebooië wat God daargestel het lewe nie, jy jouself kan seermaak. Dan beland jy in onchristelike groepe wat jou weg van God laat groei en nie nader aan God nie. Beide die adolescent en die ouer se antwoorde dui op die moontlike afdwaling van adollesente in hul geloof in Jesus, in plaas daarvan om te strew na die beleving van volle geloofsekerheid deur die gebooië wat God daargestel het, te onderhou.

Vergifnis vs straf

Op die vraag: “Hoe word sonde vergewe?” was die antwoord van die adolescent duidelik: “As jy glo dat Jesus vir ons sondes gesterwe het en jy vra Hom om verskoning, dan vergewe Hy jou sonde.” Vir die navorser is dit duidelik dat die ouer werklik in voeling met die adolescent is as sy beweert die adolescent glo soos ’n kind dat as sy vra dat haar sondes vergewe moet word, haar sondes verdwyn. Ook het die predikant geen twyfel dat die adolescent sal sê haar sondes word deur Christus, ons Verlosser, vergewe nie.

Standvastigheid vs versoeking

Dit sou gerieflik en gemaklik gewees het as daar ware sekerhede was, soos die wat in die verlede ondersteuning en versekering gegee het, waarop die huidige adolessente kon staatmaak. Die sekerhede het egter verdwyn volgens (Henning 1975:119). Die oormatige konformiteit met die portuurgroep is soms as gevolg van 'n gebrek aan ouerlike aandag, belangstelling en begrip (Atwater 1983:116). 'n Adolessent wat swak verhoudings met hul ouers handhaaf, sal eerder die portuurgroep se waardes navolg, verduidelik Grobler (1997:161). Die ouer wat 'n basiese goeie verhouding met sy adolessent het, het 'n sterker invloed op sy geloof, waardes en die doel met sy lewe, as die portuurgroep. Die adolessent soek juis die praktiese voorbeeld van hoe die lewe geleef moet word (deur bv. ouers) en hoe vraagstukke, insluitende die van die wêreld, opgelos moet word (Strommen et al. 1984:14). Dan maak Grant et al. (1997:166) 'n sterk stelling aan ouers: "Moenie net daar staan en wys na die hoogtes wat jou kinders moet bereik nie. Begin self klim en laat hulle jou volg." Baie belangrik is ook die oorseining van godsdienstige waardes wat deur huweliksharmonie bevorder word, voeg Clark et al. (1988: 463-472) by.

Toeganklikheid vs geslotenheid

Oor die saak van toegang tot God, is die adolessent seker dat Jesus die toegang tot God die Vader is. Die predikant was onseker oor wat haar antwoord sou wees, alhoewel hy vermoed het dat dit in daardie rigting sou lê. Die ouer het weer eens die vraag anders ingesien en 'n ander antwoord as die adolessent verskaf: "toegang tot God kom deur gebed".

Optrede vs passiwiteit

Om haar geloof in Jesus te versterk, is die adolessent geestelik positief en lees sy haar Bybel om seker te wees wat daarin staan. Op haar beurt glo die ouer dat haar geloof versterk kan word deur die bywoning van kampe of dalk deur die onderwys en die kategeseklas wat intens moet wees. Dan voeg die ouer verder by dat in plaas van om flied toe te gaan, die tiener se vader hulle na Soetdoring neem om die lees te sien. Hy bring dan die lees en die natuur in verband met die Opperheerser, Jesus Christus. Die predikant meen sy kan haar geloof by uitstek versterk deur die Bybelklas by te woon asook die CSV, waarby sy betrokke is.

Kennis vs onkunde

Die adolessent is seker dat sy haar kennis van Jesus kan versprei deur ander mense positief te

beïnvloed. Beide die ouer en die predikant meen sy sou haar kennis van Jesus in die skool, in haar vriendekring of by die CSV-groep kon versprei.

Alomteenwoordigheid vs plekgebondenheid

Vir die adolessent is die taak van die Heilige Gees om in jou te werk om soos 'n kind van Jesus te leef en jou te waarsku as jy iets verkeerds doen en die taak van die Heilige Gees is vir die ouer om jou bewus te maak hoe om jou te gedra. Die predikant verduidelik dat die Heilige Gees ons ons sonde laat bely en ons laat glo Jesus is die Here en die Woord is God se Woord. Ook beklemtoon hy dat die Heilige Gees altyd by ons is. Dit is vir die navorser duidelik dat laasgenoemde antwoord die predikant se eie mening omtrent die taak van die Heilige Gees is.

Insig vs onbegrip

Die adolessent glo dat as jy 'n kind van die Here is, jy die Heilige Gees ontvang het. Die ouer glo in God, die Vader en die Heilige Gees se werking en op grond daarvan beskik hy oor die Heilige Gees. Dis tog 'n geskenk van God wat Hy vir ons gelos het. Volgens die predikant is die bewys of jy die Heilige Gees ontvang het, die feit dat jy bely dat Jesus Christus, die Verlosser, is. Die naam van God beteken vir die adolessent: Groot en Almagtig, Jesus se Pa. Die ouer voeg by dat die naam van God beteken Hy is die Vader, Skepper van alles. Vir die navorser is dit duidelik dat die predikant werklik belangstel in die adolessent se geestelike vordering, maar dat hy nie heeltemal op die hoogte is nie, moontlik omdat hy nog nie lank in die gemeente is nie.

Konsekwentheid vs inkonsekwentheid

Oor die daaglikse lewende verhoudingslewe van die adolessent met God is dit die predikant se indruk dat die Bybel en gebed deel is van die adolessent se lewe en haar verhoudingslewe met God. Dit sluit aan by die adolessent se getuïenis wat sê om in 'n daaglikse lewende verhouding met God te leef, beteken om deurlopend met Jesus te praat, ook die hele tyd in jou gedagtes met Hom te leef en in situasies te vra wat Hy sou gedoen het. Die ouer se getuïenis is dat sy daagliks sien dat sy haar Bybel lees en bid, asook dat sy deel het aan die CSV.

Dankbaarheid vs ondankbaarheid

Die navorser is van mening dat al drie, die adolessent, die ouer en die predikant, opreg in voeling is met mekaar oor die vraag: "Wanneer word dankbaarheid teenoor God betoon?" Die adolessent glo dat 'n mens vir elke tree dankbaarheid moet betoon, want jou lewe kan enige oomblik beëindig word. Die ouer stem saam met die adolessent deur te sê dat sy as ouer van mening is dat die adolessent baie keer dankie sê vir haar lewe. Ook die predikant stem tot 'n mate saam deur te sê sy betoon reeds vandag, en nie eendag nie, haar dankbaarheid omdat sy reeds weet dat Jesus Christus haar Verlosser is en ook omdat dankbaarheid nou reeds deel van haar lewe is.

Koersaanwysend vs koersloosheid

Vir die adolessent is die Bybel 'n gegewe handboek en 'n maatstaf waaraan jy jouself kan meet. Vir die adolessent is die Woord, die Bybel, soos 'n handboek waarin jy oor alles ingelig kan word oor 'n sekere saak. In die geval van die Bybel word mense ingelig hoe om hulle voor te berei op die ewige lewe. Die ouer is egter van mening dat die Bybel vir die adolessent 'n geskiedenisboek is wat vir haar sê hoe om te lewe. Vir die ouer is 'n geskiedenisboek waarskynlik 'n waardevolle boek om goeie dinge uit die verlede vir die nageslag te leer en te bewaar, sodat hulle ideale ook nagestreef kan word en kan voortleef. In die geskiedenisboek, die Bybel, word vertel hoe Jesus gelewe het, sodat Hy nagevolg kan word en die wat in Hom glo die ewige lewe kan beërwe. Hierby sluit die predikant aan deur te sê die Bybel is die Woord van God wat deur die Heilige Gees daargestel is as God se openbaring aan ons. Die Bybel is God se wil aan ons.

Onvoorwaardelikheid vs voorwaardelikheid

Wat die maagdlike geboorte en die opstanding van Jesus betref, glo hierdie adolessent dat Maria regtig 'n maagd was en dat God Jesus in haar geplaas het en vir haar gegee het. Sy glo ook waarlik dat Jesus opgestaan het, aangesien God en Jesus regtig Almagtig en tot enigiets in staat is. Die ouer is oortuig dat haar kind aan die tipe onvoorwaardelikhede glo en in God se totale Almag en Grootheid. Die predikant is egter onseker wat die adolessent se antwoord op hierdie vrae sou wees. Weer eens is dit vir die navorser duidelik dat die predikant nog nie die adolessent se getuienis oor die maagdlike geboorte en oor Jesus se opstanding kon bevestig het nie as gevolg van 'n gebrek aan die nodige tyd.

Denotasie vs konnotasie

Die betekenis van die naam van Jesus vir die adolessent is: die Seun van God wat na die aarde gestuur is sodat Hy vir ons gekruisig kon word. Hy is vir haar een van die Drie-enige God wat in haar moet lewe sodat sy soos Hy kan probeer lewe. Hierby sluit die ouer aan met haar mening dat die adolessent in God, die Vader, glo. Hy is Jesus se Pa, en Jesus, die Saligmaker, moes vir ons sterwe. Die predikant sê dat hy tog sal sê dat die naam vir haar beteken Jesus, die Here, haar Verlosser. Vir die navorser is die oordeel van die predikant in ooreenstemming met die insae wat hy tot dusver van die adolessent se lewe verkry het.

Reaksie vs swye

Die ydelike gebruik van Jesus se naam maak haar kwaad en sy sal dadelik reageer en vir die skuldiges sê as sy dink dit is nie reg nie. Vir haar voel dit asof sy amper daarvoor verantwoordelik is. Ook die ouer en die predikant stem saam dat sy dadelik sal reageer, want dit is vir hierdie adolessent die verskriklikste ding wat enige persoon kan doen. Sy sal dit op 'n mooi manier vir volwassenes sowel as vir jonger persone sê. Die predikant voeg ook verder by dat so iets haar teen die bors sal stuit omdat sy bely dat Jesus haar Verlosser is. Die innige meelewing van die ouer en die predikant met betrekking tot die adolessent se diepste gevoelens oor Jesus, is vir die navorser duidelik.

Teenwoordigheid vs afwesigheid

Oor die teenwoordigheid van Jesus in die eksamen is dit vir die adolessent lekker om te weet dat iemand altyd by haar in die eksamen is. Hy maak jou rustig en jy kan alles in sy hande laat. Vir haar is dit 'n lekker gevoel. Hier voeg die ouer by dat wanneer die adolessent haar werk gedoen het, sy altyd by die Here sal hulp soek. Weer eens is die predikant nie seker nie en spekuleer hy dat sy tog hulp by die Here sal soek in die eksamen. Op die vraag: "Hoekom kan 'n mens sê: 'Ek weet my Verlosser leef?', dui die adolessent aan dat as jy regtig glo dat Jesus leef, kan jy sê: "Ek weet my Verlosser leef." Die ouer beleef die adolessent as baie na aan die natuur en sy is lief vir haar mense. Hierdie belewenis gee vir haar sekerheid dat haar Verlosser leef. Die predikant meen dat jy kan sê dat jou Verlosser leef op grond van die Bybel en die beloftes daarin. Volgens die navorser is dit die predikant se eie persoonlike siening hoe iemand met oortuiging kan sê my Verlosser leef.

Onderwerping vs opstandigheid

Die predikant vermoed die antwoord van die adolessent op die vraag: "Glo jy dat God jou roep om 'n volgeling van Jesus te wees?", sal tog wees dat God haar roep om Jesus se volgeling te wees. Die adolessent getuig self dat sy glo God roep haar om Jesus se volgeling te wees en sy wil ook graag Jesus se volgeling wees. Die navorser voel weer die predikant se onsekerheid aan in sy woorde: "Dit is moeilik om ja of nee te sê." Die ouer glo dat die Here haar in kanale plaas waar Hy haar wil hê.

Verlossing vs verlorenheid

Vir die adolessent is die gevolg van geloofsekerheid dat jy sekerheid het van jou geloof in God en dat jy verlos is. Volgens die ouer is die gevolg van geloofsekerheid dat sy rustiger in haar geloofslewe is en getrou haar boekies en die Bybel lees. Weer eens vermoed die predikant baie sterk dat sy sal sê die gevolg van geloofsekerheid is om die ewige lewe te beërwe.

Vernuwing vs stagnering

Die adolessent se geloofsoortuiging is dat sy glo in God, die Vader, in Jesus wat vir ons gekruisig is en opgestaan het, en in die Heilige Gees wat binne in ons werk. Daarmee saam moet jy elke sekonde probeer om soos 'n volwaardige Christen te leef. Die ouer beaam dat sy ook van mening is dat die adolessent dit huldig, maar net eenvoudig Jesus Christus, God en die Heilige Gees. Ook die predikant glo, in die lig van haar reaksie dat sy werklik in 'n noue persoonlike verhouding met Jesus Christus as haar Verlosser en Saligmaker leef. Met die getuienisse van die adolessent self, haar ouer en haar predikant, stem die navorser volmondig saam dat die adolessent waarlik 'n wedergebore kind van God is. Dit is nie net in die getuienisse duidelik nie, maar ook in haar werklike lewende verhouding met God, soos dit blyk uit al haar antwoorde op die vrae en ook in haar persoonlikheid.

Samevatting

Met die onderhoud, sowel as in die antwoorde op die vrae, was dit heeltemal duidelik dat die adolessent 'n oop verhouding met haar ouer het. Sy het vrymoedigheid om met al haar probleme met haar ouer te praat. Sy sê self: "Ons kan lekker met ons ouers gesels as ons probleme het by die skool of as ons enige moeilikheid het." Dieselfde is duidelik uit die moeder se oop verhouding, want vir haar is daar "nie vreeslike onderdrukte emosies nie, ons is baie spontaan en ek dink ons is 'n relatiewe normale gesin en ons is baie liefdevol". Die

vader openbaar dieselfde gesindheid deur te sê: “Jou geloof is deurvleg dwarsdeur die week, maand, jaar, elke dag, en elke aksie en in elke woord moet jy as Christen in aksie wees.” Gevolglik ervaar die adolessent die nodige ondersteuning van albei haar ouers wat sy op dié stadium nodig het.

Die adolessent ervaar in haar verhouding met die predikant meelewing wat betref haar geestelike ontwikkeling en haar lewe as sy katekisasie. Hy stel werklik in haar as mens belang en bied sy morele steun waar dit vir hom moontlik is. Met sy innemende persoonlikheid is die predikant daartoe in staat om verantwoordelikheid vir die adolessent te aanvaar en aan sy taak as leier van die katekisasieklas reg te laat reg geskied. Dit is egter terselfdertyd duidelik dat dit tyd neem om die wêreld en gedagtes van die adolessent te betree en die adolessent se vertroue te wen. In ’n hele aantal gevalle kon die predikant nie namens die kind antwoord nie. Dit is egter goed dat hy nie net geraai het nie, maar ook die bereidwilligheid getoon het om aan te dui wanneer hy onseker was – so ’n houding is by uitstek nodig wanneer volwassenes in die lewenswêreld van die adolessent toegelaat wil word.

Dit was egter ook opvallend dat ’n aantal van sy antwoorde meer soos algemeen geskoolde teologiese antwoorde geklink het (dit wat die kinders behoort te antwoord, eerder as wat hy weet die adolessent sou antwoord) en ook heelwat veralgemening ingesluit het. ’n Voorbeeld hiervan is sy antwoord op die vraag: “Wanneer, volgens die adolessent, kan ’n gelowige glo dat hy/sy die Heilige Gees ontvang het?” Hy het verduidelik dat die Heilige Gees ons laat bely en glo dat Jesus die Here is en die Woord God se Woord, en ook dat die Heilige Gees by ons is. Volgens die predikant is die bewys dat jy die Heilige Gees ontvang het, die feit dat jy bely dat Jesus Christus die Verlosser is. Na sy verduideliking het hy voortgegaan en gesê: “Of hulle dit nou so mooi verstaan, dit weet ek nie.” Hierdie opmerking dui ook aan dat die predikant soms in verhouding tot die adolessent staan, nie een tot een nie, maar as ’n enkeling in ’n statusposisie teenoor ’n groep as ’n geheel.

“Die adolessent sal sy soeke na erkenning in die groep moet voortsit” (Beets 1964:147). “In ’n groep, as ’n enkeling, sal hy vir homself moet probeer uitvind hoe om die lewe in die oë te kyk, hoe om die betekenis en doel wat hy soek, te vind en die volgende vrae van Graham (1969:79) afvra: “Hoe kan ek myself wees?”; “Wie is ek?” Hoewel individualiteit as belangrik beskou word, is die aanpassing in die groep ewe belangrik. Hier in die groep moet die adolessent sy eie balans vind (Knight 1969:43).

Adolescent 2: Waarheid en stryd

Universaliteit vs uniekheid

Op die vraag wat die adolescent se belewenis van God se liefde is, maak die adolescent en die predikant die stelling dat almal kan glo dat God hul liefhet, maar elkeen het sy eie verduideliking. Die adolescent glo dat God almal geskape het en daarom het God almal lief, terwyl die predikant glo dat elkeen kan glo dat God hom/haar liefhet. Vir die ouer is dit 'n seker saak dat almal wat glo met sekerheid kan glo dat God hul liefhet. Vir die adolescent en die ouer is die gebooi deur God daargestel om ons te help om reg te lewe en dit moet nagekom word om Hom te dien. Dit is interessant dat die predikant die instelling van die gebooi beskou as dat dit ons in die eerste plek teen onself beskerm.

Dissipline vs bandeloosheid

Oor die saak van die oortreding van die gebooi, stem die adolescent, die ouer en die predikant saam dat dit sonde is, maar hulle verduideliking van die saak is verskillend. Vir die adolescent is dit soos om 'n wet te oortree. As dit nie volgens die gebooi is nie, dan is dit sonde. Die ouer redeneer dat dit God se gebooi is en die mens kan nie daarmee doen wat hy wil nie. Vir die predikant is die oortreding van die gebooi sonde omdat dit teen God se wil is. Op die vraag oor hoe sonde vergewe word, is die adolescent se antwoord dat as jy opreg jammer oor jou sondes is, dan sal die Here jou vergewe. Hiermee stem die ouer en die predikant saam. Eerstens het Jesus aan die kruis gesterwe om ons sondes te vergewe. Tweedens word die sondes vergewe; volgens die predikant deur die bloed van Jesus wat ons vrygemaak het van sonde.

Toeganklikheid vs ontoeganklikheid

Die adolescent en die predikant is oortuig Jesus is na die aarde gestuur deur God, sy Vader. In hierdie geval is die ouer nie seker wat die adolescent se antwoord sal wees nie. Oor die vraag oor die toegang tot God, stem die adolescent en die predikant saam deur te sê die mens kry toegang tot God deur die Heilige Gees se voorspraak. Die ouer meen toegang word verkry deur Jesus Christus.

Deelname vs onbetrokkenheid

Op die vraag oor hoe jy jou geloof kan versterk, is die adolescent seker dat sy deur mense daartoe beïnvloed kan word asook deur kerk toe te gaan en in die skool waar die onderwysers

passievol voel oor hul geloof. Om haar geloof te versterk, meen die ouer die adolessent moet glo, bid en haar Bybel lees. Die predikant is nie seker wat die adolessent se antwoord sal wees oor hoe om haar geloof te versterk nie.

Groei vs agteruitgang

Navorsing toon dat kinders wat nie deur hul ouers verstaan word nie, se godsdiens minder eg en ernstig is en dit kan belemmerend inwerk op die versterking van die adolessent se geloof. Hierteenoor getuig Sonnekus en Ferreira (1979:364) dat die geleidelike omvorming van die kinderlike Godskennis in die rigting van dié volwassene, die adolessensietyd, volg. Verder word God meer en meer as 'n geestelike Wese gesien en bedink (De Wet & Van Zyl 1980:197). Ook getuig 88,4% respondente in die empiriese navorsing: "My kennis van Jesus Christus het die afgelope jaar toegeneem."

Voorbeeldigheid vs kontaminasie

Om haar kennis van Jesus te versprei, meen die adolessent sy kan ander mense van Jesus vertel, byvoorbeeld by die kerk of die CSV of jy kan 'n sendeling word. In hierdie geval weet die ouer weer nie wat die adolessent se antwoord sal wees nie. Die predikant maak 'n heel praktiese voorstel dat die adolessent haar kennis van Jesus aan ander kan oordra deur hoe sy lewe, deur sekere dinge te doen en ander nie te doen nie. Dit bring die boodskap van Christus die beste oor.

Goed vs kwaad

Op die vraag wat die taak is wat die Heilige Gees verrig, dui die adolessent aan dat Hy jou op die regte pad hou en altyd deur middel van die stemmetjie in jou, waarsku as jy verkeerd wil doen. Hierby sluit die ouer aan deur te verduidelik hoe sy die taak van die Heilige Gees sien. Hy lei jou en Hy leer jou en Hy is in jou. Die Heilige Gees se taak is om as voorspraak en troos by die Vader in te tree, is die predikant se mening.

Betroubaarheid vs onbetroubaarheid

Op die vraag wanneer 'n gelowige kan glo dat hy die Heilige Gees ontvang het, meen die predikant dat wanneer die adolessent Jesus Christus as haar Verlosser aangeneem het, sy op grond van die beloftes van God kan glo dat sy die Heilige Gees ontvang het. Ook dat die Heilige Gees dan in haar lewe teenwoordig is. Heel besonder sluit die adolessent aan deur te

sê dat 'n gelowige kan glo dat hy die Heilige Gees ontvang as hy volgens sy wil en geboorte leef.

Multidimensionaliteit vs eendimensionaliteit

Vir die adolessent beteken die naam God haar Vader, Seun en die Heilige Gees. Dit is drie persone wat een is. Die Vader is in die hemel, die Seun is besig om vir ons plek reg te maak in die hemel en die Heilige Gees leef in ons, by ons. Beide die ouer en die predikant stem saam dat die naam van God vir die adolessent beteken geestelike Vader, Seun en Heilige Gees.

Vertroue vs wankelmoedigheid

'n Daaglikse lewende verhouding met God beteken vir die adolessent om die Bybel te lees, te bid, Sondagskool by te woon en vir Hom reg te leef, ook om sy Woord te verkondig en ander mense te help om die weg na Hom te vind. Die predikant verduidelik dat die adolessent se verhouding met God elke dag ervaar moet word – dit behoort nie 'n aparte item op sy dagprogram te wees nie. Weer eens is die ouer nie seker wat die adolessent se antwoord sal wees nie. Volgens die navorser se mening het die predikant nie van dié spesifieke adolessent se ervaring met God gepraat nie, maar wel van die groep kerkgoeie. Dit is jammer, want soms skemer sy meelewing met die adolessent tog deur.

Dankbaarheid vs ondankbaarheid

Om dankbaarheid teenoor God te betoon is vir die adolessent belangrik. Sy voel dat sy altyd dankbaarheid teenoor God moet betoon, want Hy is barmhartig en vergewe ons sondes. Ook het Hy die mens op die aarde geplaas en Hy gee so baie vir ons. Die ouer getuig verder oor die adolessent se dankbaarheid teenoor God. Sy betoon dankbaarheid deur haar lewe, hoe sy lewe en die manier hoe sy Hom aanbid. Die predikant getuig dankbaarheid word daagliks in die lewe teenoor God betoon.

Volledigheid vs onvolledigheid

Wat betref hul siening van die Bybel beklemtoon die adolessent, die ouer en die predikant dat die Bybel die Woord van God is. Alles wat Hy gesê het, is daarin en alles wat daarin staan is waar. Dit vertel van Jesus se lewe op aarde en gee riglyne hoe ons moet leef.

Transendentaliteit vs rede

Vir die adolessent is die maagdelike geboorte van Jesus en Jesus se opstanding waar, want die Bybel sê so. Wat die maagdelike geboorte en Jesus se opstanding betref, sê die adolessent dat as God sê iets moet gebeur, dan gebeur dit. Hy kan enige iets doen. Sy glo dit is waar dat Jesus die eerste een is wat opgestaan het, want Hy het gesê Hy sal opstaan en Hy het. Dit moes gebeur het. Die stilsweye van die ouer en die predikant dui vir die navorser daarop dat hulle nog nie die getuienis van die adolessent gehoor het nie dat sy aan die maagdelike geboorte en Jesus se opstanding glo as 'n werklikheid, omdat God Almagtig is.

Onskendbaarheid vs ontheiliging

Jesus se naam beteken vir die adolessent dat Jesus na die aarde gekom het om ons van sondes te bevry en die dood te oorwin. Hy is ons Verlosser wat vir ons plek maak in die hemel. Die predikant is ook oortuig dat die adolessent sal sê die Verlosser het ons van sondes gevrywaar. Ongelukkig weet die ouer weer nie wat die adolessent sal antwoord nie. Dit maak die adolessent kwaad as haar vriende Jesus se naam ydelik gebruik, dan spreek sy hulle aan om dit nie te doen nie. In die fliëk spreek sy die wens uit dat die mense sal ophou daarmee. Soos die adolessent neem die ouer ook soortgelyke standpunt in as Jesus se naam ydelik gebruik word. Hier getuig die predikant dat die ydelike gebruik van Jesus se naam vir die spesifieke adolessent nogal 'n probleem is.

Erkentlikheid vs troueloosheid

Verblydend getuig die adolessent dat sy in die eksamen ervaar Jesus "is net daar". As sy iets vergeet dan vra sy "help my asseblief". As dit nie vir die Here was nie, dan sou sy nie tot in standerd nege gekom het nie. Bemoedigend is dit dat die predikant getuig dat dit 'n konkrete feit is dat Jesus by haar is. Die saak is nie met Hom bespreek nie, maar sy vertrou Jesus in 'n moeilike situasie. Ongelukkig sê die ouer weer eens niks namens die adolessent nie, want sy weet nie wat die adolessent se antwoord sou wees nie.

Navolging vs ontrouheid

Treffend is die antwoord van die adolessent op die vraag: "Hoekom dink jy dat mense kan sê: 'My Verlosser leef?': "As Jesus in jou leef, dan weet jy Hy leef." Mense kan glo hul Verlosser leef, want dit staan in die Bybel. Ook die ouer is oortuig dat die Verlosser leef en die predikant voeg by dat die Verlosser leef op grond van die beloftes in die Woord. As die vraag gevra word: "Glo jy God roep jou om 'n volgeling van Jesus te wees?" antwoord van

die adolessent dat Hy ons geskep het om Hom te volg en te dien. Ons moet Hom volg en leef soos Hy wil hê ons moet leef, want ons is Syne. Die adolessent probeer om altyd volgens Jesus se wette te leef en Hom te dien; dis haar lewensdoel. Sy glo dat as jy reg leef, probeer om ander te help en sy Woord verkondig, dan is jy 'n volgeling van Jesus. Interessant genoeg stem die ouer saam dat die adolessent sal glo God roep haar om Jesus te volg. Ongelukkig sê die predikant hy hoop hulle glo, want dis wat hy hulle leer. Vir die navorser is dit duidelik dat die predikant nie aan die spesifieke adolessent dink nie, maar aan die hele kerkklas.

Integriteit vs verraderlikheid

As die gevolg van geloofsekerheid, weet die adolessent God is by haar. Hy help haar. Haar ouer en predikant stem saam dat sy die ewige lewe as die gevolg van geloofsekerheid sal sê. Die navorser besef die adolessent se lewe het waarskynlik 'n totale verandering ondergaan nadat sy haar verkeerde maats in die vorige skool agtergelaat het. In die nuwe skool het sy maats wat probeer lewe volgens die Here se riglyne. Die adolessent probeer om haar moeilike lewe in die vorige skool te verduidelik. "Ek het al baie slegte vriende gehad. Hulle het my absoluut weggegooi oor ek nie wil drink en dwelms gebruik nie. Omdat ek nie dagga rook en nie van rowwe partytjies hou nie. Dit was baie erg, maar ek het nou goeie vriende, Christen-vriende."

Redding vs ondergang

Die adolessent se geloofsekerheid behels onder andere geloof in God, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die Seun het vir haar sondes aan die kruis gesterwe en Hy beskerm haar elke dag en sal vir haar die ewige lewe gee. Die gevolg is dat die ouer met 'n geruste hart kan sê dat die adolessent in Jesus Christus glo, terwyl die predikant oortuig is dat die adolessent geloofsekerheid het.

Samevatting

Die verhouding tussen die adolessent en die ouer is ongelukkig baie geslote. Kommunikasie vind nie maklik of vryelik plaas tussen die adolessent en ouer nie. Beide van hulle is tot 'n mate teruggetrokke en tree nie met vrymoedigheid teenoor mekaar op nie. Tog sê die adolessent dat hulle lief is vir mekaar, al baklei hul ook met mekaar. Die ouer noem ook "ons het ons gevegte". Hierdie toedrag van sake kan aan verskeie redes toegeskrywe word. Janson (1976:118) waarsku ouers om te onthou dat adolessente erg gebuk gaan onder stemmingswisselinge wat die simptome is van hulle innerlike worsteling met kragte wat hulle

nog nie verstaan nie. Ook verstaan ouers nie altyd dat die adolessent gewoonlik met kritiek reageer nie - dikwels bietjie oordrewe, ongevraag gerig teen alles en almal. 'n Uiteraars belangrike aspek is dat die ouer 'n tuiste vol warmte, begrip en baie liefde moet skep. Dit sluit in liefdevolle, ondersteunende en sorgsame ouers. 'n Belangrike feit vir die ouer om te onthou, is dat daar tydens adolessensie minder intimiteit tussen moeders en dogters is en dat die adolessent meer krities in die verhouding met die moeder is. Dit word beweer deur Lackovic-Grigin (1994:698). 'n Treffende boodskap vir vandag se ouers is: "I think love is the thing that young people are looking for today" (Frost 1997:157).

Die huishouding waarin die adolessent haar bevind is baie besig, maar die gesin probeer tog om saans ten minste te lees en bid, asook in die oggend voordat hulle uit die huis gaan. Die ouer het inligting omtrent die adolessent se geloofskennis bekom deur middel van 'n projek oor Jesus wat die kerkisasante moes uitwerk vir die predikant. Dit is dan ook aanduidend van die geslote verhouding wat tussen die ouer en die adolessent bestaan. Die adolessent het vrymoedigheid om met die predikant kontak te maak, maar die predikant, alhoewel hy hard probeer, slaag nie heeltemal daarin om individuele verhoudings met sy kerkisasante te bou nie. Daar is tekens van meelewing van sy kant af, maar daar skemer tog onsekerheid by die predikant deur oor wat die adolessent se antwoorde op die vrae sou wees.

Die onsekerheid van die predikant kan verskeie oorsake hê. Die eerste en seker die belangrikste oorsaak is 'n gebrek aan kennis van die adolessent. Daar is 'n voorstel dat daar weer met huisbesoeke begin moet word, aangesien die adolessent dan ook teenwoordig is en die leraar meer van die adolessent kan sien en hoor. Die belangrikste metode bly egter persoonlike kontak (Gous 2000:6).

Die leraar moet nie vir homself werk nie, maar wel vir die Here en nie die adolessente in die steek laat nie. Om te sien hoe hulle in die steek gelaat is, kan daar maar net gekyk word na die wat die pad byster geraak het (Janson 1976:123). Wat nodig is, is geduld en om die "evangelie [te] vergestalt", want die adolessent, vandag sowel as in die verlede, soek na die ideaalfiguur om na te volg (Janson 1976:120). "Wat die verhoudingskant betref, is die grootste uitdaging om by hul harte uit te kom en hulle in 'n sinvolle verhouding met die gemeente te bring" (Kitching 2000:8). Ten opsigte van onderrig het die jeug die volgende behoeftes, te wete opregtheid, sigbare resultate, vriendskap en weer eens rolmodelle.

Adolesseent 3: Aanvaarding en koestering

Voorwaardelikheid vs onvoorwaardelikheid

Hierdie adolessent is van mening dat enigiemand kan glo dat God hom liefhet. 'n Persoon wat hom/haar op straat bevind en swaarkry, sal egter sukkel om te aanvaar dat God hom/haar liefhet. Die ouer se siening verskil egter in 'n mate hiervan, want hy meen die adolessent sal sê dat die persoon wat sy hart vir die Here gee, geregtig is daarop om te glo dat God hom liefhet. Daarenteen glo die predikant dat die adolessent dink dat 'n mens goed genoeg moet wees om deur God aanvaar te word. As hy worstel met lewensprobleme of as 'n ramp hom tref, sal hy egter baie twyfel.

Reëlgebondenheid vs chaos

Sonder reëls en gebooe sou daar chaos gewees het – so voel die adolessent. Die ouer voorspel die adolessent sal sê dat die gebooe 'n raamwerk skep met behulp waarvan hy kan toets of sy handeling reg of verkeerd is; dan is dit makliker om keuses te maak. Die predikant dink egter die adolessent sal God as 'n pretbederwer beskou. Die skerp kontras in die sienings van die adolessent en die predikant oor hierdie kwessie dui moontlik op die afwesigheid van 'n vertroulike verhouding tussen die twee.

Kousaliteit vs nie-oorsaaklikheid

Die adolessent meen die gebooe van God funksioneer as 'n rigtingwyser vir ons: God wil hê ons moet op 'n sekere manier leef, en as dit nie gebeur nie, is dit teen God se wil. Dan oortree ons God se wette en dit is sonde. Die ouer stem saam met die adolessent dat die oortreding van die gebooe sonde is omdat dit teen God se wil is. Die predikant redeneer dat dit vir die adolessent meestal gaan oor die gevolge van oortreding – as die gevolge erg is, dan is die sonde erg.

Belydenis vs stilswye

Die onderskeie getuienisse van die adolessent en die ouer stem ooreen: as jy jou sonde bely en God om vergifnis vra, vergewe Hy jou sonde. Daarvoor hoef nie twyfel te bestaan nie. Die predikant hoop die adolessent sal verstaan dat hierdie vergifnis die gevolg is van Christus se bemiddeling.

Toeganklikheid vs ontoeganklik

Die adolessent glo, skynbaar met 'n mate van huiwering, dat die mens toegang tot God kry deur die werking van die Heilige Gees. Die ouer is daarvan oortuig dat die adolessent weet dat 'n mens slegs deur Jesus Christus toegang tot God kan verkry; Jesus het self gesê Hy is die enigste poort waardeur toegang tot God verkry kan word. Vir die predikant is toegang tot God alleen moontlik deur Christus.

Teks vs beeld

Volgens die adolessent versterk hy sy geloof deur te lees en te bid: hy lees en skep tekste (ook mondeling). Hy dink 'n mens se geloof sal so versterk word as jy deur 'n moeilike tyd gaan. Die ouer maak die waarneming dat hyself met tekste grootgeword het terwyl vandag se kinders met groot blootstelling aan beelde opgroei. Binne die konteks van die moderne tyd dink hy dus dat video's en 'n Christelike TV-kanaal jongmense sal help om hul geloof in Jesus te versterk. Ongelukkig swyg die predikant, want hy weet nie wat die adolessent se antwoord sal wees nie. Die adolessent getuig dat hy sy kennis van Jesus versprei deur baie oor Hom te praat. As 'n ongelowige na hom en sy maats luister as hulle oor Jesus praat, sal die persoon naderhand begin verstaan wat hulle sê; hy/sy sal met toenemende insig luister. Die predikant meen die adolessent kan sy geloof met ander deel sonder druk op hulle uit te oefen om in Jesus te glo.

Beïnvloeding vs weerstand

Volgens die adolessent kan die Heilige Gees se invloed verstaan word as die stemmetjie wat agter in sy kop praat as hy onseker is oor iets – 'n stemmetjie wat vir hom aandui wat reg of verkeerd is. Die ouer dink die adolessent sal die Heilige Gees sien as die derde party wat 'n gunstige omgewing vir positiewe beïnvloeding skep en die jongmens help om sekere keuses te maak. Die predikant wonder of adolessente mooi verstaan dat die Heilige Gees hulle van sonde bewus maak. Hulle benodig die krag van die Heilige Gees om hulle deur moeilike tye te dra. Die adolessent getuig dat jy weet wanneer jy die Heilige Gees ontvang het: jy kan voel as God met jou praat; jy kan God se teenwoordigheid aanvoel. Die ouer meen die adolessent sal sê as hy sy hart vir die Here gee, sal hy die Heilige Gees ontvang. Die predikant dink dat as iemand die saak reg verstaan, hy sal weet dat hy die Heilige Gees ontvang die oomblik as hy glo. Die navorser dink die predikant bereik nie die individu nie, want hy slaag nie daarin om sinvol met die katkisanter te kommunikeer nie; hulle verstaan nie altyd wat hy sê nie.

Skrikwekkende vs liefdevolle

God se naam beteken vir die adolessent daardie “verskriklike Grote”; hier is duidelik ’n element van vrees aanwesig. Die ouer dink die adolessent sal sê die naam van God beteken God, die Skepper van hemel en aarde, en Vader van Jesus Christus. Weer eens weet die predikant nie wat die adolessent sal sê nie. Die adolessent verklaar dat hy weet hoe ’n mens ’n daaglikse lewende verhouding met God kan hê: “My daaglikse verhouding met God is om met Hom te praat, iets te vra as ek onseker is. Hy sal my laat weet”. Die ouer gaan van die standpunt uit dat ’n mens deur die dag alles moet toets deur te vra wat sou Jesus gedoen het - nie net gedurende stiltetyd of in die aand nie. Dit is eintlik ’n proses wat die hele dag duur. Die predikant konstateer dat God se liefdevolheid veral binne die konteks van vriendegroepe en selgroepe ervaar kan word.

Dankbaarheid vs egoïsme

Die adolessent noem dat dankbaarheid teenoor God gepas is as hy in die aand dankie sê vir sy goeie skool en as die Here hom help om goed te doen in die eksamen in antwoord op sy gebede. Volgens die ouer is adolessente baie egoïsties en hulle sal slegs dankbaarheid betoon as iets goed met hulle gebeur; andersins sal hulle baie maklik vergeet om dankie te sê. Die predikant identifiseer selfsug by adolessente wat verwag dat God hulle moet beloon as hulle korrek optree. Hulle sal moet leer dat ’n mens niks kan doen om genade te verdien nie.

Sinvolheid vs irrelevansie

Beide die adolessent en die ouer sien die Bybel is sinvol omdat dit onder meer vir ons ’n aanduiding gee van hoe God wil hê ons moet lewe. Die adolessent voeg by dat baie oplossings vir probleme in die Bybel gevind kan word – mens moet net bereid wees om te soek. Die ouer glo die Bybel is vir die adolessent die Woord van God, en nie ’n storieboek nie. Dit bevat wonderlike lewenslesse. Daar is ’n sekere mate van skeptisisme by die predikant aanwesig oor die opregtheid van jongmense: volgens hom is dit vir sommige van hulle ’n straf om die Bybel te lees; hy dink dis vir die meeste jongmense glad nie lekker om die Bybel te lees nie. Volgens die navorser veralgemeen die predikant hier omdat hy die adolessent nie goed ken nie.

Natuurlike vs bonatuurlike

Die adolessent het twyfel oor die maagdelike geboorte van Jesus; hy kan nie glo dat God dit so laat gebeur het nie. Hy dink Jesus se ouers het gemeenskap gehad en toe word Hy gebore.

Nieteenstaande hierdie uitspraak beweer die ouer dat sy kind wel in die maagdelike geboorte glo en dat hy bewyse daarvoor het. Die navorser identifiseer verskeie moontlike redes waarom die adolessent nie aan die maagdelike geboorte glo nie. Eerstens kan dit die gevolg wees van beïnvloeding deur onware mediaberigte. Tweedens kan dit wees omdat adolessente geneig is om alles logies te probeer uitpluis en te beredeneer. Derdens kan dit die resultaat wees van gebrekkige leiding in die kategeseklas, want hier weet die predikant al weer nie wat die adolessent se antwoord sal wees nie. Hierteenoor is die adolessent se siening van die opstanding van Jesus beslis en oortuigend: Jesus het Satan oorwin toe Hy opgestaan het, opgevaar het en teruggekeer het na God toe. Verder bevestig die ouer dat die adolessent weet dat Jesus opgestaan en opgevaar het en dat daar 'n wederkoms sal wees.

Redding vs verwerping

Jesus se naam dui volgens die adolessent daarop dat God se Seun na die aarde gekom het om vir ons te sterf. Die ouer verskaf die versekering dat die adolessent deeglik beseft dat Jesus Christus sy Verlosser is en vir ons sondes gesterf het; hy vermoed sy kind bepeins hierdie saak in die hoop om dit beter te verstaan. Die predikant se kommentaar is dat die naam van Jesus vir sommige mense 'n vloekwoord geword het.

Skaamheid vs skaamteloosheid

Die adolessent kry skaam as Jesus se naam ydellik gebruik word, byvoorbeeld in rolprente. Dit is vir die ouer duidelik dat die adolessent dit as verkeerd beskou om Jesus se naam ydellik te gebruik, want hy maak homself nooit skuldig aan sulke taalgebruik nie. Volgens die predikant het adolessente al daaraan gewoond geraak om Jesus se naam ydellik te gebruik. Dit is 'n pynlike toedrag van sake vir diegene wat beseft dis verkeerd.

Vertroue vs wantroue

Die adolessent is baie beslis oor Jesus se teenwoordigheid in die eksamen: hy is vas oortuig daarvan dat Jesus sal help in 'n toets of eksamen as jy Hom vra - maar dan moet jy geleer het. Die ouer sê dat daar 'n bietjie meer fokus en verdieping by sy kind is tydens die eksamen, maar al wat hy verder kan sê is dat die adolessent dit maklik vind om eksamen te skryf. Die predikant se opinie is dat jongmense emosioneel sukkel as hulle voel dat Jesus nie meer by hulle is nie. Die navorser voel dat die predikant te veel op die groep fokus en te min op die spesifieke adolessent.

Geloofskrag vs onbegrip

Die adolessent beweer dat as iemand glo en weet Jesus Christus leef en Hom elke dag ervaar, kan daar sonder meer gesê word dat die Verlosser leef. Die meelewende ouer beseft die adolessent het sy hart aan die Here gegee en daarom het hy die reg om te sê sy Verlosser leef. Die predikant meen egter die adolessent kan moontlik so sê omdat hy in die katechese of in die erediens gehoor het ander mense sê so; hy herhaal maar net die woorde sonder om dit te verstaan of te glo. Verder meen die predikant adolessente is selfsugtige wesens. "Hulle verstaan nie dat hulle vir God is en dat God nie vir hulle is nie."

Onderdanigheid vs eiesinnigheid

Beide die adolessent en die ouer glo beslis dat God eersgenoemde roep om 'n volgeling van Jesus te wees. Dit is 'n opdrag wat 'n mens moet gehoorsaam, wat jy nie kan afwys nie. Die predikant meen weer eens dat adolessente selfgesentreerd is en moeilik na God kan uitreik; hulle konsentreer op hul eie lewens.

Ewige vs tydelike

Die gevolg van geloofsekerheid vir die adolessent is dat hy nie hoef om te gee wat met hom gebeur nie, want God is daar vir hom en Hy sal hom help. Die ouer is daarvan oortuig dat die adolessent na die beërwing van die ewig lewe sal verwys. Ook die predikant stem saam dat die gevolg van geloofsekerheid is dat 'n mens die Ewige lewe sal ontvang, maar ongelukkig dui hy nie aan wat die betrokke adolessent na sy mening glo nie.

Geloofsekerheid vs twyfel

Die adolessent se geloofsekerheid spruit daaruit voort dat hy in God glo. Sy probleem is egter dat hy nie altyd God se teenwoordigheid in die kerk ervaar nie hoewel hy weet en verstaan dat hy kerk toe moet gaan. Hy verwoord hierdie dilemma soos volg: "Maar die predikante sê so half, OK, ons is by die kerk en God is hier. Ek glo dit, maar ek weet nie waar nie". Om hierdie rede weier hy soms om die aanddiens saam met sy suster by te woon. Gevolglik is die ouers bekommerd en meen hy is besig om sy bande met die kerk te verbreek. Hy verduidelik verder: "As ons op 'n kamp is en ons lees en bid, dan het ek 'n groter gevoel van God se teenwoordigheid." Gelukkig meen die ouer dat dade harder spreek as woorde, en dit ervaar hulle by die adolessent. Die terugvoering van maats en onderwysers laat die ouer ook meer gerus voel; hy twyfel nie dat sy kind geloofsekerheid het nie. Die ouer voel bevoorreg om hierdie kind te hê, want baie adolessente is moeilike mense. Die predikant

artikuleer sy mening soos volg: “Die adolessent is in die belydenisklas en is nog besig met spesifieke werk oor geloofsoortuiging. Hy behoort te weet dat Jesus Christus vir hom gesterf het.” Die navorser kan ook getuig dat die adolessent diep gelowig is en oor ’n mooi en sterk persoonlikheid beskik.

Samevatting

Die verhouding tussen die ouer en die adolessent is werklik een van vader en seun. Die adolessent erken sy ouers is nog streng: “Ek kom agter ek het dit nooit verstaan nie, my ouers was altyd streng, jislak, maar vandag kom ek agter dis ’n goeie ding.” Kommunikasie tussen hulle is waarskynlik maklik, maar om die een of ander rede het die adolessent nie sy probleme oor die maagdelike geboorte en die Here se teenwoordigheid in die kerk met die ouer bespreek nie. Moontlik het hy dit gedoen uit vrees dat dit die ouer kan skok en teleurstel. Die ouer voel dat sy kinders besonder intelligent is en dat dit tot botsings in die huis aanleiding gee, veral tussen die adolessent en sy jonger suster. Die ouer meen egter: “Ons probeer om ’n atmosfeer vir hulle te skep wat rustig en ondersteunend is”. Die predikant sien hulle as “’n baie liefdevolle gesin en baie betrokke bymekaar. Hulle is ’n oop gesin in die sin dat elkeen sy mening kan gee.” Dit is egter duidelik dat daar geen noemenswaardige verhouding tussen die adolessent en die predikant bestaan nie. Die rede hou waarskynlik daarmee verband dat die predikant die adolessent bloot sien as lid van ’n groep kerkliede teenoor wie hy/sy plig moet nakom.

Adolessent 4: Kennis en onkunde

Voorwaardelikheid vs onvoorwaardelikheid

Hier is verskillende standpunte oor God se liefde. Die adolessent glo God het almal lief, want Hy het almal geskep. Die predikant glo die adolessent sal sê dat enigiemand kan glo dat God hom/haar liefhet, terwyl die ouer meen dat elkeen wat in God glo, seker kan wees dat God hom/haar liefhet.

Rigtingvastheid vs rigtingloosheid

Die adolessent sien die geboorte is as riglyne vir diegene wat op die regte pad wil bly; dit het as’t ware ’n rigtinggewende funksie. Hiermee stem die ouer saam, want sy is daarvan oortuig dat God se geboorte ingestel is as wegwysers vir Sy kinders wat volgens sy wette wil lewe. Die predikant wonder of die adolessent ’n sinvolle bydrae oor hierdie kwessie sal kan lewer.

Oortreding vs vryspraak

Die adolessent is daarvan oortuig dat enige oortreding van die gebooie sonde is omdat dit die riglyne van God is wat oortree word. Volgens die ouer is die oortreding van die gebooie vir die adolessent sonde, want dit staan so in die Bybel. Die predikant meen die idee van algehele vryspraak is nogal 'n moeilike konsep vir enige mens om te verstaan. Volgens beide die adolessent en die ouer is sondes klaar vergewe as gevolg van Jesus wat aan die kruis gesterf het. As sonde bely word, word dit vergewe. Ook die predikant meen die adolessent sal sê Jesus Christus vergewe jou sonde.

Toeganklikheid vs ontoeganklikheid

Volgens die adolessent sowel as die ouer is Jesus na die aarde gestuur deur God self. Die predikant getuig dat hierdie spesifieke adolessent nie 'n probleem het met die Godsbegrip en die aanname dat Christus deur die Heilige Gees verwek is nie. Sy verstaan die konsep heeltemal goed. Die saak oor die toegang tot God sien die adolessent soos volg: "Jy moet jou sondes bely en glo dat Jesus vir jou gesterf het, want dan sal jy nader leef aan God en so toegang tot Hom verkry." Beide die ouer en die predikant is oortuig daarvan dat die adolessent weet dat toegang tot God deur Jesus, die Verlosser, plaasvind.

Begrip vs onbegrip

Om geloof in Jesus te versterk, glo die adolessent dat hoe beter jy God se dinge verstaan, hoe sterker sal jou geloof wees. As iets nie gebeur soos jy dit wou gehad het nie, besef jy eers later dit was beter so, en dan is jou geloof ook outomaties sterker. Verder moet jy kerk toe gaan, met die Sondagskoolonderwysers praat en Bybelstudieklasse by die skool bywoon. Die ouer en ook die predikant dink dit sal goed wees as die adolessent meer betrokke raak by Christelike jeugorganisasies.

Evangelisasie vs onbetrokkenheid

Volgens die adolessent versprei sy haar kennis van Jesus in CSV-groepe of in haar vriendekring. Sy noem net Jesus se naam en dan gesels almal saam. Hulle lees die Bybel en gesels dan lekker oor Jesus en hoe wonderlik Hy is. Hieroor is die predikant dankbaar, want informele evangelisasiewerk vind plaas deurdat hulle met mekaar in groepe gesels en so word die Woord van God versprei. Ongelukkig weet die ouer nie wat die adolessent sal antwoord nie.

Oorreding vs afstandelikheid

Die taak van die Heilige Gees maak die adolessent gelukkig, want die funksie van die Heilige Gees is om in jou en rondom jou te wees. As jy bid, dan maak Hy die gebed reg en gee dit vir die Here en sê dis OK. Die stemmetjie wat jou laat skuldig voel, is die Heilige Gees. Die ouer stem saam met die adolessent dat die Heilige Gees vir elkeen van ons by Jesus intree. Hier voeg die predikant by dat die Heilige Gees die oorreringswerk doen en die geloof in stand hou.

Immanensie vs alleenheid

Wanneer kan die gelowige glo dat hy/sy die Heilige Gees ontvang het? Die adolessent is seker dat as sy skuldig voel, dan weet sy die Heilige Gees werk in haar. As sy egter nie meer skuldig voel nie, dan weet sy "OK, ek's 'n bietjie ver van God af, ek moet bietjie nader kom". Volgens die ouer werk die Heilige Gees in jou as jy glo. Nou raai die predikant dat die adolessent hierdie vraag nie sal kan beantwoord nie. Volgens die navorser word die adolessent herhaaldelik deur die predikant onderskat, hoewel hy meelewend teenoor haar is.

Goddelike vs persoonlike

As die adolessent die Woord God hoor, dan verwys dit vir haar na 'n Vader wat regverdig en liefdevol is, jou op die regte pad hou en die beste vir jou wil hê. Vir die ouer en die predikant verwys God se naam veral na Sy Vaderskap. 'n Lewende verhouding met God beteken vir die adolessent om daaglikse persoonlike gesprekke met Hom te voer, om te bid en haar Bybel te lees sodat sy Hom beter kan verstaan. Die ouer se oorwoë mening is dat die adolessent aan haar daaglikse verhouding met God werk deur elke dag te bid en met God te kommunikeer; dit maak nie saak op watter manier nie. Die predikant glo 'n lewende verhouding met God behels bemoeienis met God se Woord en vra insette van jou kant. Die navorser voel dat die predikant hier nie namens die adolessent praat nie, maar sy eie opinie uitspreek.

Hede vs toekoms

Die adolessent betoon dankbaarheid teenoor God en leef uit dankbaarheid vir Hom omdat Jesus vir ons gesterf het. Die ouer is bewus daarvan dat die adolessent elke dag, elke oomblik, wys dat sy dankbaar is teenoor God. Die predikant beweer dat die adolessent eers oor 'n paar jaar dankbaarheid teenoor God sal betoon, en nie in hierdie stadium van haar lewe nie. Vir die navorser is die predikant hier heeltemal uit voeling met die adolessent.

Verankering vs ankerloosheid

Die Bybel is vir die adolessent 'n belangrike Boek, want dit vertel jou van God en die Heilige Gees, en dan verstaan jy dit beter. Sy voeg by dat die Bybel baie riglyne en lewenslesse bevat wat vaste grond vir jou voete bied. So kan jy dan na die beste van jou vermoë vir Christus leef. Die ouer stel dit dat die Bybel die adolessent se anker is - die Boek wat maar altyd op die tafel langs haar bed lê. Die predikant beklemtoon die feit dat die Bybel die Woord van God is,

Geloof vs ongeloof

Die adolessent glo die maagdelike geboorte en Jesus se opstanding is 'n werklikheid, want God is in staat tot sulke wonderwerke. Die maagd Maria het geboorte geskenk aan ons Koning. In hierdie verband is die ouer en die predikant oortuig daarvan dat die adolessent glo dat die maagdelike geboorte en Jesus se opstanding waar is. Die adolessent glo Jesus het opgestaan, want dit was so bestem. Nou is Jesus by God en eendag gaan ons saam met Hulle wees.

Vertrouing vs verlange

Jesus se naam beteken vir die adolessent die volgende: my Vader; God van liefde; die Een wat vir my omgee en regverdig teenoor my is; die enigste Een wat sal verstaan waardeur ek gaan en iemand wat my liefhet. Die navorser is bewus van verborge hartseer by die jongmens, wat sy nie maklik sal erken nie. Moontlike verlang sy na haar vader wat as gevolg van sy werk dikwels weg van die huis af is. Gelukkig weet die ouer dat Jesus Christus haar kind vertroos. Die predikant plaas weer baie klem daarop dat die naam Jesus vir die adolessent verlossing behoort te beteken.

Heiligmaking vs ontheiliging

Die adolessent hou nie daarvan dat Jesus se naam ydellik gebruik word nie, en sy reageer altyd dadelik en versoek die skuldiges om dit nie weer te doen nie. Die ouer dink dat hierdie ontheiligende gebruik van Jesus se naam die adolessent baie ontstel; dit is vir haar heiligs kennis en sy hou nie daarvan nie; dis nie wat sy wil doen nie. Die predikant meen ook die ydellike gebruik van Jesus se naam is vir die adolessent belangrik genoeg om 'n mening daaroor te hê en haar mening daaroor uit te spreek, en hy is oortuig daarvan dat sy dit sal doen.

Gebedskrag vs angs

Die adolessent glo as sy tot Jesus bid en Sy hulp vra, sal Hy teenwoordig wees as sy eksamen skryf – sy moet net vas glo. Hy gee haar krag en sy weet sy doen beter as wat sy sonder Hom sou gedoen het. Die ouer meen die adolessent weet Jesus is al wat haar deur die eksamen dra. Hy is haar krag en haar sterkte en Hy help haar om minder bang te wees. In hierdie verband getuig die predikant dat die adolessent Jesus se teenwoordigheid as 'n werklikheid ervaar en dat dit regtig Sy liefde is wat haar omvou. Hy voeg by dat gebed moontlik as 'n noodmaatreël in eksamentyd funksioneer, veral 'n skietgebed wat gewoonlik onder druk plaasvind.

Kennis vs onkunde

As mense die adolessent vra hoe sy weet haar Verlosser leef, antwoord sy dat dit baie eenvoudig is om die vraag te beantwoord: Enigiemand wat moeite doen om van sy onkunde te ontsnap deur sy Bybel te lees, sal ware kennis verwerf; dan weet 'n mens dat jou Verlosser leef. Die ouer getuig op meelewende wyse dat die adolessent Jesus ken vandat sy baie jonk is – sy het so grootgeword. Die predikant voel dat Christus vir haar 'n werklikheid is en dat die Heilige Gees wat in haar woon, dit bevestig. Hy weet sy glo dat haar Verlosser leef.

Geroepenheid vs afwysing

Volgens die adolessent is dit 'n mens se eie keuse of jy 'n volgeling van Jesus wil wees of nie. Jy moet na Hom toe gaan as Hy jou roep; jy moet na Hom toe uitreik, Hy sal jou nie verwerp nie. Dis al wat jy moet doen. Die ouer het geen twyfel in haar hart nie dat die adolessent glo dat God haar roep om 'n volgeling van Jesus te wees. Die predikant hoop sy glo dat God haar roep om Jesus te volg.

Beloning vs straf

Die gevolg van geloofsekerheid is 'n beter lewe op aarde en die sekerheid dat jy hemel toe gaan – aldus die adolessent. Vir die ouer is die gevolg van geloofsekerheid dat jy 'n wonderlike lewe saam met God meemaak – jy moet net glo. God straf nie gelowiges nie. Vir die predikant is die ewige lewe die gevolg van geloofsekerheid. Hierdie adolessent glo in God en dat Jesus vir ons gesterf het en dat die Heilige Gees in ons woon. Die Bybel bied ook belangrike riglyne vir ons lewe. Verder glo sy dat Jesus haar op die regte pad sal lei sodat sy eendag saam met Hom kan lewe. Die ouer weet dat daar niks verkeerd is met die adolessent se geloofsoortuiging nie. Die predikant getuig dat die adolessent 'n Christen is, 'n mooi kind

van die Here. Dit kan die navorser beaam. Daar is 'n besonder noue band tussen die ouer en haar kind asook tussen die predikant en die betrokke gesin.

Samevatting

Die adolessent en haar ouer het 'n innige verhouding. As gevolg van die ouers en kinders se bedrywige lewe sê die adolessent: "Ons leef sommige kere by mekaar verby, maar naweke maak ons op vir daai tyd." Die ouer van die adolessent getuig dat "in alle situasies waarin my kinders hulle bevind, daar altyd 'n gesprek sal plaasvind waarin God genoem word". As die kinders partytjie toe gaan, sê die ouer: "Onthou wat God wil hê", of "Jy kan enigiets doen as jy bereid is om Jesus saam te vat". Die predikant dink dit is 'n redelike gebalanseerde gesin, behalwe dat die vader baie afwesig is as gevolg van sy werk. As hy dan by die huis kom, is hy "moeg, oorwerk en oorspanne. Daar lê miskien die knoop, want ek tel iets op van hartseer oor 'n afwesige pa". By die adolessent skemer die hartseer ook deur wanneer sy nadink oor die naam van Jesus: "Dit beteken vir my Vader, iemand wat vir my omgee en regverdig is teenoor my, die enigste een wat sal verstaan waardeur ek gaan en iemand wat my liefhet". Hy getuig die "adolessent beleef Jesus se teenwoordigheid as 'n werklikheid en dat dit Sy liefde is wat haar toevou". Dit is duidelik dat die predikant 'n empatiese en simpatieke verhouding met die adolessent het. Hierdie opregtheid kenmerk ook die predikant se verhouding met die hele gesin.

Adolessent 5: Insluiting en uitsluiting

Sekerheid vs onsekerheid

Dit is vir die adolessent duidelik dat enige persoon wat God se liefde aanvaar, seker kan wees dat God hom/haar liefhet. Sy liefde is daar vir enigiemand wat dit wil hê – daarvoor kan mens seker wees. Die predikant stem hiermee saam: elkeen wat God se liefde aanneem, kan glo dat God hom/haar liefhet. Ongelukkig weet die ouer nie wat die adolessent sal antwoord nie. Die navorser het die indruk gekry dat die ouer baie beskeie en gevoelig is; sy wil nie iets sê wat dalk verkeerd mag wees nie.

Orde vs wanorde

Daar is ooreenkomste tussen die adolessent, die ouer en die predikant se onderskeie getuienisse oor waarom God die gebooie ingestel het. Vir die adolessent is die gebooie deur God ingestel as riglyne sodat ons weet hoe om te leef. Ons moet 'n ordelike, Godgerigte lewe

leef. Die ouer meen die adolessent sal sê die gebooie help hom om op die regte pad te bly, anders sal elkeen maak soos hy wil en daar sal chaos wees. Die predikant glo die adolessent sal sê die gebooie is deur God ingestel omdat Hy 'n God van orde is.

Straf vs vergifnis

Wat die oortreding van gebooie betref, is die adolessent oortuig daarvan dat dit sonde is omdat dit teen God se wil is. Die predikant hoop egter die adolessent sal sê dat die oortreding van die gebooie sonde is omdat dit in die Woord van God staan. Die ouer meen jy sal gestraf word as jy die gebooie oortree. Die adolessent voel dat as 'n mens God vra om jou sondes te vergewe en jy glo werklik dit is vergewe, dan sal jy vergifnis ontvang. Hieroor is die predikant kort en saaklik: 'n Mens se sonde word deur Jesus Christus, ons Verlosser, vergewe. Die ouer voer aan dat die adolessent sal erken as hy verkeerd gedoen het, en hy sal dan vergifnis vra.

Doelmatigheid vs toevalligheid

God het Jesus met 'n doel na die aarde gestuur; dit was nie maar net blote toeval dat Hy hier aangekom het nie. So voel beide die adolessent en die predikant. Hier ontbreek die ouer se antwoord omdat sy nie seker is wat die adolessent sal sê nie. Die adolessent en die predikant glo dat Jesus Christus, die Seun, toegang tot God moontlik maak. Die ouer lê baie klem op die lees van die Bybel, gebede saam met die predikant en terapie.

Metodiese vs lukrake

'n Mens kan jou geloof in Jesus versterk deur kerk toe te gaan, met mense te praat en te luister na die verhale van hul lewens. Jy moet jou geloof op 'n planmatige, metodiese wyse benader. Dit is die mening van die adolessent. Die ouer glo die adolessent kan sy geloof in Jesus versterk deur sy Bybel gereeld te lees. Die predikant aksentueer ook die belangrikheid van Bybelstudie, die bywoning van eredienste en deelname aan omgegroepe vir jongmense.

Koersvastheid vs koersloosheid

Die taak van die Heilige Gees is, volgens die adolessent, om in ons te woon en ons te help om op die regte pad te bly en die regte dinge te doen. Weer eens weet die ouer nie wat die kind sal sê nie. Tog hoop en glo die predikant dat die adolessent sal sê die Heilige Gees bly in ons, lei ons en bewaar ons. Die Heilige Gees lei ons na Christus toe en help ons om wat Christus vir ons gedoen het, te aanvaar. Deur die uitstorting van die Heilige Gees, glo die

adolessent, het ons almal die Heilige Gees ontvang. Hy aanvaar dit as 'n geskenk wat hy van die Here gekry het, maar die ouer weet nie wat die adolessent sal sê nie. Die predikant verskil hiervan deur te sê 'n mens ontvang die Heilige Gees as jy die Here aanvaar as jou Verlosser en Vader.

Traumatiese vs verheffende

Volgens die adolessent verwys die naam God na die Vader van ons almal, na die Skepper en ook die Heilige Gees. Die ouer getuig dat die woord God vir die adolessent dieselfde as Here en Almagtige God beteken. In hierdie stadium ervaar die predikant die behoefte om iets van die adolessent se verlede te openbaar deur te vertel dat die adolessent ná sy pa se dood 'n ontmoeting met Jesus gehad het. Hierdie traumatiese gebeurtenis (d.w.s. die pa se afsterwe) het daartoe gelei dat die adolessent die plek van die vader van die huisgesin moes inneem op 'n baie vroeë ouderdom in sy lewe. Dit het wonderlike gevolge vir die adolessent gehad sodat hy vandag 'n diep gelowige met 'n aangename en sterk persoonlikheid is.

Godsgebondenheid vs Godsverlatenheid

Hier is drie sienings van 'n mens se daaglikse lewende verhouding met God in verskillende woorde gestel. Vir die adolessent behels sy daaglikse lewende verhouding met God om met Hom te praat: in die verkeer, as jy opstaan, as jy gaan slaap, eintlik enige tyd. Vir die ouer behels die adolessent se daaglikse lewende verhouding met God gehoorsaamheid aan die gebooie. Die predikant meen jou daaglikse lewende verhouding met God hou veral verband met stiltetyd wanneer jy jou Bybel lees en bid.

Dankbaarheid vs argeloosheid

Die ouer en die adolessent stem saam dat die adolessent elke dag dankbaarheid teenoor God betoon. Die predikant meen die adolessent sal vanself dankbaarheid teenoor God betoon wanneer hy vir die Here leef. Die adolessent sien die Bybel soos volg: Die Bybel is 'n boek wat vir ons leiding gee, en waardeur Hy met ons praat en boodskappe en riglyne gee. Die ouer praat in dieselfde trant, want sy dink die Bybel help die adolessent om op die regte pad te bly. Die predikant beskou die Bybel as die Woord van God.

Werklikheid vs fiksie

Die adolessent glo dat die maagdelike geboorte en Jesus se opstanding sonder enige twyfel die werklikheid verteenwoordig; dit is nie maar net blote fiksie nie. Ongelukkig het die ouer

en die predikant nie bewyse dat die adolessent aan die maagdelike geboorte glo nie. Tog wil hulle dit so aanvaar. Jesus het die derde dag opgestaan – aldus die adolessent. Volgens die ouer glo die adolessent dat Jesus opgestaan het om mense hier op aarde te help. Die predikant getuig dat die adolessent in die katekisasieklas bely dat hy glo dat Jesus opgestaan het.

Betekenis vs betekenisloosheid

Die betekenis van die naam Jesus Christus hou vir die adolessent verband met die feit dat Jesus sy Verlosser is – 'n paspoort na die hemel. Beide die ouer en die predikant glo dat die naam van Jesus vir die adolessent Vader en Verlosser van sonde beteken. Die ouer meen dat die naam van Jesus ook betrekking het op die pad vorentoe. Die ydelike gebruik van Jesus se naam stuit die adolessent teen die bors; dis teen alles waarvoor hy staan. Mens kan nie maar Jesus se naam gebruik asof dit geen betekenis het nie. Die ouer dink nie haar kind sal 'n oortreder tereg wys nie, maar volgens die predikant sal die adolessent ongemaklik wees as Jesus se naam ydelik gebruik word.

Alomteenwoordigheid vs plekgebondenheid

Die adolessent voel dat Jesus altyd daar is vir hom, ook in eksamentyd. Hy weet God is oral en altyd by hom – nie net wanneer hy kerk toe gaan of bidure bywoon nie. God is alomteenwoordig – anders as mense wat gebind is aan tyd en ruimte. Die ouer is seker dat die adolessent weet dat die Here by hom is in die eksamenlokaal. Die predikant sê die adolessent het al by geleentheid getuig dat die Here hom met sy eksamen gehelp het.

Bewustheid vs onbewustheid

Hoe weet 'n mens dat jou Verlosser leef? Die adolessent en die predikant is van mening dat 'n mens dit net weet – dis 'n soort bewustelike kennis wat jy nie kan verduidelik nie. Iemand wat onbewus is van hierdie soort kennis, sal nie verstaan wat bedoel word nie. Die ouer sê sy kan nie namens die adolessent antwoord nie en wil haar dus nie verbind tot 'n voorspelling nie. Volgens die adolessent glo hy dat God hom roep om Jesus te volg. Die ouer het al agtergekom dat die adolessent 'n volgeling van Jesus wil wees, want anders sou hy nie so baie godsdienstige byeenkomste bygewoon het nie. Ook die predikant is daarvan oortuig dat die adolessent glo dat God hom roep om 'n volgeling van Jesus te wees.

Vernuwing vs verstarring

Volgens die adolessent is die gevolg van geloofsekerheid dat iemand elke dag voluit lewe, die Evangelie verkondig en nie bang is om dood te gaan nie – want hy weet waarheen hy gaan. So getuig die ouer dat sy manier van optrede en sy manier van lewe 'n teken is van geloofsekerheid: dit getuig van vernuwing in sy lewe; die oue is dood en agtergelaat. Die predikant hoop maar dat die adolessent sal sê die gevolg van geloofsekerheid is 'n nuwe lewe.

Bemiddeling vs verwerping

Die adolessent weet met groot helderheid dat God hom nie verwerp nie; op grond van sy geloofsoortuiging besef hy dat Jesus vir hom aan die kruis gesterf het en dat hy hemel toe sal gaan. Jesus is sy middelaar. Die ouer weet dat die adolessent in die Here glo. Die predikant weet ook dat die adolessent in die Here Jesus glo as synde sy Verlosser en dat hy 'n kind van God is.

Pligsbesef vs onverantwoordelikheid

Die adolessent praat oor 'n tragiese gebeurtenis: “My pa is dood in 'n motorongeluk toe ons nog klein was”. Hierdie tragedie het waarskynlik 'n sterk en innige band tussen die ouer en die adolessent (die oudste kind van die gesin) gevestig. Die ouer getuig: “Ons is 'n vrolike klomp saam, die kinders kan maar lekker stry, maar ek glo ons is gelukkig”. Die adolessent betoon besondere eerbied teenoor sy ouer en openbaar 'n sterk gevoel van verantwoordelikheid teenoor sy gesin in alles wat hy doen. Hierdie besondere eienskap het hy op 'n baie vroeë tyd in sy lewe ontwikkel. Teen hierdie agtergrond het die adolessent en die predikant 'n opbouende verhouding met mekaar, wat tot die hele gesin se voordeel strek. Die predikant beklemtoon dat die adolessent “by die erediens-span ingeskakel is na die karkisasie. Hy gooi sy gewig in en hy is 'n voorbeeldige kind. Ek dink daar is baie goeie huislike omstandighede siende dat die moeder alles alleen moet doen”.

Adolessent 6: Lig en donker

Gehoorsaamheid vs ongehoorsaamheid

Betreffende die liefde van God vir die mens, is daar verskillende sienings. Die adolessent meen elkeen kan glo God het hom lief, want die Bybel sê God het die mens lief. Die predikant meen as jy 'n volgeling van God is, moet jy aanvaar dat God jou liefhet; as jy

kennis van geloof het, behoort jy dit in elk geval te weet. Die ouer meen Christene kan sonder meer glo God het hul lief. Die gebooie wat God neergelê het vir die mens word op oorspronklike wyse deur die adolessent vergelyk met huislike dissipline. Sonder reëls en sonder gehoorsaamheid aan die reëls sou dit nie lekker wees as elkeen maar net doen wat hy wil nie. Die ouer sien gehoorsaamheid aan die gebooie as 'n manier om aan Hom vas te hou. Die predikant weet nie wat die adolessent sal antwoord nie.

Sonde vs vergifnis

Volgens die adolessent is oortreding van die gebooie sonde omdat dit 'n stel wette van God is wat die mens moet onderhou. Die predikant sien die gebooie as 'n spieël waarin ons kan kyk om te sien hoe ons lewe. Die ouer lê klem daarop dat 'n mens moet bid om vergifnis as jy van die gebooie oortree het. Hoe word 'n mens se sonde vergewe? Die adolessent voel dat gebed baie belangrik is; ons moet Jesus om verskoning vra omdat ons so swak en nietig is. Die predikant se standpunt is dat ons deur Jesus Christus gered word – Hy is ons Verlosser.

Toeganklikheid vs ontoeganklikheid

Deur wie is Jesus na die aarde gestuur? Die adolessent is doodseker dat Jesus deur Sy Vader na die aarde gestuur is om die hemel vir ons toeganklik te maak. Die predikant voorspel dan ook dat die adolessent sal sê Jesus is deur God gestuur. Die ouer is egter nie seker wat die adolessent sal sê nie. Wat die toegang van die mens tot God betref, dink die adolessent dat Jesus die pad na God vir jou oopmaak. In hierdie verband meen die ouer mens kry toegang tot God deur die Heilige Gees. Volgens die predikant kry die mens toegang tot God deur Jesus.

Geloofsversterking vs geloofsondermyning

Die adolessent glo jy kan jou geloof versterk deur kerk toe te gaan, te bid en te glo dat Jesus 'n uiters belangrike rol in jou lewe speel. Mens moet aktief probeer om jou geloof te versterk, anders sal wêreldse dinge jou aandag aftrek. Die ouer weet nie hoe die adolessent te werk sal gaan om haar geloof te versterk nie, maar die predikant dink jy kan jou geloof versterk deur Bybelstudie en die bywoning van jeugkampe en jeugdienste.

Vervuldheid vs onvervuldheid

Die adolessent glo dat die taak van die Heilige Gees is om 'n mens rustig van binne te maak sodat jy vrede kan vind. Vir die ouer is die funksie van die Heilige Gees om vervulling te

bring. Die predikant weet nie wat die adolessent sal sê oor hierdie saak nie. Wanneer kan die gelowige glo dat hy die Heilige Gees ontvang het? Die adolessent meen as 'n mens in jouself glo en iets spesiaals in jouself ontdek, kan jy seker wees jy het die Heilige Gees ontvang. Die predikant weet nie wat die adolessent sal antwoord nie.

Betekenisverbreding vs betekenisverskraling

Volgens die adolessent beteken die woord God nogal baie vir hom: Hy kyk altyd na jou en Hy probeer jou altyd op die regte pad te hou. Die ouer dink die adolessent assosieer God se naam met almag en alomteenwoordigheid. Die gelowige heg talle positiewe betekenis aan die naam van God. Weer eens weet die predikant nie wat die adolessent sal antwoord nie.

Konsekwentheid vs inkonsekwentheid

Die adolessent meld dat haar daaglikse lewende verhouding met God behels dat sy in die oggend bid dat Hy haar gedurende die dag sal vashou en beskerm. Sy praat met Hom oor haar probleme en in die aand sê sy dankie dat Hy haar gehelp het. Tog weet die ouer nie wat die adolessent sal sê nie. Die predikant glo dat as sy 'n volgeling van Jesus is, moet haar geestelik lewe nie net tot Sondae beperk word nie; dit moet 'n lewenstyl wees. Die predikant sê vir die navorser wat gedoen moet word, maar skynbaar weet hy nie of die jongmens dit wel doen nie.

Bevoorregting vs versaking

Die adolessent bedank God vir alles wat hy vir haar doen, veral as sy kinders sien wat nie so bevoorreg soos sy is nie; sy besef dat selfs jou asemhaling 'n groot gawe van God is. Volgens die ouer is die adolessent baie dankbaar vir alles wat sy van die Here ontvang. Die predikant reken dat die adolessent se voorbeeldige lewe 'n teken van dankbaarheid teenoor God is.

Waardevolheid vs waardeloosheid

Die adolessent sien die Bybel as 'n teks wat van baie groot waarde vir haar is. Dit is baie leersaam om die Bybel te bestudeer; vir bykans elke probleem is daar 'n oplossing in die Bybel wat jou sal help om rustiger te voel. Volgens die ouer glo die adolessent wat in die Bybel staan en wat sy daarin lees. Die katkisanse het 'n taak oor die Bybel uitgewerk en almal het gesê die Bybel is die Woord van God – aldus die predikant.

Moontlike vs onmoontlike

Wat die maagdelike geboorte en Jesus se opstanding betref, glo die adolessent dit is waar omdat dit in die Bybel staan. Sy dink God het hierdie wonderwerke laat gebeur om vir die mense te wys Hy is werklikwaar almagtig. Die ouer en die predikant is daarvan oortuig dat die adolessent weet Jesus is uit die maagd Maria gebore. Die adolessent redeneer dat God soveel ander wonderwerke gedoen het dat dit inderdaad moontlik is dat Jesus uit die dood opgestaan het. Weer eens getuig die ouer en die predikant dat die adolessent glo dat Jesus werklik opgestaan het.

Wesenlike vs onwesenlike

Die adolessent verduidelik dat die naam Jesus vir haar 'n groot woord is: dit verwys na iemand wat jy nie kan sien nie, maar in wie jy moet glo. Hy bestaan regtig, al kan jy Hom nie met jou sintuie waarneem nie. Sy naam help om hom 'n groot werklikheid vir jou te maak en jou voortdurend aan Hom te herinner. Die predikant voel dat die adolessent Jesus as haar Verlosser beskou, maar die ouer getuig nie namens die adolessent nie.

Aksie vs reaksie

Volgens die adolessent gebruik kinders dikwels Jesus se naam ydelik. Sy wonder wat eendag met hulle gaan gebeur en of hulle enige selfrespek het. Die ouer glo vas dat die adolessent sulke heiligskennis afstootlik vind; sy sal nie huiwer om die skuldiges aan te spreek nie. Die predikant beaam wat die ouer sê en glo dat die adolessent sterk sal reageer as iemand Jesus se naam ydelik gebruik.

Gerustheid vs ang

Die adolessent verduidelik dat as sy vir Jesus gevra het om haar in die eksamen te help, dan voel dit op merkwaardige wyse asof Hy by haar is. Hy maak jou rustig en help jou om dit wat jy geleer het op die antwoordblad neer te skryf. Die ouer getuig dat die adolessent "klokslag" haar stiltetye hou. Sy is geleer dat as sy bang is – byvoorbeeld vir eksamen – sy die Here moet vra om haar te lei. Die ouer vertrou sy doen dit. Die predikant glo die adolessent ervaar Jesus se teenwoordigheid en Hy ondersteun haar, want Hy is haar bron van krag, rede, rustigheid en toevlug.

Insig vs onbegrip

Hoe weet iemand sy Verlosser leef? Volgens die adolessent moet 'n mens net vertrou dat God leef, al sien 'n mens Hom nie. Dis 'n soort insig wat jy oor tyd heen moet ontwikkel. Die ouer meen 'n mens kan sê jou Verlosser leef as jy 'n Christen is. Volgens die predikant gee die Woord daardie sekerheid dat die Verlosser leef. Die adolessent dink dat haar bestaansrede is om 'n volgeling van Jesus te wees. Ook die ouer is baie seker dat die adolessent glo God roep haar om Jesus te volg. Selfs die predikant beklemtoon dat die adolessent 'n uitgesproke volgeling van Jesus is.

Geloofsekerheid vs twyfel

Geloofsekerheid beteken jy glo die Here Jesus is altyd daar vir jou. Daar is iemand in jou lewe wat standvastig is, wat jou nie sal versaak nie – daaraan moet jy nie twyfel nie. Die ouer meen die gevolg van geloofsekerheid is 'n rein lewe. Die predikant sê hy weet nie hoe die adolessent oor hierdie saak voel nie.

Toegewydheid vs kleingelowigheid

Geloofsoortuiging hou verband met 'n mens se geloof in Jesus – aldus die adolessent. Jy moet 'n toegewyde Christen wees; jy moet jou kleingelowigheid oorwin. Die ouer se getuigenis lê daarop klem dat die adolessent waarlik glo en dat sy daarvolgens lewe. Sy weet wat is reg en verkeerd. Die predikant het persoonlik met die adolessent gepraat en sy het gesê sy glo dat Jesus Christus haar Verlosser en Saligmaker is, en dat sy aan Hom behoort. Sy is ook baie betrokke by die kerk.

Samevatting

Die betrokke gesinslede kom almal goed oor die weg en het oop, gemaklike verhoudings met mekaar, volgens die ouer. Laasgenoemde sê: “Ons praat graag met mekaar en ons is baie lief om as gesin tyd saam deur te bring”. Die adolessent meen egter haar “pa is kwaai”. Die adolessent ervaar dit partykeer “vreeslik emosioneel”, volgens die moeder. Maar soms is daar wel 'n goeie verhouding tussen pa en adolessent, en kan hulle “heerlik sit en gesels”. Skynbaar bestaan daar 'n goeie verhouding tussen die predikant en die gesin hoewel hy meen daar is partykeer spanning in die huis wanneer die pa van werk verander of werkloos is. Tog meen die predikant “hulle is aktief betrokke by die kerk”. Verder getuig die predikant dat dit 'n normale gesin is, “waar daar liefde, geborgenheid en vastigheid is”.

Die navorser is die mening toegedaan dat die adolessent 'n kinderlike geloof het, maar sy kry nie die geestelike ondersteuning wat sy werklik nodig het van die ouer en die predikant nie.

Adolessent 7: Onvolkomenheid en verdriet

Grensaftakening vs grensoorskryding

Wie kan glo dat God hom liefhet? Oor hierdie kwessie bestaan daar groot verskille tussen die adolessent en die ouer. Volgens die adolessent kan elkeen, selfs diegene wat nog nie gered is nie, glo dat God hom/haar liefhet, want Hy sê in die Bybel dat ons Syne is. Die ouer glo dat net God se kinders mag glo dat Hy hulle liefhet. Dit is duidelik dat grense hier verskillend afgebaken word. Die predikant weet nie wat die adolessent sal antwoord nie. Die adolessent meen die gebooië is daar vir die mens om op die regte pad te bly. Die ouer bedoel dieselfde, maar sê dit net in ander woorde: die adolessent sal dink die gebooië verskaf riglyne oor hoe 'n mens moet lewe. Die predikant veronderstel dat die adolessent sal fokus op die rol wat die gebooië speel om 'n mens te help om tussen reg en verkeerd te onderskei.

Dissipline vs bandeloosheid

Volgens die adolessent is die oortreding van gebooië sonde. God het 'n deeglike uiteensetting verskaf van wat jy nie mag doen nie en ons moet Sy wense respekteer. Die ouer sien ook die oortreding van die gebooië as sonde omdat dit teen die wil van God is. Die predikant voel dat die oortreding van die gebooië verkeerd is omdat die Bybel duidelik aantoon dat God dit nie wil hê nie. Die gebooië dien as 'n teenwrig vir die mens se natuurlike bandeloosheid. Al is jy egter hoe gedissiplineerd as mens, het jy steeds God se vergifnis nodig.

Ondersteuning vs ondergrawing

Hoe verkry die mens toegang tot God? Al drie – die adolessent, die ouer en die predikant – stem saam: die mens verkry toegang tot God deur Jesus. Die adolessent beweer haar geloof word versterk deur iets wat in haar kop is, sy moet maar net glo en vertrou en dan sal haar geloof sterker word. Die ouer dink die adolessent kan haar geloof in Jesus versterk deur haar Bybel te lees. Die predikant meen dat Bybelstudie en deelname aan omgee- of selgroepe met 'n sterk leier, waaraan jongmense van haar eie portuurgroep behoort, vir haar baie sal beteken. Sy moet tussen mense beweeg wat haar ondersteun en nie ondermyn nie.

Feite vs wanopvatting

Die adolessent verduidelik sy kan haar kennis van Jesus versprei deur mense wat wanopvatting koester, reg te help. Die predikant voel dat die adolessent haar kennis van Jesus effektief sou kon versprei as sy toegerus word om in daaglikse situasies te getuig of voorbidding te doen. Die ouer weet egter nie wat die adolessent sou sê nie.

Ontvanklikheid vs geslotenheid

Die taak van die Heilige Gees is om jou te help – aldus die adolessent. Dit is daardie klein stemmetjie wat vir jou sê: “Nee, dit is verkeerd”. Jy moet egter jou hart oopstel vir die Heilige Gees; jy moet nie weerstand bied teen Hom nie. Die ouer neem aan dat die Heilige Gees ’n mens help om die Woord te verstaan as daar Bybelstudie gedoen word en dat die Heilige Gees die hele tyd by jou is om jou te ondersteun. Volgens die predikant praat die Heilige Gees in ons harte oor wat reg en verkeerd is. As jy iets verkeerd doen, maak Hy jou daarop attent. Die Heilige Gees troos jou en is altyd by jou, ongeag die tyd of plek. Die adolessent glo as jy bekeer word, dan ontvang jy die Heilige Gees terwyl die predikant dit effens anders stel: jy ontvang die Heilige Gees wanneer jy in Jesus glo. Die ouer neem aan jy ontvang die Heilige Gees as jy ’n kind van Christus is.

Bepeinsing vs onnadenkendheid

God se naam is ’n groot almagtige woord vir die adolessent, maar tog maak dit haar nie bang nie; dit voel eerder asof daar krag in hierdie woord is. God se naam bevat baie stof tot nadenke, dit het vele betekenis-skakerings. Die ouer getuig dat die naam God vir die adolessent Skepper beteken. Die predikant kan weer nie namens die adolessent praat nie. ’n Daaglikse lewende verhouding met God beteken vir die adolessent om gereeld Bybelstudie in die huis te hou. Dan kan sy alles beter oordink, want baie keer wil sy nie voor ander mense praat nie. Die ouer meen die adolessent het ’n daaglikse lewende verhouding met God en die feit dat sy gereeld stiltetyd hou, is ’n bewys hiervan. Die predikant voel dat ’n daaglikse lewende verhouding met God baie gebede behels. Jy moet ook die Bybel gereeld lees en elke dag nadink oor wat die Here wil hê jy moet doen.

Erkentlikheid vs ondankbaarheid

Die adolessent verduidelik haar gevoel van dankbaarheid teenoor God deur te sê dat ’n mens dikwels dankbaar is omdat God jou gehelp het, maar later verstaan jy eers werklik hoekom Hy jou gehelp het – dan is jy nog meer dankbaar. Die ouer meen die adolessent betoon

dankbaarheid teenoor God vir al haar voorregte en talente. Die predikant gaan van die standpunt uit dat dit maklik is om dankbaarheid te betoon in goeie tye, maar sy weet nie of dit die geval is wanneer dit sleg gaan nie. Laasgenoemde is dus taamlik skepties oor hierdie saak.

Brongerigheid vs koersloosheid

Die adolessent getuig dat sy al haar antwoorde in die Bybel kry; die Bybel is haar bron van krag en lewe; dit dui vir haar 'n vaste rigting aan. Hier bevestig die ouer die adolessent se geloof in die Bybel deur die mening uit te spreek dat haar kind nie die Bybel bevraagteken nie. Vir die predikant is die Bybel die Woord van God wat God se wil vir ons verduidelik en ons van Jesus vertel. Hierdie is natuurlik weer eens die predikant se opinie – en nie wat sy dink die adolessent sou sê nie.

Aanvaarding vs bevraagtekening

Die adolessent glo dat die maagdelike geboorte en die opstanding van Jesus 'n werklikheid is. Ook die ouer getuig dat die adolessent nie die maagdelike geboorte van Jesus bevraagteken nie en dat sy die opstanding van Jesus as die waarheid aanvaar. Die predikant is bekend met die gesin se manier van lewe, en daarom is sy bewus van die teenwoordigheid van Jesus deur Sy Gees in hulle lewe.

Konfrontasie vs swye

Vir die ouer en die predikant verwys die naam Jesus Christus na die Verlosser, en die ouer is daarvan oortuig dit beteken dieselfde vir die adolessent. Verder getuig die adolessent sy glo in Jesus en sy gaan eendag by Hom wees. Die predikant reken die adolessent sal beslis reageer as iemand Jesus se Naam ydellik gebruik; sy sal die oortreders konfronteer; veral as dit 'n eerste oortreder is, sal die persoon aangespreek word – dis nie moontlik om maar net stil te bly nie. Ook die ouer meen haar kind sal byvoorbeeld met 'n maat praat indien die kind die Here se naam ydellik gebruik. Die predikant weet nie wat die adolessent se mening is nie.

Vertroosting vs ontmoediging

Hoe ervaar 'n mens Jesus se nabyheid in die eksamen? Die adolessent voel “Jesus is net daar”. Sy kan Hom enige tyd vra om haar te help en Hy sal haar bystaan as sy haar deel gedoen het. Die ouer is daarvan oortuig dat haar kind meer op Jesus steun as sy voor 'n

moeilike probleem soos die eksamen staan. Ook die predikant weet die adolessent glo God is by haar en Jesus help haar.

Unieke vs algemene

Hoe weet iemand sy/haar Verlosser leef? Die adolessent verduidelik soos volg: “Die Sondagskoolonderwyser het gevra wat maak ’n mens se geloof iets besonders? Toe sê hy ons geloof is wat ons laat glo dat God weer opgestaan het. Dus kan ons net sê ons Verlosser leef.” Hierna getuig die ouer dat die adolessent Jesus aangeneem het as haar Saligmaker. Die predikant glo die adolessent het genoeg kennis om te beseef dat Jesus vir haar betaal het, en daarom het sy die reg om ’n kind van God te wees. Dit verleen ’n seker uniekheid aan haar as mens; dit maak haar iemand besonders in die oë van God; dit verhef haar bo die ongelowige massas.

Aansporing vs demoralisering

Die adolessent glo dat God haar roep om ’n volgeling van Jesus te wees, dat hy haar as’t ware aanspoor om in Hom te glo. Die ouer beaam hierdie aanspraak. Die predikant verklaar hy weet nie wat die adolessent sal sê nie. Die gevolg van geloofsekerheid is vir die adolessent dat jy standvastig is en weet waarin jy glo, en dat jy nie negatief deur ander mense beïnvloed word nie. Dit maak nie saak wat ander mense doen nie, jy bly Syne. Vir die ouer is die gevolg van geloofsekerheid die Ewige lewe en ’n gevoel van gerustheid omdat jy ’n kind van God is. Volgens die predikant is die gevolg van geloofsekerheid dat jy met vreugde kan lewe en vrede in jou hart kan hê. Beide die ouer en predikant artikuleer bloot hul eie menings – aldus die navorser.

Aanvoeling vs onbewustheid

Die adolessent dink haar geloofsoortuiging is ’n spesifieke gevoel; daar is niks wat jy fisies kan bewys nie; jy weet maar net jy is gelukkig, al gaan dit nie altyd goed nie. Eintlik kan ’n gelowige nie onbewus wees van God nie. Die ouer getuig dat die adolessent ’n kind van Christus is. Verbasend genoeg verklaar die predikant dat die adolessent sal sê sy glo aan Jesus, maar sy weet nie of die adolessent geloofsekerheid het nie.

Samevatting

Hierdie adolessent en haar ouer het 'n baie noue verhouding. Miskien dra die ouers se eienaardige verhouding daartoe by. Hulle is geskei, maar woon in twee aparte huise op dieselfde erf. Dus is daar 'n vader, maar die gesin is onvolkome. Hierdie toedrag van sake verklaar waarskynlik die verskuilde hartseer wat by die adolessent aanwesig is: "Jy weet maar net jy is gelukkig, al gaan dit nie altyd goed nie." Die ouer meen wel haar huis se atmosfeer is "gemaklik." Die verhouding tussen die adolessent en die predikant is nie heeltemal 'n ope boek nie, want die predikant is nie op hoogte van die adolessent se geloofslewe nie. In die meeste gevalle weet sy nie wat die adolessent oor bepaalde kwessies dink nie en sy is geneig om taamlieke harde oordele oor die gemiddelde katkisant uit te spreek. Die onbetrokkenheid van die predikant is miskien toe te skryf aan die feit dat sy op pad is na 'n volgende gemeente. Tog verwys die predikant na die moeder as 'n sagmoedige persoon wie se pa haar en die kind baie bystaan. Ten spyte van die probleme is die atmosfeer in die huis nie besonder gespanne nie – aldus die predikant.

Die navorser ervaar die adolessent as 'n spontane getuie van Jesus.

Adolessent 8: Eensaamheid en afstand

Planmatigheid vs ordeloosheid

Wie kan glo dat God hul liefhet? Beide die adolessent en ouer glo dat kinders van Jesus wat Hom as hul Verlosser aangeneem het en God as die Vader, kan glo dat God hul liefhet. Daarteenoor meen die predikant die adolessent sal weet dat God alle mense liefhet, ongeag van wie hulle is. Vir die adolessent is die gebooie wat God vir die mens daargestel het, nie wette nie. Dit is ingestel deur God om te toets of jy glo of nie; daar is 'n doel met die wette. Dit bewys dat ons nie in 'n ordelose wêreld lewe nie. As jy in God glo, sal jy die gebooie onderhou, en as jy dit nie doen nie, is dit sonde. Die ouer voel die adolessent besef dat jy nie 'n wêreld sonder dissipline kan hê nie. Ook die predikant meen die gebooie is vir die mens ingestel: dit help die mens om te weet wat God van hom wil hê.

Liefde vs pyn

Volgens die adolessent is die oortreding van die gebooie sonde omdat God duidelik aantoon dat dit verkeerd is. Vir die ouer hou alles wat verkeerd is verband met sonde. Die predikant sê die oortreding van die gebooie is sonde omdat jy die Here se hart seer maak, omdat jy teen Sy

wil gaan. Die Here het die mens lief en juis daarom wil Hy hê dat sekere goed op 'n sekere manier gedoen moet word. Die navorser meen die ouer en die predikant is nie hier in voeling met die adolessent se oortuigings nie. Hulle gee hul eie mening in plaas daarvan om na te dink oor wat die adolessent sou sê.

Toenadering vs afwysing

Oor die kwessie van die vergifnis van sonde stem die adolessent en die ouer se saam, maar hulle verwoord hulle gevoelens anders. So meen die adolessent sonde word vergewe deur te bid en vir Jesus te vra om jou te vergewe. Die ouer meen weer as jy opreg na Jesus gaan en werklik spyt voel oor jou sonde, jy wel vergewe sal word. Die predikant verduidelik dat die sonde deur die bloed van Jesus vergewe word.

Plig vs versuim

Die adolessent is seker Jesus is na die aarde gestuur deur God omdat Hy die mens jammer gekry het; Jesus is dus op grond van God se medelye met die mens na ons gestuur. Ten spyte van hierdie kennis versaa baie mense hul plig om dankbaarheid teenoor God te betoon. Die predikant meen die adolessent sal sê Jesus is na die aarde gestuur deur God, terwyl die ouer nie seker is wat die adolessent sal sê nie. Die adolessent glo die mens kry toegang tot God deur Jesus en die predikant stem saam, maar die ouer meen die mens kry toegang tot God deur Jesus en die Heilige Gees.

Georganiseerdheid vs ongeorganiseerdheid

Die adolessent kan sy geloof versterk deur op Jesus se pad te bly - aldus die adolessent. Die ouer dink om die kind se geloof te versterk, moet hy meer van die Woord leer deur aan georganiseerde kerklike aktiwiteite deel te neem. Ook die predikant meen deelname aan omgegroepe vir jongmense en die bywoning van eredienste kan positiewe gevolge hê. Die adolessent meen hy kan sy kennis van Jesus versprei deur sy musiek, kuns en poësie – deur byvoorbeeld in die kerkorkes te speel. Die predikant huldig ook die standpunt dat die adolessent sy kennis kan versprei by stranddienskampe wat aan die einde van die jaar by vakansieoorde gehou word. Die ouer is nie seker wat die adolessent se mening is nie.

Alomteenwoordigheid vs verlatenheid

Toe Jesus hemel toe is, het Hy vir ons die Heilige Gees gegee sodat Hy altyd by ons kan wees – aldus die adolessent. Die Heilige Gees verlos ons van 'n gevoel van verlatenheid. Die ouer

weet nie hoe die adolessent oor die taak van die Heilige Gees voel nie. Die predikant dink die adolessent sal sê die Heilige Gees sal sy lewe nuut maak en hom help om te wees soos Jesus wil hê hy moet wees. Op die vraag oor wanneer 'n gelowige kan glo dat hy die Heilige Gees ontvang het, is die adolessent se antwoord dat die gelowige die Heilige Gees ontvang sodra hy glo. Dit stem ooreen met die predikant se siening dat die gelowige kan glo dat hy die Heilige Gees ontvang het wanneer hy 'n kind van God is. Die ouer weet nie wat die adolessent sal dink nie.

Blymoedigheid vs moedeloosheid

'n Daaglikse lewende verhouding met God beteken vir die adolessent om blymoedig deur die lewe te gaan, om alles wat hy doen in God se naam te doen. Volgens die ouer is die adolessent rustig en alles wat hy doen, maak hom bly. Hy is nooit moedeloos nie. Die predikant raai die navorser aan om die adolessent self te vra, aangesien hy nie weet wat die adolessent sal antwoord nie.

Dankbetuiging vs apatie

Die ouer dink die adolessent sal bid om sy dankbaarheid teenoor God te betuig. Hierteenoor verklaar die adolessent dat hy sy dankbaarheid teenoor God sal wys deur in Jesus te glo, wat hom die ewige lewe sal besorg. Hy voel dat hy nie apaties staan teenoor God nie. Weer eens reageer die predikant taamlik negatief: "Vra dit self vir hom." Hy weet nie wat die adolessent sal antwoord nie.

Spontaneïteit vs verwardheid

Die maagdelike geboorte sowel as Jesus se opstanding is vir die adolessent absoluut waar, want die Bybel sê dit vir ons. Volgens die ouer bevraagteken die adolessent glad nie die maagdelike geboorte of Jesus se opstanding nie; die kind glo beide met sy hele hart. Vir die predikant is dit moeilik om te weet wat die adolessent se siening is. Die enigste bewyse waarvoor die predikant beskik, hou verband met wat die kerkisante bely en hoe hulle lewe.

Respek vs disrespek

Die naam van Jesus beteken vir die adolessent Saligmaker. Volgens die ouer beteken die naam Jesus vir die adolessent Redder, Verlosser, liefde, vrede en vergifnis. Die predikant dink die naam Jesus beteken vir die adolessent Verlosser. Die adolessent voer aan dat 'n mens respek teenoor God moet openbaar en gevolglik is dit verkeerd om Jesus se naam

ydellik te gebruik. Hy merk ook op dat die naam al baie van sy krag verloor het omdat mense dit vir die verkeerde redes gebruik. Hiermee stem die predikant saam, want hy meen die disrespekvolle gebruik van Jesus se naam het al so deel geword van jongmense se leefomgewing dat dit hulle nie meer so baie pla nie. Volgens die ouer sal die kind bereid wees om op te staan vir Jesus as iemand Sy naam onheilig.

Korrelasie vs toeval

Die adolessent meld dat hy elke oggend bid voor hy gaan eksamen skryf. Hy presteer beter as God by hom is as hy eksamen skryf – en dit kan nie toevallig wees nie. Een oggend het hy vergeet om te bid en toe het dit nie so goed gegaan nie. Dit voel dus vir hom asof daar 'n verband is tussen die krag van sy geloof en hoe hy in sy eksamens vaar. Die ouer weet die adolessent is tot niks in staat sonder Jesus nie; Jesus is altyd by hom met Sy liefde en vrede wat rustigheid na die kind se gemoed bring. Die predikant dink as die nood druk, sal die adolessent meer geneig wees om God se hulp te vra.

Klarigheid vs weifeling

Volgens die adolessent is dit sy geloof wat hom help om te verstaan dat sy Verlosser leef. Die ouer glo en weet die adolessent het sy hart aan die Here gegee; daar is geen twyfel by hom nie. Hy weet Jesus vergewe sonde en God is 'n God van liefde. Die predikant se kommentaar oor hierdie kwessie is weer eens: "Vra dit vir die adolessent." Die navorser voel dat hierdie respons op 'n gebrek aan belangstelling dui.

Geroepenheid vs onverbondenheid

Die adolessent glo dat God hom roep om 'n volgeling van Jesus te wees. Die ouer verduidelik dat die adolessent eers predikant wou word, maar nou studeer hy in 'n rigting waar sy Godgegewe kunstant tot sy reg kom. Die navorser is van mening dat die adolessent skade gely het omdat hy grootgeword in die afwesigheid van 'n vader wat oorsee werk. Die predikant se siening is dat die adolessent glo hy word deur God geroep om Jesus te volg.

Predestinasie vs toevalligheid

Die gevolg van geloofsekerheid is die sekere wete dat hy eendag hemel toe sal gaan – aldus die adolessent. Hy glo die Here weet wat die doel van sy lewe is en dat niks toevallig in sy lewe gebeur nie. Die predikant en die ouer meen die adolessent behoort te weet die gevolg

van geloofsekerheid is dat hy die ewige lewe sal beërwe en dat die Here nou reeds 'n plan met hom het.

Sekerheid vs onsekerheid

Die adolessent voel baie seker oor sy Christenskap; daar is by hom geen twyfel dat Jesus sy Koning is nie – hieraan hou hy vas. Die ouer weet dat die adolessent in God glo, en die predikant bevestig dat die adolessent persoonlik getuig het oor sy geloofsekerheid.

Samevatting

Die adolessent het 'n hegte verhouding met sy moeder, want vir jare al werk die vader in die Kongo en is hy en sy moeder op mekaar aangewese. Gedurende die onderhoud het daar telkens die verlange na 'n vaderfiguur deurgeskemer: "dit word eensaam sonder hom". Die predikant meen die vader ('n militaris) was teleurgesteld omdat die adolessent aanleg het vir musiek, kuns en poësie. Skynbaar het hy egter vrede gemaak daarmee. (Die adolessent gaan grafiese kuns by die Technikon studeer.) Dit is moeilik om die verhouding tussen die adolessent en die predikant te beoordeel, aangesien die predikant laat blyk het dat hy nie besonder baie in die adolessent belangstel nie. Tog getuig die predikant dat die adolessent in 'n gelukkige huis woon.

Gevolgtrekking

Terugskouend kan ons 'n eenvoudige, maar belangrike waarneming maak. As ons in ag neem dat elkeen van die bostaande binêre opposisies een lid het waaraan positiewe konnotasies geheg kan word en een lid waaraan negatiewe konnotasies verbind kan word, kan ons praat van 'n soort (metaforiese) spanningsveld wat tussen twee teenoorstaande pole bestaan. In godsdienstige terme het ons die relatief goeie aan die een kant en die relatief slegte aan die ander kant. Die gelowige is iewers in die middel: hy/sy wil die goeie doen, maar die slegte oefen 'n sterk aantrekkingskrag op hom/haar uit. Teen die agtergrond van die geabstraheerde binêre teenstellings kan ons duideliker sien hoe die adolessente worstel met hul gevoelens oor God, hoe hulle graag die goeie wil nastreef, hoe hulle nie altyd verstaan word nie, hoe hulle daadwerklik teen die bose stry, hoe hulle soms innerlik verskeur voel en hoe hulle dikwels klein oorwinnings oor hulself behaal. Die binêre opposisies lê betekenis en spanninge bloot wat nie altyd met die eerste oogopslag waarneembaar is nie; dit help ons om as't ware "tussen die lyne" te lees, om die geïmpliseerde innerlike stryd van elke adolessent raak te sien en onder die soeklig te plaas. Dit laat ons met bewondering na sommige adolessente kyk, na hul

swaar verworwe insigte, maar terselfdertyd bevestig dit ook 'n oeroue waarheid: "Want die goeie wat ek wil, doen ek nie, maar die kwaad wat ek nie wil nie, dit doen ek" – Romeine 7:19.

6.3 BEVINDINGE OOR DIE ADOLESSENTE SE GELOOFSEKERHEID DEUR DIE VERGELYKING VAN DIE RESPONSE VAN DIE DRIE GROEPE

Wat die invloed van die biologiese en emosionele ontwikkeling op die geloofsekerheid van die adolessente betref, het die navorser bevind dat daar weinig nadelinge beïnvloeding gerapporteer kan word. Die adolessente het volwasse voorgekom. Die ouers behandel hulle as volwassenes en daar is openheid in gesprekvoering oor geestelike sake. Een adolessent het in besonder die oordrag van 'n liefde vir die natuur deur die ouer beklemtoon.

Adolessensie, as sodanig, blyk geen nadelige invloed te gehad het op die betrokke adolessente volgens die ouers en predikante nie. In die gevalle waar die predikante die adolessente geken het, was hulle seker dat daar geloofsekerheid was en het daar 'n goeie verhouding tussen die predikante en adolessente bestaan. Dit kom ook voor dat die adolessente met die ouers en predikante kan identifiseer en hulle as lewende voorbeelde sien, die "binnegevegte" in sekere gesinne tenspyt.

Hierdie studie het 'n aanvang geneem toe die Christelike godsdiensoonderrig op skool nog tot die geloofsekerheid bygedra het.

Die studie het die belangrike rol van die portuurgroep bevestig. Die adolessente het maats gekies wat soos hulle gedink, geleef en geglo het. Een van die adolessente het haar ouers juis versoek om haar na 'n ander skool te neem, want verkeerde maats het haar geestelike lewe bedreig. In die nuwe skool kon sy nuwe maats kies wat haar in haar geestelike lewe gehelp het.

Multireligieuse ontwikkeling in die godsdiensoonderrig en veral relativisme ten opsigte van religieë het skynbaar nie die groepie adolessente beïnvloed nie (ook volgens die ouers en predikante), maar die betrokke adolessente was bewus van sulke gevalle waar ander adolessente daardeur in hulle geloofsekerheid ondermyn is.

Die adolessente het die bydrae van hulle ouers tot hulle geestelike volwassenheid erken en veral die ouers het getuig van gelowige onderwysers wat 'n reuse-bydrae in hierdie verband gelewer het. So het die ouers vertel van 'n skoolhoof wat die kinders in graad 8 verwelkom het met die woorde: "Hier is Christus baas." Die ouers bemoedig die adolessente gedurende eksamentyd deur hul voorbidding.

Die adolessente het waardering uitgespreek vir die kategese en die eredienste. Een het selfs getuig dat hy/sy "lus het om terug te kom". Die kinders het waardering betuig vir die rol van die predikante in hul geloofsekerheid. Die ouers was instemmend daarmee en het die goeie verstandhouding vermeld. Die predikante kon daarmee akkoord gaan. Een ouer het egter sy kind as kerklos beskou, omdat hy nie na sekere jeugdienste wou gaan nie. Hy wou eerder Woordverkondiging hê. Hy is egter seker van sy kindskap, net soos die ander. Hulle glo die Heilige Gees bewerk die nuwe lewe.

Adolessente, soos ook bevestig deur die ouers en predikante, het nie probleme om te bely dat Jesus Christus opgestaan het nie. Een van die adolessente aanvaar nie die maagdelike geboorte van Jesus Christus nie. Hy het sy ouers nog nie dienooreenkomstig ingelig nie.

6.4 FINALE OPSOMMING

Ter opsomming: Die kwalitatiewe navorsing is gedoen om uit te vind hoe die huidige Afrikaanssprekende adolessent geloofsekerheid belewe. Dit het duidelik geword dat die genoemde adolessente geloofsekerheid ervaar. Hulle probeer dan ook om te lewe volgens die wil van God, om ander positief te beïnvloed en hulself te weerhou van nie-Christelike groepe. Sommige beoog selfs om later in hul lewe Christelike beroepe te beoefen.

Die belangrike rol van die ouer in die adolessent se geloofsekerheid het duidelik in die navorsing na vore gekom. Ouers wat die adolessente van kleins af die regte leiding gegee het, pluk vandag die vrugte daarvan. Ook is bewys dat ouers steeds hul taak moet voortsit, veral vandag waar alles verander het met betrekking tot morele waardes, standarde en menings van leefwyses.

Predikante besef nie watter belangrike rol hulle het om te vervul met die hantering van die adolessente in die katekisasieklas nie. Dit geld nie net vir die kennis wat hulle moet verskaf

nie, maar is van die uiterste belang in hul houding en verhouding teenoor en met elke individu.

Ter afsluiting kan die navorser met groot dank getuig, ten spyte van gebreke en tekortkominge op hul pad na geloofsekerheid, dat nie een respondent een enkele vraag onbeantwoord gelaat het nie, terwyl die ouers, sowel as die predikante, 'n hele aantal vrae onbeantwoord gelaat het.

HOOFSTUK 7

SLOTBESKOUIING

7.1 INLEIDING

Na aanleiding van dit wat uit die kwalitatiewe navorsing gevloei het, word sekere aanbevelings gedoen. Daar word begin deur te verwys na die Christelike gesin wat as die natuurlikste omgewing vir die ontwikkeling van die Christelike siel beskou word. Verder word daar gefokus op die bydrae van die Christelike gesin wat tot die geloofsekerheid van adolessente lei.

Daarna word daar gekyk na die sterk punte en die tekortkominge van die kwalitatiewe studie. Ook word daar gekyk na die bereiking van die doelstellings soos gestel in hoofstuk 1.

7.2 SAMEVATTENDE GEDAGTES

Drastiese veranderinge het die afgelope aantal jare in ons mooi land plaasgevind. Op die gebiede van sosiale verkeer en godsdienste het sake handomkeer verander. Mens se morele sedes en waardes het in 'n baie kort tydjie onherkenbaar verander. Dit het gelei tot die dringende behoefte aan navorsing wat die volgende ten doel het:

- Om vas te stel wat die beleving van geloofsekerheid by die gereformeerde Afrikaanssprekende adolessente leerders is.

Eerstens is begin met 'n literatuurstudie oor wat geloofsekerheid is. Antwoorde is gesoek op vrae soos: Hoe word geloof verklaar? Wat is die elemente van geloof? Watter eienskappe het geloof? Dan volg aspekte van geloofsekerheid soos geloof is kennis en vaste vertroue in God, die Vader. Die meervoudigheid van God behels die verhouding van die Vader, Seun en Heilige Gees. God, die Vader en God die Skepper is die bron van geloofsekerheid. Hierteenoor stel twyfelaars vrae oor God. Dit is vrae soos: Wie en wat is God? Kan ek seker wees van God se bestaan? Die antwoorde is dat God wel bestaan en 'n mens kan God se teenwoordigheid belewe al is Hy onsigbaar. Vraag 23 van die kwalitatiewe navorsing word

so beantwoord deur 'n adolessent: "Ek dink as jy regtig Jesus se teenwoordigheid wil voel moet jy baie na aan Jesus lewe".

Die doel van Jesus Christus, Seun van God, se koms na die aarde het gelei tot die geboorte van Jesus uit die maagd Maria, asook tot Jesus se kruisiging. Die antwoord van 'n adolessent op vraag 28 van die kwalitatiewe navorsing is: "Jesus is met die doel na die aarde gestuur om ons te red en om ons kinders van God te maak." Ook op vraag 29 van die kwalitatiewe navorsing is 'n adolessent se antwoord: "Dit is waar dat Maria 'n maagd was en dat God Jesus in Maria geplaas het." Op die vraag of Jesus werklik uit die dood opgestaan het, is die antwoord oortuigend: "Ja, Jesus het werklik uit die dood opgestaan." Dit word bevestig deur die antwoord van 'n adolessent op vraag 30 van die kwalitatiewe navorsing: "Jesus het werklik opgestaan, want God is regtig almagtig en tot enigiets in staat."

Die derde lid van die Drie-enige God, naamlik die Heilige Gees, se eienskappe en take word uiteengesit. Belangrike vrae wat gevra word, is: Wie en wat is die Heilige Gees? Hoe en waaraan weet ons dat ons die Heilige Gees het? Hierdie vrae word met aanhalings uit die literatuur asook met tekste uit die Bybel beantwoord. Om by sekerheid van geloof te kom, word die volgende vrae gestel en beantwoord. Wat is bekering? Hoe vind bekering plaas? Wat maak ons redding moontlik? Hoe word ons gered? Hierna volg eienskappe van 'n geredde persoon. Dan volg geloofsekerheid en word die vraag gevra: Wat is sekerheid? Daar word afgesluit met: Sekerheid is 'n unieke Christelike ervaring.

'n Perspektiefstelling van die hedendaagse adolessent behels biologiese, fisieke, fisiologiese en sielkundige veranderinge. Die adolessent se ontwikkelingstake is soos volg: psigologiese, fisiologiese en verwante ontwikkelingstake, te wete 'n soeke na persoonlike identiteit, verantwoordelikheid, onafhanklikheid en selfstandigheid. Daar word ook gekyk na die adolessent se verstandelike groei, soos sy denkprosesse en abstrakte denkvermoë. Vriendskappe en interpersoonlike verhoudings speel 'n groot rol in die lewe van die adolessent. Daar word ook gekyk na die adolessent se morele ontwikkeling en sy religieuse waardes en norme.

Faktore wat die adolessent se geestelike lewe kan ontwikkel en versterk is die ouers, onderwysers, die portuurgroep en die predikant, namens die kerk. 'n Adolessent getuig in

vraag 4 van die kwalitatiewe navorsing van onderwysers wat hulle geestelik en positief beïnvloed.

Soos Jesus se gelykenis met die mosterdsaadjie kan die geestelike ontwikkeling of geloofsgroei van die adolessent vergelyk word met voorbeelde uit die natuur, soos die groei van plantjies asook met die menslike liggaam se groei en ontwikkeling. Selfs geloof word vergelyk met die vloei van 'n rivier wat later soms vertakkings maak wat vergelyk kan word met die gelowige wat begin twyfel en afdwaal van sy geloof. Dan word daar ook verwys na die ontwikkelingstadia van geloof, verskeie tipes geestelike take. Hindernisse in die weg van die geestelike ontwikkeling van die adolessent en hulpmiddels vir gelowiges word verder uiteengesit. Laastens word gekyk na die adolessent se strewe na volkome geloofsekerheid.

'n Empiriese navorsingsondersoek is gedoen om die geloofsekerheid van die adolessente van die vier gereformeerde kerke in die Vrystaat te probeer vasstel, sover as wat dit menslik moontlik is. Ook is van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak om persoonlike kontak met adolessente te bewerkstellig en sodoende die geloofsekerheid van die adolessent te probeer peil. Weer eens is die vier gereformeerde kerke betrek.

Opsommenderwys word daar na die empiriese en kwalitatiewe navorsing verwys. Die voorbereiding vir die navorsing het die beplanning en samestelling van die vraelyste behels, die uitstuur van vrae en die onderhoudsvoering. Hierop het gevolg die verwerking, analisering en die interpretasie van die ingesamelde data.

Die verwerking van die data en die bevindinge word sistematies gedoen deur 'n raamwerk daar te stel. In hierdie kwalitatiewe navorsing word die raamwerk gevorm deur die vraag: Wat is geloofsekerheid? Geloofsekerheid rus op drie pilare of temas, naamlik, (1) kennis van alle heilswaarhede; (2) aanvaarding van hierdie heilswaarhede as die waarheid; en (3) aanvaarding van al hierdie heilswaarhede is slegs moontlik deur die genade van God.

Na aanleiding van bogenoemde word bepaalde bevindinge gemaak en tot sekere gevolgtrekkings gekom. Die antwoorde van die ouer en leraar van die adolessent dien as kontrole van die antwoorde van die adolessent. Die hoop word uitgespreek dat hierdie studie 'n bydrae sal lewer om die sentrale betekenis van sekerheid in die geloofsbelydenis en

geloofslewe van die Christen-adolessent uit te lig. Die gelowige adolessent weet in Wie hy glo en dat hy onvoorwaardelik in Hom glo. Sy Woord word met dieselfde oorgawe aanvaar.

7.3 AANBEVELINGS

Billy Graham (1969:13) blameer ouers en die kerk vir die jeug se gebrek aan godsdienstige geloof en morele waardes. Kom ons kyk krities hierna. Eerstens dui die kwalitatiewe navorsing daarop dat die adolessente wat sê dat hulle glo, na die mens geoordeel, daadwerlik glo.

Die Christelike gesin word as die natuurlikste omgewing vir die ontwikkeling van die Christelike kind beskou. Om hierdie rede moet gestreef word na 'n verhouding van wedersydse liefde, respek en bewondering vir mekaar tussen die ouer en kind. In so omgewing en atmosfeer kan 'n lewende verhouding met God ontstaan. Hierdie kwalitatiewe opname het die literatuur bevestig.

Tog moet ouers besef die adolessent gaan ernstig gebuk onder stemmingswisselinge wat die simptome is van sy innerlike worsteling met kragte wat hy nog nie verstaan nie. Daar moet dus 'n tuiste vol warmte en begrip met baie liefde geskep word.

In die adolessensietydperk behoort die ouer dieper te kyk as na die uiterlike tekens. Die adolessent reageer gewoonlik met kritiek. Dit kan soms oordrewe, kwetsend en ongevraagd teen alles en almal wees. Hierdie sogenaamde kritiek word aangehelp deur vyandige of wantrouerende ingesteldheid teenoor volwassenheid, maar dit is die begin van sy eie oordeelsvorming. In hierdie opsig stem die kwalitatiewe navorsing met die literatuur saam.

Adolessente wil ook deel wees van die moderne lewe. Hulle wil ook gesien wees. Dit doen hulle dan deur hulle persoonlikhede ten toon te stel deur middel van kleding, houding en optrede. Om hul dus volgens uiterlike voorkoms en optredes te oordeel, is verkeerd, want hulle loop soms met diep vrae in die hart rond. Die adolessent is oor die algemeen minder oppervlakkig en ydel as wat dit op die oog af lyk (Janson 1976:118). Hierdie aanname is besonderlik deur die respondente van hierdie kwalitatiewe navorsing bevestig.

Aangesien adolessente in hierdie tyd van hul lewe voel dat hulle besig is om van hul eie steunpunte te verloor, is hulle op soek na 'n identiteitsfiguur. Hulle weg wysers word dan in hierdie figuur gesoek. Hier kan die ouer op sy beurt daarna streef om dié hoogs begeerde rol, die identiteitsfiguur, te vertolk.

Ouers wat ware rolmodelle van morele gedrag en geloof is, het 'n sterk positiewe invloed op die adolessent. Adolessente wat so 'n gerespekteerde persoon waarneem, kan verseker wees dat die Christelike lewe die moeite werd is om te leef.

Ouers, onderwysers en geestelike jeugleiers moet maak soos Jakobus beveel: "gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou om kwaad word nie" (Jak. 1:19). Met hierdie gesindheid sal die adolessente oop wees vir die boodskap van Jesus Christus.

Verstandige ouers sal die werklike beginsels (nie modes, musiek en seunshare nie) beklemtoon. Die adolessent soek juis die praktiese uitlewing van 'n ware Christen - woorde wek maar voorbeelde trek. Die voorbeeld is dus meer effektief as 'n preek (Janson, 1976:118). Die adolessent kyk wat volwassenes doen. Dade spreek baie harder as enigiets wat gesê word. Ouers moenie net daar staan en na die hoogtes wys wat hul kinders moet bereik nie. Hulle moet self begin klim sodat hul kinders hulle kan volg (Grant et al. 1997:166).

Navorsing toon dat dit die ideaal is as ouers so vroeg moontlik met inligting ten opsigte van seksualiteit by hul kinders begin. Gevolglik kan baie hartseer, onsekerheid en selfs twyfel in hulle geloof, voorkom word.

Dit blyk uit die navorsing dat die godsdiens van adolessente wat nie deur hul ouers verstaan word nie, minder eg en ernstig is en dat hulle meer geneig is tot twyfelagtige gedrag en meer probleme met hul gevoelens ervaar – as andersom. 'n Werklike poging om die adolessent te verstaan en dit wat binne die adolessent plaasvind, sal beide die ouers help om nader aan die adolessent te kom.

Gesinsbesprekings oor geestelike sake sal die adolessent help om meer in terme van geestelike beginsels te dink. Dit beantwoord ook die vraag waarom sommige adolessente 'n hoër vlak van geestelike redenasie bereik as ander.

'n Ander vraag wat gevra moet word, is waarom sommige ouers slaag en ander faal in die geestelike opvoeding van hul kind. Navorsing het aangetoon dat die adolessent 'n behoefte aan liefdevolle, ondersteunende en sorgsame ouers het wat geloofwaardig is en op wie hulle kan vertrou. So getuig 'n adolessent in vraag 51 van die kwalitatiewe navorsing dat "...in die eksamen weet ons dat Pa en Ma vir ons bid dat Jesus vir ons sal krag gee en dan voel ons sommer klaar beter".

Dit is noodsaaklik dat ouers 'n klimaat van geborgenheid sal skep waarbinne die adolessent geestelik weerbaar sal voel. So 'n klimaat van geborgenheid kan die voedingsbron van geloofsekerheid wees. Die kwalitatiewe navorsing het dit bevestig.

As ouers hul adolessente leer wat reg of verkeerd is, sal die sondige dinge onder die dekmantel van ontspanning en ontvlugting hulle nie raak nie.

In hoofstuk 1 is die vraag gevra watter bydrae die ouer kan lewer om die adolessent se geloofsekerheid te versterk en te verseker. Die antwoord van een van die respondente was dat haar ouers haar van kleinsaf van God geleer het (Adolessent 2, vraag 51). 'n Ander respondent het bygevoeg dat haar ouers haar geleer het van die sekerheid dat Jesus aan die kruis gesterf het en dat die Heilige Gees in ons is (Adolessent 5, vraag 51). 'n Ouer het soos volg op die vraag geantwoord: "...jou geloof is deurvleg dwarsdeur die week, maand, jaar, elke dag, in elke aksie en in elke woord" (Ouer 6, vraag 2). Ouers wat 'n hoër vlak van belangstelling, begrip en hulpvaardigheid toon, het dus 'n groter geestelike invloed op die lewens van adolessente. Die navorsing is vanweë baie omstandighede beperk tot gesinne waar ouers 'n positiewe rol gespeel het. Dit bevestig weer eens die literatuur in dié verband.

Moeders kan dogters onnodige verleentheid spaar deur die regte kennis van die normale fisieke, psigiese en sosiale aspekte van menstruasie vrylik en spontaan te gee. Dit kan trots en vreugde in die dogter se groei en rypheid bring en ook geestelike ontwikkeling bevorder. Hierin speel die moeder die hoofrol, maar die vader kan ook 'n positiewe bydrae lewer.

Die adolessent wat weet dat hy 'n verantwoordelike taak van 'n volwassene verrig, ervaar dat hy werklik belangrik is vir sy gesin, gemeenskap of kerk. Boonop sal die behoefte om op 'n rebelse manier onafhanklikheid te bekom, verdwyn.

Wanneer die adolessent bewus word dat sy ouers nie vyandig teenoor hom is nie of probeer om sy onafhanklikheid te dwarsboom nie, maar na hom luister en hom help om sy doel te bereik, sal baie van die druk om die ouerlike waardes te verwerp, verdwyn.

Die oorbeskermdende ouer strem en smoor die groei na onafhanklikheid en selfidentiteit. Hoe meer die ouer hom teenstaan, hoe meer sal hy die ouer se waardes verwerp. Ouers moet onthou dat godsdienste nooit deur dwang oorgedra kan word nie.

Die sogenaamde kwaai ouers beklemtoon reëls en ongehoorsaamheid. Dit belemmer kommunikasie in alle opsigte, ook op geestelike gebied. Hulle vertrou nie hulle kinders nie en die kinders kom dit agter. Die kinders se gedrag is later van so 'n aard dat die ouers hulle nog minder vertrou.

Die toestemmende of permissiewe ouers stel weer min eise aan hul adolessente en laat hulle toe om hul eie gedrag te reguleer met 'n minimum ouerlike betrokkenheid en beheer. Hierdie adolessente toon ongedissiplineerdheid.

Teenoor die twee voorafgenoemde voorbeelde dui die gesaghebbende ouers duidelik en ferm rigting aan, maar hulle dissipline is matig met warmte, beredeneerdheid, buigbaarheid en met dialoog. Hierdie ouers het meestal kinders met godsdienstige waardes, soortgelyk aan hul ouers se geloofswaardes.

'n Rede vir botsings tussen die ouer en die adolessent, is die gebrek aan duidelike riglyne vir hedendaagse gedrag wat vir die adolessent van 'n sekere ouderdom geskik is. Dit behels goed soos op watter ouderdom verhoudings met die teenoorgestelde geslag aanvaarbaar is, drankgebruik, die gebruik van die gesinsmotor, ensovoorts. 'n Gereelde huisvergadering is hier die oplossing.

Die literatuur wys voorts sommige negatiewe aspekte. Weinig hiervan is egter by die respondente gevind. By gebrek aan geestelike hulp en duidelike leiding deur ouers, deurworstel die adolessent die krisis en kan dan moontlik in die proses sy geloof verloor, as hy die geloof gehad het. Hierdie versuim van die ouer se kant is verwaarlosing wat tot onnodige ongelukkigheid, stryd, worsteling en geestelike skade in die adolessent se lewe lei.

Die verwerping van die tradisionele godsdiens word vergesel deur die verwerping van die moraliteit wat daaraan verbonde is. Ouers het dus 'n enorme verantwoordelikheid om toe te sien dat hul godsdienstige waardes nie deur hul adolessente verwerp word nie. Dit is 'n essensiële taak van die ouers. Morele waardes kan aangeleer word en dit behoort aangeleer te word.

In 'n tydsgewrig waar verandering die wagwoord is, is dit vir die ouer uiters belangrik om te besin hoe die volwassewordende in sy innerlike ontwikkelingsjare, adolessensie, homself, sy wêreld en sy toekoms beleef.

Dit is uiters belangrik dat ouers hul moet beywer om die onderwysprofessie op 'n baie hoë peil te hou met Christelike leerkragte van hoë aansien.

Die skool, kerk en gemeenskapsprogramme het 'n gebrek aan vrywillige helpers.

Ook moet die kerk op 'n doelbewuste, deeglik beplande wyse en met deurlopende aandag, sekere sake hanteer. Dit is sake met betrekking tot die huisgesin, die kerk en die gemeenskap.

Daar is 'n behoefte aan jeuggroepe waar die adolessent aanvaar word vir wat hy is - waar hulle hulself kan wees sonder vrees vir kritiek of verwerping. In so 'n atmosfeer sal almal ontvanklik wees vir die waarheid oor Jesus Christus.

Dit is belangrik dat die persoon wat geestelike bearbeiding met adolessente doen, werklik vir hulle lief moet wees, al is hulle onaantreklik of al toon hulle geen waardering vir liefde nie.

In geestelike berading moet die berader eerder die moontlike probleme voorkom as om dit te probeer genees.

Sommige beraders kom in die versoeking om die stereotipiese beeld van 'n jeugberader te volg, in plaas daarvan om te dink wie die adolessent is en wat God se unieke wil vir hom is.

Met 'n deeglik beplande rooster sal dit van oneindige waarde vir elke katkisant wees as hy ten minste een keer in die twee finale jare 'n persoonlike besoek van die leraar kan kry. Die leraar kan dan eerstehands kennis neem van die huislike omstandighede van elke katkisant en

sodoende die katkisant beter verstaan. Die katkisant, aan die ander kant, is tuis en ontspanne, wat intieme gesprek kan bevorder.

Verdere sielkundige navorsing oor die adolessent is nodig en van aktuele belang.

Die kwalitatiewe navorsing het verder getoon dat die ouer, die adolessent en die predikant hande moet vat om adolessente se geloofsekerheid te bou. Die samewerking van dié drie, te wete die ouer, die adolessent en die predikant, was ooglopend. Die resultaat was die oortuigde geloofsekerheid van twee adolessente.

In twee ander gevalle was die ouers se positiewe bydrae duidelik, terwyl die bydrae van die predikante twyfelagtig was. Hierdie is die bewys dat waar die ouers sterk gelowiges is met 'n sterk positiewe gelowige invloed op die adolessente, die adolessent se geloofsekerheid die gevolg is.

'n Gelowige enkelouer het 'n bewys gelewer dat 'n enkelouer suksesvol kan wees deur middel van positiewe leiding. Dit het gelei tot 'n diep gelowige adolessent wat ook sy kragte by die plaaslike kerk se aktiwiteite ingooi. Daar vind hy die samewerking en ondersteuning van een van die kerk se predikante.

Daar was twee gevalle waar die ouers en die predikante skynbaar nie die vermoë gehad het om die adolessent te rugsteun in hul geestelike lewe nie. Hierdie adolessente het skade gelei in hul geestelike lewe. In een geval was dit duidelik hoe sterk die afwesigheid van 'n vader, as gevolg van werk elders, die respondent se lewe negatief beïnvloed het. Die adolessent getuig van sy geloof in Jesus, maar tog skemer 'n onsekere persoonlikheid asook onsekerheid met betrekking tot geloof deur.

Die kerk het in een geval gefaal. Met die twyfelagtige poging van die kerk om die kerk te verander om by die sogenaamde moderne jeug te pas, slaan hulle die bal mis. Dit pas nie alle adolessente nie. Vir hierdie betrokke adolessent is die kerk heilig en die "show" wat by party kerke plaasvind, weerhou hom om sekere dienste by te woon. Die rede is dat hy die Here in die kerk soek en Hom nie altyd daar vind nie.

7.3.1 Sterk punte van die studie

As sterk punte van die studie het die rol van die ouer, die portuurgroep, die onderwyser en die predikant in die meewerking van geloofsoortuiging by die adolessente, na vore getree en is dit deur die literatuur bevestig.

In hoofstuk 1 is reeds deur Bester (2003:13) aangedui dat werkende ouers, enkelouergesinne en ander gebroke gesinstrukture meebring dat ouerlike toesig en geestelike leiding grotendeels ontbreek. Met die kwalitatiewe navorsing het dit duidelik geword dat indien die ouers gelowige kinders van die Here is, kan hulle daarin slaag om ook hul kinders tot geloofsekerheid te lei (Adolessent 3, vraag 5).

Verder meen Burger (1999:4) dat tradisionele Christelike godsdienstigheid besig is om te kwyn – veral in die Weste. Gelukkig is daar getuienisse van respondente dat hul gesinne nog huisgodsdien beoefen en alle aanduidings dui op 'n vertolking dat die geloof voortbestaan.

In teenstelling met die bewering in hoofstuk 1 deur Gaum (1999:9) dat daar selfs vandag oor die Bybel twyfel bestaan, getuig die respondente dat die Bybel God se Woord is. Alles wat daarin staan is waar en dit vertel van Jesus se lewe op aarde.

Selfs die kerk is volgens Horak (1999:6) onseker, soos aangedui in hoofstuk 1. Dit bring mee dat respondente soekende is. Ook sekere veranderinge in die kerk laat twyfel by respondente ontstaan. Tog het die respondente soos volg geantwoord op die vraag oor wat hul verwagtinge is as hul kerk toe gaan: Een respondent verwag om so 'n kragtige boodskap te kry dat as sy uit die kerk stap sy wil omdraai om nog meer te hoor. 'n Ander verwag om te leer hoe om te lewe en hoe om nader aan God te lewe. Nog 'n ander een het dit soos volg verwoord: "Ons weet wat staan in die Bybel. Hulle moet dit net vir ons mooi uiteensit – wat is sonde en wat is nie sonde nie."

Kriek (1978:12) beweer in hoofstuk 1 dat daar onsekerheid heers oor die uniekheid van die Christelike geloof. Hierop kom die antwoord van 'n Sondagskoolonderwyser aan 'n respondent: "Ons geloof is die enigste wat kan sê: Jesus het weer opgestaan" (Adolessent 17, vraag 34). Ten spyte van al die aanvegtinge op die Christelike geloof, is die respondente positief oor die Christendom.

Die vraag word ook gevra wat die invloed van die portuurgroep op die adolessente se geloofsekerheid is. 'n Respondent getuig dat 'n vriendin vir haar die volgende goeie raad gegee het: "God sal jou altyd help" (Adolessent 2, vraag 15). Die invloed van die portuurgroep kan egter ook negatief wees. Adolessent 2 dui in vraag 18 aan dat haar portuurgroep haar wou betrek by dwelms, die rook van dagga en rowwe partytjies. Gelukkig is sy weg van daardie skool en het sy nou gelowige vriendinne by die nuwe skool.

Die invloed van die onderwyser op die adolessent se geloofsekerheid is ook aangeraak. 'n Ouer het getuig dat 'n sekere skoolhoof nuwe leerders verwelkom met die woorde: "Hier is Jesus eerste." Oor godsdiensoonderrig in die skool is 'n respondent se aanbeveling: "Hulle moet dit terugbring." 'n Ander respondent getuig dat hulle by hul skool nogal redelik baie godsdiensoonderrig ervaar. Op Dinsdae is daar godsdiensteriode en elke oggend word daar met godsdienst geopen (Adolessent, vraag 5).

Die vrae van die onderhoude was prikkelend. Dit het die respondente laat nadink en hulle het dit moontlik ook verder met hul maats bespreek. Een predikant het aangedui dat die vrae hom geïnspireer het om sy eie kerkisasiewerk weer krities te gaan bekyk. Die vrae het ook die ouers, sowel as die predikante, laat nadink oor hul verhoudinge met die adolessente asook oor hul metode van geestelike leiding aan die adolessente.

Die kwalitatiewe navorsing het die noodsaaklikheid uitgewys dat verdere sielkundige navorsing oor die adolessent se geestelike lewe van aktuele belang is.

Om persoonlik in die onderhoude die geloofsgetuïenisse van die huidige Afrikaanssprekende adolessente aan te hoor, was vir die navorser die sterkste punt van die kwalitatiewe navorsing.

7.3.2 Tekortkominge van die kwalitatiewe navorsing

'n Groot tekortkoming van die kwalitatiewe navorsing is die feit dat die groep respondente almal lede van die vier Afrikaanse gereformeerde kerke is. Hul kerklike, sowel as hul geestelike ervarings en aktiwiteite, kom ooreen vanaf hul kleuter- tot hul adolessensiejare. Gevolglik is daar baie min verskille in optredes en getuïenisse.

Die predikante is pertinent versoek om nie net gelowige adolessente vir die navorsingsonderhoude beskikbaar te stel nie, maar dat hulle ook moontlike twyfelaars moet aanbeveel. Daar moes tog twyfelaars gewees het, maar hulle is om een of ander rede weggelaat. Dit word beslis as 'n groot tekortkoming van die kwalitatiewe navorsing gesien.

7.4 VERDERE RIGLYNE VAN DIE NAVORSING

Verder kan praktiese hulpverleningsprogramme deur ouers, onderwysers, portuurgroepe, jeugverenigings en kategete daargestel word om adolessente in hul geloof te begelei en te versterk. Katkisante met geloofsekerheid kan gemotiveer word om tot selfaktiwiteit oor te gaan om hul medekatkisante of portuurgroepede tot geloofsekerheid te lei.

Die studie kan ook dien as 'n basis vir verdere navorsing met die oog op meer praktiese hulp aan adolessente met betrekking tot geloofsekerheid. Kategete kan die navorsing as handleiding vir verdere inligting oor geloofsekerheid gebruik. Ook kan die studie dien as 'n spieël vir die katkisante se eie geloofsekerheid om sodoende hul eie geestelike lewe te evalueer.

In skole kan onderwysers aangespoor word om leerders met geestelike probleme raak te sien en van hulp te wees. So kan leerders tot verdere geestelike ontwikkeling aangemoedig word. Leerders kan deur hul studie begin twyfel en as hulle dan in hierdie navorsing begin soek na die waarheid, kan dit tot geloof lei wat op sy beurt tot uiteindelijke geloofsekerheid lei. Selfs die VSCV-leiers kan geïnspireer word om leerders met geestelike probleme te identifiseer sodat hulp beskikbaar gestel kan word.

Hier kan die studie dien as 'n stimulasie vir verdere navorsing met die oog op meer praktiese hulp aan adolessente. Belangrik is dat die navorsing kan dien as riglyn vir sielkundige navorsing oor ervarings soos byvoorbeeld, bekering.

Ook kan geestelike leiers angevuur word tot meer praktiese hulp vir die adolessent in sy soeke na geloofsekerheid.

BIBLIOGRAFIE

- AALDERS, W.J. 1950. *Twijfel en geloof*. Amsterdam: Uitgeversmaatschappij.
- ACKERMANN, C.J. 1995. Identiteitsontwikkeling by Afrikaanssprekende adolessente in die domeine van beroep en godsdiens. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Opvoedkunde*, 15(3) Aug.:138-143.
- ALGEMENE JEUGKOMMISSIE. 1989. Jeugprofiel. *Handleiding vir die Nederduits Gereformeerde Kerk*, Bloemfontein: N.G. Sendingpers.
- ALLPORT, G.W. 1951. *The individual and his religion*. New York: MacMillan Co.
- ALLPORT, G.W. 1961. *Pattern and growth in personality*. New York: MacMillan Co.
- ALLPORT, G.W. 1964. *The individual and his religion*. New York: MacMillan Co.
- ALLPORT, G.W. & ROSS, J. 1967. Personal religious orientation and prejudice. *Journal of Personality and Social Psychology*, 5(4):423-443.
- ALSAKER, F.D. 1995. Is puberty a critical period for socialization? *Journal of Adolescence*, 18:427-444.
- ASMAL, K. 2001. Leerplan moet Suid-Afrika genees, sê Asmal. *Volksblad*, 14 Nov.:1.
- ATWATER, E. 1983. *Adolescence*. New Jersey: Prentice-Hall.
- AUSUBEL, D.P. 1954. *Theory and problems of adolescent development*. New York: Grune & Stratton.
- AUSUBEL, D.P. 1968. *Educational Psychology*. New York: Holt, Rinehart & Winston.
- AUSUBEL, D.P. 1977. *Theory and problems of adolescent development*. 2nd edition. New York.
- BABBIE, E. & MOUTON, J. 2001. *The practice of social research*. South African edition. Cape Town: Oxford University Press.
- BABIN, P. 1960. Rethinking the life of faith, as a first step towards stabilization. *Lumen Vitae*, 15:233-246.
- BAILLIE, J. 1962. *The sense of the presence of God*. New York: Charles Scribner's Sons.
- BARCLAY, W. 1959. *Educational ideals in the ancient world*. London: Collins.
- BARNARD, M.C. 1981. *Die godsdienstige wording*. M.Ed. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- BASSON, A.J. 1972. Jeug en seksualiteit – 'n Besinning oor die taak van die kerk. D.Th.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

- BAUMEISTER, R.F. 1986. *Identity: Cultural change and the struggle for self*. New York: Oxford University Press.
- BAUMRIND, D. 1971. Current patterns of parental authority. *Developmental Psychology Monographs*, 4(2):2.
- BAVINCK, J.H. 1976. *Gereformeerde Dogmatiek*. Kampen: J.H. Kok.
- BAVINCK, J.H. 1998. *The certainty of faith*. Potchefstroom University.
- BEKKER, J. 1960. *Godsdiensoonderrig in die skool*. Johannesburg: Afrikaanse Pers-boekhandel (Edms) Bpk.
- BENSON, P. & SPILKA, B. 1972. God image as a function of self-esteem and locus of control. Paper presented at the meeting of the International Congress of Learned Societies in the field of Religion. Los Angeles, Sept. 1972.
- BESTER, S. 2003. Matrikulant met groot drome wen. *Volksblad*, Maandag 29 Sept. 2003.
- BINGLE, H.J.J. 1962. *Metodiek van Godsdiensoonderrig op die Middelbare Skool*. Pretoria: Interkerklike Uitgewerstrust.
- BOSHOFF, B. 1976. *Die adolessent: Sy ontwikkeling en ontwikkelingstake*. Stellenbosch: Universiteit Uitgewers en Boekhandelaars.
- BOSHOFF, I. 1999. Vuurhoutjie – Moedig oop gesprek aan. *Algemene Kerkbode*, Aug. 13:5.
- BOSMAN, D.B.; VAN DER MERWE, I.W. & HIEMSTRA, L.W. 1962. *Tweetalige Woordeboek Afrikaans-Engels*. 4^{de} druk. Kaapstad: Nasionale Boekhandel Bpk.
- BOTHA, D.S. 1949. *Die Heidelbergse Kategismus*. Stellenbosch: C.S.V. Boekhandel.
- BRAUMANN, G. 1975. "Child". Brown, C. (ed.). In *The New International Dictionary of the New Testament*. Vol. 1, p. 282.
- BREECH, J. 1989. *Jesus and postmodernism*. Minneapolis: Fortress.
- BRENNER, M.; DEL, N.M.; PETIENNE, B.; GENTELLI, M.; HUS, D. (eds). 1985. The research interview: Uses and approach. London: Academic Press.
- BUCK, P.P. 1965. The joy of children. *Reader's Digest*, Nov.: 69-76.
- BURGER, I. 1999. Tradisionele godsdienstigheid aan't kwyn... maar gelowiges word méér. *Algemene Kerkbode*, 13 & 14 Aug.: 4.
- BURI, J.R.; KITCHNER, P.A. & WALSH, J.M. 1987. Familial correlates of self-esteem in young American adults. *Journal of Social Psychology*, 127:583-588.
- CALON, P. 1961. *De Jongen*. 5^{de} druk. Haarlem: Uitgeverij De Toorts.
- CALVIJN, J. 1858. *Koninklijke weg naar den hemel*. Kaapstad: Z.A. Christelijke Boekvereniging.

- CARRIER, H. 1965. *The sociology of religious belonging*. New York: Herder & Herder.
- CHAMBERLAIN, G.L. 1979. Faith development and campus ministry. *Religious Education*, 74(3):314-324.
- CHAPLIN, D.P. 1961. *Children and religion*. New York: Charles Scribner's Sons.
- CHARTIER, M.R. & GOEHNER, L.A. 1976. A study of the relationship of parent-adolescent communication, self-esteem, and God image. *Journal of Psychology and Theology*, 4:227-232.
- CLAASSEN, G. 2000. Onderwyskrisis skep unieke geleentehede vir Kerk. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. Sept. 1, p. 1.
- CLAIRMONT, P. 1997. *Vriende se invloed*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.
- CLARK, C.A.; WORTHINGTON, E.L. & DANSER, D.B. 1988. The transmission of religious beliefs and practices from parents to firstborn early adolescent sons. *Journal of Marriage and the Family*, Vol. 50:463-472.
- CLARK, W.H. 1958. *The psychology of religion*. New York: The MacMillan Co.
- CLARKE, M.L. 1971. *Higher Education in the ancient world*. London: Routledge & Regan Paul.
- CLOETE, T.T. 1980. *Angelliera*. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.
- COLE, L. & HALL, N. 1970. *Psychology of adolescence*. 7th edition. London: Holt, Rinehart & Winston.
- COLEMAN, J.G. 1974. *Relationships in adolescence*. London: Routledge and Kegan Paul. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.
- CONGER, J.J. 1973. *Adolescence and youth*. New York: Harper & Row Publishers.
- CONGER, J.J. 1979. *Adolescence - Generation under pressure*. Kaapstad: S.A. Juta.
- CROW, L.D. 1956. *Adolescent development and adjustment*. New York: McGraw-Hill Book Co.
- CROW, L.D. & CROW, A. 1965. *Adolescent development and adjustment*. 2nd edition. New York: McGraw-Hill.
- CSIKSZENTMIHALYI, M. & LARSON, R. 1984. *Being adolescent. Conflict and growth in the teenage years*. New York: Basic Books.
- DACEY, J.S. 1979. *Adolescents today*. Santa Monica: CA Goodyear Publishing Co.
- DAEHLER, M.W. 1992. *Child development*. (International Student Edition.) London: Houghton, Mifflin, Col Boston.

- DAVIS, G.L. 1986. Spiritual direction: A model for adolescent catechesis. *Religious Education*, 81(2):267-278.
- DE BORD, L. 1969. Adolescent religious participation. *Adolescence*, Winter, pp. 557-56.
- DE JONGH van ARKEL, J.T. 1987. A paradigm for pastoral diagnosing. D.Th. thesis. University of South Africa.
- DE JONGH van ARKEL, J.T. 1989. Verhoudings en verhoudingsprobleme tydens adolessensie. In *Predikant en pastorale praktyk: teologiese en sielkundige perspektiewe*, A.J. Smuts (red.). Pretoria: Academica. pp. 94-112.
- DE KLERK, J.J. 1993. *Die Kategismus: temas en skemas*. Bloemfontein: Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys.
- DENZIN, N.K. & LINCOLN, Y.S. (eds). 1994. *Handbook of qualitative research*. Thousand Oaks: Sage.
- DE VOS A.S. (Ed.); STRYDOM, H.; FOUCHÉ, C.B. & DELPORT, C.S.L. 2002. 2nd edition. *Research at grass roots*. Pretoria: Van Schaik Publishers.
- DE WET, J. 2000. Klop aan vir hulp met kampe. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. (1), Sept., p. 9.
- DE WET, J. & VAN ZYL, P.J. 1980. *Inleiding tot die Psigologiese Opvoedkunde*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- DONEY, M. 1988. *Jesus*. Sutherland: Hertsion Publishing.
- DORESS, I. & PORTER, J.N. 1978. Kids in Cults. *Society*, Vol. 15, May 1978, pp. 69-71.
- DREYER, Y. 2002. Vind vrede hiermee. Dis waarom dit vir Jesus gegaan het. *Volksblad*, Dinsdag 12 Nov., p. 6.
- DROEGE, T.A. 1972. A developmental view of faith. *Journal of Religion and Health*, Vol. 11(4):313-328.
- DUDLEY, R.L. 1983. 'Adolescent heresy': the rejection of parental religious values. *Andrews University Seminary Studies*, Spring 21(1):51-59.
- DU PLESSIS, J.N.S. 1977. Die ontwerp van kriteria vir die keur van voorgeskrewe literêre werke vir senior sekondêre skool. D.Ed.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit Stellenbosch.
- DU PLESSIS, S.W. 2001. Onderwyservormings: 'n ander perspektief. *Roeping en Riglyne*. Termynblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. Jaargang 49(1), April, pp. 16-18.
- DURAND, J.J.F. 1976. *Die lewende God*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- DU TOIT, H.D. 1984. *Is ek gered? Oor geloofsekerheid vir die klein-gedoopte*. Kaapstad: Lux Verbi.

- DYKSTRA, C. 1986. Youth and the language of faith. *Religious Education*, 81(2):163-184.
- EADIE, J. 1983. *Commentary on the Epistle to the Ephesians*. Edinburgh: T. & T. Clark.
- EGAN, G. & COWAN, M.A. 1980. *Moving into adulthood*. Monterey: Brooks/Cole Publishing Co.
- ELLZEY, C.H. 1961. Relations among acceptance of self, acceptance of others, and belief in an accepting God. Unpublished doctoral dissertation, Columbia University.
- ERIKSON, E.H. 1963. *Childhood and Society*, 2nd edition. New York: Norton.
- ERIKSON, E.H. 1968. *Identity: Youth and crisis*. New York: W.W. Norton & Company.
- FIELD, T.; LANG, C.; YANDO, R. & BENDELL, D. 1995. Adolescents' intimacy with parents and friends. *Adolescence*, 30(117): Spring, pp. 133-140.
- FORLITI, J.E. & BENSON, P.L. 1986. 17 Young adolescents: a national study. *Religious Education*, 81(12):190-224.
- FOURIE, D. 2000. Die redakteur skryf. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. 165 (1) Sept., p. 5.
- FOWLER, J.W. 1978. *Stages of faith*. San Francisco: Harper & Row.
- FOWLER, J.W. 1987. *Faith development and pastoral care*. Philadelphia: Fortress Press.
- FROST, D. 1997. *Billy Graham in conversion*. Wiltshire, Great Britain: Chivers Press.
- GARBERS, J.G. 1983. *Adolesensie: Ontwikkelingspatrone van Afrikaanssprekende skoolgaande jeug*. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.
- GARLAND, D.S.R. & Oates, W.E. s.a. *Spirituality and Sexuality*. s.i.
- GAUM, F. 1999. Geloofsverklaring 2000. *Die Burger*, Dinsdag 6 Julie 1999, p. 9.
- GELDENHUYS, N. 1942. *Die opgroeiende kind*. Pretoria: Unie Boekhandel.
- GOODENOUGH, E.R. 1965. *The psychology of religious experience*. New York: Basic Books, Inc.
- GOUS, A.G.S. 1974. Die jeugdige en sy godsdienstige lewe. *Die Voorligter*, 37 Maart 1974, p.4.
- GOUS, H. 2000. Avontuurkampe sonder woorde maak geloofsinpak op jonges. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. (1) Sept., pp. 8-9.
- GOUWS, E. & KRUGER, N. 1994. *The Adolescent*. Durban: Butterworth Publishers.
- GRAHAM, B. 1969. Something for youth to believe. *Reader's Digest*, June 1969, pp. 77-81.
- GRANDIA, J.H.N. 1968. *Uitdaging en antwoord*. Zutphen: Thieme.
- GRANT, J.K.; SWINDOLL, L.; CLAIRMONT, P.; JOHNSON, B. & MEBERG, M. 1997. *Om met vreugde te reis*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke Bpk.

- GREEFF, M. 1998. Verskeie godsdienste. *Nuwe Voorligter*, Junie: p. 26.
- GRIESBRIECHT, N. 1995. Parenting style and adolescent religious commitment. *Journal of Psychology and Christianity*, 14(3):228-238.
- GRIFFITHS, L. 1954. *The teacher and the young teens*. St. Louis: The Bethany Press.
- GROBLER, L.P. 1997: Spiritualiteit as perspektief op adolessensie: 'n Studie gerig op pastorale beraad. Proefskrif. Universiteit van Suid-Afrika.
- HABERMAS, J. 1975. *Legitimation crisis*. Boston: Beacon Press.
- HARMS, E. 1944. The development of religious experience in children. *American Journal of Sociology*, Vol. 50:112-122.
- HAUSER, J. 1981. Adolescence and religion. *Adolescence*, 16(62):309-320.
- HAVIGHURST, R.J. 1952 *Development tasks and education*. New York: David McKay Co.
- HAVIGHURST, R.J. 1953. *Human development and education*. London: Longmans.
- HAYES, R.L. 1982. A review of adolescent identity formation: implications for education. *Adolescence*, 17(65):153-165.
- HAYMAN, S. 1989. *Living with a teenager*. London: Judy P. Publishers.
- HENNING, J. 1975. *Good housekeeping: You and your adolescent*. London: Ebury Press.
- HEYNS, J.A. 1978. *Dogmatiek*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- HEYNS, R. 2000. Maksimum kategese. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. (1) Sept., p. 12.
- HICKMAN, D.C. 1971. Issues in the interpretation of adolescents in society. *Sociology*, 17 Oct., pp. 58-68.
- HIGGO, G. 1977. Die aard en funksie van die vrae van die adolessent in die kategetiese onderrig. D.Th.-proefskrif. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.
- HILL, C.I. 1986. A developmental perspective on adolescent 'rebellion' in the church. *Journal of Psychology and Theology*, 14(4):306-318.
- HORAK, G. 1999. Moderne Christen en die Woord. *Volksblad*, 5 Okt., p. 6.
- HORROCKS, J.E.; THOMPSON, G.G. & DI VESTA, F.J. 1971. *Social development and personality*. New York: Wiley.
- HURLOCK, E.B. 1972. *Child development*. New York: McGraw-Hill.
- HURLOCK, E.B. 1973. *Adolescent development*. 4th edition. New York: McGraw-Hill.
- INHELDER, B. & PIAGET, J. 1958. *The growth of logical thinking from childhood to adolescence*. New York: Basic Books.
- JANSE VAN RENSBURG, J. 2002. Kerk moet hom 'distansieer van dwaalleraars'. *Roeping & Riglyne*. Termynblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, p. 2.

- JANSON, M. 1976. *Sodat julle kan weet - dat julle die ewige lewe het*. Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- JANSON, M. 1989. Verhoudings en verhoudingsproblematiek tydens adolessensie. In *Predikant en pastorale praktyk: teologies sielkundige perspektiewe*. A.J. Smuts (red.) Pretoria: Academica.
- JERSILD, A.T. 1963. *The Psychology of Adolescents*. 2nd edition., London: Collier-MacMill and Ltd.
- JONKER, W.D. 1977. *Christus, die Middelaar*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- JONKER, W.D. 1981. *Die Gees van Christus*. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- JONKER, W.D.; KOTZÉ, G. & LOMBARD, E. 1975. *Ek glo in die Heilige Gees*. Bybelkor van die Hugenate Kollege.
- JORDAAN, G.J.C. 2001. Passie of passief, *Roeping en Riglyne*. Termynblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, 49(1): April, p. 4.
- JORDAAN, T. 2000. 'n God wat 'n werklikheid geword het. Deel 2. *Die Burger*, Maandag 26 Junie 2000, p. 2.
- JORDAAN, W. & JORDAAN, J. 1984. *Mens in konteks*. Johannesburg: McGraw-Hill.
- JURICH, A.P. & KADEL, K.M. 1976. Moral development in the adolescent years. *ERIC Reports ED*, pp. 160-214.
- KEGAN, R. 1982. *The evolving self*. Cambridge: Harvard University Press.
- KELLY, J.N.D. 1985. *Early Christian Doctrines*. London: A. and C. Black.
- KEYTER, J. de W. 1961. *Opvoeding en Onderwys*. Kaapstad: Nasionale Boekhandel.
- KITCHING, D. 2000. Kerk 'cool' genoeg vir jonges? *Die Kerkbode*, 165(5), Sept., p.8.
- KNIGHT, J.A. 1969. Adolescent development and religious values. School of Medicine, New Orleans Louisiana. *Journal Pastoral Psychology*, 20:39-43.
- KOEN, G. 1981. *Net genade*. Pretoria: Daan Retief Uitgewers.
- KÖNIG, A. 1975. *Hier is Ek!* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- KÖNIG, A. 1976. *Liefde, vryheid, lewe, eenheid. Meer duidelikheid oor die Heilige Gees?* Pretoria: N.G. Kerkboekhandel.
- KOTESKEY, R.L. 1981. Growing up too late, too soon: the invention of adolescence. *Christianity Today*, 25:24-28.
- KOTZE A.J. s.a. *Geloofsekerheid*. Student B.Th. 3. Sinodale Kantoor, Bloemfontein.
- KRAEMER, S. 1982. Leaving home, and the adolescent family therapist. *Journal of Adolescence*, 5:51-62.
- KRIEK, A. I. M. 1978. *Waarom nog twyfel?* Kaapstad, Goodwood: Nasionale Boekdrukkery.

- KRITZINGER, M.S.B.; LABUSCHAGNE, F.J. & PIENAAR, P. de V. 1963. *Verklarende Afrikaanse Woordeboek*. Pretoria: J.L. van Schaik.
- LACKOVIC-GRGIN, K. & DEKOVIC, M. 1990. The Contribution of significant others to adolescents' self-esteem. *Adolescence*, 25, pp. 839-946.
- LACKOVIC-GRGIN, K.; DEKOVIC, M. & OPACIC, G. 1994. Pubertal status, interaction with significant others, and self-esteem of adolescent girls. *Adolescence*, 29(115):691-700.
- LAHAYE, T.F. 1986. *The beginning of the end*. Wheaton: Tyndale House Publishers.
- LAWRENCE, B.S. 1973. *Adolescent Alienation*. Ohio: Columbus.
- LEEDY, P.D. & Ormrod, J.E. 2001. *Practical research: planning and design*. 7th edition. New Jersey: Upper Saddle River.
- LE ROUX, A. 1998. The relationship between loneliness and the Christian faith. Department of Psychology of the University of the Orange Free State. *South African Journal of Psychology*, 28 (3):174-178.
- LEVINSON, D.J. 1978. *The seasons of a man's life*. New York: Ballantine Books.
- LEWIS, E. 1962. *Children and their religion*. New York: Shead & Ward.
- LICKONA, T. 1983. Raising good children. In *Childhood and adolescence – a faith development perspective*. Osmer R. & Fowler J.W. 1985. New York: Bantam Books.
- LINDBECK, G. 1984. *The nature of doctrine*. Philadelphia: Westminster.
- LITTLE, P.E. 1987. *Know what you believe*. s.l: Charlot Victor Publishers.
- LOUBSER, J.A. 1997: Maak geloof nog sin? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 37, 1 Maart 1997, pp. 44-56.
- LOUKES, H. 1965. *Teenage religion*. 7th edition. s.l.: SCM Press Ltd.
- LUBBE, G. 2001. Godsdiensoonderrig: Kinders moet ingelig, nie bekeer word. *Die Burger*, Woensdag, 19 Des., 2001, p. 5.
- MACE, D. & MACE, V. 1974. *We can have better marriages if we really want them*. Nashville: pp. 61-65.
- MALAN, D. 2000. Jong 'vissers' na Mosambiek gestuur. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. (1) Sept., p.12.
- MANASTER, G.J. 1977. *Adolescent development and the life tasks*. Boston: Allyn & Bacon Inc.
- MARAIS, W. 1973. *Moet elkeen 'n datum hê?* Kaapstad: N.G. Kerk-Uitgewers.
- MARCIA, J.E. 1966. Development and validation of ego-identity status. *Journal of Personality and Social Psychology*, 50:143-152.

- MARROU, H.I. 1956. A history of education in antiquity. *S.A. Tydskrif vir Opvoedkunde*, 1990 (1):36.
- McCORMACK, M. 1985. *The generation gap*. London: Constable.
- MILLER, H.L. & WOOCK, R.R. (eds). 1973. Social foundations of urban education. In *Adolesensie*, J.G. Garbers et al. Durban: Butterworth Uitgewers (Edms) Bpk.
- MILLER, R.C. 1963. *Education for Christian living*. 2nd edition. Englewood Cliffs N.J: Prentice Hall, Inc.
- MINSHLER, E.G. 1986. *Research interviewing: Context and narrative*. Cambridge: Harvard University Press.
- MINUCHIN, S. 1974. *Families and family therapy*. Cambridge: Harvard University Press.
- MITCHELL, K.R. & ANDERSON, H. 1981. You must leave before you can cleave. A family system approach to premarital pastoral work. *Pastoral Psychology*, 30:71-88.
- MONTEITH, I.L.de K. 1988. *Die opvoeding en ontwikkeling van die adolessent*. Pretoria: Rousseau.
- MONTGOMERY, J.W. 1970. *The suicide of Christian theology*. England: Bethany House Publishers.
- MUSSEN, P.H. 1974. *Child development and personality*. New York: Harper & Row Publishers.
- NEL, B.F. 1968. *Fundamentele oriëntering in die psigologiese pedagogiek*. Deel 1. Stellenbosch: U.U.B.
- NEWMAN, B.M. & NEWMAN, P.R. 1979. *An introduction to the psychology of adolescence*. Homewood: Dorsey.
- ODENDAL, E.F. & GOUWS, R.H. 2000. HAT. *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal*. 4^{de} druk. Midrand: Perskor Uitgewers.
- ODLUM, D. 1957. *Adolescence*. London: Delisle Limited.
- OLSON, G.K. 1984. *Counselling teenagers: the complete Christian guide to understanding and helping adolescents*. Loveland Group Books.
- OSMER, R. & FOWLER, J.W. 1985. Childhood and adolescence – a faith development perspective. In *Clinical handbook of pastoral counselling*, R.J. Wicks; R.D. Parsons & D. Capps (eds). New York: Paulist Press. pp. 171-212.
- OTTO, G. 1982. Predigt als Sprache. *Theologia Practica* 17: pp. 117-127.
- PARKER, M.S. 1976. Dimensions of religious conversions during adolescence. *ERIC Report, ED*, p. 170.

- PIETERSE, H.J.C. 1997. Die oop gesprek. Die aantasting van simbole in die Afrikaanse kerke. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, Jaargang 37(1), Maart 1997: pp. 63-67.
- PLUG, C.; MEYER, W.F.; LOUW, D.A. & GOUWS, L.A. 1988. *Psigologiese woordeboek*. 2^{de} druk. Johannesburg: Lexicon Uitgewers.
- POMEROY, W.B. 1969. *Girls and sex*. New York: Delacorte Press.
- POTGIETER, F.J.M. 1953. *Verlossing. Red my... God van my Heil*. Potgietersrust: Die Môrester Drukkery.
- POTGIETER, F.J. 1970. *Godsdien in die wording van die kind*. Pretoria: Academica (Edms) Bpk.
- POTVIN, R.H. & LEE, C.F. 1982. Adolescent religion. A developmental approach: Sociological Analysis. *Journal in the Sociology of Religion*, 43(2): 131-144.
- PRAAMSMA, L. 1959. *Lerende hen onderhouden*. Deel 1. J. Kampen: H. Kok, N.V.
- PRAAMSMA, L. 1960. *Lerende hen onderhouden*. Deel 2. J. Kampen: H. Kok, N.V.
- PRETORIUS, W. 2000. Gesinne is weer in. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. (1):5.
- PRINS, R. 2000. Kerk kan binne een geslag uitsterf. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. Sept. 2, p. 1.
- PUTNEY, S. & MIDDLETON, R. 1961. Rebellion Conformity, and Parental Religious Ideologies. *Sociometry* 24 (June 1961): pp 125-135.
- REYNOLDS, R.G. 1981. *Sekerheid*. Roodepoort: Christelike Uitgewersmaatskappy.
- RICE, F.P. 1984. *The adolescent development, relationships and culture*. 4th edition. Boston: Allyn & Bacon Inc.
- RICHARDSON, R.A.; GALLAMBOS, N.L.; SCHULENBERG, J.E. & PETERSEN, A.C. 1984. Young adolescents' perceptions of the family environment. *Journal of Early Adolescence*, 4:131-153.
- RICOEUR, P. 1973. The language of faith. *Union Seminary Quarterly Review*, 28(3):213-224.
- RIEKERT, S.J.P.K. 2002. Is Christelike vakonderwys op skool 'n haalbare opsie sonder Bybelonderrig? *Roeping en Riglyne*, 50(1) Mei, p. 10.
- ROGERS, D. 1972. *The Psychology of Adolescence*. New York: Appleton Century Crofts.
- ROGERS, W.R. 1969. *The Alienated Student*. Nashville: Board of Education. The United Methodist Church. pp. 51-52.
- ROSSOUW, D. 2003. *Intellectual tools: skills for the human science*. 2nd edition. Pretoria: Van Schaik.

- ROSSOUW, P. 2000. Potjiekos-geloof werk nie. Vuurhoutjie. *Die Kerkbode*, 165 (5), Sept, p. 1.
- SAMTROCK, J.W. 1983. *Life-span development*. s.l.:Wm. C. Brown Company Publishers.
- SAUNDERS, M.; LEWIS, P. & THORNHILL, A. 2003. *Research methods for Business Students*. 3rd edition. Edinburgh: Pearson Education Limited.
- SCHIMEL, J.L. 1969. *The parent's handbook on adolescence*. Cleveland, Ohio: The World Publishing Company.
- SCHMIDT, W.H.O. 1973. *Child development: the human, cultural, and educational context*. New York: Harper & Row.
- SCHOLES, R. 1974. *Structuralism in literature. An introduction*. New Haven en Londen. Yale University Press.
- SCHOLTZ, A. 2001. Ook die wetenskap kan nie sonder geloof werk. *Die Burger*, Saterdag 30 Junie, p. 13.
- SHELTON, C.M. 1984. Adolescent morality: a revised paradigm. *Religious Education*, 79(2):192-202.
- SIEGEL, J. & SHAUGHNESSY, M.F. 1995. There's a first time for everything: Understanding adolescence. *Adolescence*, 30(117):217-221.
- SIMMONDS, R.B. 1977. Conversion or addiction: Consequences of joining a Jesus Movement Group. *American Behavioral Scientist*, Vol. 20, July, pp. 909-924.
- SLOANE, D.M. & POTVIN, R.H. 1983. Age differences in adolescent religiousness. *Review of religious research*, Vol. 25(2):141-154, December 1983.
- SMART, R.C. 1972. *Readings in child development and relationships*. New York: MacMillan.
- SMITH, D.M. 1985. Perceived peer and parental influences on youths' social world. *Youth and Society*, Vol. 17(2):131-156.
- SMUTS, M. 1994. *Genade, geloof en gehoorsaamheid*. Kaapstad: Struik Christelike Boeke.
- SONNEKUS, M.C.H. & FERREIRA, G.V. 1979. *Die psigiese lewe van die kind-in-opvoeding*. Stellenbosch: U.U.B.
- STEINBERG, L. & BELSKY, J. 1991. *Infancy, childhood & adolescence*. New York: McGraw-Hill, Inc.
- STEYN, C. 2001. Studie van 'ander' godsdienste nooit neutraal. *Die Burger*, 10 Des., p. 15.
- STEYN, J.H. 2001. Godsdiensoonderrig in die skool en kurrikulum 2005. *Roeping en Riglyne*, 49(1), April, p. 8.

- STOKER, P.H. 2002. Is Christelike onderwys moontlik as skoolonderwys neutraal is? *Roeping en Riglyne*. Termynblad van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys, 50(1), Mei, pp. 9-10.
- STONES, C.R. 1977. The Jesus people. *Journal of Psychology*, Vol. 97, Sept., pp.122-133.
- STROMMEN, M.P. 1974. *Five cries of youth*. New York: Harper & Row.
- STROMMEN, M. P.; FORLITI, J. & WICKSTROM, M. 1984. The myth of the generation gap. *Christianity Today*, 28(15):14-19.
- STRUWIG, F.W. & STEAD, G.B. 1991. *Planning, designing and reporting research*. Cape Town: Pearson Education.
- TAGESON, C.F. 1962. *Spiritual direction of the adolescent, in psychological counselling of adolescents*. Raymond J. Steimel (ed.) Washington: Best Book Publisher.
- TANNER, J.M. 1970. Physical growth. In *Carmichael's Manual of Child Psychology*. P.H. Mussen (ed.), Vol. 2. (3rd edition). New York: Wiley.
- TAPPAN, P.W. 1949. *Juvenile delinquency*. New York: McCraw-Hill.
- TAYLOR, H. & VINJEVOLD, P. 1999. Getting learning right. Wits University. Joint Education Trust, 20 (4)3:231.
- TELFER, W. (ed.) 1955. Cyril of Jerusalem and Nemesis of Emesa. *Library of Christian Classics*, Vol. 4, pp. 64-88.
- TERBLANCHE, D.J. M. 1966. Die Nederduitse Gereformeerde Kerk en sy naskoolse Jeug. Universiteit Stellenbosch: D.Th.-tesis.
- THOM, D.P. 1992. *Adolesensie, in menslike ontwikkeling*. 2^{de} druk. D.A. Louw. (red.) Pretoria: HAUM. pp. 393-467.
- TILLICH, P. 1955. *Biblical religion and the search for ultimate reality*. London: James Nesbet & Co.
- TILLICH, P. 1957. *Dynamics of faith*. New York: Harper & Bros.
- TOERIEN, J. 2002. Die Bybel en evolusie. *Die Burger*, 3 Jan., p. 8.
- VAN BRUMMELEN, H. 1988. *Walking with God in the classroom*. Burlington: Welch Publishing Company.
- VAN DER LEEUW, A. 1950. *Vluchtige begroetingen*. Rotterdam: Nijgh & Van Ditmar.
- VAN DER SPUY, D. 2000. Werking van die Heilige Gees. In *Lucerna*, Radiokansel, Christian Art Publishers, Pretoria. pp. 3-4.
- VAN DER WALT, J.L.; BLAAUWENDRAAT, E. & KOLE, I.A. 1993. *Die unieke identiteit van die Christelike skool*. Potchefstroom: P.U. vir C.H.O.

- VAN DER WALT, S.J. 1957. Die vaste fondament. *Dagboek uit die Heidelbergse Kategismus*. Potchefstroom: Pro Rege Pers Beperk.
- VAN DER WALT, T. 1988. Religious education and the different stages in the psychophysical development of the Child. *Educamus*, 34(6), Julie 1988, p. 4.
- VAN LOGGERENBERG, N. 1977. *Vir julle ouens*. Johannesburg: Perskor-boekdrukkery.
- VAN NIEKERK, J. 2001. Multireligiebeleid vir skole 'ondemokraties'. *Volksblad*, 12 Nov., p. 7.
- VAN ZYL, H.C. 2003. Ongeloof hoogmode. Geloof is 'n lewenswyse. Woord en perspektief, *Volksblad*, Hoofartikelblad, Dinsdag 2 Des. 2003, p. 14.
- VAN ZYL, L. 2000. Kerk 'cool' genoeg vir jonges? *Die Kerkbode*, 165 (5), Sept., p. 8.
- VENTER, H. 1983. Sekerheid – weet dat jy gered is? Afrikaanse verwerking van *Assurance – you can know you're a Christian*, R.G. Reynolds. Roodepoort: Christelike Uitgewers.
- VILJOEN, H. 2000. Kreatiewe planne vir jeugwerk. *Ons Jeug*. Bylae tot *Die Kerkbode*, kwartaalblad van die Algemene Jeugkommissie van die N.G. Kerk. (1) Sept. p.3.
- WAGNER, H. 1970. Adolescent problems resulting from the lengthened education period. *Adolescence*, p. 5. Fall, 1970.
- WAGNER, H. 1978. The adolescent and his religion. *Adolescence*, 13 (50):349-364. Summer
- WATERINK, J. 1948. *Puberteit*. Wageningen: N.V.: Gebr. Zomer en Keuning's Uitgeverij.
- WATSON, D. 1987. *Jesus then and now*. London: Lion Publishing.
- WEAVER, P. 2000. Kerk "cool" genoeg vir jonges. *Die Kerkbode*, 165(5), 1 Sept., p. 8.
- WEBER, M. 1974. *De Grote Winkler Prins Encyclopedieën*. Vol. 18. Elsevier, Nederland B.V.
- WEINER, A.S. 1977. Cognitive and social-emotional development in adolescence. *Journal of Paediatric Psychology*, 2:87-92.
- WEINREICH, P. 1985. Identity Exploration. *Adolescence*, Vol. 1, pp. 51-57.
- WESTERINK, H. 1992. *Sê nou God bestaan nie*. Vertaal deur E. Steenkamp. Kaapstad: Lux Verbi.
- WICKSTROM, M.; STROMMEN, M. P. & FORLITI, J. 1984. The myth of the generation gap. *Christianity Today*, 28 (15):14-19.
- WOLFAARDT, B. 1982. *Sekerheid ook vir my*. Pretoria: Dieper Lewe Uitgewers.
- ZEEMAN, M.T.S. 1975. *Kan ek seker wees?* Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery Bpk.

BYLAE A

Die vraelys aan die adolessente

Vraag 1: Hoe oud is jy nou?

Vraag 2: Hoeveel broers en susters het jy?

Vraag 3: Vertel my van jou huislike omstandighede?

Vraag 4: Het 'n onderwyser jou al geestelik beïnvloed, vertel?

Vraag 5: Wat is jou ervaring van godsdiensonderrig in die skool?

Vraag 6: Gee kenmerke van 'n volwassene wat jy graag as voorbeeld wil navolg. Hoekom? Motiveer.

Vraag 7: Wat verwag jy as jy kerk toe gaan?

Vraag 8: Tot watter mate verstaan jy die boodskappe wat van die kansel verkondig word?

Vraag 9: Wat maak jou gelukkig as jy in 'n erediens sit?

Vraag 10: Aan watter geestelike aktiwiteite neem jy deel?

Vraag 11: Hoe verryk geestelike aktiwiteite jou lewe?

Vraag 12: Wat is die doel van geestelike jeugkampe?

Vraag 13: Het jy vrymoedigheid om jou probleme met jou predikant te bespreek?

Vraag 14: Wat maak jou gelukkig as jy met jou vriende gesels?

Vraag 15: Noem een geval waar jou vriende jou geestelike lewe ten goede beïnvloed.

Vraag 16: Wanneer en waar bespreek jy geestelike sake met jou vriende?

Vraag 17: Noem geestelike sake wat jy graag met jou vriende bespreek.

Vraag 18: Van watter waarde is die bespreking van sulke geestelike sake vir jou?

Vraag 19: Is Jesus se Naam ooit ter sprake in die bespreking van geestelike sake?

Vraag 20: Watter kenmerke van Jesus tree telkens na vore in die bespreking van Jesus?

Vraag 21: Wat beteken die Naam Jesus Christus vir jou?

Vraag 22: Hoe voel jy as iemand Jesus se Naam ydellik gebruik in persoonlike gesprekke of in fliëks?

Vraag 23: Hoe ervaar jy Jesus se nabyheid wanneer jy eksamen skryf?

Vraag 24: Hoe kan 'n mens seker wees dat jy inderdaad 'n volgeling van Jesus is?

Vraag 25: Hoe kan jy jou kennis van Jesus uitbrei?

Vraag 26: Hoe kan jy jou kennis van Jesus aan ander versprei?

Vraag 27: Deur wie is Jesus na die aarde gestuur?

Vraag 28: En met watter doel is Jesus na die aarde gestuur?

- Vraag 29: Wat glo jy van die maagdelike geboorte?
- Vraag 30: Wat glo jy aangaande Jesus se opstanding?
- Vraag 31: Glo jy dat God jou roep om 'n volgeling van Jesus te wees?
- Vraag 32: Het jy geloof in Jesus?
- Vraag 33: Hoe kan 'n mens se geloof in Jesus versterk word?
- Vraag 34: Hoekom dink jy dat mense kan sê: 'Ek weet dat my verlosser leef'?
- Vraag 35: Deur wie kry 'n mens toegang tot God, die Vader?
- Vraag 36: Wat beteken die naam God vir jou?
- Vraag 37: Hoekom het God reëls en gebooie vir die mens neergelê?
- Vraag 38: Hoekom sou jy glo dat die oortreding van die gebooie sonde is?
- Vraag 39: Hoe word 'n mens se sonde vergewe?
- Vraag 40: Wanneer sal jy dankbaarheid teenoor God betoon?
- Vraag 41: Hoe kan jy daaglik in 'n lewende verhouding met God leef?
- Vraag 42: Wat is die taak wat die Heilige Gees verrig?
- Vraag 43: Wanneer kan 'n gelowige glo dat hy die Heilige Gees ontvang het?
- Vraag 44: Waaruit bestaan die goddelike Drie-eenheid?
- Vraag 45: Glo jy dit met jou hele hart?
- Vraag 46: Wie kan glo dat God hom liefhet?
- Vraag 47: Wat is die gevolg van geloofsekerheid?
- Vraag 48: Wanneer kan volle geloofsekerheid moontlik wees?
- Vraag 49: Hoe voel jy oor nie-Christelike gelowe teenoor Christenskap?
- Vraag 50: Wat is jou siening van die Bybel?
- Vraag 51: Watter leiding op geestelike gebied het jy van jou ouers ontvang?
- Vraag 52: Wanneer bid jy saam met jou ouers?
- Vraag 53: Vertel my wat is jou geloofsoortuiging.

BYLAE B

Die vraelys aan die ouer

Vraag 1: Hoe ervaar u kind die fisiese en emosionele veranderinge van adolessensie?

Vraag 2: Vertel my van u huislike omstandighede.

Vraag 3: Vertel my van 'n moontlike goeie indruk wat 'n onderwyser op u kind gemaak het.

Vraag 4: Dink u daar is onderwysers wat 'n geestelike invloed op u kind uitoefen? Indien wel, hoe?

Vraag 5: Wat weet u van die godsdiensoonderrig in die skool?

Vraag 6: As u kind 'n volwassene as 'n rolmodel het, watter eienskappe is kenmerkend van die rolmodel?

Vraag 7: Watter verwagting koester u seun/dogter as hy/sy kerk toe gaan?

Vraag 8: Verstaan u kind te alle tye die preek wat gelewer is?

Vraag 9: Aan watter geestelike aktiwiteite neem u kind deel?

Vraag 10: Hoe verryk die geestelike aktiwiteite u kind se lewe?

Vraag 11: Wat moet die doel van geestelike jeugkampe, volgens u oordeel, wees?

Vraag 12: Wat verwag u kind van die jeugkampe?

Vraag 13: Het u kind vrymoedigheid om sy/haar geestelike probleme met die predikant te bespreek?

Vraag 14: Kan u een geval noem waar vriende van die kind sy/haar geestelike lewe ten goede beïnvloed?

Vraag 15: Waar en wanneer bespreek u kind geestelike sake met vriende, indien wel?

Vraag 16: Kan u geestelike sake noem wat u kind graag met vriende bespreek?

Vraag 17: In die gesprekvoering van die kind met sy maats, word Jesus se naam ooit genoem?

Vraag 18: Wat beteken die Naam Jesus Christus vir u kind?

Vraag 19: Hoe reageer u kind as iemand Jesus se Naam ydellik gebruik in persoonlike gesprekke of in fliëks?

Vraag 20: Hoe ervaar u kind Jesus se teenwoordigheid in probleemsituasies, byvoorbeeld eksamens?

Vraag 21: Noem maniere, volgens u oordeel, waardeur u kind meer van Jesus kon leer.

Vraag 22: Het u 'n bewys dat u kind aan die maagdelike geboorte glo?

Vraag 23: Wat glo u kind aangaande Jesus se opstanding?

- Vraag 24: Glo u kind dat God hom/haar roep om 'n volgeling van Jesus te wees?
- Vraag 25: Vertel hoe seker u kan wees dat u kind aan Jesus Christus glo.
- Vraag 26: Noem een manier, volgens u kind, waarop sy/haar geloof in Jesus versterk kan word.
- Vraag 27: Waarom dink u dat u kind die reg het om te sê: 'Ek weet dat my Verlosser leef'?
- Vraag 28: Deur wie, volgens u kind, kry 'n mens toegang tot God, die Vader?
- Vraag 29: Wat beteken die Naam God vir u kind?
- Vraag 30: Wat sou u kind hierop antwoord: 'Hoekom het God reëls en gebooe neergelê vir die mens?'
- Vraag 31: Hoekom sou u kind glo dat die oortreding van die gebooe sonde is?
- Vraag 32: Wat sou u kind antwoord op: 'Hoe word 'n mens se sonde vergewe?'
- Vraag 33: Wanneer sal u kind dankbaarheid teenoor God betoon?
- Vraag 34: Noem een bewys dat u kind sy/haar afhanklikheid van God ervaar.
- Vraag 35: Volgens u kind, kan hy/sy daaglik in 'n lewende verhouding met God leef?
- Vraag 36: Volgens u kind, wat is die taak wat die Heilige Gees verrig?
- Vraag 37: Wanneer, volgens u kind, kan 'n gelowige glo dat hy/sy die Heilige Gees ontvang het?
- Vraag 38: Waaruit bestaan die goddelike Drie-eenheid, sou u kind noem?
- Vraag 39: Wie, volgens u kind, kan met sekerheid glo dat God hom/haar liefhet?
- Vraag 40: Wat sou u kind antwoord op: 'Wat is die resultaat van absolute geloofsekerheid?'
- Vraag 41: Hoe glo u kind, wanneer kan volle geloofsekerheid moontlik wees?
- Vraag 42: Hoe voel u kind oor nie-Christelike gelowe teenoor Christenskap?
- Vraag 43: Wat is u kind se siening van die Bybel?
- Vraag 44: Watter leiding op geestelike gebied het u aan u kind gegee?
- Vraag 45: Hoe sou u u huislike atmosfeer beskrywe?
- Vraag 46: Wanneer bid u saam met u kind?
- Vraag 47: Wat is u kind se geloofsoortuiging?

BYLAE C

Die vraelys aan die predikante

Vraag 1: Hoe lank is u al in die gemeente?

Vraag 2: Watter deel van die gemeentlike werk is onder u sorg?

Vraag 3: Gee u opinie hoe die adolessent sy/haar fisiese en emosionele veranderinge ervaar?

Vraag 4: Vertel my van die spesifieke adolessent se huislike omstandighede?

Vraag 5: Hoe dink u word die adolessent geestelik deur die onderwysers beïnvloed? Indien wel, hoe?

Vraag 6: Wat weet u van godsdiensoonderrig in die skool?

Vraag 7: Noem kenmerke van 'n volwassene wat die adolessent as 'n rolmodel kan navolg.

Vraag 8: Wat dink u is die adolessent se verwagting as hy/sy kerk toe gaan?

Vraag 9: Tot watter mate dink u verstaan die adolessent die boodskappe wat van die kansel verkondig word?

Vraag 10: Wat dink u kan die adolessent gelukkig maak as hy in 'n erediens sit?

Vraag 11: Aan watter geestelike aktiwiteite neem die adolessent deel?

Vraag 12: Hoe verryk geestelike aktiwiteite die adolessent se lewe, volgens u oordeel?

Vraag 13: Wat moet die doel van jeugkampe, volgens u oordeel, wees?

Vraag 14: Wat, volgens die adolessent, verwag hy/sy van die jeugkampe?

Vraag 15: Het die adolessent vrymoedigheid om sy/haar geestelike probleme met u te bespreek?

Vraag 16: Kan u een geval noem waar die adolessent se vriende sy/haar geestelike lewe ten goede kan beïnvloed?

Vraag 17: Hoe dink u, wanneer en waar bespreek die adolessent geestelike sake met sy/haar vriende?

Vraag 18: Noem geestelike sake wat u dink die adolessent graag met vriende bespreek.

Vraag 19: Van watter waarde is die bespreking van sulke geestelike sake vir die adolessent, volgens u oordeel?

Vraag 20: Sou die naam Jesus ook ter sprake kom in die bespreking van geestelike sake met sy/haar vriende?

Vraag 21: Noem enkele kenmerke van Jesus wat moontlik ter sprake kom in die gesprekvoering met sy/haar vriende.

Vraag 22: Wat dink u beteken die Naam Jesus Christus vir die adolessent?

Vraag 23: Hoe dink u reageer die adolessent as iemand Jesus se Naam ydellik gebruik in persoonlike gesprekke of fliëks?

Vraag 24: Hoe dink u erbaar die adolessent Jesus se teenwoordigheid in probleem-situasies, byvoorbeeld eksamens?

Vraag 25: In watter tyd van die adolessent se lewe sou hy/sy graag meer van Jesus se lewe wou weet?

Vraag 26: Wat is dit wat die adolessent graag van Jesus sou wou weet?

Vraag 27: Noem twee maniere, volgens u oordeel, waardeur 'n adolessent meer van Jesus kan leer.

Vraag 28: Noem een manier hoe die adolessent sy/haar kennis van Jesus aan ander kan versprei.

Vraag 29: Wat glo die adolessent, deur wie is Jesus na die aarde gestuur?

Vraag 30: Watter bewys het u dat die adolessent aan die opstanding van Jesus glo?

Vraag 31: Glo die adolessent dat hy/sy deur God geroep is om 'n volgeling van Jesus te wees?

Vraag 32: Hoekom kan die adolessent dink dat hy/sy die reg het om te sê: 'Ek weet dat my Verlosser leef'?

Vraag 33: Deur wie, volgens die adolessent, kry 'n mens toegang tot God, die Vader?

Vraag 34: Wat sou die adolessent hierop antwoord: 'Hoekom het God reëls en geboorte neergelê vir die mens?'

Vraag 35: Hoekom sou die adolessent glo dat die oortreding van die geboorte sonde is?

Vraag 36: Wat sou die adolessent antwoord op: 'Hoe word 'n mens se sonde vergewe?'

Vraag 37: Kan u dink wanneer sal die adolessent dankbaarheid teenoor God betoon?

Vraag 38: Hoe kan jy daagliks in 'n lewende verhouding met God leef, volgens die adolessent?

Vraag 39: Volgens wat is die taak wat die Heilige Gees verrig?

Vraag 40: Wanneer, volgens die adolessent, kan 'n gelowige glo dat hy/sy die Heilige Gees ontvang het?

Vraag 41: Waaruit bestaan die goddelike Drie-eenheid, sou die adolessent noem?

Vraag 42: Wie, volgens die adolessent, kan met sekerheid glo dat God hom liefhet?

Vraag 43: Wat sou die adolessent antwoord op: 'Wat is die resultaat van absolute geloofsekerheid?'

Vraag 44: Hoe glo die adolessent, wanneer kan volle geloofsekerheid moontlik wees?

Vraag 45: Hoe voel die adolessent oor nie-Christelike gelowe teenoor Christenskap?

Vraag 46: Wat dink u is die adolessent se siening van die Bybel?

Vraag 47: Weet u watter geestelike leiding die adolessent van sy/haar ouers ontvang?

Vraag 48: Hoe sou u die adolessent se huislike atmosfeer beskrywe?

Vraag 49: Weet u wanneer die adolessent saam met sy/haar ouers bid?

Vraag 50: Weet u wat is die adolessent se geloofsoortuiging?

Opsomming

In 'n samelewing van transformasie (soos Suid-Afrika) vind daar noodwendig veranderinge in die geestelike en opvoedkundige milieu plaas. Hierdie veranderinge het gelei tot die dringende behoefte aan hierdie navorsing. Navorsing is gevolglik onderneem met die volgende ten doel:

- Om vas te stel wat die beleving van geloofsekerheid by Gereformeerde Afrikaanssprekende adolessente leerders is.

Die studie begin met 'n gesistematiseerde uiteensetting van geloofsekerheid met die oog op hierdie kwalitatiewe navorsing (hoofstuk 2). Daar word aanvanklik ondersoek ingestel oor hoe geloof in die literatuur verklaar word, sodat 'n begrip van geloof met spesifieke verwysing na die adolessent, verkry kan word.

Die perspektiefstelling van die hedendaagse adolessent volg in hoofstuk 3, met die klem op belangrike veranderinge wat tydens adolessensie plaasvind, soos die biologiese, fisiologiese en sielkundige veranderinge asook die psigososiale, fisiologiese en verwante ontwikkelingsake van die adolessent. Die adolessent se soeke na persoonlike identiteit word gekenmerk deur sy spontane ontdekking van die self, die ontwikkeling van selfagting en sterk individualiteit. Daar word onder andere ook aandag geskenk aan die adolessent se verhouding tot die skool, die samelewing, sy sosiale verhoudings asook sy verhouding met sy portuurgroep. Die adolessent se morele en religieuse waardes word ook aangespreek.

Die faktore wat 'n invloed op adolessente se geloofsekerheid het, is die ouers, die onderwysers, die portuurgroep, die kerk en laastens die gemeenskap. Dit word breedvoerig in hoofstuk 4 bespreek.

Die metode en proses van die kwalitatiewe navorsing word in hoofstuk 5 uiteengesit.

'n Empiriese navorsingsondersoek is gedoen om die geloofsekerheid van die adolessente van die vier Gereformeerde kerke in die Vrystaat te probeer vasstel, sover as wat dit menslik moontlik is. Ook is van kwalitatiewe navorsing gebruik gemaak om persoonlike kontak met

adolescente te bewerkstellig en sodoende die geloofsekerheid van die adolessente eerstehands te probeer peil.

Daarna volg die verwerking van die data van die kwalitatiewe navorsing in hoofstuk 6. Die kwalitatiewe navorsing is gedoen om uit te vind hoe die huidige Afrikaanssprekende adolessent geloofsekerheid beleef. Dit het duidelik geblyk dat die genoemde adolessente geloofsekerheid ervaar. Hulle probeer dan ook om te lewe volgens die wil van God, om ander positief te beïnvloed en hulself te weerhou van nie-Christelike groepe. Sommige beoog selfs om later in hul lewe Christelike beroepe te beoefen.

Die belangrike rol van die ouer in die adolessent se geloofsekerheid, het duidelik in die navorsing na vore gekom. Ouers wat die adolessente van kleins af die regte leiding gegee het, pluk vandag die vrugte daarvan. Ook is bewys dat ouers steeds hul taak moet voortsit, veral vandag waar houdings ten opsigte van morele waardes, standarde en menings rakende leefwyses verander het.

Predikante besef nie watter belangrike rol hulle het om te vervul met die hantering van die adolessente in die katekisasieklas nie. Dit geld nie net vir die kennis wat hulle moet oordra nie, maar hul houding teenoor en verhouding met elke individu is ook van die uiterste belang.

Die slotbeskouing (hoofstuk 7) dui die aanbevelings, die sterk punte van die studie, die tekortkominge van die kwalitatiewe navorsing asook verdere riglyne vir navorsing aan. Hierdie studie lewer 'n bydrae om die sentrale betekenis van sekerheid in die geloofsbelydenis en geloofslewe van die Christen-adolessent uit te lig. Die gelowige adolessent weet in wie hy glo en as hy onvoorwaardelik in Hom glo, aanvaar hy sy Woord met dieselfde oorgawe.

Die data dui daarop dat die adolessente wat belydenis van geloof wil aflê, geloofsekerheid ervaar wat nie altyd teologies geformuleer is nie.

Summary

Changes in the spiritual and educational milieu are inevitable in a society undergoing transformation, such as South Africa. These changes gave rise to the urgent need for this research, which was consequently undertaken with the following goal:

- To determine how Reformed Afrikaans-speaking adolescent learners experience certainty of faith.

The study begins with a systematised exposition of certainty of faith with a view to conducting the qualitative research in Chapter 2. The initial investigation focuses on how faith is explained in the subject literature, so that a concept of faith can be developed with specific reference to the adolescent.

The modern adolescent is placed in perspective in Chapter 3, with the emphasis on important biological, physiological and psychological changes taking place during adolescence, as well as the psychosocial, physiological and related developmental tasks of the adolescent. The adolescent's quest for personal identity is characterised by spontaneous self-discovery, the development of self-esteem and strong individuality. Attention is also given, *inter alia*, to the adolescent's relationship with his school and community, his social relationships and his relationship with his peers. The moral and religious values of the adolescent are also addressed.

The parents, the teachers, the peer group, the church and finally the community are factors that influence the certainty of faith experienced by adolescents. This is discussed in detail in Chapter 4.

The method and process of the qualitative research are explained in Chapter 5.

An empirical research investigation was conducted in order to ascertain the certainty of faith experienced by adolescents in the four Reformed churches in the Free State as far as humanly possible. Qualitative research was also used to establish personal contact with adolescents in order to gain first-hand insight into the certainty of faith experienced by them.

This is followed by the processing of the qualitative research data in Chapter 6. The qualitative research was conducted to determine how the modern Afrikaans-speaking adolescent experiences certainty of faith. It was clear that the mentioned adolescents experience certainty of faith. They are also endeavouring to live according to God's will, to exercise a positive influence on others and to avoid non-Christian groups. Some of them even intend to pursue Christian careers later on in their lives.

The important role of the parent in the adolescent's certainty of faith clearly came to the fore in the research. Parents who gave adolescents the right guidance from a young age are reaping the rewards thereof today. It was also proved that parents should continue with their task, particularly in these times characterised by changes in attitudes regarding moral values, standards and views about ways of life.

Ministers do not realise what an important role they play in dealing with adolescents in the confirmation class. This applies not only to the knowledge they must impart; their attitude towards and relationship with each individual are also of the utmost importance.

The conclusion (Chapter 7) indicates the recommendations, the strengths of the study and the shortcomings of the qualitative research, as well as further guidelines for research. This study makes a contribution towards highlighting the central meaning of certainty in the confession of faith and religious life of the Christian adolescent. The adolescent believer knows who he believes in, and if he believes unconditionally in Him, he accepts His Word with the same commitment.

The data indicate that adolescents who want to confirm their faith, experience certainty of faith that is not always theologically formulated.

Key terms:

adolescence

Afrikaans-speaking learners

confession of faith

certainty of faith

qualitative research

questionnaire

interview

interpretation of data

confirmation class

Reformed